University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

DIE NOOIT-GETROUDE VROU SONDER KINDERS: 'N PASTORAAL NARRATIEWE BENADERING MET BESONDERE VERWYSING NA DISKOERSE

Deur

HILDA MAGDALENE STEYN

Voorgelê vir die vervulling van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

In

PRAKTIESE TEOLOGIE

Met spesialisasie in

PASTORALE GESINSTERAPIE

in die

FAKULTEIT TEOLOGIE

Van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Promotor

PROF. J C MÜLLER

November 2003

WOORDE VAN DANK

’n Besondere woord van erkenning aan die volgende:

- Die drie nooit-getroude vroue wat my genoegsaam vertrou het om hul verhale met my te deel asook diegene van wie se verhale ek fragmente gebruik het.

- Professor Julian Müller van die Universiteit van Pretoria met sy besondere entoesiasme en toewyding aan die Narratiewe Benadering. Dankie vir leiding en ondersteuning wat deurgaans vir my baie beteken het.

- My familie en vriende wat my tydens my studiejare ondersteun en liefgehad het.

- Thea Heckroodt van die Biblioteek wat saam met my opgewonde kon raak en ’n ware reisgenoot was.

- Deon Maree, Henriette Opperman en Heleen Coetzee vir die taal- en tegniese versorging.

- My man, Gerrie, wat vir my vlerke gegee het.

- Ten slotte: SOLI DEO GLORIA

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

Hierdie studie word opgedra aan die nooit-getroude vroue wat ek ken en wat my geïnspireer het om hierdie studie aan te pak. Die verwondering oor hierdie vroue wat verkies het om nie te trou nie, of wat deur omstandighede verhinder is om te trou, en vervulde gelukkige persone blyk te wees, het hierdie studie geïnisieer. Die voorreg om sulke vroue te ken het die besef gebring dat ook hierin ’n bepaalde geheimenis opgesluit is waarop die antwoord nie in hierdie studie geleë is nie, maar bloot ’n bewusmaking poog te wees van die geheimenis.

OPSOMMING

> "The traditional female life course is normative, socialized and supported by the ecology of compulsory marriage and motherhood". (Allen 1989:116)

Wanneer bogenoemde van naderby beskou word, blyk dit dat die stelling nie meer geldend is vir die tyd waarin ons leef nie. Tog word die nooit-getroude persoon vanaf die vroegste tye met agterdog bejeën en selfs negatiewe eienskappe aan hulle toegeskryf. Die nooit-getroude vroue in die begin van die negentiende eeu is gesien as 'n vrou wat ten minste 'n liggaamlike gebrek moes hê, of 'n verbreekte verlowing moes as rede gegee word vir die ongehude status (Dorsman 1993:14). Dit blyk asof daar nie veel verander het in die huidige tydvak nie, en dat daar steeds 'n misterie is rondom nooit-getroude vroue. Volgens die kerklike diskoers het God dit beplan dat die mens vervulling in mekaar sou vind in die huwelik, tog vind dit as gevolg van die gebrokenheid van hierdie wêreld nie so plaas nie.

In hierdie studie sal aandag gegee word aan die verhale wat nooit-getroudes oor hulself vertel asook verhale uit die literatuur. Dit is 'n poging om onkunde en onbegrip wat bestaan rondom die nooit-getroude vrou te verhelder en om die nooit-getroude wat in nood verkeer aan die hand van die narratiewe metode sodanig te begelei sodat sy 'n gevoel van eiewaarde kan ervaar en haar leefwyse kan sien as 'n alternatiewe leefstyl en nie een wat onaanvaarbaar is in die samelewing nie. Hierdie vroue behoort hulself as sodanig volkome ("complete") te beleef sodat hulle vrylik kan inskakel in die samelewing.

Die model wat gekies is om hierdie navorsingsreis mee aan te pak is dié van die narratiewe benadering binne die raamwerk van die sosiale konstruksionisme. Die navorser of terapeut gaan saam met die nooit-getroude vrou op reis en sy word dan die mede-navorser of mede-terapeut om dan op hierdie wyse die noodverhaal te omskryf en uiteindelik by ’n nuwe verhaal van hoop uit te kom. Aandag word gegee aan die ontstaan en rol van diskoerse op die identiteit en leefwêrelde van die nooit-getroude vroue in die samelewing. Hierdie navorsing loop uiteindelik uit op die ondersoek van die narratiewe benadering as alternatiewe terapeutiese benadering.

Hierdie navorsing maak geen aanspraak op netjies en goed geformuleerde gevolgtrekkings nie, asook nie kitsantwoorde en riglyne om die sogenaamde “probleme” wat hierdie vroue ervaar aan te spreek nie. In hierdie navorsing is die nooit-getroude vroue die vennote of mede-reisigers en diegene wat die nuwe moontlikhede en uitkomste in hul hande hou – die terapeut stel haarself net beskikbaar om te luister, vrae te vra en te ondersteun. Hierdie vroue (en alle mense) word gesien as wesens wat innerlike potensiaal het om sinvol met hul lewens om te gaan. Die doel van die narratiewe terapie is dus bloot om ’n persoon te help om te leef (Louw 1993:38).

Die oogmerk van hierdie studie is nie om nooit-getroud te verhef nie, maar om daarop te wys dat dit ’n legitieme en positiewe alternatief vir vroue kan wees.

SYNOPSIS

> "The traditional female life course is normative, socialized and supported by the ecology of compulsory marriage and motherhood". (Allen 1989:116)

When the above mentioned quotation is studied, it seems that this statement is not valid anymore in the times where we find ourselves in. Unfortunately, singles have been looked upon with curiosity and suspicion. In the beginning of the nineteenth century never-married women were seen as someone with at least some kind of disability or a disastrous engagement to explain the fact that they are not married (Dorsman 1993:14). During modern times it seems that not much has changed with regard to perceptions about never-married women. Although the discourse in the church is that it is God's will that people (men and women) will find fulfillment in each other in marriage, it does not seem to happen because of the broken reality that we find ourselves in.

In this study the focus will be on the stories never-married women tell about themselves as well as stories from literature. It is an effort to address the ignorance and lack of understanding with regard to never-married women. Another aim is to guide never-married women by means of the narrative paradigm to develop their problem-saturated stories of doubt and pain into new stories of hope. These women should see themselves as complete and acceptable in society.

The model that was chosen for the journey is the narrative approach within the social-constructionism paradigm. The researcher or therapist accompanies the never-married woman on the journey. She in turn becomes the co-researcher and the co-therapist. The influence and impact of discourses on the identity and worlds of the never-married woman will form part of this study. The research will culminate in the point where the narrative approach as an alternative therapeutic approach will be discussed.

The research does not in any way claim to have come to any conclusions or truths as found during the research process. There are no easy answers or guidelines to help solve the problems of never-married women. In this research the never-married women are the partners or companions who have the outcomes of this research in their hands. The therapist is there to listen, to ask questions and to support. These women are seen as people with the inner potential to go about their lives with purpose and meaning. The purpose of the narrative approach is to help people to live (Louw 1993:38).

The purpose of this study is not to uplift being never-married as the ultimate way of living, but to show that to be never-married can be a legitimate and positive alternative way of living.

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Woorde van dank	iii
Opdrag	iv
Opsomming	v
Synopsis	viii

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

HOOFSTUK 1

POSISIONERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL

		Bladsy
1	**Inleiding**	**2**
2	**My persoonlike verhaal rondom die navorsing en die keuse van die tema**	**4**
2.1	Hoekom die nooit-getroude vrou sonder kinders?	5
2.2	Hoe sien en beleef ek nooit-getroude vroue as deel van my aksie-verhaal?	7
3	**Die oogmerk of doel van hierdie studie**	**9**
3.1	Die soeke na meer verhale oor nooit-getroude vroue	9
3.2	Die bestudering van ’n sinvolle terapeutiese benadering	10
4	**Die narratiewe benadering**	**12**
4.1	Die ontwikkeling van die narratiewe benadering	12
4.1.1	Die ontstaan	12
4.1.2	Die pioniers	13
4.1.3	Die rol van die kubernetika	14
4.1.4	Die narratiewe benadering ontwikkel tot ’n dinamiese en buigbare benadering	19
4.2	Die plek van die narratiewe benadering binne die praktiese teologie	20
4.2.1	Die rol van die narratief binne die pastoraat	20
4.2.2	God as deel van die narratief	28
5	**Die metodologie van die narratiewe benadering**	**33**
5.1	’n Nadere blik op die narratiewe benadering as navorsingsmetode	33
5.1.1	Die narratiewe benadering as kwalitatiewe navorsing	33
5.1.2	Die empiriese aard van die kwalitatiewe benadering	34
5.1.3	Verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing	36

5.1.4 Die rol van geldigheid en betroubaarheid in die kwalitatiewe navorsing 38
5.1.5 Die rol van interpretasie by die kwalitatiewe metode..... 40
5.1.6 Kwalitatiewe verduidelikings 40
5.2 Hoedanig verskil die narratiewe benadering van ander metodes of modelle 41
5.3 Die narratiewe gesprek 45
5.3.1 Gespreksvrae as die belangrikste instrument van die narratiewe benadering 47
5.3.2 Tipes vrae in die narratiewe benadering 48
5.4 Die ABDCE-model 52

6 Omskrywing van begrippe 56
6.1 Nooit-getroude vroue 56
6.2 Die begrip verhaal in die narratiewe benadering 57
6.2.1 Tipes verhale 57
6.2.2 Elemente van die verhaal..... 58
6.3 Diskoerse 59
6.3.1 Hoe kom ’n diskoers tot stand?..... 61
6.3.2 Diskoerse en identiteit..... 63
6.3.3 Taal en diskoers..... 63
6.3.4 Die rol van mag en diskoerse..... 65
6.3.5 Diskoerse en diskoersanalise 65
6.3.6 Slagoffers van diskoerse?..... 66

7 Samevatting..... 67

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

HOOFSTUK 2

STEMME EN VERHALE UIT MY SPREEKKAMER

Bladsy

Inleiding..... 68

Susan..... 70

‘n Tweede gesprek met Susan..... 80

Thandi..... 84

Lara..... 91

Ten Slotte..... 100

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

HOOFSTUK 3

NOOIT-GETROUDE STEMME UIT DIE LITERATUUR

		Bladsy
1	**Inleiding**	**101**
2	**Die plek van ’n literatuurstudie in kwalitatiewe navorsing**	**104**
3	**Die huwelik of getroud wees as die teenpool vir nie-getroud wees**	**105**
4	**Benaminge vir die nooit-getroude vrou sonder kinders**	**111**
5	**Stemme uit die onderskeie vertrekke van die huis van die nooit-getroude**	**112**
5.1	Verhale vanuit die gemeenskap en die breër samelewing	112
5.1.1	Mites rondom die nooit-getroude vrou	119
5.2	Stemme uit die geskiedenis	120
5.3	Stemme in die media oor die nooit-getroude vrou	124
5.3.1	Huidige tendense	124
5.3.2	Vroeëre tendense	127
5.4	Die verhaal van die feministe rondom die nooit-getroude vrou	128
5.5	Die stem van die kerk en dié van die nooit-getroude vrou wanneer hulle oor mekaar praat	129
5.5.1	Hoe sien die nooit-getroude haarself voor God	130
5.5.2	Die vrou en die manlike pastor	132
5.5.3	God as maat vir die nooit-getroude vrou?	135
5.6	Verhale wat nooit-getroudes van hulself vertel, en verhale wat oor en van nooit-getroudes vertel word	136
5.6.1	Onafhanklikheid	136
5.6.2	Is die huwelik die eerste prys?	137
5.6.3	Kind in die oë van die ouers	137
5.6.4	Ambivalensie	138
5.6.5	Rouprosesse	138
5.6.6	Om seker te weet is beter as om te bly wonder	140
5.5.7	Eensaamheid nie noodwendig die grootste struikelblok nie	141

5.6.8 Watter status skryf sy aan haarself toe 142

Bladsy

5.6.9 Nooit-getroudes word beskryf as selfsugtig..... 143

5.6.10 Die rol van ’n ondersteuningsisteem vir die nooit-getroude vrou 144

5.6.11 Die nooit-getroude vrou in haar middeljare 145

5.6.12 Die rol van die gesin van herkoms by die nooit-getroude..... 146

5.6.13 Waarom bly vroue ongetroud? 149

5.6.14 Die ouderdom dertig krisis..... 151

5.6.15 Nooit-getroudes kan vasgevang wees tussen verskeie kulture 153

5.6.16 Lewensfases van die volwasse nooit-getroude 154

5.6.17 Seksualiteit van die nooit-getroude 157

5.6.17.1 Benaderings in die kerk rondom die seksualiteit van die ongetroude 159

5.6.17.2 Seksualiteit in die sosiale sfeer 161

6 Aspekte van belang wanneer met die nooit-getroude in gesprek getree word 164

7 Slot 165

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

HOOFSTUK 4

DIE NARRATIEWE AS MOONTLIKE BENADERING IN DIE PASTORALE TERAPIE

		Bladsy
1	**Inleiding**	**168**
2	**Die narratiewe metafoor en sosiale konstruksionisme**	**170**
2.1	Die narratiewe metafoor	170
2.2	Die narratiewe benadering as post-modernistiese benadering	173
2.2.1	Post-modernisme as tydperk wat volg op modernisme	174
2.2.2	Die rol van definisies en algemeen geldende waarhede in ’n post-moderne benadering	176
2.2.3	Die rol van taal in die post-moderne wêreldbeskouing.	177
2.2.4	Kenmerke eie aan die benadering van terapeute met ’n post-moderne wêreldbeskouing	178
3	**Sosiale konstruksionisme**	**179**
3.1	Sosiale konstruksionisme aan die hand van Burr	180
3.2	Sosiale konstruksionisme soos gesien deur Freedman en Combs	182
4	**Die rol van die pastor of terapeut**	**185**
4.1	Inleiding	185
4.2	Die rol of posisionering van die pastor	185
4.3	Die pastor en kliënt as medereisigers	190
4.3.1	Die pastor bly nie onaangeraak nie	191
4.3.2	Die pastor kan nie ‘n anonieme posisie inneem nie	192
4.3.3	Die pastor nie die deskundige nie, wel die leier	193
4.3.4	Die pastor kom nie waardevry na die gesprek nie	196
4.3.5	Eerlikheid ten opsigte van die proses	196
4.4	Die rol van die gesprek in die ontmoeting	197
4.4.1	Die rol van die verhaal in die gesprek	197
4.4.2	Die rol van ‘die verhaal’ in die gesprek	199
4.4.3	Die rol van verbeelding in die gesprek	201
4.4.4	Die rol van luister in die gesprek	201
4.4.5	Die rol van vertel in die gesprek	202

Bladsy

5 Die rol van taal in die narratiewe benadering 203
5.1 Die taal van die pastor..... 204
5.2 Hoe word taal verstaan? 204
5.3 Taal as konstruksie 205
5.4 Taal en die rol van mag..... 206
5.5 Taal en sosiale konstruksionisme..... 206

6 Die narratiewe benadering as terapeutiese model en metode 210
6.1 Inleiding..... 210
6.2 Die rol van terapie 210
6.3 White en Epston se benadering 212
6.4 Die model en metode van die narratiewe benadering volgens Müller 213
6.4.1 Die model (gespreksagenda) 215
6.4.2 Die metode (gespreksprosedure)..... 220
6.5 Elemente eie aan die narratiewe terapie 221
6.5.1 “Not knowing”-posisie..... 221
6.5.2 Dekonstruksie 223
6.5.2.1 Vorme van dekonstruksie..... 223
6.5.2.2 Dekonstruksievrae..... 225
6.5.3 Herformulering 226
6.5.4 “Unique outcomes”..... 228
6.5.5 Eksternalisering..... 233
6.5.5.1 Persoon en probleem word geskei..... 234
6.5.5.2 Die voordele wat eksternalisering inhou..... 235
6.5.5.3 Eksternalisering as terapeutiese metode 236
6.5.6 Grafiese hulpmiddels in die narratiewe benadering..... 237
6.5.6.1 Genogram 238
6.5.6.2 Ekokaart..... 240
6.5.6.3 GFS (graphic family sculpting) 240

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

Bladsy

7 Diskoerse en die verhale van nooit-getroude vroue 241
7.1 Algemene diskoerse in die verhale oor nooit-getroudes..... 241
7.2 Die effek van die dominante diskoerse..... 242
7.3 Dekonstruksie van diskoerse 244
7.3.1 Wie en wat hou hierdie diskoerse in stand?..... 244
7.3.2 Wie baat by hierdie diskoerse? 245

8 Ten slotte 246

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

HOOFSTUK 5

DIE KLIMAKS EN DIE EINDE VAN DIE NAVORSING

Bladsy

1 Inleiding..... 247

2 Die navorsingsverhaal bereik ‘n klimaks 247

3 Die einde van die verhaal..... 250

4 Refleksie 251

5 Ten slotte 258

University of Pretoria etd – Steyn, H M (2004)

"Can we allow millions of women to be unmated and childless, and do nothing about it, or can we develop a civilization in which every woman is allowed the fullness of life…" (Smith 1951:x).

HOOFSTUK 1

POSISIONERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL

1 INLEIDING

"Diskoerse en die nooit-getroude vrou." Met die lees van hierdie woorde kan daar verskeie reaksies by verskillende lesers wees. Die reaksies kan wissel van: "van wie word hier gepraat?" of selfs "is dit nodig dat daar 'n studie oor hierdie vroue gedoen word?"

Wanneer daar in hierdie studie gefokus word op die verhale van die nooit-getroude vrou impliseer dit nie dat nooit-getroude vroue noodwendig probleme of "noodverhale" het nie. Alle krisisse is ook nie patologie nie, en daarom is daar 'n behoefte aan 'n alternatiewe wyse van terapie. Die term alternatief dui op nuwe en alternatiewe wyses van vrae vra, die terapeutiese benadering asook hoe die pastor hom of haarself sien binne hierdie proses. Omdat daar baie vroue binne die geloofsgemeenskap is wat 'n krisis beleef rondom hulle nooit-getroude status soek hulle hulp by die pastor of pastorale terapeute.

Die doel van die studie is om in gesprek te tree met die literatuur, om te lees wat reeds opgeteken is, en ook om in werklike gespreksituasies te hoor wat hierdie vroue se belewenis is van die wêreld en gemeenskap waarin hulle hulself bevind, en nie bloot staat te maak op statistiese gegewens wat versamel is nie, om so tot ‘n alternatiewe terapeutiese benadering te kom.

Wanneer daar verwys word na vroue wat oor die algemeen gemarginaliseer word, doen ek dit om aan te toon dat ten opsigte van nooit-getroudes dit soms nog meer ekstreem is. Wat in hierdie studie aangespreek word in terme van die nooit-getroude vrou sal waarskynlik ook geld vir vrou-wees in baie ander aspekte. Ek poog geensins algemeen geldende waarhede uitspreek ten opsigte van die nooit-getroude vrou nie. Daar kan selfs nooit-getroude vroue wees wat hul lewens positief ervaar sonder die knelpunte of “issues” wat aangespreek sal word in hierdie studie. Ek impliseer hoegenaamd nie dat alle nooit-getroudes ‘n “probleem” ervaar rondom hul nooit-getroud wees nie. Dit is ook belangrik dat my medereisigers sal verstaan dat nooit-getroude vroue nie noodwendig die instelling van die huwelik omver wil werp nie, maar dat hulle hard gewerk het om ‘n lewe op hul eie te vestig en dat hulle onverwagte vreugdes van alleenwees van waarde is (Anderson 1994:35).

Ek wil dit graag onder die leser se aandag bring dat ek **oor** nooit-getroude vroue skryf en nie **vir** nooit-getroude vroue nie. Ek beleef ‘n huiwering wanneer daar vir nooit-getroudes geskryf word in tydskrifte en populêre leesstof, want dit ontaard

dikwels in ‘n handleiding oor hoe om eerstens ‘n man die strop om die nek te sit, en dan tweedens indien dit nie slaag nie, om dan maar bloot te oorleef.

Die leser sal opmerk dat daar nie na bladsynommers verwys word wanneer die betrokke publikasie deur middel van ‘n elektroniese portaal gebruik is nie. Die bibliografiese gegewens in die bronnelys word aangetoon volgens die voorskrif van die betrokke portaal.

2 MY PERSOONLIKE VERHAAL RONDOM DIE NAVORSING EN DIE KEUSE VAN DIE TEMA

Die onderwerp van my M-skripsie was “Die Pastoraal-narratiewe gesprek met die nooit-getroude vrou”. Omdat dit ‘n mini-skripsie was kon ek nie die tema werklik ontgin nie. Burns (1990:25) verwys na die soek van ‘n onderwerp wanneer hy skryf oor navorsingvoorstelle en vra dan of dit wat bestudeer word ‘n probleem of ‘n fenomeen is. Vir my was dit ‘n ander leefwêreld – iets wat anders is. Toe reeds het ek besluit om ‘n verhandeling oor hierdie onderwerp te doen op Doktorale vlak.

Wat vir my opvallend was en steeds opval is wanneer ek met mense gesels wie se studierigting buite die narratiewe benadering lê, hulle ‘n indruk skep dat dit ‘n maklike konsep en tegniek is om te bemeester. Dit het my letterlik jare geneem om werklik te kon aanspraak maak op narratiewe denke, en dan is daar steeds tye wat ek myself die vraag vra: “Is dit werklik narratiewe denke of nie?”

Ek poog nie om ‘n volledige studie oor die narratiewe terapie of die nooit-getroude vrou te doen nie. My oogmerk is om inligting oor die narratiewe benadering sodanig deur te gee dat die leser begrip sal hê vir waaroor die narratiewe benadering gaan, maar ook vir myself om myself te vergewis dat ek werklik ‘n greep op die benadering het en nie bloot die taal praat nie, maar genoegsaam verstaan en die nodige paradigmaverskuiwings kon doen om werklik narratief om te gaan met my mede-navorsers, nie net in hierdie navorsingsprojek, maar ook in die narratiewe terapie.

2.1 Hoekom die nooit-getroude vrou sonder kinders?

Nooit-getroudes het my reeds op ‘n baie vroeë ouderdom gefassineer. Ek het my loopbaan in die biblioteekwêreld begin en het die interessantste vroue ontmoet en met hulle bevriend geraak. Hulle was reeds ouer as hul getroude susters, maar nie getroud nie. Met die keuse van ‘n onderwerp of tema was daar nooit by my twyfel dat dit juis hierdie vroue is van wie ek meer sou wou weet nie. By nadere ondersoek het ek besef dat daar baie min oor hierdie tema geskryf is. Ek het die voorreg gehad om ‘n baie kort radiopraatjie te lewer oor hierdie onderwerp net na my M-skripsie en ek is deur verskeie nooit-getroudes geskakel wat graag meer wou gesels en hul verhale wou vertel. Dit het my nog meer aangespoor om hierdie studie aan te pak.

Die laaste motiveringsfaktor om uiteindelik op die tema van die nooit-getroude te fokus was nadat ek aansoek gedoen het vir ‘n beurs by die RGN en die antwoord

onder andere was dat ek nie suksesvol was in my aansoek nie, omdat die persoon wat die beoordeling moes doen gedink het dat dit nie noodwendig “an issue to be researched” is nie.

Ek kan met vertroue sê dat die meerderheid persone met wie ek gesprek gevoer het oor die tema van my studie, nogal verras was met die onderwerp, of effe ongemaklik en hulle het dan dadelik na ‘n ongetroude familielid verwys met amper ‘n “siestog” ingesteldheid. Dat daar ten minste een of meer stemme na vore moes kom om self hul verhaal te vertel was vir my meer en meer duidelik.

Die feit dat ek self eers getroud is op dertigjarige ouderdom het my ‘n kykie gegee in die wêreld van die nooit-getroude sonder kinders. Die sosiale aanvaarding of daarteenoor nie-aanvaarding, het ek self ervaar. Sosiale diskoerse en vooroordele, grappies en lighartige verwysings na iemand wat op die sogenaamde rak sit kom daagliks in gesprekke voor. Ek het telkens vir myself gevra of dit dalk in die volgende generasie gaan verander. Wie gaan dit verander? Hoe gaan dit verander? Gaan dit verander? Dit blyk soms asof die diskoerse op die oppervlak verander, maar dit blyk asof die verhale van nooit-getroudes dieselfde bly. Dit kom vir my voor asof die dominante diskoerse bloot modifikasies ondergaan. Hoewel ‘n groot persentasie van die bevolking na die TV-program Amy McBeal kyk, vra ‘n man nog steeds vir ‘n vrou van 34 wanneer hy haar die eerste keer ontmoet: “Hoe is dit moontlik dat jy nog ongetroud is?”

Ek ervaar iets van die sosiale diskoers rondom my kinderloosheid, wat op ‘n manier vir my baie na aan die nooit-getroude diskoerse is. “Wat maak jy met jou tyd?”

"Waarvoor leef 'n mens as jy nie kinders het nie?" Natuurlik is hierdie vrae legitiem, maar is dit werklike 'n vraag of is dit 'n natuurlike reaksie op 'n sosiale diskoers wat voorskryf dat 'n persoon sonder kinders 'n sinnelose bestaan voer?

My verhaal rondom my temakeuse is die fenomeen van die vroue wat kies of nie kies om te trou nie, 'n geleentheid te gee om hul verhaal te vertel. Dit is vir my baie belangrik om weer eens daarop te wys dat hierdie vroue nie noodwendig 'n probleem het nie, maar dat hulle 'n eiesoortige verhaal het om te vertel.

My ore het sensitief geraak vir die aannames, woorde, uitnodigings en verwysings en het ek al hoe meer die vraag gevra – wie is hierdie vroue, waar pas hulle in, en wie besluit oor waar hulle inpas?

2.2 Hoe sien en beleef ek nooit-getroude vroue as deel van my aksie-verhaal?

Ek vind dit nodig om die verhaal wat ek oor nooit-getroudes vertel hier neer te skryf omdat dit moontlik kan verander in die ontwikkelingsfase en ek sou graag daarop wou reflekteer indien dit sou gebeur.

Ek sien nooit-getroudes as vroue wat 'n keuse gemaak het ten opsigte van hul ongetroude status. Soms het die omstandighede die besluit beïnvloed en soms was daar geen besluit oor trou of nie trou nie. Die besluit was dan daarin geleë hoedanig hierdie vrou haar posisie gaan hanteer en aanvaar.

Die nooit-getroude vrou is vir my ‘n persoon wat gewoonlik loopbaangeoriënteerd is en ook gewoonlik suksesvol is in haar werk. Dat sy soms oorlaai word en dat daar onsensitief omgegaan word met haar vrye tyd deur familie en werkgewers blyk dikwels voor te kom. Die media hou twee uiterstes voor – die suksesvolle, welvarende, aantreklike beroepsvrou teenoor die versukkelde stereotipe van ‘n oujongnooi. My belewenis van nooit-getroudes is dat hulle ook ‘n goeie sin vir humor het, teenoor die stereotipe dat hulle sogenaamd suur is. Hierdie vroue bewonder ek dikwels vir hul belesenheid, kennis van kuns en die fyner aspekte van die lewe. Ek het altyd gewonder of dit is omdat hulle tyd het om aan hierdie aspekte van die lewe aandag te gee teenoor die tyd wat versorging van ‘n gesin dalk in beslag neem.

Dit kom voor asof die agterdog jeens ‘n vrou se ongetroude status nooit tot ‘n einde kom nie. Selfs al het sy ‘n redelik bejaarde ouderdom bereik, sal mense steeds na haar ongetroude status verwys asof daar ‘n misterie aan verbonde is. Wanneer oor hierdie vroue gepraat word, sal daar altyd na hul ongetroude status verwys word.

Hierdie belewenis rondom nooit-getroudes was die verhaal wat in my geleef het voordat ek met hierdie studie begin het.

3 DIE OOGMERK OF DOEL VAN HIERDIE STUDIE

3.1 Die soeke na meer verhale oor nooit-getroude vroue

Wat my geïnspireer het om hierdie studie aan te pak was nadat ek met die konsep sosiale diskoerse kennis gemaak het, ek besef het dat nooit-getroud en die oënskynlike negatiewe konnotasies oor nooit-getroud wees, ‘n sosiale diskoers kan wees wat mense marginaliseer. My oogmerk is dus om na verhale te luister in my studeerkamer, maar ook in die literatuur, om sodoende hierdie vroue ‘n geleentheid te gee om hul eie verhale te vertel.

Ek wil dit duidelik stel dat ek as persoon dit nie “teen mans” het nie, en dat ek dink dat vroue self ook daartoe bydra dat nooit-getroudes soms gemarginaliseer en getipeer word. My bedoeling is nie om feministiese taal te gebruik nie, want ek wil nie verder vervreem of mans weer op hul beurt marginaliseer en uitwys as die sogenaamde skuldiges nie. Noodwendig moes ek in die feministiese literatuur luister na stemme van vroue wat voel dat hulle as gevolg van hul vrouwees gemarginaliseer word. Indien feminisme beteken dat dit

> “refer to a system of interpretation, analysis, and assessment that raises critical questions about issues of injustice for human beings, both women and men, and suggests critical answers for envisioning and constructing situations where empowerment and interdependence are understood as essential for human existence” (Bons-Storm 1996:25),

dan kan ek myself daarmee vereenselwig en dan wil ek graag met ‘n “navorsingsnuuskierigheid” hierdie studie aanpak.

3.2 Die bestudering van ‘n sinvolle terapeutiese benadering

Die benadering waarop besluit is, is die narratiewe benadering wat as navorsingsvertrekpunt gebruik word, maar ook as terapeutiese vertrekpunt toegepas kan word. Die narratiewe benadering handel oor ‘n spesifieke persoon op ‘n spesifieke tyd. Deur een persoon te kon hoor en met hierdie persoon op reis te gaan, bring my tot groter begrip van hierdie persoon as om te poog om hierdie persoon in te pas in algemeen geldende waarhede. Ek waag om te sê dat hierdie wyse van navorsing meer betekenis of waarde toevoeg tot my mede-navorser as die bydrae tot 100 nooit-getroudes wat ‘n vraelys invul en met vraende oë wag op die gevolgtrekking. Hierdie persone kan met so ‘n benadering nog meer gemarginaliseer word. Die doel van hierdie narratiewe reis is om ‘n proses te fasiliteer waarbinne my mede-navorsers hul eie stemme vind om ‘n storie te vertel wat hul beskrywings en ervarings verwoord – nie wat hulle veronderstel is om te ervaar nie. Bons-Storm (1996:58) wys ook op hierdie aspek dat vroue dikwels baie bewus is van wat hul veronderstel is om te ervaar. Sy kan in die narratiewe benadering beheer neem van haar eie storie – sy mag besluit wie die hoofkarakter sal wees (Parry 1991:44).

Dit is belangrik om te onthou dat daar ‘n verskil is ten opsigte van wat jy geleer is om te ervaar en wat jy werklik ervaar. Die doel van die navorsing en ook narratiewe terapie is om mense aan te moedig om hul verhaal anders te vertel, volgens hul eie ervaring.

Ek gebruik die begrip narratiewe “benadering” omdat dit nie soos die woord “model” moontlik kan dui op vooraf bepaalde stappe of prosesse nie. Benadering dui vir my persoonlik op ‘n vryheid vir ontwikkeling soos dit spontaan gebeur tussen die navorser en die mede-navorser. Monk (1996:24) wys daarop dat “Narrative therapy is not a formula, although it may be tempting to teach people about it as if it were”. Dit is eerder ‘n vennootskap met die kliënt wat bepaalde kundigheid (ekspertise) het wat veral in die begin verborge is. Die proses is ‘n wederkerige proses, waar die terapeut kennis en begrip vir haarself kry as ‘n resultaat van die kliënt se openbaringe.

4 DIE NARRATIEWE BENADERING

4.1 Die ontwikkeling van die narratiewe benadering

4.1.1 Die ontstaan

Dit kom voor asof die narratiewe teologie begin het met die Amerikaanse bydrae tot die post-moderne teologie in die artikel van Richard H Niebuhr met die titel "The story of our lives" (Van Huyssteen 1989:768). In hierdie artikel stel Niebuhr ondersoek in na die relevansie van historiese gebeure op hedendaagse ervarings. Dit is juis die ervaring wat die werklikheid as veelduidig en meerdimensioneel sien wat aanleiding gee tot die groter klem op, en betekenis van die narratief vir die menslike bestaan (Van den Berg 1998:60). Van Huyssteen (1989:769) wys op die spanning wat ontstaan het tussen die subjektiewe ervaring en dit wat dan as objektiewe geskiedenis onderwerp kan word aan wetenskaplike ondersoek. Die sogenaamde "internal" en "external history" het 'n spanning gebring wat gevra het vir die narratiewe benadering wat die ruimte bied vir die breedste moontlike betekenis en vorm van verstaan (Van Huyssteen 1989:771).

Die term narratief was reeds van die begin af deel van die psigoterapie. Freud het reeds vroeg opgemerk dat sy gevallestudies soos verhale lees in plaas van wetenskaplike verslae. In die tagtigerjare word belangrike narratiewe konsepte in die psigo-analise voorgestel deur Roy Schafer, want daar was gevra na 'n

fundamentele verandering in die sielkunde wat ‘n meer menslike aanslag het, in plaas van positivisme asook ‘n minder tradisionele sielkundige benadering. Verhale verteenwoordig ‘n meer kwalitatiewe wyse van dink teenoor die sogenaamde wetenskaplike wyse van denke (Vitz 1992:13).

4.1.2 Die Pioniers

Volgens Vitz (1992:13) word Michael White en David Epston as pioniers gesien in die narratiewe terapie. Gregory Bateson was ‘n inspirasie ten opsigte van onder andere sy “news of difference.” Inkomende inligting word vergelyk met soortgelyke gebeure. So kom White tot die gevolgtrekking dat indien kliënte gelei word tot subtiele veranderinge in die eskalasie en vermindering van hul probleem, hulle tot nuwe insigte gelei kan word in hul vermoë om hul probleem aan te spreek. Michael White word die afgelope 15 jaar beskou as een van die mees prominente bydraers tot die narratiewe gesinsterapie (Walsh 1998:elec vers). Veral sy publikasie saam met David Epston maak in die vroeë jare negentig met die publikasie van hul boek “Narrative Means To Therapeutic Ends” (1990) ‘n deurbraak tot die narratiewe benadering. Die begrip eksternalisering is een van die grootste bydraes wat gemaak word en vorm een van die belangrikste vertrekpunte in die narratiewe terapie.

Professor Julian Müller word as ‘n pionier en kundige beskou op die gebied van die narratiewe benadering in pastorale beraad, veral in Suid-Afrika. Interessant dat

daar by Müller na my mening ook ‘n ontwikkeling plaasgevind het. In sy publikasie “Om tot Verhaal te kom” (1996) speel hermeneutiek en die eko-sisteem ‘n prominente rol terwyl daar nie in “Companions on the Journey” (1999) verwys word na hierdie strukture nie. In “Companions on the Journey” is die klem primêr op die verhalende benadering – met ander woorde sosiale konstruksionisme.

4.1.3 Die rol van die kubernetika

Omdat die kubernetika so ‘n prominente rol gespeel het in die beginjare van die Gesinsterapie is dit vir my belangrik om hierby stil te staan. Die kubernetiese teorie was die hoofgedagte waar rondom hierdie benadering gewentel het. Kubernetiek verwys na die aktiwiteit van terugvoersiklusse, nie net in masjiene nie, maar ook in menslike verhoudings. Die terapeut is gesien as iemand met die vermoë om die siklus te onderbreek en om die gesin weer op die voorgestelde baan te kry (Selvini 1980:3).

Sisteemdenke het sy oorsprong in Newton se ingrypende bydrae wat daarop neergekom het dat natuurlike prosesse objektief deur ‘n waarnemer beskryf kon word. Hierdie denke is toegepas in wetenskaplike en geesteswetenskaplike terreine. ‘n Kenmerk van die sisteemteorie is dat die mens buite die sogenaamde sisteem stelling kan inneem en dit wat nagevors word vorm dan die objek. Hierdie benadering kan dan ook beskryf word as die eerste orde kubernetika – lewende objekte word as objekte gesien en bykans van buite geprogrammeer (Rossouw

1995:68, Van Arkel:1991). Hierdie benadering stel ook belang in die wyse waarop sisteme hulself in stand hou, of verander (die tweede fase van die eerste orde).

Sirkulariteit speel ook in hierdie tydperk ‘n groot rol in die terapie, met ander woorde ‘n skuif is gemaak van linieêr na sirkulêr. Die fokus was op die terugvoersirkels tussen individue eerder as in hulle, en terapeute het verantwoordelikheid geneem vir die ontwikkeling van die gedagte van simptoom instandhoudende gedrag of patrone eerder as die tradisionele “deurwerk proses”. Hoewel die woord kubernetika verskeie verduidelikings het, dui dit in die algemeen op die wetenskap van patrone binne ‘n organisasie. In hierdie trant kan ook gewys word op Habermas se teorie van die ideale gespreksituasie (Dreyer 1998a:623). Daar word uitgegaan van die siening dat die menslike samelewing ‘n netwerk van kommunikasie-handelingspatrone is wat handel oor ‘n objektiewe werklikheid, sosiale werklikheid (waardes en norme) en ‘n subjektiewe werklikheid van gevoelens. Dreyer (1998a:635) verwys na die kritiese teorie as die oorkoepelende begrip waaronder die kommunikatiewe taalhandelingsteorie val. Die kritiese teorie is bedoel as ‘n alternatief op die hermeneutiese benadering. Volgens haar maak die hermeneutiese benadering die aanname dat ‘n horisonversmelting plaasvind in die kommunikasiehandelingsproses tussen die subjek en die objek. Rolverwisseling kan ook plaasvind.

In die middel tagtigerjare kom die tweede orde kubernetiek – die kliënt se ervaring word as net so belangrik as die terapeut se inset aanvaar, en ook die gedagte dat

daar verskeie metafore is en nie noodwendig kompeterende weergawes van die waarheid nie (Zimmerman 1994:233).

Tweede orde kubernetika sluit die observeerder se rol in by die konstruering van die realiteit wat geobserveer word (Sluzki 1985:26). Die konstruktivistiese modelle sien mense as informasie-prosessering-masjiene. Daar is ‘n beweging na betekenis soos ervaar deur individue in gesprek met mekaar. Tans is die siening dat menslike aksie plaasvind in die realiteit wat geskep word deur sosiale konstruksie en dialoog. Mense verstaan hul bestaan deur sosiaal gekonstrueerde narratiewe realiteite wat betekenis gee aan hul ervaring.

Die narratiewe benadering bevind homself binne die sosiale konstruksionistiese epistemologie (Freedman and Combs 1996:40, Müller 1990). Dit beklemtoon die sosiale aard van kennis en die taalsheid van die werklikheid. Sosiale konstruksionisme sien kennis as ‘n gebeure wat gekonstrueer is binne verhoudings en “mediated” deur taal, nie as ‘n enkele waarheid wat bestaan binne ‘n persoon se denke nie (Penn 1994:218). In Hoofstuk 4 sal konstruksionisme verder bespreek word.

Die sosiale konstruksionisme is voorafgegaan deur die konstruktivisme. Konstruktivisme vra na ‘n groeiende bewuswees van wat enige sogenaamde realiteit is. Dat dit ‘n konstruksie is van diegene wat glo dat hulle dit ontdek en ondersoek het. Konstruksioniste daarenteen erken die aktiewe rol wat hulle speel

in die skep van ‘n wêreldbeeld. Die hart van konstruktivisme is die erkenning dat ons hipotese oor die wêreld nie bewysbaar is nie. Konstruktivisme lê klem op die konteks en die betekenis – alles vorm deel van ‘n tradisie en dit het slegs betekenis binne die bepaalde tradisie – neem dit buite konteks en dit het geen betekenis nie. Konstruktivisme verwys na menslike lewens as basiese gesprekke. Konstruktivistiese terapie is dan letterlik en figuurlik ‘n gespesialiseerde vorm van gesprek (“conversation”). Die woord of begrip hipotese speel wel nog hier ‘n rol veral as ons kyk na Kelly (die eerste terapeut wat homself as ‘n konstruktivistiese terapeut beskryf het) se uitspraak dat hy hoofsaaklik belangstel in “co-investigating testable hypotheses about productive ways to live” (Efran en Lukens en Lukens 1988:32). Konstruktivisme sien gedrag nie as ‘n probleem nie, bloot as simptoom.

Konstruktivisme is individualisties, gefokus op data- en informasie-prosessering terwyl sosiale konstruksionisme besig is met die persoon in die gemeenskap en fokus op betekenis en interpretasie (Paré 1995:4). Die gebeure wat tussen die navorser en die mede-navorser plaasvind behels ‘n sosiale konstruksie tussen hulle deur middel van taal, kultuuruitings en verstaanprosesse.

‘n Tweede orde-siening sal daarop dui dat die terapeut deel vorm van dit wat moet verander – hy of sy staan nie buite nie. Eerste orde sal poog om die gesin of persoon te beïnvloed met ‘n tegniek – ek leer jou, ek gee raad (Hoffmann 1990:5).

Die narratiewe benadering soek na die gesonde, die positiewe teenoor ander benaderings wat op die probleem fokus. Die lewe van die mede-navorser word nie gereduseer tot die “probleem” nie (Wylie 1994).

Selfs in die mediese veld word weggebreek van die model waar die dokter die aktiewe rol speel en die pasiënt die passiewe rol. Dit blyk dat die model van deelneming begin toeneem. Die pasiënt is nie meer die een wat buite beheer is nie, maar begin aktief deelneem en saam vorm hulle ‘n vennootskap om ‘n gemeenskaplike doel te bereik. Die pasiënt word ook erken as kundige, inligting word gedeel, daar is gedeelde besluitneming en dan uiteraard gedeelde verantwoordelikheid. Hierdie benadering bevat elemente van die narratiewe benadering (Marincowitz 2002).

In die vroeë tagtigs is gesinsterapie benader met die hipotese as wegspringplek. Dit was nie alleen die beginpunt nie, maar het ook gedien as verifiëring van die geldigheid van die metode en vaardighede wat gebruik is (Selvini 1980:3). Hipotese dui op onderliggende betekenisse en daar word dus gesoek na die “kap van die byl”. Hierdie benadering staan sterk in teenstelling met die narratief waar daar nie eers noodwendig ‘n byl is nie. Sirkulariteit speel ook in hierdie tydperk ‘n groot rol in die gesinsterapie – ondersoek word gedoen op die basis van terugvoer van die gesin in respons of reaksie op die inligting wat die gesin gee oor verhoudings en daarom ook verandering en verskille (Selvini 1980:8). Hier is ook sprake van neutraliteit wanneer Selvini die volgende uitspraak maak: “The therapist is allied with everyone and no one at the same time” (Selvini 1980:11).

4.1.4 Die narratiewe benadering ontwikkel tot ‘n dinamiese en buigbare benadering

Die narratiewe benadering is nie beperk tot voorgeskrewe reëls of metodiek nie. Die beginsels van die narratiewe benadering kan op verskeie maniere gebruik word. Ek verwys slegs na Müller (1996) en O’Hanlon (Crafford 1997) as voorbeelde van hoe daar met die narratiewe benadering omgegaan kan word. Müller (1996) maak gebruik van die vyf bewegings naamlik: die Noodverhaal, die Verledeverhaal, die Verduisterde toekomsverhaal, die herstrukturering van die Verledeverhaal, en die skep van ‘n Toekomsverhaal. Hierdie benadering sal meer in diepte beskryf word in Hoofstuk 4 van hierdie studie.

Crafford (1997:108) beskryf ‘n ander fundamentele struktuur en verwys na O’Hanlon wat ‘n aanvaarbare naam of metafoor kies vir die probleem, wat die kliënt losmaak van die etiket wat hy dra. Hierdie naam of metafoor word gewoonlik deur die kliënt gekies. (Hier is White se eksternalisering ter sprake). Met hierdie metode is die volgende aspekte van belang:

- Personifisering van die probleem – hoe lank bekruip die luiperd jou al?
- Ondersoek hoe die probleem die persoon en familie ontwrig, gedomineer en ontmoedig het. Die effek van die probleem op die kliënt en familie word geëksploreer. Nie-deterministiese taal word gebruik: die probleem maak of veroorsaak nie dat die persoon iets doen nie, maar beïnvloed, nooi uit, vertel, probeer oortuig. Hierdie taalgebruik beklemtoon die kliënt se eie verantwoordelikheid.

- Ontdek alternatiewe stories deur te vra na momente wanneer kliënte nie deur die probleem ontwrig, gedomineer en ontmoedig is nie.
- Kry deur selfrefleksie ten opsigte van die betekenis van die alternatiewe momente, historiese bewyse om die nuwe siening te versterk van die persoon as bekwaam genoeg om die probleem te oorwin versterk.
- Laat kliënt spekuleer oor watter tipe toekoms verwag kan word.

Wanneer O'Hanlon (1994:23) oor die narratief praat, verwys hy na die "Third Wave". Die eerste beweging dui op oriëntasies soos die psigodinamika. Daar is gefokus op die kliënt se patologie en die ontdekking van die verlede. Die tweede beweging reflekteer op die kognitiewe en gedragsoriëntasies, fokus op probleme en probleemoplossingsvaardighede sonder om verborge oorsake te bestudeer. Die derde beweging (waarvan die narratief deel is) dui dan op die krag van kulturele sisteme wat mense se lewens vorm asook die selfbevryding van kliënte van kulturele bindinge op hul self definisie.

4.2 Die plek van die narratiewe benadering binne die praktiese teologie

4.2.1 Die rol van die narratief binne die pastoraat

Dit is nie die bedoeling van hierdie verhandeling om die ontwikkeling van die pastoraat as sodanig na te vors nie, eerder dat daar in die pastoraat van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak word. Aan die hand van Heitink (1998),

Gerkin (1997) en Müller (1996) word ‘n sinvolle aanduiding gegee van waar die narratiewe benadering as kwalitatiewe navorsing homself binne die pastoraat bevind. ‘n Kort bespreking van elkeen van hierdie benaderings word aangedui sodat die plek van die narratiewe benadering sodanig aangedui kan word.

Gerkin (1997:105) vind dit nie vreemd dat die pastoraat ‘n tyd beleef van oorgang en kontroversie nie. Hy wys op die problematiek wat geleë is in die diversiteit binne die teologie. Hy beveel aan dat die pastoraat buigbaar en dinamies sal wees om nuwe ontwikkeling te kan akkommodeer.

Gerkin (1997:106-110) bespreek en interpreteer Lindbeck (1984:31-42) se tipologie van die drie teologiese modelle nadat hy die opmerking maak dat daar ‘n behoefte aan verandering is in die pastoraat omdat daar verandering is in die verskeidenheid van vlakke van lyding binne die breër gemeenskap. Volgens Gerkin (1997:10) het daar ‘n fragmentasie ontstaan van sin en waarde wat orde en doel aan mense se lewens gegee het. Gerkin (1997:103) pleit vir sorg in die geloofsgemeenskap en volgens hom is een van die mees fundamentele strukture vir sorg wat aangebied kan word ‘n verhaal of ‘n wyse van taalgebruik oor mense se omstandighede wat sodanig is dat dit mense se lewenservaring kan koppel aan die betekenis in die Bybel.

Die drie modelle van George A Lindbeck word breedvoerig deur Gerkin (1997:106-110) bespreek en ek vind dit nodig om sy interpretasie kortliks weer te gee sodat die plek van die narratiewe benadering sodanig duidelik aangedui kan word.

Volgens Lindbeck ontwikkel alle teologieë volgens een van die drie modelle.

- Die stellingmatige ("propositionalist") model.

  Hierdie model funksioneer as 'n teologie wat stellings of waarhede aangaande objektiewe realiteite uitspreek. Volgens hierdie model aanvaar die gelowige die waarheid of geldigheid van bepaalde teologiese stellings. In die pastorale situasie sal die stellingmatige waarheid wat van toepassing is op die bepaalde situasie na vore kom deur die pastor wat dit uitspreek in die verwagting dat die kliënt dit sal glo en aanvaar. Gerkin beskryf hierdie model ook as analoog tot die wetenskap. Hierdie model kan ook vergelyk word met die positivistiese benadering.

- Die tweede model staan bekend as die ervarings-ekspressivistiese ("experiential-expressivist") model .

  In teenstelling met die aanname van die objektiewe waarheid soos in bogenoemde model is hierdie model eerder gewortel in die algemene kern van menslike godsdienstige ervaring wat verskillende vorme in verskillende kontekste kan aanneem. Teologiese doktrines word dus gesien as simbole van innerlike gevoelens, belewenisse en oriëntering. Hierdie model leen homself uitstekend tot die tydsgees van individualisme. Hierdie model vergelyk met die konsep van konstruktivisme of subjektivisme. Gerkin wys daarop dat hierdie model ook gesien kan word as analoog tot poësie en kuns.

Lindbeck opper beswaar teen die ervarings-ekspressivistiese model deur te wys op die aanname dat daar ‘n algemene universele kern van ervarings is wat die vrae van godsdienstige ervarings vorm. Hy wys egter op die verskeidenheid van kulturele kontekste wat bydra tot ervarings. Hy wys ook op die problematiek van die gedagte van die godsdienstige ervarings van die individu. Volgens hom begin die ervaring nie binne die individu en beweeg dan uit na die godsdienstige gemeenskap nie. Dit gebeur eerder andersom. Mense leer om te dink en op te tree volgens die godsdienstige tradisie, en hoe om godsdienstig te wees is ‘n gemeenskaplike ervaring.

- Lindbeck se derde model heet die kultureel-linguistiese model (“cultural-linguistic”). Volgens hierdie model word godsdienste gesien as omvattende interpreterende skemas – gewoonlik vervat in mites en narratiewe wat aan menslike ervaring struktuur gee. Op hierdie wyse word ook struktuur aan die wêreld gegee. Hierdie model kan gelyk gestel word aan die sosiale konstruksionistiese benadering.

Volgens Lindbeck handel die bedryf van teologie nie primêr oor wat waar en goed is nie, of aan die ander kant is dit nie ‘n simboliese uitdrukking van basiese houdings, gevoelens of sentimente nie. Dit is eerder gelykstaande aan ‘n idioom wat dit moontlik maak om realiteite te beskryf, asook die formulering van geloofswaarhede en die ervaring van innerlike gevoelens, houdings en sentimente. Soos ‘n taal of kultuur is dit ‘n kulturele fenomeen wat die subjektiwiteite van individue vorm eerder as wat dit ‘n manifestasie is van hierdie subjektiwiteite.

Gerkin (1997:110) voer aan dat die kultuur-linguistiese model die mees fundamentele model is waardeur mense pastoraal versorg kan word. Dit bevat die intrinsieke vermoë om mense met ‘n “storied context of ultimate meanings for their lives” te voorsien. Hierdie konteks behou die kontak met al die verskillende stories van die individu, gesin en gemeenskapslewe. Hierdie model maak ruimte vir nuwe vrae en verhale asook hoedanig dit verbind bly aan die verhaal van die Christelike gemeenskap. Hierdie benadering “by contrast, emphasizes the primary importance of interpretation and the language to be used in interpreting human situations and predicaments” (Gerkin 1997:111).

Gerkin gaan verder en herbenoem hierdie model na die narratiewe hermeneutiese model. Hierdie model kan skematies as volg voorgestel word:

Story of the Christian community and its traditions	Pastoral care	Particularity of life Stories

Aantekeninge ten opsigte van bogenoemde model:

- Die rede waarom die pastorale sorg in die middel is, is om aan te toon dat pastorale sorg se hoofdoel is om die proses te fasiliteer om lewensstories te verbind of in kontak te bring met die Christenverhaal.
- Daar is altyd spanning tussen die lewensverhale en die Christenverhale. Daarom staan hierdie twee konsepte teenoor mekaar in die skematiese voorstelling. Die pastor wag nie net om die Bybelse waarheid te verkondig nie, maar hy fasiliteer die proses, wat dui op ‘n ernstige oop dialoog tussen die twee, wat verhale van ervaring van die hede en verlede sal insluit – in ‘n poging om ‘n bymekaarkom van die twee pole te fasiliteer.

- Die pastor se taak is om die Christengemeenskap se verhaal en die verhaal van die individu te fasiliteer en te ontwikkel. Dit gaan oor sorg vir die Christelike gemeenskap asook die individu. Graham (1998:140) wys ook daarop dat pastorale sorg meer behels as bloot persoonlike terapie of berading, maar dat die proses van gee en ontvang van sorg gaan oor die bou van verhoudings, bemagtiging en ‘n

> “presence at the cutting edge of social change, of solidarity with the marginalized and of the provision of symbolic, ritual en theological resources by which people can make sense of their lives. By this token, critical and reconstructive practical theology starts with experience, attempts to place an individual story in a social or collective context, locates the personal story in relation to the stories of faith (both historical and contemporary) and finally encourages new models of practice to blossom which embody and react renewed visions of faith”.

Refleksie

Ek stem saam met Lindbeck dat die Bybel eerder gesien moet word as die instandhouer van die “grounding narrative” binne ‘n godsdienstige gemeenskap in teenstelling met die siening dat die Bybel die maatstaf is van wat sonder meer waar en reg is. Dit is dan ook Lindbeck se kritiek teenoor die proposionalistiese benadering wat die Bybel gebruik as maatstaf.

Volgens die ervarings-ekspressivistiese benadering is dit wat gedoen word teologies van aard omdat dit ervaar word as teologie. Die kriteria is egter subjektief, want elke persoon besluit self hieroor. Dit is interessant dat narratiewe terapeute worstel met die konsep of hulle wel met teologie besig is al dan nie. Sodra daar nie teologie "ervaar" word nie, word daar terugbeweeg na die proposionalistiese model. Ek persoonlik glo dat dit nie noodwendig verkeerd is om hierdie vrae te vra nie, want ons leef in die komplekse verhouding tussen God en die mens.

Die kultuur-linguistiese model verwys na die skep van 'n nuwe konstruksie van realiteit deur die gebruik van taal. Dit is 'n proses wat plaasvind binne 'n kulturele omgewing. Hier is geen sogenaamde kriteria ter sprake nie, maar die vraag word wel gevra na die kliënt of die terapeut se eie teologiese verhaal. Die vraag oor wat my kultuur se verhaal oor die teologie is, is ook van belang wanneer 'n nuwe werklikheid geskep word. Die terapeut moet ook in staat wees om hierdie vrae teenoor hom- of haarself te beantwoord ten opsigte van hul eie teologie. Die narratiewe terapeut vind homself dikwels ontuis in hierdie model en dan word daar terugbeweeg na die proposionalistiese en selfs die ervarings-ekspressionistiese model.

Wanneer **Heitink** (1998) in 'n baie omvattende publikasie oor die pastorale sorg skryf, spreek hy onder andere drie ontwikkelingslyne van die pastoraat aan. Die drie ontwikkelingslyne is: Die Kerugmatiese, Terapeutiese en Hermeneutiese

pastoraat. Die narratiewe benadering word as onderdeel van die Hermeneutiese ontwikkelingslyn geplaas.

Sentraal in die Hermeneutiese benadering staan die verbinding tussen tradisie en ervaring (Heitink 1998:69). Dit is nie bloot die kennis van God wat ter sprake is nie, maar ook die ervaring van die gelowige. Elke mens ontvang die Woord binne sy eie verstaanshorison waaruit die Woord dan geïnterpreteer kan word. In die hermeneutiek is daar volgens Heitink (1998:69) altyd twee pole, naamlik die tradisie teenoor die ervaring. Heitink (1998:69) verwys na Berkhof vir wie Goddelike heil en aardse werklikheid komplimentêre begrippe is. Heitink sien die hermeneutiese pastoraat as bestaande uit drie vertakkings naamlik die geestelike versorging, die narratiewe benadering en geestelike begeleiding. Die pastoraat word gesien in terme van die Verhaal - die verhaal van ‘n individu wat in verband gebring word met die verhaal van God. Geloofsperspektiewe word nie van buite ingedra nie, maar is te vinde in die verhaal van die mens self. Hierdie verhaal word bepaal of beïnvloed deur ‘n bepaalde geloofstradisie of lewensbeskouing in ‘n positiewe of negatiewe sin.

Vir **Müller** (1996) is die pastoraat soos dit in die narratiewe benadering vergestalt word meer as ‘n verskuiwing weg van die individueel-gesentreerde benadering na ‘n meer kontekstuele en gemeenskapsbenadering. Dit gaan vir Müller oor ‘n “nuwe verstaan van verstaan”. Müller sluit by Putman (1994:152) aan wanneer hy die verskuiwings bespreek wat in die pastoraat plaasgevind het.

Die eerste verskuiwing was van die kerugmatiese na ‘n deelnemende pastoraat. Kerugmatiese pastoraat dui op die oordrag van geopenbaarde waarheid. Die tweede verskuiwing het plaasgevind van ‘n terapeutiese na ‘n hermeneuties-georiënteerde pastoraat. Deelnemende pastoraat dui op ‘n ondersteuning van ‘n persoonlike proses van simboolvorming. Volgens Müller (1996:9) is die hermeneutiese pastoraat op soek na ‘n rekonstruksie van die lewensverhaal vanuit ‘n dubbele narratiewe struktuur: (1) die eie lewensverhaal en (2) die gemeenskap en die geskiedenis van ander verhale. Müller (1996:9) plaas die hermeneuties-narratiewe benadering binne Putman (1994:154) se derde model wat die “communicatief pastoraat” genoem word. Hier word gepoog om die simbole kompleks of geopenbaarde waarheid en die persoonlike simbolisering by mekaar uit te bring sodat hulle in gesprek kan tree. Müller (1996:10) voeg hierby die gedagte van die eko-hermeneutiese paradigma. Dit dui uiteindelik op die versmelting van ‘n totale horison van konteks, tyd, plek en tradisie asook die Christelike tradisie.

Binne hierdie hele proses van verstaan, wat meegehelp word deur die versmelting van horisonne, vind die narratiewe benadering sy plek.

4.2.2 God as deel van die narratief

Ek vind dit nodig om enkele opmerkings te maak rondom die narratiewe benadering en God se plek daarin. Omdat die narratiewe benadering ook nie-teologies kan

wees, word die vraag dikwels pertinent gestel waar pas God in hierdie model omdat die bewegings of stappe van narratiewe navorsing of narratiewe terapie nie ‘n pertinente oomblik aandui wanneer God in die gesprek of proses ingedra word nie.

Indien dit die kliënt se behoefte is om God as deel van die verhaal te sien, of om God toe te laat om deel van haar verhaal te wees, is dit belangrik om te let op die verskil wanneer ons die verhaal vanuit God se perspektief vertel en wanneer ons dit vanuit ons eie perspektief vertel. Ons wag nie vir God om ons verhale vir ons te skryf nie, ons skryf op so ‘n wyse dat my eie verhaal en my geloofsverhaal ineengestrengel raak (Ganzevoort 1993:282). Belangrike gespreksvrae wat gevra kan word en wat dan moontlik kan lei tot meer verhale, is vrae soos: “Wat dink jy dink God hiervan?” “Dink jy God straf jou werklik?” “Selfs die tye wat jy in staat was om die probleem te hanteer – was dit God wat jou die krag gegee het?” “Hoekom het Hy jou nie ander tye gehelp nie?” Wanneer daar pastoraal narratief gewerk word, word die kliënt begelei om sy omstandighede deur God se oë te sien. Daar word selfs gepraat van ‘n “transitional space” waarbinne die Heilige Gees sy transformerende werk doen. Daar vind ‘n versmelting van verstaanshorisonne plaas tussen die Woord, kliënt en terapeut (Crafford 1997:110).

Wanneer daar pastoraal gewerk word, en die werk van die Heilige Gees erken word, stem ek saam met Gerkin (1984:70) wat skryf dat:

> "All that is humanly possible should be done to facilitate the creation of a relationship in which the possibility is opened by the power of the spirit, mediating change that may take place. But change should not, indeed cannot, be forced or finally accomplished by the counselor's human effort. From that burden we as pastoral counselors are relieved".

Selfs die doen van 'n gebed is soms nie wat gevra word wanneer narratief gewerk word nie.

> "The counselor does not, indeed cannot, by an act of intentionality embody the spirit. The counseling relationship is rather subject to the spiritual presence upon whom any movement towards reappropriation of the eschatological identity, and fragmentary experience of the new reality of the Kingdom finally depends" (Bons-Storm 1996:71).

So dikwels is daar 'n definitiewe moment wanneer die berader die Woord open en die kliënte word dan daaruit begelei. Hierdie benadering sou dan sterk aansluit by die proposionalistiese benadering wat in die vorige gedeelte beskryf is.

Ek vind Wyse (1996:252) interessant wanneer hy wat met pastoraat in gedagte verwys na geestelike groei: "spiritual growth involves admitting one is worse off than a godly person should be, and desiring and moving towards a more God-honouring response to others, inner suffering and to God himself". My beswaar by

pastoraat wat as “suiwer Bybels” aangebied word, is dat die oë soms gesluit word vir die wêreld of verhaal van die kliënt. Ek verwys hier na ‘n onlangse gesinsmoord wat plaasgevind het na langdurige mishandeling. Die vriendin van die oorlede vrou getuig dat die kerkgroep waaraan die gesin behoort het vir die mishandelde vrou gesê het: “bly by hom, wees lief vir hom, en bid vir hom”. Die narratiewe benadering staan dus ook ver verwyderd van die tradisionele kerugmatiese, evangeliserende pastoraat. Daar is mense by wie hierdie behoefte aan ‘n vinnige Bybelteks en kort gebed bestaan, maar die terapeut behoort met integriteit op te tree en te verduidelik dat die narratiewe benadering nie hierdie pad volg nie.

Bosman (1995:17) wys daarop dat pastoraat nie bloot gaan om te verstaan en te verklaar nie. Wanneer mense glo dat die pastor vir hulle omgee, ontwikkel daar ‘n vertroue en die horisonne van die pastor en die gesin of kliënt versmelt en so word God se betrokkenheid ook werklikheid in hierdie verhouding. Die sieninge rondom die rol van die pastor is geweldig divers en dit word ook bepaal deur die vertrekpunt van die metode of benadering wat gebruik word (Bosman 1995:102). Dit gaan vir my persoonlik oor integriteit, respek en ‘n getrou bly aan die benadering wat ek gekies het. Indien ek die narratiewe benadering kies, moet ek as pastor binne die parameters van die narratiewe benadering bly, hoewel dit soms vir my moeilik sou wees om nie terug te val in ‘n direktiewe kerugmatiese benadering nie. Omgee sowel as respek is vir my as terapeut die belangrikste aspekte. My integriteit en eerlikheid ten opsigte van wie ek is kan nie verbloem word nie.

Natuurlik kan die narratief sonder godsdiens bedryf word, maar as gelowige speel die rol van die Heilige Gees voortdurend ‘n rol. Uit my eie ondervinding – wanneer my Hindoe-kliënt kom, sal ek bid vir wysheid en die teenwoordigheid van die Here. My kliënt weet dat ek ‘n pastorale terapeut is en ek glo dat God op sy eie manier werk en dat ek bloot ‘n instrument is in my menswees, al poog ek nie om my kliënt te evangeliseer en bekeer nie. Ek stem dan uiteraard saam met Hall (1995:40) wanneer sy sê:

> “I do not want to impose … but create space for conversations that may include exploration about spiritual matters in some situations that can be accessed through a person’s exploration of their spirituality”.

Gerkin (1984:70) wys daarop dat alle verandering die werk van die Gees is, dit is waarin my bestaan en verstaan gewortel is. Gerkin (1984:71) stel dit as volg:

> “… seen as a relationship subject to the power of the Spirit, the pastoral counseling relationship is set free to be what it is: a human relationship between or among persons seeking new understanding and direction for life. It is a relationship undertaken in hope and with the expectation that in the search for new directions the seekers will be accompanied by the Spirit exercising God’s mediating power”.

Van Heerden (1997:91) vra tereg na die rol van Christus in die narratiewe benadering en spreek ‘n besorgdheid uit of die mens nie sentraal in hierdie aksie staan nie. Die mens kan wel hier sentraal staan, maar Christus kan ook sentraal staan. “Hierdie werkswyse kan die mens se nuwe identiteit in sy eie bevrydingsgeskiedenis bou, terwyl dit teologies gesproke in sy verbondenheid aan Christus gewortel kan wees”. Dit is dus ook ‘n teken van God se vernuwende werk in die mens.

5 DIE METODOLOGIE VAN DIE NARRATIEWE BENADERING

5.1 ‘n Nadere blik op die narratiewe benadering as navorsingsmetode

5.1.1 Die narratiewe benadering as kwalitatiewe navorsing

> *“Some people falsely believe that qualitative research is easier to do than quantitative research. You simply wander into an intriguing area of social life, keeps his or her eyes open, and generate an insightful, fascinating report. The belief that qualitative research is easy is a myth” (Neuman 1997:328).*

Hoewel die narratiewe benadering ‘n voorbeeld is van die kwalitatiewe benadering is dit belangrik om in gedagte te hou dat daar sekere aspekte is waaraan die narratiewe benadering nie voldoen as tipiese kwalitatiewe navorsingsvereiste nie, byvoorbeeld die tematiese vergelykings. Kwantitatiewe navorsing word beskryf as die benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat meer geformaliseerd is, sowel as eksplisiet gekontroleerd, met ‘n reikwydte wat meer afgebaken is en

relatief na aan die natuur-wetenskaplike benaderings geleë is. Hierteenoor is die kwalitatiewe benaderings daardie benaderings waarvan die prosedures nie so streng geformaliseer is nie, die reikwydte is meer grensloos en daar word op ‘n meer filosoferende wyse te werk gegaan (Mouton 1990:159). Van die hoofverskille tussen kwalitatief en kwantitatief is dat wanneer daar kwalitatief gewerk word, die navorser betrokke is, spontane en toevallige voorbeelde gebruik word, en daar nie sprake is van struktuur nie, met ander woorde oop vir die onverwagte (Mouton 1990:166).

Wanneer die individu met sy of haar private interpretasies die fokus is, dan kan daar nie anders as kwalitatief gewerk word nie. Biografiese metodes is meer gepas en daarom is dagboeke, briewe en semi-gestruktureerde onderhoude die gepaste. Dit gaan dan nie oor die historiese feite nie, maar die interpretasies van die individu word dit waarmee gewerk word (Ganzevoort 1993:280).

5.1.2 Die empiriese aard van die kwalitatiewe benadering

Burns (1990:14) wys daarop dat daar soms na kwalitatiewe navorsing verwys word as “nie-empiries”. Die term empiries het volgens hom niks te doen met getalle of die manupilasie van veranderlikes nie, maar verwys na

> “whether the phenomenon are capable of being found in the real world and assessed by means of the senses. Since both quantitative and qualitative research are concerned with observation and recording of the real world they are both clearly empirical”.

Die wyse waarop die empiriese in die narratiewe benadering teenwoordig is, is geleë in die web van beskrywings van die realiteit. Die navorser of terapeut vra en gee sy eie beskrywing om so die mede-terapeut se beskrywing te verstaan. Die mede-terapeut word as die kundige gesien en sy of haar beskrywing van die realiteit is dit waarmee uiteindelik gewerk word. Morgan (2000:2) sluit hierby aan wanneer hy skryf dat: “Narrative Therapy seeks to be a respectful, non-blaming approach to counseling and community work, which sees people as the experts in their own lives”.

Empiriese navorsing wat gebruik maak van vraelyste en statistiese verwerkings het ‘n definitiewe plek in navorsing. Dit kan ‘n helder illustrasie van ‘n bepaalde perspektief gee sodat die belangrikheid daarvan besef kan word, byvoorbeeld morele of politieke gebeure. Volgens Gergen (1999:94) kan dit ‘n magtige stem verleen aan ‘n saak (Gergen 1999:94). Burns (1990:13) verwys na die positiewe punte van kwalitiewe navorsing en verwys spesifiek na die moontlikheid van hierdie vorm van studie om die onverwagte en “striking things for us to gaze on” te ontdek. Die navorser kan ook op hierdie wyse ‘n “insider’s view of the field” kry. Volgens Marshall (1995:59) is die navorser die instrument in kwalitatiewe studies. Haar of sy teenwoordigheid in die lewe van die deelnemers is fundamenteel tot die paradigma. Maak nie saak hoe ingrypend of hoe lukraak sy of hy die lewe en wêreld van die deelnemers betree nie. Dit bring strategiese, etiese en persoonlike dimensies wat nie deel vorm van die kwantitatiewe benadering nie. Hierdie opmerking is ook van toepassing op die narratiewe benadering.

5.1.3 Verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Kwantitatiewe navorsers kies vanuit gespesialiseerde gestandaardiseerde data analisetegnieke. Hipotesetoetsing en statistiese metodes verskil min in verskillende sosiale navorsingsprojekte. Kwantitatiewe analise is hoogs ontwikkeld en werk met toegepaste wiskundige formules. Neuman (1997:294) gee ‘n lang bespreking oor die analise van kwantitatiewe data - hoe om met die data om te gaan, veranderlikes, korrelasies ensovoorts. Kwalitatiewe navorsing is minder gestandaardiseerd en is dikwels induktief en navorsers begin eers met die data-analise wanneer hulle al die data versamel het. Narratiewe navorsing, hoewel ‘n kwalitatiewe navorsingmetode, maak nie gebruik van enige data- analises nie. Daar word ook nie by die narratiewe benadering gekyk na patrone of verbande nie, hoewel dit deel vorm van ‘n tipiese kwalitatiewe navorsingsmetode. Kwantitatiewe navorsers begin reeds vroeg in die navorsing met analise van data, selfs terwyl hulle nog besig is met die navorsing (Neuman 1997:419). Burns (1990:12) wys daarop dat die dae getel is wanneer elke probleem gevind kon word deur die administrasie van ‘n gestandaardiseerde toets wat aan ‘n eksperimentele en kontrolegroep gegee word.

Neuman (1997:434,426) en Marshall (1995:78) verwys breedvoerig na die metodes van kwalitatiewe data-analise byvoorbeeld “successive approximation, illustrative method, analystic comparison, method of agreement, method of difference, domain analysis”. Ander metodes of tegnieke is ook netwerk- analise, tyd wat bestee is, vloeidiagramme en tydskedules, veelvuldige sorteringsprosedures ensovoorts.

Neuman (1997:14) gee ‘n baie interessante opsomming van die verskille tussen die kwalitatiewe en die kwantitatiewe benadering waarop navorsing gedoen word. Hy wys op die feite wat gemeet word teenoor die sosiale realiteit van die kwalitatiewe wat gemeet word. Die realiteit is die sleutel teenoor die outentiekheid van die kwalitatiewe. By die kwantitatiewe is die proses waardevry terwyl dit teenwoordig is by die kwalitatiewe. Dit is onafhanklik van die konteks, teenoor die kwalitatiewe styl, wat situasiegebonde is. Een van die groot verskille is die klein getal onderhoude wat gedoen word, teenoor die groot getal onderhoude of statistiese gegewens wat ingevorder word by die kwantitatiewe styl. Seker een van die grootste verskille tussen die twee benaderings is geleë in die statistiese analise van die kwantitatiewe benadering teenoor die tematiese analise van die kwalitatiewe benadering. Burns (1990:388) wys op die volgende wanneer hy skryf oor die kwalitatiewe navorsing:

> “Qualitative researchers believe that since humans are conscious of their own behaviour, the thoughts, feelings and perceptions of their informants are vital. How people attach meaning and what meanings they attach are the bases of their behaviour. Only qualitative methods, such as participant observation and unstructured interviewing, permit access to individual meaning in the context of ongoing daily life. Concerned with the truth as the informant perceives it”.

Volgens Burns (1990:14) gee kwalitatiewe navorsing nie maklike en vinnige antwoorde nie, maar met betrekking tot komplekse sake word wel ‘n alternatief gegee. Hier sluit die kwalitatiewe navorsing aan by die gedagte van dekonstruksie.

5.1.4 Die rol van geldigheid en betroubaarheid (“validity and reliability”) in die kwalitatiewe navorsing

Dit is vir my belangrik dat die narratiewe navorser kennis sal dra van geldigheid en betroubaarheid in navorsing, want dit is die soort vrae waarmee hy of sy gekonfronteer sal word wanneer daar in gesprek getree word oor die kwalitatiewe aard van die narratiewe navorsing.

Burns (1990:12) wys daarop dat die bewys of teenwoordigheid van voldoende geldigheid en betroubaarheid ‘n groot bron van kritiek is wat deur die kwantitatiewe navorsers geopper word wanneer daar verwys word na kwalitatiewe navorsing. As gevolg van die subjektiewe aard van die kwalitatiewe data en die oorsprong in ‘n enkele konteks, is dit moeilik om konvensionele standaarde van betroubaarheid en geldigheid toe te pas. Kontekste, situasies, gebeure en omstandighede en interaksies kan nie gedupliseer word nie, en daar kan geen veralgemenings gemaak word nie.

Krefting (1991:214) beskryf die kwalitatiewe navorsing as die studie van die empiriese wêreld vanuit die gesigspunt van die persoon wat bestudeer word.

Subjektiewe betekenisse en persepsies is krities in kwalitatiewe navorsing. Volgens Krefting (1991:215) behoort "reliability" en "validity" vervang te word met "credibility, accuracy of representation and authority of the writer". Geldigheid verwys dus in hierdie geval na: om kennis in te win en om die aard van die fenomeen te verstaan. Volgens Krefting (1991:216) is

> "... a qualitative study credible when it presents such accurate descriptions or interpretation of human experience that people who also share that experience would immediately recognize the descriptions".

Die oordraagbaarheid is nie altyd van toepassing in alle pojekte nie. Die sterkpunt van die kwalitatiewe navorsing is dat elke situasie gesien word as uniek en leen homself dus nie tot veralgemenings nie.

Neuman (1997:144) en Burns (1990:417) wys daarop dat betroubaarheid gebaseer is op twee aannames. Eerstens dat die studie herhaal kan word en ander navorsers in staat moet wees om die stappe van die navorsing te kan nadoen. Tweedens moet twee of meer mense dieselfde interpretasies kan maak wanneer dieselfde prosedures gevolg word. Die narratiewe benadering maak nie interpretasies nie. Wanneer Burns (1990:418) verwys na geldigheid sê hy dat geldigheid slegs beoordeel word volgens twee vrae: is daar werklik waargeneem of gemeet wat die navorser dink hy het gemeet, en tot watter mate is die abstrakte konstrukte wat gegenereer is, getoets deur navorsers? In die narratiewe benadering is daar nie

sprake van enige "toetsing" deur navorsers nie. Volgens Burns (1990:419) gaan etnografie veral om interne geldigheid as gevolg van die noue betrokkenheid by die deelnemers. Neuman (1997:142) verwys na die vier tipes meting van geldigheid naamlik: "Face validity, content validity, criterion validity, construct validity". Dit is duidelik dat hoewel die narratiewe benadering 'n voorbeeld is van kwalitatiewe navorsing, sekere elemente nie gebruik word in die narratiewe benadering nie.

5.1.5 Die rol van interpretasie by die kwalitatiewe metode

Neuman (1997:335) verwys na interpretasie in die kwalitatiewe metode as die vorm van woorde waaraan daar betekenis gegee word, en hoe dit verstaanbaar gemaak word. Die verstaan of betekenis se vertrekpunt is die mense met wie onderhoude gevoer word. Daar word gepoog om uit te vind hoe hierdie mense die wêreld sien, hoe hulle die situasie definieer en watter betekenis dit vir hulle het. By die kwantitatiewe studie sou die interpretasie in getalle uitgedruk word.

5.1.6 Kwalitatiewe verduidelikings

Volgens Neuman (1997:420) kan kwalitatiewe verduidelikings baie vorme aanneem. Die navorser ontwikkel verduidelikings of veralgemenings, maar dit is meer as gewone beskrywings. Die navorser se taak is om 'n groot hoeveelheid detail te organiseer in 'n koherente prentjie, model of konsep. Die navorser poog nie universele wette dokumenteer nie. Met hierdie laaste sin gaan die narratiewe

benadering saam, maar die narratiewe navorser poog geen materiaal organiseer en weergee nie. Hy gebruik die verhaal as die terapeutiese instrument, en sal die verhaal verbatim weergee.

5.2 Hoedanig verskil die narratiewe benadering van ander metodes of modelle

Ek sou graag tweeledig wou wys op die verskil tussen die narratiewe benadering en ander modelle. Omdat die benadering van die sielkunde steeds baie bekend en gewild is in Suid-Afrika, kom narratiewe terapeute onder skoot om hulself te verdedig nie slegs ten opsigte van narratiewe terapie nie, maar ook ten opsigte van kwalitatiewe teenoor kwantitatiewe navorsing. Enkele opmerkings volg met betrekking tot die verskil tussen die narratiewe terapie en die psigoanalitiese tradisie asook hoedanig die narratiewe benadering verskil van ander benaderings ten opsigte van navorsing.

> "By giving pathologizing a clinical name, the professional therapist makes the first move in this therapy game … as soon as the move is made of professional naming, a distinct entity is created, with literal reality. On the one hand, I am protected from this thing by separation from it: it now has a name. But on the other hand, I now have something, or even am something: an alchoholic, a depressive. Therapists give their clients problems by labeling them" Sanders (1995:46).

In teenstelling met bogenoemde word daar in die narratiewe benadering geen diagnoses gemaak nie.

In terapie gaan dit oor verandering, hoewel hierdie verandering verskillende name kan dra. Sommige benaderings bring die verandering met mag en krag, byvoorbeeld aktiewe intervensie met verandering van gesinsdinamiek en veranderende kommunikasiepatrone. Die dringendheid van die behoefte aan verandering bring mee dat ander metodes gekies word bo die tydrowende narratiewe terapie (Gerkin 1984:143). Die omgewing waarin ons ons bevind met kitsoplossings maak dit ook moeilik om ‘n kliënt te oorreed om die lang pad van die narratiewe terapie te neem eerder as ‘n kitsresep wat uiteindelik bloot korttermyn-verligting bring met die verlammende teleurstelling wat dit kan meebring. Psigoterapie as ‘n modernistiese metode is toegerus met teorieë wat “probleme” verduidelik en daarmee saam ‘n outoriteit om die onderliggende betekenis van mense se ervaring te verduidelik (Parry 1991:39). In die psigo-analitiese benadering gaan dit hoofsaaklik oor die verstaan van persoonlikheidsveranderinge en die terapeutiese veranderingstegniek. Insig in onbewuste simboliese betekenisse en die betekenisvolle ontdekking van onderdrukte gedagtes speel ‘n groot rol (Gerkin 1984:144). By die narratiewe benadering gaan dit hoegenaamd nie oor die verstaan van onbewuste betekenisse nie.

Narratiewe terapie is nie die enigste antwoord op psigoses nie, want daar is meer as een manier om met ‘n siekte te leef al word medikasie gebruik (Cowley 1995). Ek het die voorreg gehad om ‘n werkswinkel van Epston by te woon waar daar met

‘n persoon met skisofrenie ‘n terapiesessie gedoen is. Ek was verstom hoedat sy daarmee saamleef dat sy “anders” is asook dat daar verskillende “realiteite” is. Die rolprent “A Beautiful Mind” het hierdie selfde verwondering by my gelaat.

In die narratiewe terapie is die potensiaal van verandering opgesluit in die verhaal self. Hierdie verhaal moet egter ontgin word totdat daar onder andere op ‘n moment afgekom word wanneer die probleem nie noodwendig die oorhand oor die kliënt gehad het nie. Geen hipoteses, kategorieë of aannames is ooit ter sprake in die narratiewe terapeutiese proses nie. (Hierdie terapeutiese aspekte van die narratiewe benadering sal in diepte in Hoofstuk 4 bespreek word).

Ten opsigte van navorsing en metodologie wys Schoeman (2003) daarop dat die doel van narratiewe navorsing nie is om die oogmerke van die navorser te bereik nie, maar dat dit betekenisvol behoort te wees vir die persone wat die basis van die navorsing vorm. Navorsing se oogmerk is nie om verandering teweeg te bring nie, maar dit handel hoofsaaklik oor die luister na verhale en vir die navorser om deel te word van die verhale.

Neuman (2000:399) wys op die karaktertrekke van die narratiewe benadering naamlik dat dit:

- Die verhaal volledig vertel, insluitende die “plot” en die klimaks

- Die kronologie en die verloop van die gebeure in ag neem
- Fokus op spesifieke individue en nie op strukture en abstrakte idees nie
- Spesifiek en beskrywend van aard is en nie analities en algemeen nie
- Gebeure as uniek, onvoorspelbaar en koherent beskou.

Binne die navorsingsmilieu van die narratiewe benadering word diegene wat deelneem aan die navorsingsproses mede-terapeute genoem en nie navorsingsobjekte nie (Morgan 2000:3).

Neuman (2000:399) wys verder op die sterkpunte van die narratiewe benadering en volgens hom is die narratiewe benadering ‘n kleurvolle benadering wat interessant is om te lees. Dit beskryf die lewe vanuit ‘n ander hoek sodat die leser dit kan ervaar asof hy self teenwoordig is. Dit kommunikeer die verlede subjektief en dit staan mense (mede-terapeute) by sodat hulle die verlede ook emosioneel kan ervaar en laastens bestaan die moontlikheid vir individue om ‘n verskeidenheid sosiale realiteite te ervaar.

Neuman (2000:399) wys egter verder op die swakpunte van die narratiewe benadering wanneer hy die volgende uitlig:

- “It hides causal theories and concepts, or leave it to be implicit.
- It makes use of rhetoric, ordinary language, and common sense logic to persuade, and therefore is subject to logical fallacies of semantic distortion.

- The tendency is to emphasise the unique and dramatic elements and to ignore the normal and ordinary aspects.
- Prior knowledge is usually not taken into account and it usually neglects new general knowledge.
- The tendency is to be overly individualistic and to over-emphasise the role played by the individual, as well as his/her influence on the events".

Schoeman (2003) wys daarop dat die narratiewe benadering 'n relatief nuwe benadering is en dat die metodologie steeds in 'n proses van ontwikkeling is. Die narratiewe navorsing is egter besig om homself te onderskei as 'n wyse van navorsing met 'n besondere impak op veral die mede-terapeute. Die persone wat deel gevorm het van die studie, word nie agtergelaat met 'n moontlike belewenis dat hulle bloot besonderhede verskaf het, en deel vorm van 'n groep gemarginaliseerdes nie, maar hulle was waarlik deel van die studie en het bo alles waarde daaruit geput.

5.3 Die narratiewe gesprek

Daar word aan hierdie konsep aandag gegee omdat die navorsing gesprekke insluit met mede-terapeute. Die woord gesprek dui op 'n gesamentlike soek na verstaan. Die terapeut en mede-terapeut soek saam na nuwe betekenis en nuwe realiteit. Die klem by die narratief is nie verandering as sodanig nie, maar om meer ruimte te maak vir stories en gesprek.

In die narratiewe benadering word dikwels gepraat van onderhoude oftewel gesprekke. Rubin (1995:15) wys daarop dat gesprek ‘n kuns sowel as ‘n wetenskap is. Die kuns is geleë in die terapeut as persoon en daar word soms ook verwys na ‘n terapeutiese persoonlikheid. Soos met alle wetenskappe is daar normatiewe standaarde wat die gesprekvoerder moet nakom. Dit klink of die narratief eenvoudig is om te bemeester, maar vele bronne en gesprekke met narratiewe terapeute wys daarop dat hierdie kuns en die wetenskap tot 2 jaar neem voordat dit volledig toegepas word.

In die narratiewe gesprek kan die terapeut vra dat die storie vertel word vanuit die perspektief van iemand anders. Dit is dan herformulering – die fokus is nie op die feite van die verlede nie, maar op die onbewustelike aannames van die huidige (Ganzevoort 1993:282). Die terapeut kan ook vra dat daar twee scenarios van die mede-terapeut (kliënt) se lewe beskryf word – een met ‘n positiewe uitkoms en een met ‘n negatiewe uitkoms (Ganzevoort 1993:282).

Tom Andersen in Friedman(1995:23) verwys na “inner talk” en “outer talk” wanneer hy na die gesprek tussen die mede-navorser en die navorser verwys. Wanneer die kliënt ophou met praat en die oë beweeg dalk weg, is “inner talk” besig om plaas te vind. Dit is ook nuttig om soms te vra “wat sou so en so dink”, en dan te verwys na belangrike persone in die mede-navorser se lewe.

5.3.1 Gespreksvrae as die belangrikste instrument van die narratiewe benadering

> *"Questions do not access experiences. They generate it"*
> (Freedman and Combs 1996:117).

Freedman en Combs (1996:111) wys daarop dat wanneer vrae in die narratiewe benadering gevra word, word dit gebruik "to generate experience", eerder as om inligting te versamel. Die vrae wat dan ervaring genereer, is reeds op sigself terapeuties. Hierdie ervaring kom veral aan die lig wanneer kliënte reageer met die opmerking: "Ek het nog nooit so daaraan gedink nie." Die gedagte van die belang van vrae het by die Milaan-groepering ontstaan, wat gewonder het of verandering moontlik is deur slegs onderhoude, met ander woorde geen intervensie van die kant van die terapeut nie.

"One of the hallmarks of Narrative Therapy is persistence" (Monk 1996:11). Met hierdie stelling bevestig Monk dat 'n nuuskierigheid en uithouvermoë geleentheid gee vir 'n volle weergawe van die ervaring asook vir die momente wat die verteller vergeet het, of om een of ander rede gedink het dat dit nie belangrik genoeg is om te vertel nie. Die wyse waarop hierdie inligting verkry word is deur die vra van vrae. "Narrative therapy doesn't have all the answers people need. It's beauty is that it incites them to ask different questions" (Cowley 1995:70).

Friedman (1993:19) wys daarop dat … "the therapist's job is to use the misunderstandings inherent in conversations to help the client notice differences so that these noticed differences can be put to work". Wanneer 'n kliënt sê dat hy depressief is, en daar volledig verstaan is wat hy gesê het, kon slegs medikasie of 'n paar instruksies gehelp het. Daar moet egter gepoog word om te begryp wat die kliënt bedoel wanneer hy sê dat hy depressief is, en dit is slegs moontlik met die hulp van vrae. In die narratiewe terapie word die "re-authoring of lives" en verhoudings hoofsaaklik verkry deur die vra van vrae. Dokumente (byvoorbeeld briewe) kan ook 'n rol speel (White 1990:17).

Wanneer verhale in terapie vertel word, word detail wat teenstrydig is soms uitgelaat. Die terapeut vra vrae om leemtes te vul en nooi so die kliënt uit om 'n nuwe ervaring raak te sien terwyl hy of sy die verhaal vertel (Walsh 1998).

5.3.2 Tipes vrae in die narratiewe benadering

Freedman en Combs (1996:88) wys daarop dat die terapeut of navorser nooit kan voorspel wat die verloop van die verhaal sal wees nie, en daarom word daar na die terapeut of navorser verwys as 'n mede-outeur. Elke moment in die gesprek is 'n paar treë in 'n rigting. Elke bietjie konstruksie word voorafgegaan met vrae. Nie een van die deelnemers weet waarheen dit sal lei nie, maar word 'n deelnemer deur die vrae te vra en ook deur die beantwoording van die vrae.

‘n Verdere verwysing na vrae wat veral Freedman en Combs (1996) gebruik, sal in Hoofstuk 4 aangespreek word.

- **“Relative influence questioning”**

White (1990:42) en Freedman en Combs (1996:66) verwys na “relative influence questioning” en wys daarop dat dit veral gebruik word om mense te help om die probleem te eksternaliseer. Dit word gewoonlik tydens die eerste ontmoeting gebruik. Hierdie soort vraagstelling bevat twee aspekte. Ten eerste moedig dit mense aan om die invloed van die probleem op hul lewens te bepaal en ten tweedens moedig dit mense aan om die invloed van hulleself op die probleem aan te dui. Tydens ‘n werkswinkel van Epston wat ek op 12 en 13 Augustus 2002 bygewoon het, vra hy baie vroeg in die gesprek wat die invloed van Anorexia (asof dit ‘n persoon is) is, sonder om bewustelik te verduidelik wat eksternalisering is. Ek was verras hoe gemaklik die gesprek verloop het ná hierdie vraag. Hou in gedagte dat mense soms algemene definisies het van die probleme, maar die detail van die effek op die persoon se ervaring is altyd uniek.

- **Refleksiewe vrae**

Tomm (1988b:41) verwys na refleksiewe vrae wanneer hy skryf dat hierdie vrae ten doel het “to frame current behaviours in a fashion that implies new ways to interpret old patterns of behaviour”. Tomm (1988b) verwys na verskillende soorte refleksiewe vrae naamlik:

- Toekomsgerigte gespreksvrae: Gesinne is soms so "problem-saturated" dat hulle geen uitsig meer op die toekoms het nie.

- Waarnemer-perspektief vrae: Om die belang waar te neem van sekere gedrag en die effek wat dit op verhoudings het.

- Onverwagte konteks-verandering vrae: Help om vry te maak van 'n vasgevangde kognitiewe patroon en om dan so ander moontlikhede raak te sien.

- "Normative-comparison" vrae: Individue sien hulself dikwels as abnormaal. Hierdie benadering poog om eerder op die ooreenkomste te fokus as op die verskille van die sogenaamde norm.

Sirkulêre vrae

Hierdie tipe vrae speel ook 'n rol in die narratiewe terapie, maar nie soos wat Jones (1986:62) dit stel dat die terapeut die volgende in gedagte het nie: "employing circular questioning generally have a particular hypothesis in mind that guides the drift of the questions". Sirkulêre vrae is ontwikkel deur die Milaangroep om veranderinge en verskille in gesinsverhoudinge te ondersoek. 'n Ander woord vir sirkulêre vrae is verhoudingsvrae – dit gaan dus oor terugvoer van die gesin in respons of reaksie tot inligting wat die terapeut reeds by die kliënt gehoor het

(Nelson:1986). De Meillon (1993:101) wys daarop dat sirkulêre vraagstelling gebruik kan word om verhoudings te verken, verskille in persepsies uit te wys, en bepaalde inligting te bekom oor die kliënt. Dit maak ook kliënte bewus van gedragspatrone.

Sirkulêre vrae se doel volgens Tomm (1988a:6) is primêr sodat ‘n verduideliking kan volg. Die terapeut word die ontdekker, navorser of wetenskaplike wat die nuwe ontdekking gaan maak.

Wanneer daar na Palazzoli (1980) gekyk word rondom sirkulêre vrae dan beskryf hy dit as die vermoë van die terapeut wat sy “ondersoek” doen op die basis van terugvoer van die gesin in respons of reaksie tot die inligting wat hy by hulle gehoor het aangaande die verhouding en ook moontlike verandering.

Volgens Rubin (1995:231) impliseer gespreksvrae ook luister. Hy wys daarop dat ons veronderstel is om te luister na interpretasies en nie interpretasies moet maak nie. Daar moet gewaak word om te soek na sogenaamde temas wat dikwels in die kwalitatiewe navorsing gebruik word, want dan hoor jy later net “temas”, en nie die verrassings nie.

Dit is belangrik om te onthou dat geen magiese of towervraag ‘n lewe kan verander nie. Die terapeut moet ‘n vraag vra wat ‘n storie voortbring. Hierdie vrae kan nie vooruit beplan word nie. Vrae word gesien as terapeutiese instrumente op sigself

(Friedman 1993:9). Hy verwys veral na die “scaling questions” wat Epston in sy lesing (Augustus 2002) ook gereeld gebruik het. Die kliënt word gevra om uitdrukking te gee aan die invloed van die probleem of die belangrikheid van ‘n persoon of persone op ‘n skaal van 1 tot 10. Hou in gedagte dat ons opinie oor onsself dikwels berus op hoe ons dink ander mense ons sien.

5.4 Die ABDCE-model

Die narratiewe benadering binne die sosiale konstruksionisme is die vertrekpunt, maar vir die doel van hierdie studie is die bewegings, stappe of model van Müller, Van Deventer en Human (2001) gekies om te dien as raamwerk. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie bewegings of stappe nie noodwendig rigied is nie, maar dat dit ook sirkulêr kan wees. Hieronder volg ‘n bespreking van die model wat as vertrekpunt vir die navorsing gebruik sal word.

AKSIE

Die A dui die aksie (Action) aan wat fokus op die nou van die verhaal. Dit gaan ook oor die moontlike “probleem” – dit wat die navorser van nader wil ondersoek omdat dit hom of haar aangegryp het. Dit gaan hier veral oor die stories wat vertel word rondom die aksie. Dit gaan dus nie oor die probleem as sodanig nie, maar oor die stories rondom die probleem. Dit is dus deel van die probleem, maar ook veel meer. Die “nou” of die aksie is dan die eerste deel van narratiewe navorsing. Die

aksie fokus nie op wat behoort te wees nie, maar op dit wat is. Om die aksie ten volle te laat ontvou is die navorser in die "not-knowing" posisie. Nie alleen is daar aksie nie, maar ook interaksie tussen die navorser en die aksie wat nagevors word. Dit is dus 'n sosiale konstruksionistiese proses. Deur ons interaksie met die aksie word die navorser deel van die aksie. Die wyse waarop die verhale in hierdie studie aangehoor sal word, sal deur middel van verhale wees – gesproke sowel as uit die literatuur. Die gesproke verhale word in Hoofstuk 2 beskryf, en die verhale uit die literatuur word in Hoofstuk 3 beskryf.

In die aksie-gedeelte van hierdie studie gaan dit dus nie om 'n intense studie van die nooit-getroude vrou te doen nie, dit gaan ook nie oor die formulering van 'n vraelys om data mee te versamel nie. Die doel is om as pastorale terapeut in 'n proses betrokke te raak om so die verhale van nooit-getroude vroue te hoor.

My ideaal is om te luister soos wat Freedman en Combs (1996:44) dit ten doel stel: "… with focused attention, patience, and curiosity while building a relationship of mutual respect and trust".

AGTERGROND

B dui die agtergrond (Background) aan – wie is hierdie mense wat hulle verhale vertel. Hoe lyk die wêreld waarin hulle leef, en wat het gebeur voordat die aksie vertel is. Browning (1991:47) se eerste drie bewegings (die beskrywende, historiese

en sistematiese) kan vergelyk word met die aksie en agtergrond van hierdie model. Hoewel die aksie dui op “nou” is dit ingebed teenoor of binne ‘n sosio-politiese en ekonomiese agtergrond. Hoofstuk 3 sal die verhale in die media, literatuur en in die gemeenskap beskryf.

ONTWIKKELING

D dui op ontwikkeling (Development). Die navorser wag vir ontwikkeling om plaas te vind wanneer hy of sy met navorsing besig is.

Dit is vanuit die gedagtegang van die model van kardinale belang om by die karakters te bly en uit te vind wat vir hulle belangrik is, want so ontwikkel die verhaal. Om “by die karakters te bly” impliseer betrokke wees in so ‘n mate dat hulle my genoeg vertrou om te vertel wat in hulle harte leef. Müller (1996:Voorwoord) skryf dat betrokkenheid nie bloot ‘n bolangse vertel en luister na lewensverhale is nie, maar die verhale word ontgin en word so nie net ‘n middel tot verstaan nie, maar dit word die verstaan self.

Die belangrike rol wat die pastorale terapeut of die navorser speel is om die nooit-getroude vrou te help om haar verhaal te vertel en om saam met haar die verhaal te ontwikkel sodat dit “sparkling events that contradict problem-saturated narratives” (Freedman en Combs 1996:77) word. Op hierdie wyse word die vrou wat as nooit-getroude haar verhaal vertel ‘n mede-terapeut of mede-navorser.

Die terapeut stel nie bloot belang in die verhale nie, maar in die elemente wat hierdie donker oomblikke kan omskep in oomblikke van lig. Dit is hierdie oomblikke waar die terapeut ‘n deelnemer aan die proses word en nie bloot ‘n waarnemer nie. Op hierdie wyse word die navorser ‘n integrale deel van die terapeutiese proses.

Die elemente wat ‘n rol speel in om hierdie oomblikke van lig te bring is die volgende:

Die terapeut se posisie van “not knowing”

Dekonstruktiewe luister

Die vrae van vrae wat lei tot nuwe verhale (Dekonstruktiewe vrae)

Eksternalisering

Hoofstuk 4 sal gewy word aan hierdie gedeelte van die navorsing.

KLIMAKS

C dui op die klimaks (Climax). Müller waarsku telkens in groepbyeenkomste asook in die artikel dat indien jy te vinnig verstaan, jy dalk glad nie verstaan nie.
Die navorser behoort geen klimaks in gedagte te hê indien hy werklik narratief werk nie. Die klimaks is dit wat ervaar word deur die navorser en die mede-navorsers gesamentlik. Die moontlikheid van geen klimaks moet altyd in gedagte gehou word. Die klimaks sal in Hoofstuk 5 bespreek word.

ENDING

E dui op einde (Ending). Die vraag wat die meeste ontstaan by die terapeut sowel as die mede-terapeut is: “Het ek hoegenaamd iets bereik?” “Waar staan hierdie mense nou?” Die navorsing is nie ‘n blote refleksie van verhale nie, maar dit bring ‘n nuwe verhaal voort met nuwe moontlikhede, gewaarwordinge of versugtinge. Aan hierdie afdeling sal in Hoofstuk 5 aandag gegee word.

6 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

6.1 Nooit-getroude vroue

Ek het die term nooit-getroud gekies omdat dit onderskei van die geskeide vrou of weduwee of nooit-getroude vroue met kinders. Die term nooit-getroud was vir my ‘n moeilike term om mee te werk, want dit dui op “dit wat nie bereik is nie”. My vraag is: marginaliseer dit nie alreeds nie. Die ander term wat veral gebruik word in die daaglikse omgang is “oujongnooi”. Ek het besluit op nooit-getroud, nie omdat ek gedink het dit is die beste nie, maar omdat ek nie ‘n ander geskikte term kon vind nie.

Hierdie studie fokus met opset nie op die nooit-getroude in Suid-Afrika nie, want dan maak dit aanspraak op ‘n empiriese allesomvattende studie. Interessant is dat daar baie min in die literatuur beskikbaar is oor nooit-getroudes in Suid-Afrika, maar wanneer daar wel internasionaal studies gedoen is, dit beperk is tot ‘n spesifieke tydperk byvoorbeeld 1850-1900 en dan in ‘n spesifieke land of streek.

6.2 Die begrip verhaal in die narratiewe benadering

Bons-Storm (1989:23) sien die mens as verhaal. Hierdie verhaal is die dinge wat mense in hul lewe ervaar, met ander woorde dit word deel van haar lewe, ervaring en betekeniswêreld. Wanneer ons die begrip verhaal gebruik, is dit belangrik om daarop te let dat ons hier te doen het met die storie wat ‘n persoon vertel. Hierdie verhaal is sy of haar beleefde werklikheid. Uiteindelik is alles deel van ‘n verhaal. My opskryf van hierdie stuk navorsing is uiteindelik ook deel van my en my mede-terapeute se verhale.

6.2.1 Tipes verhale

Wyse (1996:251) maak ‘n onderskeid tussen drie tipes verhale, naamlik die huidige verhaal, die binne-verhaal en ons diepste verhaal. Ons binne-storie is die verhaal hoe ons omgaan met relasionele pyn deur selfbeskerming of deur groei. Ons diepste verhaal is ons houding teenoor God of ons aanbidding van God wanneer ons ervaar dat Hy moontlik nie teenwoordig is in ons persoonlike lewens nie. Müller (1996) verwys na die huidige verhaal as die Noodverhaal, terwyl Müller, Van Deventer en Human (2001)) verwys na die Aksieverhaal wanneer hulle verwys na hoe ons geposisioneer is in ‘n wêreld vol mense wat ons teleurstel.

Die dominante verhaal is die storie wat die persoon se lewe en verhoudinge konstitueer. Dit is egter nie die volledige weergawe nie, want daar is baie stories

oor die self, en dit hang onder andere af van die gehoor, die konteks en hoe sy haarself op daardie stadium beleef. Daar kan selfs verhale wees wat die dominante verhaal op ‘n bepaalde tydstip weerspreek (Van Heerden 1997:89).

Wanneer ons die begrip verhaal gebruik, is dit nodig om ook die begrip alternatiewe verhaal of verhale te verduidelik. Dit dui gewoonlik op die momente dat iets verander het of anders was as die normale verhaal en Monk (1996:16) wys daarop dat dit aan die brand gehou moet word soos ‘n vuur. Dit is hierdie momente wat die potensiaal het om verandering te bring. ‘n Alternatiewe verhaal begin wanneer jy agterkom dat jy die vermoë het om op te tree teen byvoorbeeld die vrese of wat die “probleem” ook al mag wees. Hier kom die leser vir die eerste keer in aanraking met ‘n aanduiding van wat ander skrywers soos byvoorbeeld Müller (1996) ‘n “unique outcome” sou noem.

6.2.2 Elemente van die verhaal

Gerkin (1984:113) wys daarop dat verhale bestaan uit atmosfeer, “plot”, karakter en toon. Volgens hom sal jy die toon hoor wanneer jy mooi luister. Karakter dui hier op individu se eie self-karakterisering en die karakterisering toegeken aan persone van belang. Sommige ervarings en gebeure kan uitgelaat word afhangende van die gehoor. Gerkin (1984:113) verwys na toon as ‘n diagnostiese aanwyser. Ek sou liewer wou praat van geleenthede om nuwe verhale te ontgin. Ganzevoort (1993:282) verwys op sy beurt na die “plot”, die sosiale en kulturele

agtergrond of “setting”, die karakter wat verwys na konteks, mense en verhoudings en die toon wat dui op die algemene emosionele atmosfeer waarbinne ‘n verhaal vertel word.

In die Narratiewe benadering sal die karakter in die verhaal dikwels in die terapeutiese situasie geposisioneer word as die “courageous victor rather than the pathologized victim, as a colourful individual who has vivid stories to recount rather than a hopeless individual leading a pathetic life” (Monk 1996:4).

Die rol van die verhaal sal in Hoofstuk 4 meer breedvoerig bespreek word.

6.3 Diskoerse

Daar word dikwels gebruik gemaak van die term diskoers, veral wanneer daar na die stemme uit die literatuur van die nooit-getroude vrou geluister word. Daarom word die term hier meer ontgin. Volgens Monk (1996:35) is ‘n diskoers “a set of more or less coherent stories or statements about the way the world should be”.

Niemand het absolute mag oor homself of sy omgewing nie. In die sosiale konteks is verskillende en soms teenstrydige diskoerse. Die diskoers is ‘n aanduiding van ons posisie in verhoudings met ander (Monk 1996:36). Nagar (1998) wys daarop dat gemeenskapsdiskoerse bestaan uit verhale, konsepte en gebruike wat gestalte gee aan dominante geloofswaarhede, magsposisies en sosiale verskille

gebaseer op geslag, godsdiens, klasverskille en ras. Gemeenskapsdiskoerse help ons om te begryp hoe sosiale kategorieë ineenvloei sodat dit konstant hul kontekstuele betekenis verkry in verhouding of relasie tot mekaar. Diskoerse, net soos die sosiale kategorieë wat deur hulle geskep word, is onderworpe aan onderhandelinge en modifikasies. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat diskoerse gebruik word om sosiale verandering mee te bring. Nagar (1998) maak die volgende opmerking:

> "Thus even as discourses, boundaries and social relations are easily modified in response to changing circumstances, new narratives and ideologies frequently emerge to ensure that the predominant balance of power in a community is not disturbed significantly".

Is daar nuwe diskoerse, of is die ou diskoerse voortdurend onderliggend?

Wanneer ons betekenis toeskryf aan ons ervaring en ons lewens en verhoudings konstitueer, doen ons dit aan die hand van taal. Wanneer ons met taal besig is, is ons nie met 'n neutrale aktiwiteit besig nie, daar bestaan 'n massa kultureel beskikbare diskoerse (White 1990:27). Wanneer nooit-getroude vroue probeer om sin te maak uit hul nooit-getroud wees is dit ook die sosiale diskoerse wat aan hierdie vroue dikteer watter paaie sy mag of behoort te neem om by sodanige sin uit te kom. Bons-Storm (1996:50) verwys na geloofsisteme ("belief systems") asook die sosio-kulturele narratief. Wanneer ons probeer verstaan hoe die selfnarratief

gevorm word, moet daar begryp word dat hierdie narratief vertel word deur ‘n korporatiewe identiteit, en hierdie groep wat die sosio-kulturele narratief ondersteun of vorm is die groep wat ook dominant is in die gemeenskap. ‘n Sogenaamde geloofsisteem word eerste deur die gesin aangegee, en later word dit ook deur ander groepe ondersteun. Dit word aangegee as ‘n waarde waaraan geglo word sonder bevraagtekening en indien iemand dit sou bevraagteken, is dit moontlik dat hy of sy uitgewerp of baie streng aangespreek sal word. Ekstreme voorbeelde van hierdie regverdiging van geloofsisteme of sosiale diskoerse is dat dit die wil van God is, of die natuur, of dan dat dit nog altyd so was.

6.3.1 Hoe kom ‘n diskoers tot stand?

‘n Diskoers volgens Burr (1995:48): “refers to a set of meanings, metaphors, representations, images, stories, statements and so on, that in some way produce a particular version of events”. Dit verwys na ‘n spesifieke prentjie wat geverf is van ‘n gebeurtenis of persoon, op ‘n spesifieke wyse en in ‘n spesifieke lig. Daar kan dus ‘n verskeidenheid diskoerse wees, wat elk ‘n eie storie oor die onderwerp onder bespreking vertel. Dit is dus ‘n ander manier om ‘n gebeurtenis aan te bied of dan ‘n alternatiewe konstruksie van die wêreld. Daarom word dit ook ‘n konstruk genoem – want dit bring verskillende aspekte in fokus, bring verskillende aspekte na vore vir oorweging en het verskillende implikasies oor wat behoort te gebeur. Om hierdie gedagte verder toe te lig verwys ek na die skrywe van Du Plessix Gray (1991:54) waarin sy aandui dat daar in Rusland ‘n teenstellende diskoers heers ten opsigte van die huwelik wat in ons patriargale sosio-kulturele verhaal vra dat daar altyd ‘n

man in die middelpunt sal wees. In Rusland neem heteroseksuele liefde ‘n tweede plek in ten opsigte van bloedfamilie, verantwoordelikhede en die matriargale verbintenis. Die huwelik is ‘n pragmatiese kommoditeit wat aangewend word vir ‘n verskeidenheid van redes: ‘n geleentheid om na ‘n groter stad te verhuis met beter behuising, seksuele privaatheid, want dan woon die ouers nie meer by hulle nie, beter werksgeleenthede en meer sosiale status. Die gevolgtrekking waartoe Du Plessix Gray (1991:54) kom is die volgende:

> “In sum, some form of marriage, past or present, loving or utterly loveless, is a cornerstone of social and professional respectability. For in the Soviet Union it is just splendid, and utterly normal to be a single, divorced mother”.

In ‘n modernistiese denkpatroon poog elke diskoers om te sê hoe die objek werklik waargeneem is en daarom maak dit ook aanspraak op die waarheid. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat ‘n diskoers nie sy oorsprong het in die persoon se private belewenis nie, maar in die kultuur waarin die persoon homself bevind.

Diskoerse kan gesien word as ‘n “frame of reference, a conceptual backcloth against which our utterances can be interpreted” (Burr 1995:50). Diskoerse is die materiaal waaruit narratiewe en metafore ontstaan. Terapeute is deel van en geposioneer in veelvuldige diskoerse wat ‘n effek sal hê op die terapeutiese verhouding, want die terapeut het ook sy eie diskoerse (Monk 1996:94).

6.3.2 Diskoerse en identiteit

Ons identiteit word gerekonstrueer vanuit diskoerse wat beskikbaar is vir ons, byvoorbeeld ouderdom, klas of sosiale stand, etnisiteit, geslag, seksuele oriëntasie ensovoorts (Burr 1995:51). Ons word uiteindelik die eindproduk van die inligting wat beskikbaar is vir ons. Enige aspek van ‘n mens se lewe is omring deur ‘n verskeidenheid van alternatiewe diskoerse. Elk gee ‘n verskillende visie van wat dit beteken om byvoorbeeld ongetroud en reeds bo die ouderdom van dertig te wees. Identiteit ontstaan nie van binne ‘n persoon nie, maar word gevorm deur die sosiale wêreld rondom ons. Hoe ek oor myself dink word grootliks gevorm van hoe die wêreld om my, my sien. Diskoerse is nie abstrakte idees nie, maar is baie nou verweef met die wyse waarop die gemeenskap georganiseerd is. Dit is verbind met die strukture en praktyke wat van dag tot dag in ons gemeenskap uitgeleef word en dit is in die belang van relatiewe invloedryke persone dat sommige diskoerse die stempel ontvang van waarheid of nie-waarheid. Wat tans die sosiale diskoers is, hoef nie tot in der ewigheid so te bly nie – dit kan verander. Die verandering gaan gepaard met die wyse waarop die samelewing anders georganiseer raak.

6.3.3 Taal en diskoers

Wanneer daar gekyk word na diskoerse kan dit blyk dat taal gebruik word om elke ding waaroor ons praat en dink, insluitende ons identiteit, te rekonstrueer vanuit diskoerse. Ons dink dat ons ‘n bepaalde persoonlikheid het en dat dit wat ons dink -

ons idees, ervarings, opinies ensovoorts - uit ons koppe kom en dat ons die outeurs daarvan is. Dit blyk egter dat ingesteldhede, opinies en waardes net moontlik is binne ‘n diskoers en dat dit geen bestaan buite taal het nie. Die hele gedagte van individualisme blyk ook bloot ‘n diskoers te wees. Hierdie diskoers maak dit moontlik om te dink in terme van persoonlikheid en ingesteldheid, maar die woorde wat ons gebruik verwys nie na werklike fenomene of verskynsels nie. Aanvanklik het ons gedink dat ons subjektiewe ervaring eerste kom en dat ons dit dan beskryf en etiketteer. Taal (in die vorm van diskoerse) voorsien aan ons die subjektiewe ervaring van die wêreld. Ons hoop, verlange en intensies word die produkte van kulturele en diskoersstrukture, en is nie die produkte van ons eie menslikheid nie. Ons kan natuurlik verlam word deur die siening dat individue nie kan verander nie, en ook nie hul wêreld nie. Die ekstreme vorm van die argument is dat dinge net “werklik” is tot die mate waartoe daar diskoerse bestaan om dit te beskryf. Gesien dat daar verskillende diskoerse bestaan rondom enige onderwerp, kan daar dus geen waarheid wees nie. Al wat ons het is ‘n verskeidenheid van diskoerse en perspektiewe, elkeen oënskynlik ewe geldig. Hier kom ons dan te staan voor die probleem van relativisme.

Die gemeenskap “construct the lenses through which their members interpret the world” (Walsh 1998). Hierdie gekonstrueerde realiteite word dikwels as vanselfsprekend aanvaar. Hierdie realiteite vorm die praktyke, waardes en ervarings wat ons lewens vorm. Die rol van taal in diskoerse asook in die narratiewe terapie sal in Hoofstuk 4 verder bespreek word.

6.3.4 Die rol van mag en diskoerse

Oor die mag van diskoerse maak Foucault (1976:86) die volgende uitspraak: “Power is tolerable only on condition that it mask a substantial part of itself. Its success is proportional to its ability to hide its own mechanisms.” Diskoerse gee dus ‘n raamwerk vir mense waarteen hulle hul eie ervaring en gedrag kan verstaan en verbind aan sosiale strukture en praktyke op so ‘n wyse wat dan die magsverhoudinge verbloem wat opereer in die gemeenskap.

Mag is nie sodanig die eiendom van persone, groepe of kulture nie. Dit is eerder die proses van konstruering van ‘n diskoers wat een of ander vorm van sosiale diskoers oor ander en selfs oor die individu wettig. Dan eindig ons dikwels met die uitspraak: “dit is soos dinge is” (Neimeyer 1998).

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat ‘n diskoers nie onaantasbaar is nie. Daar is swakplekke en plekke waar dit aangeval kan word deur ander diskoerse.

6.3.5 Diskoerse en diskoersanalise

Die term diskoers en diskoersanalise word algemeen gebruik deur mense wat belang stel om taal ‘n belangrike plek te gee in die verstaan van mense en hul wêreld. Daar is verskillende betekenisse wat afhang van die teoretiese tradisies wat gebruik word wanneer oor diskoerse geskryf word. Die eerste betekenis kom

van die Franse filosofiese tradisie van strukturalisme en post-strukturalisme soos wat dit gebruik word wanneer die identiteit, self, persoonlike en sosiale veranderinge bestudeer word. ‘n Ander betekenis of fokus kan weer berus op ‘n ander tradisie byvoorbeeld die fokus op die “performative” kwaliteite van diskoerse, naamlik: wat doen mense met hul spraak of skrywe en wat probeer hulle bereik? Navorsing oor diskoers in hierdie tradisie fokus op hoe hierdie beskrywings gekonstrueer is en die effek wat meegebring word (Burr 1995:47).

6.3.6 Slagoffers van diskoerse?

Mense is dikwels die slagoffers van hul eie diskoerse. Die dominante diskoers het gewoonlik ‘n donker kant. Volgens die narratiewe benadering word gepoog om die dominante diskoers te dekonstrueer. Dit versteur die blik op jouself en dien as hindernis, eerder as hulp om jouself te verstaan. Die persoon se belewing van die hede word nie alleen bepaal deur verwerkings van die verlede nie, maar ook die wyse waarop hy die toekoms antisipeer en deel maak van sy verhaal. Bons-Storms (1989:40) verwys ook hierna wanneer sy praat oor die dinge wat mense moeilik integreer in hul lewensverhaal. Dinge waaroor hulle skaam is en ook dinge wat ‘n gevoel van skuld oproep. Hierdie donker kant van ‘n mens se lewensverhaal word dikwels vergeet en verdring en bly daarom in die duister.

7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die aksieverhaal van die navorsing vertel en die rolspelers is aangedui in die vorm van die navorser en die mede-navorsers. Die metodologie en die doelstellings is aangedui en begrippe wat deel vorm van hierdie studie is bespreek. Die verhale van die mede-navorsers word in die volgende hoofstuk bespreek, want vir ‘n beter verstaan en begrip is dit nodig dat ons in die wêreld van ‘n nooit-getroude vrou inbeweeg en nie bloot lees wat in die literatuur opgeteken is nie.

Laastens sal die leser sal opmerk dat hierdie studie hoofsaaklik in die eerste persoon geskryf word. Vanuit die aard van die narratiewe benadering is die studie asook die narratiewe terapie ‘n mede-op-reis-gaan met mede-navorsers of ko-terapeute. Ek as navorser kan myself nooit losmaak van my mede-gespreksgenote nie, en daarom die persoonlike skryftrant wat soms na vore mag kom. Ek poog nie ‘n handleiding skryf of om met antwoorde voor die dag te kom nie, maar is voortdurend in die posisie van “nie weet nie” – altyd aan die wonder. Ek nooi u uit om saam met my te wonder, soms te verwonder en ek hoop ook om te bewonder.

In die volgende hoofstuk word na die verhale van nooit-getroude vroue geluister soos aan my vertel in my spreekkamer.

HOOFSTUK TWEE

STEMME EN VERHALE UIT MY SPREEKKAMER

1 INLEIDING

In hierdie afdeling (aksie) volg die verhale van nooit-getroude vroue wat ingestem het om hul verhale vir die doel van hierdie studie te vertel. Omdat die benadering of metodologie van hierdie studie die narratiewe benadering is, word daar gebruik gemaak van die vertel van verhale. Elke verhaal word geskryf in die taal wat die verteller gebruik het omdat ek nie die uniekheid van die verhaal wou verlore laat gaan deur dit te vertaal nie. Let daarop dat die verhale verbatim soos dit aan my vertel is opgeteken is, en dat daar geen redigering of interpretasie gedoen is nie. Indien dit in die gesprek sou voorkom asof die gesprek geen struktuur het nie, dan was dit omdat hierdie vroue baie keer laat blyk het dat hulle skielik iets onthou wat hulle ook nog so wou vertel.

Met die aanvanklike gesprek en uitnooi om hulle verhale te kom deel, het ek dit baie duidelik gestel dat ek met hierdie bepaalde studie besig is en dat ek geensins beweer dat hierdie vroue terapie nodig het nie. Ek het hulle bloot gevra om saam met my te kyk na die fenomeen van nooit-getroude vroue sonder kinders.

Daar is besluit op die verhale van Afrikaanssprekendes en ’n Suid-Sotho-vrou. Verskillende kulture en taalgroepe het hul eie diskoerse, wat ’n rol speel in hoe mense hulself sien en hoe hulle hul verhale vertel en die gebruik van meer kulture behoort die rol van diskoerse meer duidelik na vore te bring. In Hoofstuk 4 sal ook verwys word na fragmente van verhale wat ek in my spreekkamer gehoor het, maar wat ek nie as geheel vir die doel van hierdie studie verbatim weergee nie.

Ek glo dat met die lees van hierdie verhale die leser bewus sal word van die diskoerse wat leef in die wêrelde van hierdie vroue en hoe dit hulle denke oor hulself beïnvloed het.

Susan het ek geken voordat ons die gesprek gehad het. Hoewel ons nie intieme vriende is nie, ken ons mekaar deur die kerk en gemeenskaplike vriende.

Thandi was aanvanklik baie skepties nadat ek haar gevra het om met my te kom gesels. Ek het haar by my vorige werkplek ontmoet, maar ek kan nie sê dat ek haar geken het nie. Sy het gevoel dat sy eers oor die saak moet bid, en het my later laat weet dat ek haar kan kom oplaai vir ons afspraak. Sy was baie ongemaklik om oor haarself te praat hoewel ek herhaaldelik aan haar gesê het dat sy nie hoef deel te neem as sy nie wil nie. Tydens haar gesprek was dit duidelik hoe moeilik sy dit gevind het om die gesprek te voer, hoewel sy op die einde meld dat dit vir haar goed was.

Vir Lara het ek die eerste keer ontmoet toe sy by my spreekkamer instap. 'n Mede-student het haar naam vir my gegee en gedink dat ek Lara moet nader vir 'n gesprek. Sy was baie sprankelend oor die telefoon en het nie gehuiwer om te kom nie. Interessant dat Lara my eers onder "kruisverhoor" geneem het voordat die gesprek oor haarself begin het. Sy het belang gestel in wie ek is, en wat my verhaal is.

SUSAN

H: Susan, dankie dat jy kom kuier het en ingestem het om met my te gesels. Vertel my van jouself.

S: Ek sou baie graag kinders wou hê, op hierdie stadium sal ek selfs kans sien om sonder die man te wees, maar ek sou baie graag kinders wou hê. Carla (my jongste suster) is 'n manipuleerder, sy sal in jou lewe inklim as jy nie oppas nie. Ek en my twee ouer broers is ouderdomsgewys baie na aan mekaar. As jong kind was my een broer baie sieklik en as ek terug kyk besef ek dat ek nooit aandag gekry het nie. Ek was maar altyd die soet kind, want boetie was siek. Dit het gevoel asof my ouers op my gepik het vir alles wat verkeerd geloop het. Toe dit vir my tyd was om universiteit toe te gaan was albei my ouer broers besig met baie duur kursusse sonder beurse en ek het geen keuse gehad as om onderwys te doen nie, want ek kon maklik 'n beurs kry. My suster wat later oorlede is, is deur my ouers gedwing om universiteit toe te gaan, maar na 'n jaar het sy gestaak en gaan verpleeg wat sy in elk geval graag wou doen. Sy is dan ook oorlede in die hospitaal waar sy gewerk

het. Ek onthou haar so goed – met die pype oral in haar liggaam en die lang swart hare oor die kussing. Ek onthou ook my ma se sterfbed. Ek is ’n baie visuele mens en daarom onthou ek so goed. My suster is 14 jaar gelede oorlede en my ma sowat ’n bietjie meer as een jaar.

Ek wou graag sielkunde gedoen het met spesialisasie in kinders. Ek moet nog my droom realiseer.

H: Wat is dit wat jou terughou?

S: Finansies. Ek beplan om in te skryf en aan te gaan met Honneurs. Weet jy dat ek 20 jaar vir my ouers gesorg het. My pa was ’n onderwyser wat op ’n redelike lae posvlak afgetree het. Sy pensioen was dan ook baie klein. Ek het die laaste 8 jaar van my ma se lewe vir haar gesorg omdat haar pensioen gehalveer was. Dit het my bronne heeltemal uitgeput.

H: Hoe voel jy oor die feit dat jy jou ouers moes versorg?

S: Ek het geen keurse gehad nie. Ek het teruggetrek vanuit die skoolkoshuis waar ek inwonend was terug huis toe, net voor my suster siek geword het. Ek moes dit nooit gedoen het nie. Jy bly ’n kind in hulle huis. My ma het my vasgehou. Ek was baie nader aan my pa as aan my ma. My ma was nie vir my ’n maat nie – die twee jongste sussies was twee sogenaamde bedorwe brokkies. My een suster het wel

die laaste jaar elke Woensdag vir my ma kom kuier. Ek is nie ’n vegter nie, en het dikwels stilgebly wanneer iets my gekrap het of ek nie saamgestem het nie. Ek dink baie dat ek vir my ma ’n beter dogter moes gewees het. Ons huishulp van baie jare het wel vir my gesê dat ek die beste dogter was, want sy het my baie net sien omdraai en wegstap as my ma ’n “bee in haar bonnet” gehad het. Ek sou graag ’n oper verhouding met haar wou hê, maar ek praat moeilik. Ek sou haar graag wou vertel van dinge wat met my gebeur het.

H: Dink jy sy sou opgewasse of in staat gewees het om jou openheid te hanteer?

S: Nee, maar ek wou sommer net soms gehoor het “dit is OK”. Kobus is baie goed vir my. (Kobus is die gemeentepredikant). Ek sien hom as my mentor en hy het my baie gehelp om oor myself te gesels. Hy het egter op ’n punt gekom wat hy wou afstand skep en het sonder my medewete my met ’n sielkundige bespreek. Ek was baie seergemaak. Hoekom het hy dit nie met my self bespreek nie? Ek het met hom ’n afspraak gemaak en die saak met hom bespreek en die moed gehad om vir hom te sê dat hy arrogant is, en dat hy nie eers my “cup of tea” is nie. Hy het gevoel dat ek te afhanklik van hom raak.

H: Hoekom was jy kwaad?

S: Want hier was sprake van romantiese implikasies. Hy het ook aan die hand gedoen dat daar voortaan ’n ander vriendin teenwoordig moet wees. Ek het gevoel

dat hy my mentor, berader en vriend is, saam met sy vrou. Ek het ook gevoel dat hy nie weet hoe om ’n alleenlopervrou te hanteer nie, en daarmee saam, ook nie depressie nie. Ek is ’n depressielyer.

Mens kry maklik “hang-ups” as alleenloper. Jy wil nie pla nie, wil nie ’n laspos wees nie. Jy wag te lank om te praat en dan is jy al soms by ’n punt van desperaatheid verby. Ek het die afgelope 2 jaar twee maal oorweeg om selfmoord te pleeg deur ’n oordosis pille te drink. Oor my alleenheid, en die feit dat ek weet dat ek nie altyd inbreuk kan maak op ander se lewens nie. Nie eers my beste vriendin nie – sy het ’n huis, kinders en ’n man.

H: Sou jy meer vrymoedigheid gehad het met ’n alleenloper vriendin?

S: Nie noodwendig nie, ek hou van die gesinslewe en my vriendinne is meesal getroude vroue. Dit is net nie my geaardheid om inbreuk te maak op ander se lewens nie. Weet jy, dit is vir my baie belangrik om te weet dat mense aan wie ek my toevertrou Christene is. My tandarts, dokter, sielkundige en psigiater is almal Christene. Ek probeer om nooit te kla nie, en wag dan soms te lank. Soos vandag met die maagseer wat ernstig blyk te wees. Ek wil nooit ander se wantroue hê nie. Vertroue wedersyds is vir my baie belangrik.

H: Hoekom is vertroue vir jou so belangrik?

[Susan beskryf ’n baie slegte ervaring, en meld dat sy eers drie jaar nadat dit gebeur het ’n brief aan die dominee hieroor geskryf het. (Sy het gevra dat dit nie in die onderhoud opgeneem sal word nie].

S: Vandag sal ek alles met Kobus bespreek, sy kop is oop en hy luister werklik na die stem van die Here.

H: Is jy gemaklik om met ’n manspersoon jou hart oop te maak?

S: Dit gaan nie vir my oor geslag nie, maar oor die persoon van Kobus. My psigiater is ook ’n man, maar ek ontvang net my medikasie van hom, terwyl my sielkundige ’n vrou is.

H: Hoekom spreek jy die ander dominee aan as dominee terwyl jy Kobus op sy voornaam noem?

S: Dit gaan oor respek, maar miskien meer oor afstand as oor respek. Ek voel ek het met hierdie besluit aangetoon dat ek gegroei het en beleef nogal ’n stuk bevryding. Soort van “ek besluit wat ek jou noem en wat ek wil en nie wil nie”. Ek het ’n lang pad met Kobus gestap en hy het vertroue gebou. Hy het foute gemaak, tog het hy my gehelp groei. Ek hanteer ’n krisis nou beter, hoewel ek by tye nog baie

moedeloos kan word. Ek het nou die dag eers my ma werklik begrawe, ’n jaar nadat sy oorlede is. Ek het vir haar ’n brief geskryf.

H: Wat het meegebring dat jy ’n brief geskryf het?

S: Kobus het gesê dat hy bekommerd is dat ek oor 20 jaar nog by die straf van God gaan vashaak. Hy het net vir my gesê dat ek ander opsies ook het sonder om daaroor uit te brei. Ek het nagedink en nou die dag terwyl ek toesig gehou het in ’n klas ’n rooi pen geneem en ’n brief aan my ma geskryf. Kobus het weer na die Here geluister en sy vinger op die seerplek gedruk. Ek het op die herdenking van my ma se sterftedatum die brief aan Kobus voorgelees en toe na die begraafplaas gery en dit daar voorgelees. Ek is baie trots op die brief, dit is ’n teken van my groei en geestelike vordering. Dit voel my sy is nou werklik begrawe en ek kry nie meer die skielike begeerte om haar te bel nie. Ek mis haar, sy het ’n geweldige rol in my lewe gespeel al het ek gevoel dat ek altyd moes werk vir aandag. Ek het altyd hard gewerk en gepresteer. Ek het nog altyd vir al my kursusse onderskeidings gekry.

H: Was jou ma dan trots op jou?

S: Meer my pa, hy was die een wat altyd meer belang gestel het in my akademie.

Iets wat my soms pla is dat wanneer ek iets sien wat ek dink iemand wat ek ken van sal hou, dan koop ek dit. Ek weet dat ek mense hiermee kan versmoor, maar dit is vir my lekker.

H: Hoe sou jy wou hê dat mense moet reageer op die geskenke?

S: As hulle net dankie sê, is dit vir my genoeg. Ek weet dat ek dalk aandag soek hiermee, maar ek wil nie mense versmoor nie.

As ek nood het, en ek maak ’n afspraak, dan verwag ek dat ’n berader of dominee my so gou moontlik moet sien. Ek het eenkeer vir Kobus gebel en hy het my ’n week laat wag. Hy moes geweet het dat ek ’n krisis beleef. Ek voel baie geaffronteerd as iemand vir my sê dat ek onverantwoordelik was. Praat liewer met my oor wat gebeur het, maar moenie ’n oordeel oor my uitspreek nie. Weet jy, alleenlopers praat soms te veel oor hulself. Ek praat baie met die Here, dit is deel van my asemhaling elke dag, maar ek het ook mense nodig. Dit voel vir my asof ek die ongeluk na my toe aantrek, veral ’n sekere tyd van die jaar. My ma wat sterf, ’n motor wat gesteel is. Dit voel asof al my selfvertroue afgebreek is.

H: Watter rol speel die kerk in jou lewe wanneer jy so platgeslaan voel?

S: In ’n stadium het die kerk vir my ’n leemte volgemaak. Ek het nuttig gevoel, en gevoel dat ek vir iemand iets beteken. Met die ander dominee het ek soms gevoel ek kan in ’n hoekie gaan sit en net “sulk”. Kobus het egter gekom en eerste kom kennismaak en gevra waar gaan ek betrokke raak. My behoefte in die kerk is dat ’n vrou as alleenloper met dieselfde vertroue behandel sal word as mans – ek vra dit eintlik vir alle vroue. Die hoofouderling is ook ’n nooit-getroude en hy word met

veel meer vertroue behandel as enige vrou. Ek word byvoorbeeld nie gevra nie, maar gesê. Die Kommissievoorsitters in ons gemeente is net mans.

Ek het lank gepleit vir ’n omgeegroep vir alleenlopers, maar Kobus het gevoel dat so ’n groep eerder ’n terapeutiese groep behoort te wees wat maksimum vir ses maande bestaan en dan moet die lede inskakel by gewone omgeegroepe.

H: Wat makeer hierdie mense dat hulle in ’n terapeutiese groep moet inskakel?

S: (Lag lekker.) Dit is die hele probleem – jy word “gelabel”. Jy moet ook baie fyn trap as jy alleen is, want vroue sien jou as ’n bedreiging. Die grap is dat die meeste dominees wat betrokke raak by vroue in die gemeente by getroude vroue betrokke raak.

H: Sien jy jouself anders as ’n getroude vrou?

S: Nee, ek is net so normaal, ek sou graag ’n maat wou hê, ’n sielsgenoot. ’n Man sou vir my alles wees, ek sou dan nie ’n berader nodig hê nie.

H: Jy weet dat daar getroudes is wat emosioneel verkluim al het hulle mans?

S: Seker, ek het nog nooit so daaraan gedink nie, hoewel iemand nou die dag aan my genoem het dat sy haar man gaan verlaat, want sy het bloot die versorger

geword en dit waaroor hulle praat beperk is tot: “het jy suiker in my tee gegooi?” Ek hou daarvan om met vroue vriende te wees wat ’n gesin het. Ek hou daarvan om deel te wees van hul gesinsopset.

H: Hoe sien jou broers en susters jou?

S: Ek is die steunpilaar. Ek dra hulle deur hul huweliksprobleme, siekte en ander probleme. Tans is die enigste kontak wat ek met my familie het, met my twee jonger sussies. Ek staan my een sussie tans by, want haar skoonpa is terminaal siek. Ek speel ’n ontsettende belangrike rol in die lewe van hulle kinders. Ek is soms bang dat my sussie sal dink dat ek haar rol wil oorneem by haar kinders, maar dit is nie so nie. Ek vul ’n ander plek. Dit voel of hulle myne is, so sterk is die band tussen ons. Dit voel soms vir my asof hulle van my verwag om ook die rol van my ma (hulle ouma) oor te neem. Die ander kinders van my broers het weggegroei van my. Die kinders is nooit te veel vir my nie, dit voel asof ek die beste in hulle na vore bring.

Iets wat my baie pla is dat ek soms voel dat my vriende dink dat ek soms ’n krisis skep sodat ek hulle aandag kan kry. Dit is net gewoon nie waar nie.

[Susan deel met my dat sy onlangs ’n baie traumatiese ervaring beleef het en toe sy dit uiteindelik deel met ’n vriendin, het die vriendin ’n e-pos gestuur met ’n redelike koel aanslag met min of meer die strekking: ons gee in elk geval vir jou om sonder dat daar iets hoef te gebeur het.]

H: Hoe sien jy jou lewe vorentoe?

S: Ek weet nie. Die alleenheid en die eensaamheid is besig om my in te haal. Ek wil nie meer uitgaan nie, want om alleen te gaan is nie vir my aanvaarbaar nie. Dit wroeg my dat ek alleen en eensaam in my ouderdom gaan wees. Ek glo dat my suster se twee seuns na my sal omsien. Ek het nie niemand nie, maar dit is nie dieselfde nie. Ek het niemand om na huis toe te kom nie. Dit gebeur soms dat ek vreeslik kan babbel as ek gespanne raak. Alleenlopers kan dikwels in die strik trap om net oor hulself te praat. Ek hou natuurlik die front voor dat alles goed loop en dat ek goed "cope". Ek is oop vir 'n huwelik as dit oor my pad sou kom. Dit voel asof ek nou vir die eerste keer gereed is vir 'n huwelik. Ek bid ook nou vir iemand in my lewe.

H: Wat is nou anders, dat jy nou daarvoor gereed voel?

S: Ek het vir 'n lang tyd geen sinnigheid in mans gehad nie en my ma was heeltyd deel van die prentjie. My slegte ervarings het nie gemaak dat ek heeltemal my vertroue verloor nie.

Ek het wel 'n vrees wat ek in my ronddra. Ek dink dat ek moet gee en presteer om aanvaar te word. Ek gee graag, want ek wil die aandag hê. Dit is dalk 'n noodkreet. Hoekom kan mense nie net aanvaar dat ek vir hulle iets wil gee nie. Die lekkerste is as iemand net bel en sê: "Jy bederf ons!" Moenie my bevraagteken

nie. ’n Mens kan maklik mense wegstoot omdat jy bang is vir verwerping. As ek uitgenooi word, dink ek ’n verskoning uit. Ek is bang dat ek mense sal vervreem, en dan doen ek juis dit. Ek dink altyd dat ek nie die liefde of aandag verdien nie, al soek ek daarna. Mense raak uiteindelik moeg vir negatiwiteit.

H: Is daar enigiets anders waaroor jy nou sou wou gesels?

S: Nee, dit sou goed wees as ons weer ’n keer kon bymekaar kom. Hierdie gesprek was vir my baie goed en bevredigend.

’N TWEEDE GESPREK MET SUSAN

Ek het na my eerste geprek met Susan gevoel dat daar dalk verhale kan wees wat nie vertel is nie, en het ’n tweede geleentheid vir gesprek gereël.

H: Susan, met ons laaste gesprek het ons nie gesels oor hoe jy oor jou plek in die kerk voel nie.

S: Dit voel soms vir my dat wanneer jy ’n alleenvrou is, en die kerk kom agter dat jy bepaalde talente en vaardighede het, hulle soveel werk moontlik op jou pak. Jy het mos die tyd en skynbaar niks anders om te doen nie. Dit is asof daar nie ’n besef is van jou behoeftes nie, en ondersteuning en ekstra aandag ontbreek, veral wanneer jy deur ’n krisis gaan.

H: Wat bedoel jy met behoeftes?

S: Byvoorbeeld ’n omgeegroep net vir alleenlopers wat juis kerngesond is en gedagtes kan uitruil. Hierdie mense verstaan mekaar tog die beste. Daar is by my ’n diep behoefte dat mense my sal aanvaar vir wie ek is ten spyte van my ongetroude status. Dit voel daar moet altyd iets wees – ’n drama, of jy is ’n oujongnooi wat jouself afgekeer het van mans. Dit is gewoon nie waar nie, nooit-getroud kon ook ’n keuse gewees het. Daar moet aanvaarding en respek wees. Ek beleef amper ’n antipatie teen alleenlopers. Veral in gemeenteverband lyk dit my dat mense jou as ’n gevaar sien vir hul huwelike en gesinne. Jy pas net gewoon nie in nie. Hoekom hou jy so baie van kinders – dalk is jy ’n pedofiel – en daarom wek jy onrus. Dit maak my die moegste dat ek die hele tyd op my hoede moet wees, want dalk dink iemand dat ek vir die dominee ogies maak. Aanvaar my vir wie ek is, en glo in wie ek is.

H: Hoe dink jy sien God jou?

S: Wanneer ek dink hoe dat God my sien, dan weet ek dat Hy na my kyk met sy Vaderoë en Moederoë. (Ek glo dat God ook hierdie vroulike kwaliteite het). Ek weet Hy kyk na my as unieke mens hoewel ook met foute en gebreke. Hy kyk verseker nie na my as getroude of ongetroude nie. Ek wens mense wil nie die cliché gebruik dat die roeping van die vrou is om te trou en kinders te hê nie. Dit staan glo iewers in die Bybel, ek weet nie waar nie. Interessant vir my is dat daar

in die Bybel niks genoem word van alleenvroue nie, maar wel van alleenmans. Wanneer ek kyk na instellings, dan voel dit vir my dat daar geen ruimte is vir alleenmense nie, net soos daar lank geen begrip was vir gestremde persone nie. Ek wil nie meer alleen na plekke gaan nie. Hulle behoort voorsiening te maak vir alleenvroue. Soos byvoorbeeld die hotel wat ’n vleuel het vir vroue wat vir sake of wat ook al die stad besoek en dan eintlik spesiale sekuriteit aangebied word. Weer eens is die kerk ’n goeie voorbeeld. Jy word verkies op al die kommissies, maar niemand vra jou of dit vir jou moontlik is om alleen in die aand dit by te woon nie. Niemand vra of jy sal regkom as julle almal teen 11:00 die kerkgebou verlaat nie. Die beste voorbeeld is natuurlik die mense wat tyddeel bemark en sodra hulle hoor dat daar nie ’n meneer in die huishouding is nie, dan verval die aanbod en sommer ook die sogenaamde prys wat jy gewen het. By die werkplek is dieselfde onsensitiwiteit – geen vrae in terme van aandfunksies nie. Wanneer daar dan ’n funksie is, moet jy ook ’n metgesel bring om aanvaarbaar te wees. Jy doen wonderlike werk, maar wanneer daar sosiaal verkeer word, moet jy asseblief net nie alleen daar opdaag nie. Jy word dikwels nie eers genooi nie. Dit gaan nie oor wie jy is en jou uniekheid nie.

Wanneer ek na myself in hierdie proses kyk, dan dink ek dat ek al heelwat gegroei het. Dit hinder my nie meer so baie nie – nie eers as een na my verwys as ’n oujongnooi nie. Ek weet dat my menswees nie van my getroudwees afhang nie. Ek is wie ek is, soos wat ek is is ek vir God aanvaarbaar. As ek nie vir mense aanvaarbaar is nie, dan is dit hulle uitsluitlike probleem. Ek bid wel vir ’n maat,

want dit voel my ek is gereed vir ’n verhouding. Tog dink ek baie dae hoe ek my privaatheid sal mis wanneer ek dan tog dalk wel sal trou. Hoe verduidelik ek dat ek vannag tot 2:00 wil werk? Dit het sekerlik sy voor en nadele. Tans fokus ek op die voordele van alleenwees. Ek weet ek maak ’n verskil in kinders se lewens vir wie ek skoolhou, in my vriendinne se lewens, ook in die lewens van Nico en Abrie wie ek vakansies versorg (suster se kinders). Ek hoef nie meer my eie kinders te hê om iets vir iemand te beteken nie. Ek sou natuurlik graag my eie wil hê, maar ek aanvaar dit nou. Ek beskou myself ook nie as oorafhanklik van ander nie. Dit gaan nie vir my dat iemand agter my hoef aan te ry om seker te maak ek is veilig nie, maar die beginsel dat iemand wys dat hy of sy vir my omgee.

H: Hoe voel jy oor die rol van eensaamheid?

S: Die alleenheid en eensaamheid is vir my baie sleg – veral die gevoel dat ek heeltemal alleen is. Ek wens dat ander my wil aanvaar vir wie ek is, en nie vir wat hulle uit my kan kry nie. Mense besef dat alleenvroue ’n behoefte aan aanvaarding het en daarom vra hulle jou maklik om iets te doen. Ek sal nooit nee sê nie, want ek is te bang vir verwerping. Ek is tans besig met die vertaling van ’n proefskrif en die hoofstuk waarmee ek tans besig is, is uiters tegnies. Dit voel vir my dat die persoon wat dit vir my gegee het in my glo en dink dat ek intelligent en vaardig genoeg is om dit te doen.

THANDI

H: Thandi, as you know I have asked you to come and tell me your story with regard to the fact that you are not married.

T: I have never planned not to be married. It just happened. Since I was 21 years old people asked me "where's your boyfriend?" They gave me the impression that I was not doing something about it. At 25 they asked me "where's your husband?" I don't have a husband.

People treat you different if you are not married, if you are not normal, not like everyone. Men and women would say: "At least have a child." It is so irritating. Your look at them and get the idea that you are short of something – not complete. Two years ago a man said to me, "at least have a baby", as if I can buy a boyfriend from the shops.

At home they think that I hate men. Or there is something you do what men don't like. I have lost many friends since childhood – they are very distant as if we have never known each other. They have children and husbands – we have nothing in common. I feel rejected and lonely. I see my childhood friends at funerals and weddings. They are friendly and greet me, but nothing deeper. I grew up in Kathlahong. My mother passed away last year. I go home once a month to see my father who is staying with my brother and his family.

My mother and I were not very open towards each other. Only one day she said: "It looks to me as if you are not going to get married". That was all. She never went on and on. When my brother got married it was very hard for me. Because of that he was more advanced. He was getting somewhere in life. I am the only and eldest daughter. I have four brothers behind me.

H: Why do you feel that he is more advanced?

T: In our culture getting married is very important. If you are not married you have no value. You have nothing – you are not together. Something is missing. It is even more important to have a child.

H: What meaning does society give to women who do not get married?

T: You are touching on something that I hate to think about. I do not feel comfortable to talk about it. It is very private. You feel you owe society and your family an explanation which I do not have. You walk around trying to find your place. I get so depressed, because I do not belong. Sometimes I am angry towards my family, society and indirectly to God. Why did he put me in such a situation?

I have no friends in Pretoria where I live or at work. The women at work all have children although they are not married. At home they also have children although they are not married.

H: How do you think does God see you?

T: I feel small, helpless and I don't know what to do. I am waiting for God to show me his plan. As a Christian I depend on God. Along the way you are comforted by God against criticism. God is not saying anything to me about my not being married. I am very lonely. When I go home my flat is empty and I wish there was someone there. I am very lonely, I am hurting, am depressed and have lots of questions that nobody is answering. Surely there must be someone to hold on to.

H: Did you ever have someone special in your life?

T: I was in a relationship before I was born again at university. After two years I realized that I do not want to marry this man and broke the relationship off. My greatest fear is to be alone when I am 50 or 60 years old. I left home when I went to university in Lesotho. Since 1994 I am not staying at home anymore. I feel obliged to look after my father. If I could find another job, I would like to go home.

H: Tell me about your church.

T: I am at the Central Baptist Church in Arcadia – it is a predominantly white congregation. There is a club for singles – they go out, get together. I have never gone there – I do not feel particularly attracted to it. They look older, they look as if they are not positive. On the other hand I think it is nice to be part of something

where you can feel comfortable. I need to do something … it is difficult in the city. Everyone is too busy and have no time for each other. I am involved in the music ministry. A have attended a lot of the church functions, and they make me feel very comfortable – they do not focus on couples only, and you never feel that you are odd. There are couples but even they do not make you feel out. Sundays used to be a highlight. Lately – I am burned out, want to do something new with my life. I would like a new job. I am waiting for the Lord.

At work I sometimes feel I am different from my fellow black sisters. Sometimes some people will say I am aloof, I should socialize more. People tell others what to do with their lives – I resent this. My white sisters will never tell me what to do. As a child I was not different. I was like the neighbour's children. My father is a introvert and very strict. He acts normally towards me; I do not know what he thinks. I know he expects me to be married. He treats me like a child. He treats my brother younger than me like an adult because he is a man with his own family. I wish I could have my own home and a husband and children. I would feel that I belong. I come from a very good and solid family. I had a family who looked after us – now I feel out. Good friendships might help me to feel that I belong. I used to think I am independent, looked after myself. Lately, as I slow down, burned out – being independent is not enough any more – I want my own family and children.

My brothers' children loves me, I love them. They are very warm and make me feel welcome when I go home. There are 7 of them between the ages of 1 and 15

years. Although we do not have godmothers we are very family orientated. They make me feel like I bring laughter and joy and am part of the family. They are so alive and carefree.

H: Who are the people who makes you feel that you are different the most?

T: My sisters-in-law. This is very sensitive to talk about for me. They make me feel where are your own children, get out, we don't want you here. I want to tell you what happened to me one Mother's day in church. All the mothers had to stand up. I did not stand up. The lady next to me told me to stand up and asked me if I have any children and if I was married. I told her about my brothers' children, but I resented the questions. She said to me: "Those children are your children." I asked her what are you talking about? She told me her story – that she had no children and that people used to ask her why she did not adopt. She felt that she was not capable, incomplete and rejected. One day God told her that she was a mother to her brother's and sister's children. I was stunned! That made me feel different. I was feeling like I am a nobody. I have been hurting. I must try not to love them too much – that was my feelings – but after the conversation with the lady in church I felt I am a mother.

If people ask me about children I just say no in such a way that they don't ask anything more.

are hurting. I was shocked. Women are like little children, they want to be loved, want to cry and express how they feel. They are also pretending. I suppose there are no other way – pretend and carry on.

We are trying to protect our culture. That's why you have children and stay in the marriage. Boyfriends are a no-no. Never in front of the parents. Parents are very strict from 10 – 12 years. They are very strict about boys – any boy. The father will get mad if you even talk to a boy from the moment you start to develop sexually. If the daughter falls pregnant it is heartbreaking and scandalous, but it happens all the time. That is why we have so many women with children but no husbands, but she has value in the eyes of society.

LARA

H: Lara, vertel my jou storie – ons het nou oor my gesels, maar ek sou graag jou verhaal wil hoor.

L: Ek is twee en veertig jaar oud en hou skool. Rekeningkunde is my vakgebied. Ek kom uit ’n baie standvastige, stabiele Afrikanerhuis. My ouers leef albei nog. Ons is drie susters, waarvan ek die oudste is. Ons was drie, maar nou is ons twee. My jongste suster is in ’n motorongeluk dood toe sy 29 jaar oud was. Ek sê was, want as ek gesê het dat ons twee was, dan was dit mos nie dieselfde nie. Ek kon nooit verstaan dat mense gesê het ons was drie en nou is ons twee nie. Ek het gedink hulle kan mos sommer net sê ons is twee, maar nou besef ek dit is nie dieselfde nie. Ek was deel van drie wat nou twee geword het. Ek is die oudste. My middelste suster is getroud met ’n dominee en hulle het drie kinders. Ek is baie lief vir hulle, ek bederf hulle tot in die afgrond. Ons is eintlik baie gewone mense. Ons is almal lief vir die Here en het ’n verhouding met Hom. Ons is net sulke gewone mense!

My pa is ’n ongelooflike persoon. Hy is ’n onderwyser. Hy is stabiel, standvastig en loop ’n baie reguit pad. Ons het ’n baie goeie verhouding. Hy het ook rekeningkunde gegee, maar ook bietjie geboer. Ek het op ’n plaas grootgeword. Hy het later voltyds geboer en is nou die laaste 4 jaar in die stad. My pa het vir my skoolgehou.

Nooit het my ouers my laat voel dat ek abnormaal of ’n verleentheid vir hulle is omdat ek nie getroud is nie. Dit is net nooit ’n ding nie. Ek dink hulle bid wel, en wil nie hê dat ek alleen moet wees nie. Ek dink ook dat dit ongerieflik sal wees om alleen te wees as ek oud is, en dit sal lekker wees om iemand te hê.

Ek sien myself glad nie as tradisioneel nie. Ons, my nooit-getroude vriendinne en ek, het besluit dat ons onopgeëiste juwele is. Nooit-getroudes het die grootste potensiaal om in depressie te verval, want die gedagte dat jy nie mooi, slim ensovoorts genoeg was dat iemand jou wou hê nie is teenwoordig. Ek het net nooit die krag daarvoor gehad nie. Ek het besluit – ek sal nie hieroor in depressie verval nie. Ek gaan voluit, en geniet die lewe. Ek dink ek gaan eendag trou. Ek gaan nie in die Here se ore hieroor kerm nie. Die Here moet op Sy tyd, Sy keuse ensovoorts iemand oor my pad stuur. Tot tyd en wyl moet hy help dat ek net nie ’n verstokte oujongnooi word nie. As dit gebeur dat ek jammer word vir myself, dan bid ek hierdie gebed weer. My Pa het twee keer vir my gevra of ek myself jammer kry. Een keer was nadat my suster begrawe is, en terwyl ons nabetragting gehou het, het ek gewonder wie my na die graf sou dra – my Pa het vinnig en met humor geantwoord dat hulle wel ’n paar groot seuns by die skool sou kry wat die taak kan verrig. (Sy lag baie lekker). Die Here het dalk nog net nie gedink dat ek reg is vir ’n man nie. Ek het baie lank gesê dat ek nie tyd het vir ’n man nie – dit was dalk maar net ’n verdediging.

My ma en pa het ’n gelukkige, normale huwelik. My ouers is so lief vir ons. Hulle sorg op baie maniere. My ma sorg met kos. Sy is nooit in ’n slegte bui nie. Tog het sy deur ’n slegte tyd gegaan toe my suster oorlede is. Die feit dat ek nooit getroud is nie het niks te doen met die wyse waarop ek grootgeword het nie. My ma is oop, altyd mense in ons huis, en baie gasvry. Ek is nie anti-liefde of anti-man nie. Ek glo die Here het bedoel dat man en vrou bymekaar moet wees en daarom glo ek dat ek nog gaan trou. Ek het dit nog altyd geglo. Weet jy, daar is eintlik min mans. Ons (verwysend na haarself en my) geslag se mans is of op die grens dood, of hulle is skeef. Daar is net gewoon min mans. My vriendinne (en ek het heelwat) wat nooit-getroud is, is beslis nie in lesbiese verhoudings nie, hoewel ek kennis dra van verskeie ander nooit-getroudes wat wel lesbies is.

H: Hoe voel jy oor mense wat jou dalk mag etiketteer as lesbies omdat jy intieme vriende is met vroue van dieselfde geslag?

L: Ek en my suster het saamgebly. ’n Vrou in die gemeente vra toe hoe lank ons al saam is. Ek sê toe vir haar dat ons susters is. Sy sê toe, “ag, julle sê mos maar almal so.” Ek het trouens 3 woonstelmaats gehad wat almal later getroud is. My vriendinne het later gespot en gesê dat as jy getroud wil kom, moet jy by my kom bly.

H: Vertel my wat die rol is wat die kerk in jou lewe speel.

L: Ek speel ’n groot rol in die kerk. Ek doen die begeleiding in die oggend in die erediens. Ek was nog altyd betrokke by die kerk, kerkraad ensovoorts. Ek is baie tuis by die kerk, alhoewel daar baie irritasies is. Omrede ek skoolhou en dus kinders ken en die Here lief het sal vrouens maklik sê, “as ek doodgaan, sal jy dan met my man trou, want ek weet jy sal goed na my kinders kyk.” My antwoord is dan altyd maar dat sy vir my blakend gesond lyk. Sy sê natuurlik hierdie woorde voor haar man. Sy sê dit oor haar kinders dink ek, en nie noodwendig oor haar man nie. Dan kyk ek na die ou mannetjie en wonder wat laat haar dink dat ek met hom getroud wil wees! Mans het al dikwels gesê dat as hulle nou nie getroud was nie, dan het hulle met my getrou. Dalk die hele ding dat ek nie so sleg is nie, ek weet nie. Ek was al baie ontsteld daaroor, maar ek dink dit is onkunde. Mense weet niks van nooit-getroudes nie, en daarom het hulle allerhande idees in hulle koppe. Die ander mense oor die algemeen laat my nooit voel dat ek onaanvaarbaar is nie.

Die dominee wou hê dat ek ’n enkelgroepie moes begin. Ek het geweier. ’n Ander vrou begin toe die groepie en nooi my uit. Ek is nie die tipiese oujongnooi nie. Die groepie bestaan toe uit geskeides en nooit-getroudes. Ons is nie dieselfde nie. Ek het nie ’n eks-man om af te breek of pyn om oor te praat oor ’n verhouding wat nie gewerk het nie. Hierdie twee groepe vroue is nie noodwendig versoenbaar net omdat daar nie ’n man in hulle lewens is nie. Ek is glad nie ’n “groepie” mens nie, want ek sien myself nie as tipies verstok en op die rak nie. Ek leef voluit.

Een Pinkster toe die dominee te lui was om te preek, stel hy voor dat daar elke aand vir ’n bepaalde groep gebid gaan word byvoorbeeld bejaardes ensovoorts. Mense van bepaalde groeperings word toe aangewys om hul belewenisse in die kerk te vertel en dan sal daar vir hulle gebid word. Een aand, natuurlik, is dit toe die alleenlopers (ek haat die woord “singles” seker omdat dit Engels is, en dit vir my “common” klink). Daar was drie – ’n geskeide man, geskeide vrou en ek. Na die twee geskeides gepraat het, toe sug almal al, want die stories is “sad” en vol pyn. Hier kom ek toe met ’n totaal ander storie. Nie eers ’n liefdesteleurstelling om van te vertel nie, geen hartseer storie uit my ouerhuis nie. Ek het vir hulle gesê dat hulle mooi moet kyk want dit is nou hulle kans om te kyk na ’n oujongnooi! (Lag baie lekker). Ek het bloot gesê dat ek nooit getroud is nie, want niemand het my nog ooit gevra nie. Ek het geen “sad” storie nie. Die Here sal voorsien! Ek het daardie aand ook besef dat alle alleenlopers nie dieselfde is nie. Ek dink die feit dat mens gelukkig is in hulle siel het niks te doen met getroud wees nie. Ek is nooit eensaam nie, tog is ek baie alleen. Ek kan alleen wees. Soms is dit vir my so lekker as ek weet dat ek ’n aand alleen gaan wees. Ek is baie besig, maar as ek alleen is sal ek nie ry en gaan geselskap soek nie. Ek woon al die laaste 12 jaar alleen sonder ’n woonstelmaat.

As ek myself moet beskryf, dan sal ek dit doen deur te beskryf dat ek ongetroud is. Ek het nog nooit aan myself gedink in terme van my toestand nie. (lag baie lekker). Ek voel verskriklik veilig in die kerk. Ek weet nie alle nooit-getroudes voel so nie. Ek het byvoorbeeld ’n vriendin wat nie op Moedersdag kerk toe gaan nie en party

het net ’n ding om alleen te gaan. Ek het geen probleem om alleen kerk toe te gaan nie. Dit is egter nog steeds nie vir my lekker om byvoorbeeld alleen na ’n troue toe te gaan nie. Vir ’n tyd het ek geglo (in my twintigs) dat ek altyd ’n metgesel moet saam neem. Ek het opgehou soek na metgeselle en sedertdien gaan ek alleen.

H: Hoe dink jy sien die Here jou?

L: Ek dink die Here is baie lief vir my. Hy bederf my met gunstige omstandighede. Ek is baie gesond, ek het altyd werk gehad en ’n dak oor my kop. Vir my behoeftes het ek ook genoeg geld. Ek het gawes en talente wat die Here vir my gegee het. As ek getroud was kon ek nie doen wat ek gedoen het nie. Ek was byvoorbeeld by die CSV ’n leier vir baie jare en omdat ek nie getroud was nie het Hy my gebruik tot Sy voordeel. Nou neem ek nie meer leiding nie, ek is nou te oud! Die generasie-gaping het nou net te veel geword. Die CSV is geherstruktureer en die hoofleier het gesê dat oujongnooiens nie die ideaal is om as leiers te hê nie, want die kinders gaan dink om die Here te dien is om ongetroud te bly. Ek met hom hieroor gaan praat. Tog later het ek daaroor gedink dat kinders moet dalk nie die idee kry dat net nooit-getroudes die Here dien nie. Ek was baie gewip. Ek het soveel tyd ingesit. Tog het ek begrip vir sy persepsie.

H: Voel jy soms dat jy anders behandel word in ’n sosiale omgewing?

L: My sosiale lewe is die skool en die kerk. Ek is baie veilig want dit is wat vir my bekend is. Almal ken my soos ek is, as dit ’n ander situasie was soos byvoorbeeld konstante vreemde situasies, sou dit vir my moeilik gewees het. My sosiale geleenthede is nie vir my ’n probleem nie. Ons dominee het byvoorbeeld verjaar en daar was omtrent 25 mense genooi waarvan ek die enigste alleenloper was. Niemand het my laat voel dat ek nie inpas nie. Hou ingedagte dat dit vir my ’n baie bekende omgewing is. Dit is egter nie die norm om nooit-getroud te wees nie. As mense my aanspreek as Mevrou dan help ek hulle nie reg nie. Ek is verby om gewip te wees as mense my vra hoe oud my kinders is. Ek het begrip dat mense dit vra, want dit is tog natuurlik.

Ek wil jou nog ’n insident vertel van wat by die kerk gebeur het. Ons het ’n gemeentekamp beplan en ’n week voor die tyd loop ek ’n vrou raak wat sê sy hoop dat ek gaan, want dan kan ek die kinders besig hou. Toe wip ek my darem. Miskien het sy bedoel dat ek kinders ken, en dat ek by die CSV betrokke was ensovoorts. Hoor hoe beskerm ek myself – tog wil ek nie ’n naweek omhuil omdat sy so-iets gesê het nie. Ek sê toe net beslis dat ek nie na die kinders gaan omsien nie. As mense my vra hoeveel kinders ek het, dan sê ek bloot dat ek nog nie kinders het nie, want ek het nog nie ’n man nie. Ek bid nog vir ’n man. Dan weet hulle ten minste dat ek nie ’n mannehater is nie. Hulle hoef dan ook nie te bid vir die kinders nie, want ek makeer niks nie. Ek het sulke antwoorde wat ek standaard gebruik wanneer ek die vrae oor die man en die kinders kry.

My suster laat my nooit voel dat ek vir hulle ’n verleentheid is nie. Toe sy 40 word het sy al haar vriendinne genooi en in haar toespraak het sy genoem hoeveel ek vir haar en haar kinders beteken en dat sy hoop ek trou nooit, want dan sal ek hulle nie meer so bederf nie. Hulle bid ook vir my omdat hulle nie wil hê dat ek alleen moet wees nie. My suster en swaer en my ouers het my nog nooit aan iemand probeer voorstel nie.

Ek wil jou iets vertel oor my alleenheid. Ek hou skool in Heidelberg en kinders van die skool stamp my kar. Ek moet in my alleenheid die kar vat na die paneelklopper. My Pa bel uit die goedheid van sy hart en sê dat ek ’n man moet saamneem om seker te maak dat daar goeie werk gedoen word. Toe verloor ek dit heeltemal. Hoe kan hy dit vra? Waar moet ek nou man kry om dit saam met my te gaan doen? Ek gooi toe ’n vreeslike “tantrum”. Die volgende oggend kom twee kollegas wat op pad is dorp toe en hulle sê dat hulle sommer by die paneelklopper sal verbyry om te kyk na my motor. Pouse kom ’n ander onderwyser om te sê dat hy gaan gou kyk wat die paneelklopper doen. Dieselfde dag bel ’n pa van een van die seuns wat die kar gestamp het, om te sê dat hy ’n oog sal hou oor die paneelklopwerk. Voor middagete het ses mans aangebied om te gaan kyk na my kar. Dit was asof die Here vir my gesê het dat ek nie nou ’n man nodig het nie – as ek een nodig het dan sal Hy een voorsien.

Daar was ’n ander keer wat ek besig was met my stiltetyd en ek jammer was vir myself. Toe kom sing ’n klomp skoolseuns vir my. Ek kry baie liefde en aanvaarding

by die skool. Ek is baie dankbaar dat ek nooit ’n obsessie gehad het oor ek nie kinders het nie. Nooit ooit was die kind ding by my ’n probleem nie. Ek is baie lief vir kinders, maar ek sal nooit wens dat hulle myne was nie. Ek besef dat dit net genade is, want ek het vriendinne wat obsessief is. Ek het op geen stadium ’n krises hier rondom beleef nie, veral nie ten opsigte van feit dat my biologiese uurglas leegloop nie. Ek het nog altyd vrede. Dit is egter nie ’n “non-care” houding nie – net vrede. Ek beleef geen angs rondom die feit dat ek nie getroud is nie. Ek is nooit bang nie. As ek reis, doen ek dit saam met iemand of in ’n toergroep. Ek sal nooit iets nie doen, net omdat ek bang is nie.

Ek het verlede jaar ’n man ontmoet. Ontstellend min het verander oor hoe ek oor myself voel. Wat wel verander het is dat ek nou iemand het om te bederf en om voor lief te wees. Een van die gevare van nooit-getroudes is dat jy nie weet wat om te doen met al die omgee in jou hart nie. Ek het hom deur ’n tannie in die gemeente ontmoet wat my vir tee genooi het. Ek het “blind dates” gehaat. My pa het altyd gespot en gesê dat dit net die laaste “blind date” sal wees wat werk. Hierdie is nou my eerste kêrel, want dit het net nog nooit gebeur nie. Ek kan nie glo dat iemand dink dat ek “orraait” genoeg is om ’n tweede keer by koffie te drink nie. Dit het my ’n ruk gevat om hom te glo as hy mooi goed sê, want niemand anders het dit nog ooit vir my gesê nie. Ek het toe ’n skuif in my kop gemaak. As hy dink ek is oulik, dan is dit reg. Ek het nie dadelik die afhanklike vrou geword nie. Ek is versigtig oor hierdie verhouding, want ek kan nie bekostig om ’n fout te maak nie. Ek is dalk te veel rasioneel, want die besluit om dalk te trou is vir my ook ’n wilsbesluit.

Ek glo nogal in die halwe mens teorie. Die Here het alles geskape en dit was goed. Eva is toe gemaak omdat die mens nie goed genoeg was nie. Toe eers word die mens mens. God was nie tevrede met Adam alleen nie. Ek het nooit soos ’n halwe mens gevoel nie, maar ek begin nou iets daarvan verstaan. Ek het nie geweet wat ek mis nie. Iemand wat vir my omgee ensovoorts. Ek het altyd geglo dat ek eendag sal trou. Ek het geen obsessie gehad nie, net geweet. Die Here het mans en vroue vir mekaar bedoel, tog sal Hy ons gebruik soos ons is as ons alleen is.

Goeie vriende het baie te doen met hoe jy jou alleenwees hanteer. My vriende en ek het gereeld saam uitgegaan, vakansie gehou ensovoorts.

H: Hoe voel jy nou dat jy met my hieroor gepraat het.

L: Baie gemaklik. Onthou ek het al hieroor gepraat in die kerk!

TEN SLOTTE

Soos reeds genoem word hierdie verhale ongeredigeerd aan die leser voorgelê. In Hoofstuk 4 sal na hierdie verhale verwys word wanneer daar verwys word na die narratiewe benadering as terapeutiese model.

In die volgende hoofstuk word daar geluister na verhale uit die literatuur wat oor nooit-getroudes vertel word, asook verhale wat hulle van hulself vertel.

H: What are you experiencing right now?

T: I feel like you have touched something that I have never shared with anyone. I feel relieved; we talked about the real me, not just part of a normal society. I feel like I have been undressed a bit. I wear a lot of clothes to protect me against society. I am tired of pretending. You are never yourself – even people that you work with every day because they contribute to the fact that you feel incomplete. The men at work treat me carefully – some say I look strict. They are not as open as with others. I am very quiet and reserved. The conversation with you was tough for me although also releasing. You know, on a daily basis people treat you as if you know nothing about life. They do not respect you for anything. The fact that a woman is not married causes them to respect her less even if she is a professional. If she had a child – she is a mother and has value.

One day I went to a women's camp at church. There were a lot of women who were married. They were very resentful towards their husbands. They had to look after the children while the men went out to work or for their ministry. They were happy to leave their husbands and children at home. Lots of them spoke about what hurts at home. They opened up only there. They said that they would not tell anybody else. I think lots of women – married and unmarried – are hurting … and nobody knows. Women like others to think that they have a life that is normal, looking stable and secure. If they dare to open up, everything will come down. Women are resentful towards men, but they still marry and do not even admit to others that they

HOOFSTUK 3

NOOIT-GETROUDE STEMME UIT DIE LITERATUUR

"*Being single can also mean very different things at different stages of our lives. It can be a positive choice, or something that simply creeps up on you" (*Rodwell 1985:9).

1 INLEIDING

Die verhale van die literatuur is soos 'n huis vol stemme. Sommige stemme kom vanuit die sitkamer waar slegs sekere verhale toelaatbaar is, ander kom uit die slaapkamer wat sekere verhale regverdig, terwyl ander vanuit die kombuis kom – gemaklik, oop, vriendelik en met vertroue.

Die verhale waarna verwys word in hierdie afdeling vorm deel van die agtergrond waarna Müller, Van Deventer en Human (2001) verwys en wat in Hoofstuk 1 bespreek is. Die gedagte van agtergrondsverhale sluit aan by Browning (1991:94) se model wat die term of gedagte "thick description" gebruik. Die term "thick description" is veral van toepassing in twee van die vier bewegings naamlik die deskriptiewe en historiese benadering.

Dit is hoegenaamd nie die bedoeling om in hierdie hoofstuk 'n volledige literatuurstudie te doen oor nooit-getroude vroue nie, veral omdat daar met die

soeke na literatuur oor die nooit-getroude tot die besef gekom is dat daar min oor die nooit-getroude geskryf is en dat ’n groot gedeelte van die materiaal wat wel gepubliseer is, beperk is tot empiriese navorsing oor ’n groep vroue in ’n bepaalde streek of gebied met spesifieke omstandighede wat op hulle ’n invloed gehad het. Die tydperke waarin hierdie studies blykbaar baie populêr was, was in die middel negentiende en vroeg twintigste eeu.

Peterson (1981:6) wys in haar soeke na literatuur dat sy weinig kon vind onder die tema “single women” en by nadere ondersoek na die meer populêre literatuur het sy gevind dat daar

> “…no such thing is as singleness as an end in itself, that all of us in this category were really premarital. The life of the single woman was represented in terms of how to end her singleness, and most texts come foreward with a vast and clever stream of information about how to attract and hold a man”.

Ek het in my eie soeke ondervind dat veral in Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte en in die boekwinkels hierdie tema ’n blitsverkoper blyk te wees.

Vroue wat alleen is en meer as dertig jaar gelede gebore is kan met twee konflikterende mites gekonfronteer word, naamlik die stigmatisasie en die “glamorization” van nooit-getroud wees. Hierdie konflik kan veroorsaak dat die vrou

wat kies om nie te trou nie, nie altyd ’n duidelike beeld oor haarself het nie (Gordon 2003). Hartill (2001) verwys verder na die “glamorization” wat meer overt is, veral in die media, musiek ensovoorts. Die koverte boodskap is volgens haar meer subtiel.

Volgens Riet Bons-Storm (1996:11) vra baie vroue hulself af of hulle “probleme” deur hul eie toedoen is, of selfs “is dit nodig dat dit bespreek word?” My eie ervaring is dat vroue nie die moed het om veral oor hul nooit-getroude status te praat nie, maar wanneer daar tog ’n geleentheid geskep word, word dit benut. Ek het (soos reeds genoem) eenmaal slegs ’n paar gedagtes in ’n radioprogram aangeraak oor die plek van die nooit-getroude in die samelewing en dit het geweldige reaksie uitgelok – nie net van my nooit-getroude kollegas nie, maar ook van luisteraars. Die reaksie was hoofsaaklik telefonies, wat vir my bevestig het dat vroue ook oor hierdie aspek liewer anoniem sou wou bly.

2 DIE PLEK VAN ’N LITERATUURSTUDIE IN KWALITATIEWE NAVORSING

Met reg kan gevra word, waarom dan ’n literatuurstudie as daar kwalitatief na bloot ’n paar stemme geluister word. Die literatuurstudie vorm deel van die model van Müller, Van Deventer en Human (2001) wat in hierdie studie gevolg word, maar verder word aandag daaraan gegee omdat ek glo dat hoe meer stemme gehoor word, hoe meer dra dit by tot die poging om ’n ware deurwinterde reisgenoot te wees. Na hierdie stemme word geluister nie om sogenaamde antwoorde te verskaf nie, maar dalk om te kan help met die aanduiding van nodige rusplekke en uitdraaipaaie wat uiteindelik sal bydra tot die uiteindelike voltooi van die reis. Geen persoon leef in isolasie nie, en ander se verhale het ’n besliste invloed op elkeen se eie verhaal. Die literatuurstudie is stemme vanuit die literatuur saam met wie ook op reis gegaan word. Hoewel dit nie moontlik is om aan hierdie persone direkte vrae te vra nie, is dit volgens Burns (1990:390) ’n stimulus vir die denke en nie “a way of summarizing in your mind the previous work in the area that can blind you to only considering existing concepts and conceptual schemes, as in the quantitative method” nie.

Neuman (1997:88) wys op sy beurt daarop dat literatuur geraadpleeg word in ’n kwalitatiewe studie sodat daar aangetoon kan word dat die navorser kennis dra van die tema en daar op hierdie wyse kredietwaardigheid verkry word.

Volgens die model van hierdie verhandeling skep die aksieverhale (stemme uit die spreekkamer: Hoofstuk 2) en die stemme uit die literatuur (van hierdie hoofstuk) saam die basis vir die ontwikkeling van nuwe insigte of nuwe verstaan wat in Hoofstuk 4 aangespreek word.

3 DIE HUWELIK OF GETROUD WEES AS DIE TEENPOOL VIR NIE-GETROUD WEES

Dit is nie die doelwit van hierdie verhandeling om oor die huwelik per se te skryf nie, maar omdat hierdie studie handel oor nooit-getroudes wat dui op dit wat hulle nie is nie, is dit belangrik om enkele opmerkings oor die huwelik hier aan te spreek.

Fischer en Hart (1987:115) wys op twee deurwinterde modelle met betrekking tot die rolverdeling in die huwelik - die hiërargiese en die komplimentêre model. Hiërargies dui noodwendig op die dominansie van die man, terwyl die komplimentêre model sekere eienskappe aan die man en vrou toeskryf. Die man word gekenmerk deur aktief te wees, aggressief, rasioneel en die materiële voorsiener. Die vrou word gesien as passief, emosioneel, versorgend en vredeliewend. Uiteindelik is die manlike waardes meer dominant of word dit hoër geag, wat dan uiteindelik weer neerkom op die hiërargiese model. Volgens die studie van Fischer en Hart (1987:116) is daar vroue wat verklaar dat hulle tevrede is in hierdie rolle en waarskynlik hul hoogste geluk en vervulling in hul mans vind,

maar hulle vra dat hulle ook ’n bydrae mag maak in die gesin, kerk en gemeenskap volgens die vaardighede waaroor hulle beskik. Dit kom duidelik na vore dat alle huwelike nie maanskyn en rose is nie, en dat baie vroue vasgevang is in ’n verhouding van onderdrukking en gewelddadigheid.

Volgens die model van wederkerigheid (Fischer en Hart 1987:121) is die verhouding gebou op die veronderstelling dat dit nie twee halwe mense is wat bymekaar uitkom om sodanig ’n heel persoon te vorm nie, maar twee mense met bepaalde eienskappe en die kapasiteit om nuwe vaardighede te ontwikkel. Hierdie verwysing na Fischer en Hart (1987) is bloot om aan te dui dat die huwelik ’n baie komplekse verhouding en verbintenis is, met min indien enige waarborge vir sukses.

Patton en Childs (1988:82-84) wys op die wye verskeidenheid literatuur wat gepubliseer is rondom die Christelike huwelik en verwys na William Johnson Everett se vier modelle van die huwelik. Let daarop dat hierdie modelle bloot aangedui word as moontlike opsies.

- Die huwelik as sakrament

Hierdie siening is gegrond op die sosiale en kerklike instelling van die huwelik as die basiese struktuur van die lewe wat in die geloof geleef word. God se genade wat sodanig deur die natuur en die huwelik werk as deel van die orde van die

skepping word beklemtoon. Hier word egter groter klem geplaas op die verwagtinge van die kerk as op die dinamika van die liefde. Dit maak aanspraak op "redemption", maar ontken die gebrokenheid en perversiteit van die lewe. Die huwelik word volgens hierdie vorm gereduseer tot 'n instelling. Huishoudings en gesinne bestaan om mense te sosialiseer tot geloof deur die gewone gang van hul daaglikse lewe.

- Die huwelik as verbond

Die verbond is 'n Bybelse simbool vir die verhouding tussen God en die mens, en is later eers op die huwelik van toepassing gemaak. Hierdie verbond is soms onvoorwaardelik, en soms voorwaardelik. Toetrede tot die verbond blyk 'n vrye keuse te wees, maar dit blyk dat wanneer daar eers toegetree is, die vryheid aansienlik beperk is. Eienskappe eie aan 'n verbond is om jouself te verbind tot die skepping van 'n hoër doel, maar aan die ander kant dien dit ook as 'n model van God se orde – 'n nuwe en kenmerkende gemeenskap binne ander gemeenskappe. Hierdie model kan eerder gesien word as meer toepaslik vir die ouer-kind-verhouding as vir die huweliksmodel.

- Die huwelik gesien as roeping

Die huwelik as roeping kan gesien word as 'n reaksie tot 'n doel wat bo die aard is van die huwelik. Dit begin met die roeping van God, eerder as deel van die orde

van die skepping (soos in die sakramentele siening). Die huwelik as ’n proses van die natuur is ondergeskik aan die genade wat kom deur die reaksie tot God se roeping om die skepping te hernu. Volgens hierdie siening dien getroudes God deur hul roepinge uit te leef. Die huwelik en die gesin fasiliteer hierdie proses deur diegene wat betrokke is te ondersteun. Die gelykheid van die man en die vrou is daarin geleë dat hulle albei geroepe is, maar die rolle wat hul vertolk kan staties wees, en bepaal word deur die sosiale omgewing.

- Die huwelik as “communion”

Die klem volgens hierdie model is geleë in die twee nature en wederkerige deelname in die twee mense se gemeenskaplike wêrelde asook die kwaliteite wat elkeen individueel kan hê. Hierdie simbool het sy oorsprong in die mistieke ervaring en dit behels genade wat uitgeleef word deur verskillende strukture van die persoonlikheid. Hierdie model poog om mense aan te spoor in hul huwelik en gesinslewe sodat hulle hul roeping kan vervul, hul verbond kan uitleef en kan deelneem in die sakrament van die lewe. Hierdie model poog nie om mense te verander nie, maar dit bemagting diegene wat deelneem aan die huwelik om hulself aan mekaar te openbaar sodat dit wat in hulself geleë is getransformeer kan word tot hoër vlakke van lewe. Everett sien hierdie model as die “meester metafoor” wat meer relevant is vir die egalitêre huweliksmodel van ons tyd, wat op sy beurt die doelstellings van die bogenoemde drie modelle kan verlig.

Wanneer die negatiewe van die huwelik onder die loep geneem word, en veral ten opsigte van geweld in die huwelik, dan bly dit interessant dat hierdie negatiewe verhale nie werklik mense afskrik om in die huwelik tree nie. Daar is natuurlik die uitsondering, maar meesal dink mense dat dit met hulle huwelik anders gesteld sal wees. Murray (1988) verwys na die geweld in die huwelik wanneer sy navorsing doen oor skuilings vir mishandelde vroue. Hierdie vroue en talle ander word deur hul mans onderdruk, word soos ’n kind behandel en word dikwels nie toegelaat om ’n eie ontwikkeling van die self te beleef nie.

In die literatuur is baie teenstellende uitsprake wat gemaak word ten opsigte van die voordele van die huwelik en wie sodanig die meeste bevoordeel word – die man of die vrou. Prior (2001) wys daarop dat gesonde mense meer geneig is om in die huwelik te tree en dat om getroud te wees meer tot voordeel van die man is. Hierdie debat is egter nie voltooi nie, en daar is veel geskryf oor hierdie onderwerp, wat dikwels nie tot dieselfde konklusie kom nie. Simon (2002) kom tot die gevolgtrekking dat die huwelik tot voordeel van mans en vroue is. De Vaux (2002) voer ’n lewendige debat wanneer hy aanvoer dat getroude vroue gelukkiger is as enige ander vroue. In sy bespreking verwys hy ook na die publikasie van Jessica Bernard wat in 1970 tot die gevolgtrekking gekom het dat mans in die huwelik meer gelukkig is as die vrou, maar ten koste van die vrou. Van die voordele wat De Vaux (2002) noem ten opsigte van die huwelik is die volgende: betekenis, doel, identiteit, kameraadskap, om belangrik te wees vir iemand anders, iemand om voor te sorg, weet iemand is daar vir jou, ’n struktuur

om jou lewe te orden, ’n sin van behoort ensovoorts. Ek stem hiermee saam, maar baie van hierdie aspekte kan ook bevredig word deur vriende of familie in die afwesigheid van ’n lewensmaat. Die huwelik op sigself bied geen waarborg vir bogenoemde nie. Peter Hadfield (2002) verwys in sy artikel na Bernard en De Vaux se bevindinge en verwys na ’n studie tans in Australië wat daarop wys dat die huwelik beide man en vroue geestelik ’n hupstoot gee. Hy vra die interessante vraag: Was die bevindinge van Bernard foutief of was vroue werklik meer gelukkig en gesond binne die huwelik die afgelope 30 jaar? Wat het verander om hulle meer gelukkig te maak?

Gardyn en Paul (2001) skryf dat daar ’n studie in Amerika gedoen is met meer as 1 000 respondente (ouderdom 20 – 29 jaar) met betrekking tot hul siening van die huwelik. Die uitkoms blyk dat meer as 80% “dreamy-eyed” is oor die huwelik ten spyte van die hoë egskeidingsyfers. Hulle verweer hierteenoor is dat hulle eers sal saamwoon om seker te maak dat die huwelik ’n sukses is. Bonds-Raacke (2001) wys op die verwagtinge in die huwelik teenoor die realiteit, wat dikwels baie onbevredigend is ten opsigte van sosiale, finansiële, emosionele en persoonlike geluk. Sy verwys spesifiek na die aandag wat gegee behoort te word aan die media se aanbieding van romantiese liefde en die feit dat daar selde melding gemaak word van die feit dat dit ’n fase is wat verbygaan en dat die definisie van liefde ’n breër en dieper dimensie het. McCall (2001) skryf oor die verwagtinge in die huwelik in ’n artikel oor ’n sangeres wat haar ouers se ongelukkige huwelik uitbeeld in haar sang:

> "Relationships are complicated, but most songs now tend to make everything sound so easy. If you've been there, you know it's not easy at all."

Ten spyte van die baie verhale van ongelukkigheid en pyn hunker mense steeds na die huwelik en bly dit steeds die norm.

4 BENAMINGE VIR DIE NOOIT-GETROUDE VROU SONDER KINDERS

Dell (2002:312) wys daarop dat daar geen tipiese nooit-getroude vrou bestaan nie – sommige nooit-getroude vroue is lesbiese vroue terwyl ander heteroseksuele vroue is wat alleen woon, of met ander vroue saam woon vir kameraadskap of om kostes te deel. Die nooit-getroude vrou is 'n vrou wat haarself ongetroud bevind in 'n kultuur waar die meeste vroue getroud is, of dit kan vroue wees wat bewustelik gekies het om ongetroud te bly in 'n gemeenskap wat dikwels onverdraagsaam is teenoor diegene wat nie konformeer tot die heersende norme en standaarde nie.

Die naam wat die meeste in die literatuur gebruik word is oujongnooi ("spinster") en "never-married" wanneer daar na vroue verwys word wat nooit getroud is nie en ook nie kinders het nie. In die meer onlangse en populêre literatuur word die term "singles" gebruik. In die tydperk 1600 – 1700 was die terme wat gebruik is om nooit-getroudes te beskryf: marginaal, op die periferie, oujongnooiens, weggegooides, surplus, ekstras, op die rak en oortollig (Sharpe 1999).

Stavenuiter en Dorsman (1993:16) vind in hul studie in Nederland dat daar na nooit-getroudes verwys word as “oude vrijsters wat lang en mager, eenzaam, onaantrekkelijk, egoistisch, humeurig, kwaadsprekend en gierig is”. Daar is ook na nooit-getroudes verwys as volwasse dogters of oude jonge jufferen. In Suid-Afrika is ’n doelbewuste poging tot wegbeweeg van die diskriminasie tussen getroud of ongetroud wees met die formele aanspreekvorm me in plaas van mevrou of mejuffrou.

5 STEMME UIT DIE ONDERSKEIE VERTREKKE VAN DIE HUIS VAN DIE NOOIT-GETROUDE

5.1 VERHALE VANUIT DIE GEMEENSKAP EN DIE BREËR SAMELEWING

In 1913 reeds het Kate Cornell (Holmes:1998:68) in haar toespraak protes aangeteken teen die sosiale denke oor die nooit-getroude vrou. Die nooit-getroude vrou is gesien as ’n artikel wat vir niemand bruikbaar was nie, met ’n eensame, onvervulde en misrabele lewe. Hulle is gesien as vroue wat konstant wag vir die aanbod wat nooit kom nie en gedoem is tot ’n lewe van marginaliteit. Volgens die toespraak en pleidooi van Kate Cornell was die huwelik nie noodwendig ’n waarborg tot geluk nie.

In gesprekke met alleenlopers blyk dit dat een van die moeilikste dinge om te hanteer van hul alleenstatus die feit is dat daar op ’n uitnodiging pertinent die

versoek sal wees om ’n maat saam te bring. Die boodskap hier is dat jy as individu nie goed genoeg is nie, jy moet deel van ’n paar wees. Dit gebeur steeds daagliks in ons kultuur en samelewing. Rodwell (1985 :10) haal een van die vroue aan met wie sy ’n onderhoud gevoer het:

> “What bugs me is what I call the Noah’s Ark syndrome – where other couples assume everyone else has to be like them, going everywhere two by two. They see single women as a threat to them”.

Penman (1983:161) maak ‘n verdere belangrike opmerking wanneer hy skryf:

> “Our potential as people cannot be realized according to what others define as acting naturally; to do so is to constrain ourselves as people. Instead, we maximize the possibility of our potential when we act as agents of our own lives”.

Die nooit-getroude vrou word selde ernstig opgeneem – die snedige of, vir sommige, grappige opmerkings marginaliseer haar meer. Wanneer sy dan die pastor besoek en sy empatie nie haar ware gevoelens weerspieël nie, besef sy dat hy haar ook nie ernstig opneem nie (Bons-Storm 1996:19). Omdat sensitiewe vroue baie gou agterkom dat hulle nie ernstig opgeneem word nie, sal hulle dikwels antwoorde verskaf of hulle stories so aanpas dat hulle bloot antwoord wat gevra is. Om verleentheid en frustrasie te voorkom praat sy die taal van die pastor. Dreyer

(1994: 55) verwys daarna dat geslagsongelykheid nog altyd die norm was, maar dat dit moreel onaanvaarbaar geword het. Dit wil egter nie sê dat dit nie steeds lewendig gehou word nie, veral in terloopse opmerkings, wanneer daar tussen die "manne" gepraat word en soms ook wanneer vroue na hul nooit-getroude geslagsgenote verwys met 'n "jy weet mos"-knipoog.

Vroue word geleer om mans na hulle toe aan te trek. Mans is dan die objekte van hierdie aantrekking. Vroue bestee geld aan grimering, hare, naels, diëte ensovoorts om aantreklik te bly vir mans. Die sosio-kulturele narratief verklaar ook dat dit al hoe moeiliker sal word, maar jy as vrou sal volhard in hierdie poging, want ouer vroue is nie aantreklik nie. Vroue word gesosialiseer om begeerlike objekte te wees. Vroue moet hul identiteit vind in ander se identiteit, behoeftes en belange – indien sy 'n gesonde eiewaarde het of bogenoemde sosio-kulturele narratief bevraagteken, word sy as selfsugtig beskou. In 'n baie onlangse gesprek met 'n nooit-getroude vrou wat baie suksesvol is in die besigheidswêreld, maak sy melding van die feit dat mans deesdae na suksesvolle, sterk vroue verwys as "dangerous women".

Ons programmeer ons dogters om tipiese vroue en moeders te wees, en wanneer die besef deurdring dat hierdie vrou dalk nie in die uitgekapte rol inpas nie, sit ons met die hande in die hare. Vroue is dikwels self in 'n tweestryd met wat sy ervaar en wat sy veronderstel is om te ervaar (Gordon 2003). Volgens Anderson en Stewart (1994:37) het haar studies gelei tot die interessante gevolgtrekking deur die

persone met wie sy onderhoude gevoer het dat nooit-getroude vroue hulself moet ondersoek vir tekens van onbewuste vooroordele teenoor hulself. Hulle het waarskynlik van die kulturele mites geïnternaliseer en hulself so kwesbaar gelaat omdat hul leefstyl nie die kulturele ideaal is nie.

Die boodskap dat die nooit-getroude nie aanvaarbaar is nie, word nie net deur buitestanders gegee nie, maar ook deur diegene wat die nooit-getroude liefhet (Britton 1982:3). Dikwels sal ouers na hul nooit-getroude dogter, wat waarskynlik ’n professionele vrou is en haar plek volstaan, verwys as “ons kind wat mos nog nie getroud is nie”. Op hierdie wyse ervaar die vrou dat sy nie goed genoeg is nie, en dat sy nie voldoen aan die vereistes waaraan haar broers en susters waarskynlik so goed voldoen nie. Vir baie nooit-getroude vroue is die gedagte voorop dat hulle hul ma teleurgestel het deur nie te trou nie (Fraser 2001:124). Emosionele welstand word toegeskryf aan die teenwoordigheid van ’n lewensmaat, want dit fasiliteer sosiale interaksie (Dykstra 1995:S321).

Wanneer ’n getroude vrou stres ervaar of openbaar dat sy moeite het om die eise van die dag te hanteer, sal daar bloot simpatiek verklaar word dat sy baie hooi op haar vurk het, maar die nooit-getroude sal onmiddellik met ’n opgetrekte wenkbrou bejeën word, met die gedagte dat sy waarskynlik net ’n “gefrustreerde oujongnooi” is.

Rodwell (1985) publiseer ’n boekie: “The single woman’s survival guide” met verskeie afdelings naamlik: huis, werk, seks, mans, die reg, winkels, geld, kinders, vakansie, sekuriteit ensovoorts met kontakadresse by elk. Dit was waarskynlik baie bruikbaar, maar wat ek interessant vind is dat dit nie ook vir mans geskryf word nie. Dit blyk op die agterblad van hierdie boekie dat daar ook ander oorlewingsboeke geskryf is vir ander terreine van die lewe – spesifiek vir die vrou.

’n Baie sterk diskoers is dat die vrou met haar eie gesin die enigste vervulde ideale staat is vir ’n vrou. Trou en kinders hê behoort elke vrou se droom te wees. Om kinders te baar is die vrou se hoogste roeping. Goeie vroue is onselfsugtig en stel nie haar eie behoeftes eerste nie. In teenstelling hiermee lees ek in Tauber (2001:8) ”today’s unmarried woman is defined more by her career and her friendships than she is by her quest for the ideal man”. Dit is belangrik dat ons in gedagte sal hou dat kulture verskil rondom die ideaal van vrou-wees. Uit ’n klasbespreking blyk dit dat om ’n kind te hê in sommige van die Afrika-kulture die hoogste vorm van selfverwesenliking is, en nie noodwendig om te trou nie. Ek het persoonlik ’n jong swart meisie ontmoet wat baie trots was om haarself voor te stel as nie-getroud met ’n kind – “and I thank God for my child, because through that He showed me that I was truly a woman”.

Smith (1951:92) verwys in sy navorsing na die skrywe van Mary Lovemore se boek wat in die laaste helfte van die negentiende eeu geskryf is. Sy trek erg te velde teen die gebruik van die woord “surplus” wanneer daar van nooit-getroudes gepraat

word. Sy spreek haar ook sterk uit teen die sosiale kommentaar en druk op nooit-getroudes om te trou en so bruikbaar en van waarde te wees. Haar pleidooi is dat ’n vrou se waarde behoort te lê in wie sy is, en nie of sy getroud is of nie. Sy behoort alleen te kan staan sonder om haar vroulike aard te verloor.

Peterson (1981:26) wys daarop dat die jonger generasie vroue se houdings (“attitudes”) verander het jeens wat bereik behoort te word en hoe dit bereik behoort te word. Jong vroue het ’n behoefte om hul eie identiteit te vind, om hulself uit te leef en om selfvervulling te ervaar. Die huwelik word dus deur sommige in ’n nuwe lig gesien, en het nie meer dieselfde betekenis as wat dit vir hul moeders gehad het nie.

Ek wil graag van hierdie gedeelte gebruik maak om ’n baie interessante gedagte van Penman (1983:29) te gebruik om die mag van sosiale diskoerse bloot te lê. Volgens Penman is daar steeds ’n statusverskil tussen man en vrou. Die argument is nie of die man en vrou verskil nie, maar hoe die gemeenskap hierdie verskille sien en in stand hou. Dit is belangrik vir my dat ons verstaan hoe die vrou haarself sien, en hoe sy hierby uitkom. Wanneer ek myself ontdek sien ek ander mense as die “Ander”. Wanneer twee groepe dieselfde status het, sal hulle hulself sien as die “Ander” ten opsigte van mekaar. Hierdie konsep (Penman verwys na wederkerigheid) bestaan egter nie tussen groepe mans en vroue nie. Die man se ervaring van die wêreld word gesien as bepalend. Ons praat van ’n skrywer bedoelende ’n man, maar dikwels word daar in die Engelse taal veral verwys na ’n “woman writer”. In Afrikaans het ons die maklike term skryfster.

’n Vrou word maklik beskuldig dat sy dink soos ’n vrou, maar so ’n beskuldiging bestaan nie vir ’n man nie. Penman (1983:30) wys daarop dat die wyse waarop vroue in die minderwaardige posisie geplaas is teenoor mans ook dieselfde proses is waarvolgens alleenvroue ondergeskik is aan getroude vroue. Soos mans die “definers” of bepalers is vir vroue, so is die getroude persone die bepalers van die realiteit van nooit-getroudes. Die nooit-getroude word gedefinieer in terme van wat sy ontbreek. ’n Vrou word dus gedefinieer in terme van ’n man of dan die afwesigheid van ’n man. Die vrou word as minderwaardig tot die man gesien en die opinie met betrekking tot die psigologiese aard van vroue – dat die vroulike persoonlikheid deur die natuur bestem is vir huishoudelike take en dat dit net deur die huwelik en moederskap is dat ’n vrou vervulling kan ontvang - word steeds in stand gehou.

Die sosiale oortuigings oor vroue en hul rol in die gemeenskap bevind die nooit-getroude vrou as ongeskik op grond van die volgende: Sy was nie bevoorreg om gekies te word deur ’n man nie, daarom het sy nie status nie. Sy gee nie deur haar vroulike plig onbetaalde dienste aan haar man of dan die gemeenskap nie, en daarom het sy nie waarde nie. Sy vervul nie haar biologiese doel om babas te kry nie, daarom moet sy ongesond wees. Kortom, sy pas nie in nie, en weer eens – daar moet iets verkeerd wees!

5.1.1 MITES RONDOM DIE NOOIT-GETROUDE VROU

Anderson (1994:15) wys daarop dat die kulturele veronderstellings van nooit-getroude vroue eintlik kulturele mites is. Volgens die mites is nooit-getroude vroue misrabel, depressief en desperaat. ’n Paar voorbeelde van mites rondom die nooit-getroude vrou is die volgende:

- Die gesin soos dit tradisioneel gedefinieer word, is die enigste gesonde, bevredigende, ideale staat waarbinne ’n vrou kan leef.
- Om te trou is en behoort elke vrou se droom te wees.
- Om kinders te hê is elke vrou se hoogste roeping.
- ’n Goeie vrou is ’n vrou wat haar eie behoeftes altyd tweede stel.
- ’n Vrou moet ’n man in haar lewe hê om gelukkig te wees. Hierdie gedagte word oorgedra van geslag tot geslag en ons dogters (in graad sewe) wat nie ’n maat vir Valentydsdag het nie, verval in ’n depressie. Vroue moet hulself bevry van hierdie gedagte dat dit net vroue met probleme is wat alleen is.
- Alleenvroue lei eensame, neerdrukkende en onvolledige lewens (Anderson 1994:64).
- Alle vroue is desperaat om te trou want trou is die enigste ware geleentheid om gelukkig te wees en sekuriteit te hê.
- Om nooit-getroud te wees beteken onomwonde eensaamheid (Anderson 1994:283). Hierdie mite het baie vroue al in ongelukkige huwelike ingedryf.

Hierdie mites word binne die kultuur of gemeenskap gevorm en word later aanvaar as die waarheid. Mense hou dit in stand en lewendig deur dit daagliks aan mekaar te bevestig.

Wat gaan hierdie siening van die nooit-getroude vrou verander? Volgens Penman en Stolk (1983:65) kan die toenemende bewustheid van sommige getroude vroue dat die rol waarbinne hulle hulself bevind nie langer genoegsaam is nie, en dat ander moontlikhede dalk ook bevrediging of vervulling kan bied, 'n verandering bring. Dit is interessant dat sy daarop wys dat vroue as sodanig nie nooit-getroude vroue in so 'n negatiewe lig sien as wat getroude mans nooit-getroude vroue bejeën nie. Ook in hierdie opsig sou die sosiale mitologie moet verander.

5.2 STEMME UIT DIE GESKIEDENIS

> "… all that (a woman) may wish to have, all that she may wish to do, must come through a single channel and a single choice. Wealth, power, social distinction, fame – not only these, but home and happiness, reputation, ease and pleasure, her bread and butter - all must come to her through a small gold ring" Charlotte Perkins Gilman (Anderson 1994:50).

Nooit-getroudes was vir honderde jare onder geweldige druk om te trou. Hulle was as sodanig boos beskou dat hulle in die jare 1600 en 1700 blootgestel was aan overte geweld. In Engeland is nooit-getroude vroue bo 40 aangekla van heksery

en selfs met die dood gestraf (Anderson 1994:51). In Smith (1951) se boek blyk dit dat die ongetroude dogter ’n dilemma vir die pa en gesin was. Rabbi Joshua beveel aan dat ’n vrou aan ’n vrygemaakte slaaf gegee word indien sy na puberteit nog nie ’n man gehad het nie. ’n Baie interessante artikel van Holmes (1998) wys op die verskillende debatte wat in koerante gevoer is in Australië in 1900. ’n Bepaalde groepering het gevoel dat die huwelik gevaar loop om minder populêr te wees en het op ’n doelbewuste wyse gepoog om die huwelik te promoveer. Hulle het daarop gewys dat die huwelik ’n tuiste bied, dat die volk se geluk daarop gebou word ensovoorts. In hierdie tyd maak die feministiese beweging opgang en die nooit-getroude of alleenloper bied vir die feministe ’n alternatiewe identiteit. Hulle het hierdeur liggaamlike outonomie en onafhanklikheid. Dit word ’n keuse wat beoefen is vir baie nooit-getroudes, en is nie bloot ’n staat van jammerlike voortbestaan nie. Vir diegene wat dit teenstaan, is die getroude staat die “natuurlike” staat en die nooit-getroude word ’n steurende, bedreigende figuur. Vir Holmes (1998) gaan dit nie soseer om die redes waarom vroue nie trou nie, maar die verskillende betekenisse wat toegeskryf word aan vroue wat vir een of ander rede nooit-getroud is.

In Brittanje was daar na die oorlog meer vroue as mans en daar was ’n probleem ondervind met die “superfluous” (oortollige vroue), wat verwys na die nooit-getroudes. Dit het veral sterk na vore gekom in ’n kinderkaartspeletjie waar daar ’n pa, ma, seun en dogter was en dan natuurlik die “Old Maid” van wie daar ten alle koste ontslae geraak moes word, want met haar in jou hand kon sy jou die spel kos

(Storkey 2001:3). Op hierdie wyse was kinders van kleins af geleer dat "old maids" nie 'n gesogte situasie is om jouself in te bevind nie.

Die ongetroude middelklasvrou was 'n las. Indien sy van die werkersklas was, kon sy in 'n fabriek gaan werk, of as huiswerker in iemand se huis. Was sy egter vanuit 'n hoër klas was sy 'n las vir die pa, oom of broer. Die ander uitweg was om haar weg te stuur as goewernante, of selfs om haar aan te moedig om nuwe godsdienstige ordes te ondersoek (Storkey 2001:3).

Ek het tydens my soektog na literatuur op die treffende verhaal van Hester Pinney afgekom wat het in die jare 1658-1740 in Engeland geleef het. In hierdie tyd is die lewe van die nooit-getroude as volg gesien:

> "Spinsterhood condemned one to a lifetime of peripheral existence, it was a functionless role played out at the margins of other people's lives without even that minimal raison d'etre – the possibility of bearing children – which was supposed to comfort and sustain married women. For a woman, the single life was hardly an alternative lifestyle to marriage but rather a despised condition which both the woman and her family sought to avoid" (Sharpe 1999:210).

Die Pinneys was kantvervaardigers en die inligting kom uit goed bewaarde dagboeke. Nooit-getroudes moes bymekaar woon, en nooit alleen nie. Diegene

wat ’n beroep beoefen het was die uitsondering, en selfs dan was hulle nooit vry van die patriargale mag nie. In die vroeë 1900’s het die feministe die staat van nooit-getroud begin voorhou as ’n aanloklike staat - vry van die fisiese, finansiële en emosionele bande van die huwelik. Die woorde wat in hierdie tyd gebruik is om nooit-getroudes te beskryf, was marginaal, op die periferie, oujongnooiens, weggegooides, surplus, ekstras, op die rak, oortollig ensovoorts. Dit blyk dat in hierdie tydperk die vrees rondom die nooit-getroude geleë was in haar seksualiteit wat nie beheer of behoue was binne die huwelik nie en dit het ’n bedreiging ingehou vir die ordelike samelewing. Die kerkvaders het oënskynlik hierdie siening gedeel (Storkey 2001:85).

Stavenuiter en Dorsman (1993:14) doen ’n studie oor die nooit-getroudes in Nederland in bepaalde woonbuurte in die negentiende eeu. Deur hul slegte finansiële posisie is die meeste van hierdie vroue gedwing om by familie te woon. Wanneer sy liefdadigheid bedryf en ander versorg, kon sy as ’n nuttige lid van die samelewing beskou word.

Nooit-getroude vroue wat omsien na hul ouers word dikwels oor die hoof gesien. Die lewe van hierdie vroue word gesien as hartseer en onvervuld. In hierdie diskoers is die nooit-getroude beide slagoffer en martelaar. Sy word egter nie as ’n bedreiging gesien nie. Dit is beskou as die enigste aanvaarbare rol (Holmes 1998:68). Die diskoers hier is dat alle vroue die begeerte en gawe het om ’n helpende hand uit te steek. Ek aanvaar dit, maar is en behoort dit nie ook die

begeerte en gawe van mans, of dan van die mens as sodanig te wees nie? Verpleging en onderwys was die twee beroepe waar ’n vrou ook tot baie onlangs nog haar vroulikheid volgens die diskoers van die tyd kon uitleef.

Penman en Stolk (1983:38) wys daarop dat gedurende die Victoriaanse en Edwardiaanse tyd die mees algemene karaktertrek van ’n “old maid” teenoor die “young maids” was dat hulle nog beskikbaar was vir die huwelik. Die “old maid” is gesien as gepreokkupeer met die daaglikse roetine van die huis, toegewy aan ’n hond of ’n kat.

Hoyle (1996) verwys in haar artikel dat vroue wat in die negentiende eeu aansoek gedoen het om as sendelinge opgelei te word, weggewys is met die vermaning om liewer ’n man te soek en dan weer aansoek te doen. Wanneer die korrespondensie van hierdie vroue gelees word is daar een boodskap wat baie sterk na vore tree: “If I can only be useful”. Hierdie versugting na ’n betekenisvolle lewe word steeds deurgaans gevind in gesprekke met nooit-getroudes.

5.3 STEMME IN DIE MEDIA OOR DIE NOOIT-GETROUDE VROU

5.3.1 HUIDIGE TENDENSE

In die media word nooit-getroude vroue op verskillende wyses voorgestel. Dit wissel van die patetiese, bejammeringswaardige tot die welvarende, suksesvolle sakevrou.

Films en TV-programme stel die alleenvrou en dikwels die nooit-getroude vrou voor as die patetiese oorblyfsels van die huweliksmark (Anderson 1994:14). Hier kan verwys word na die baie populêre 7de Laan waar Hildatjie voorgestel word as die tipiese nooit-getroude. Die temas wissel van: "hoe kry ek hom om 'n 'commitment' te maak", tot die alleenvroue-angs in boeke soos "Bridget Jones's diary". Arnst (1998) verwys na "Bridget Jones's diary" deur Helen Fielding, wat aanvanklik as 'n koerantkolom in die Independent begin is, en later ook in die Daily Telegraph. Die boek word 'n blitsverkoper en 'n rolprent is in Augustus 2001 vervaardig. Bridget word gesien as ongeorganiseerd, onseker, obsessief oor haar gewig en iemand vanuit 'n probleemgesin. Hoekom is "Bridget Jones's diary" so gewild as 'n koerantitem? Bevestig dit vir 'n sekere groep dat wat hulle van nooit-getroudes gedink het eintlik waar is? Anderson (1994:67) wys daarop dat geskeide vroue nie so patologies voorgestel word soos nooit-getroude vroue in die media nie.

Volgens een van die stemme in Business Week (Arnst 1998:27) is dit die eeu van die nooit-getroude vrou. Hulle koop huise, ry luukse motors, maak aangenome kinders groot, en beklee invloedryke posisies. Wanneer ons die televisiereekse en films van nader beskou is dit duidelik dat die nooit-getroude vrou verder ook soms voorgestel word as die welvarende vrou wat alles kan koop wat haar hart begeer. Die werk is belangrik, maar hulle is nie baie ambisieus nie. Hulle het baie selfvertroue in terme van hul voorkoms, dra ontwerpersklere en die leser van hierdie soort boek en kyker van hierdie soort film is veronderstel om die handelsname te ken. Sy word weergegee as 'n vrou wat die leefstyl deel van die

kykers. Mans word ook dikwels beskryf as objekte van begeerte – reg vir verbruik, soos al die ander dinge wat sy koop.

Rodwell (1985:7) maak in haar publikasie die stelling dat om alleen te wees nie meer beteken om "uit" te wees nie, "being single is even, somehow, considered smart. Today the lable implies glamour rather than the stigma of spinsterhood." Dit is egter nie my belewenis nie, die sosiale diskoers van die "oujongnooi" is in ons land in elk geval nog te sterk. Daar word byna nooit na 'n nooit-getroude verwys sonder om pertinent te verwys na haar ongetroude status nie - dit word feitlik direk na haar naam uitgespreek. 'n Onlangse voorbeeld wat ek gehoor het: "so en so het my gevra om haar tuin uit te lê, sy is 'n oujongnooi wat nou vir haar 'n huis laat bou het".

Die opmerking wat Deborah Philips (2001:238) maak is dat in hierdie soort fiksie rondom die nooit-getroude die witroktroue "ultimately unchallenged" bly. In die agtergrond van hierdie mediadiskoers bly die uiteindelike prys steeds die man en die huwelik. Sarah Blustain (2002:58) verdedig die beëindiging van die Ally McBeal-televisiereeks toe Time-tydskrif skryf dat mense moeg geword het van die populêre kultuur wat volwasse vroue uitbeeld as "frazzled, self-absorbed girls".

Die film "Things you can tell by the way she looks" was vir my persoonlik baie vernederend vir die alleenlopervrou. Die film handel oor vier ongetroude vroue - sommige was getroud en ander is nooit-getroud. Die film beeld by al vier uit dat

hulle soekend is na ’n man en eintlik as halwe mense voorgestel word. Die mees ontstellende vir my was toe die een suster aan haar blinde sussie ’n voëltjie present gegee het. Terwyl die voëltjie pragtig sing, wonder die blinde suster hardop of dit ’n mannetjie of ’n wyfie is. Die suster antwoord dat dit ’n mannetjie is waarop die blinde suster vra hoe sy dit weet. Haar antwoord is: “only the males sing”. Dit was vir my aangrypend van die uitbeelding van die verskillende verhale – “only the males sing” en die vroue wag vir die mans om ook in hulle lewe te kom sing.

5.3.2 VROEËRE TENDENSE

Holmes (1998) wys daarop dat nooit-getroude vroue of ongetroude vroue vroeg in die vorige eeu in die media uitgebeeld is as vroue wat daarop uit was om ’n fortuin te maak en hulle strikke vir mans gestel het. Wanneer hulle geleerdheid gehad het, was hierdie vroue nog meer onwillig om hulself in ongelyke huwelike te bevind. Nooit-getroude vroue is ook voorgestel as so beskikbaar dat mans hulle vanaf ’n skinkbord kon kies. Hierdie voorstellings of diskoerse dien bloot om hierdie vroue verder te marginaliseer en versterk die sentraliteit, waardigheid en natuurlikheid van die huwelik van die vroue met ’n ondergeskikte rol daarbinne.

Hierteenoor het daar wel stemme opgegaan vir ’n ander denkrigting, hoewel dit baie beperk was. Claire Luce, lid van die Amerikaanse Kongres, het ’n toneelstuk in die vyftigerjare geskryf waar sy die getroude vroue aanspreek met die volgende woorde: “Womanhood comes in advance of wifehood and motherhood, and rises

above it, and the woman who lives up to a noble ideal of womanhood cannot make her life a failure, although she may be no man's wife and no child's mother" (Smith 1951:86).

5.4 DIE VERHAAL VAN DIE FEMINISTE RONDOM DIE NOOIT-GETROUDE VROU

Ek sien dit nie as my taak binne die raamwerk van hierdie verhandeling om die feministiese beweging of benadering in diepte te ondersoek nie. Ek wys egter na die rol wat die feminisme gespeel het in die verandering van die diskoers rondom die nooit-getroude vrou.

Omdat godsdiens dinamies is en in die teologie ook vrae gevra is rondom mense wat onderdruk word, het die feministiese teologie ontstaan vanuit die Vrouebeweging van die 1960's. Een van die hoof oogmerke van die feministiese teologie volgens Marie-Henry Keane (1998:122) is om die wanbalans reg te stel deur na die lewe te kyk op 'n nuwe manier sodat vroue se ervaring en belewenis ernstig opgeneem sal word.

Die feministiese teologie kan onder andere ook gesien word as 'n beweging wat gekant is teen die misbruik van godsdiens wat soms sy outoriteit gebruik om volle menslikheid en waardigheid aan vroue toe te ken (Storkey 2001:107, Kolbenschlag 1987). Francis Klopper (1996) maak die interessante uitspraak dat sy die feminisme

op ’n post-moderne wyse die gemaklikste vind om te pleit teen die marginalisasie van die vrou. Om ’n vrou te wees in ’n manswêreld sonder om soos ’n man te word. Dit gaan vir haar nie daaroor om die mag en dominansie van die man oor te neem nie, maar eerder ’n diffusie van hierdie mag (Klopper 1996:51). Die bydrae wat die feministe gemaak het rondom die bewusmaking van sosiale diskoerse wat vroue marginaliseer, is beduidend.

Ongetroud wees word ’n alternatief vir die huwelik teenoor die siening dat nooit-getroud wees ’n staat is van onnatuurlike alleenheid en ongelukkigheid (Holmes 1998). Die feministe se visie van ’n identiteit vir vroue onafhanklik van die huwelik was om aan te toon dat daar toenemend geleenthede is om ’n nuwe identiteit te vestig. Vir die feministe word die nooit-getroude vrou wat as manlik, lelik en onaanvaarbaar uitgemaak word eerder die vrou vir wie geen man goed genoeg is nie, en wat nie haar intelligensie of liggaamlike outonomie sal prysgee nie. Dit is die ekstreme siening – my pleidooi is vir ’n nuwe diskoers. ’n Diskoers van ’n alternatiewe leefwyse, wat ook respek afdwing.

5.5 DIE STEM VAN DIE KERK EN DIE VAN DIE NOOIT-GETROUDE VROU WANNEER HULLE OOR MEKAAR PRAAT

> “The life of the soul is thus seen as having largely to do with the self’s struggle with the conferred identity of the self’s historical social context and the claiming of that identity conferred upon the self by virtue of its participation in the coming Kingdom” (Gerkin 1984:100).

5.5.1 HOE SIEN DIE NOOIT-GETROUDE HAARSELF VOOR GOD

Wanneer hier verwys word na die vrou impliseer dit nie noodwendig die nooit-getroude vrou nie, want die nooit-getroude vrou is in die eerste plek vrou en in die tweede plek lê haar identiteit in haar huwelikstatus. Veral wanneer dit die heersende sosiale diskoers of kulturele narratief van die tyd is. Die verwysing na vrou kan dus ook verwys na vroue in die algemeen.

Dreyer (1998a:626) wys daarop dat vroue verskeie interpretasies rondom hul eie beeld kan hê. Dit wissel van die ekstreme skrifbeskouing dat die Bybel min te sê het vir die vrou en die manlike hiërargie God se wil is, teenoor die radikale siening dat die vrou alles wat goed is verteenwoordig. Die patriargale tradisie kan ook gesien word as histories en nie sodanig teologies nie. Verder is daar die ekstreme siening dat vroue superieur is en dat alle mense vennote en gelykes is wat die taak gesamentlik kan verrig en dat vroue veral deur maghebbers en onderdrukkers gedomineer word.

Hoewel die vrou in die Ou Testament uitgemaak is as die moeilikheidmaker en die swakkere geslag, en die rede dat die mensdom tot ’n val gekom het, is daar geen verwysing in die Nuwe Testament deur Jesus wat negatief verwys na vroue nie. Jesus het dit duidelik gestel dat die Christelike gemeenskap vry moet wees van dominansie van enige aard. Hy maak dit moontlik vir vroue om deel te neem aan die leierskap in die kerk. Origenes skryf egter vir Phoebe af tot die assistent van

Paulus en sedertdien is vroue vir baie jare gesien as assistente tot die manlike leiers (Keane 1998:127).

Vir die nooit-getroude vrou sonder kinders is die skrywe in 1 Tim 2:11-15 ontstellend. Sy sal haar redding vind in onder andere moederskap as gevolg van haar rol in die verleiding van Adam. Selfs Luther ondersteun hierdie gedagte in sy interpretasie van die teks. Die boodskap van hierdie gedeelte is die sogenaamde "swyggebod" wat onlangs eers opgehef is in die NG Kerk. Tog is dit steeds geldig en lewendig in die Gereformeerde Kerk. Die uitwerking van hierdie gebod is egter steeds met ons – dit leef steeds in mense se harte dat vroue ook voor God hul plek moet ken (Jacobs 2002:112).

Dit wat as aanvaarbare gedrag of as verwagting van die vrou dien – naamlik dat sy moet trou en kinders hê - bring mee dat die vrou wat nie hieraan voldoen nie, in stilte verval. Wanneer sy verleë voel omdat sy nie hierdie doel bereik het nie (in hierdie geval om te trou) is stilte die enigste uitweg (Bons-Storm 1996:18). Hou in gedagte dat die sosiale diskoers wat heers impliseer dat dit God se plan vir vroue se lewens is om te trou en kinders te hê. Dogters word grootgemaak om te trou. Hoeveel ouers kyk na hulle dogtertjie en neem doelbewus 'n besluit dat hierdie kind ook toegerus en voorberei moet word indien sy dalk eendag nie trou nie.

Die Godsbeeld van mense hang nou saam met hul eie identiteit (Dreyer 1998b: 545). Die vrou se plek in die kerk is nog nie die van ’n volle vennootskap nie. Aan die een kant glo vroue dat hulle ten volle deur God aanvaar word, tog is dit nie wat hulle daagliks ervaar nie. Sommige mans vind dit moeilik om van God in vroulike aanspreekvorm te praat, tog is daar talle vroue wat hierdie behoefte het – dit dui duidelik op ’n behoefte aan identiteit. Waarom sukkel vroue in die kerkraad om hul plek te vind? Sy is die voorsitter van die kommissie, maar sy hou ook sommer die notule, want sy is die enigste vrou op die kommissie – dit is as daar werklik nie ’n man gevind kon word om die taak van voorsitter te verrig nie. Dell (2002:311) skryf dat sy as ’n vrou in die amp beide die geleenthede en die uitdagings sien vir Christene as individue en die kerk om te streef na ’n “… complete, unconditional communion with single women and men of all ages and circumstances”.

5.5.2 DIE VROU EN DIE MANLIKE PASTOR

Die nooit-getroude vrou wat ’n manlike pastor besoek voel reeds blootgestel, want hy bly ’n man en sy ’n vrou. Wanneer sy dan haar diepste emosies en belewing met hom deel, is dit moeilik om nie in die versoeking te kom om in die kulturele diskoers te verval om te dink dat die oplossing vir hierdie vrou sou wees om ’n man in haar lewe te hê nie. Wanneer ’n nooit-getroude vrou ’n pastor nader vir terapie, is daar onmiddellik ’n ongemak, want die vrou en die pastor het reeds die klein stemmetjie van die sosiale diskoers gehoor: “het sy nie dalk ’n besondere gevoel vir die man nie?” Dit is ook nie werklik sosiaal aanvaarbaar dat pastors lang ure

in terapie met vroue deurbring nie. Ek het persoonlik met ’n pastor ’n gesprek gehad wat met groot oortuiging en erns vir my vertel het dat hy nooit ’n vrou alleen spreek nie, sy vrou vergesel hom altyd.

Dit sou onbillik wees om te dink dat net vroue unieke behoeftes het om te praat oor hulle nooit-getroude status. Nooit-getroude mans het ook bepaalde verhale om te vertel rondom hul nooit-getroude belewenis. Daar is egter verskille as gevolg van die stories van die samelewing waarvan hulle deel is. Volgens Bons-Storm (1996:27) vra vroue dat hul behoeftes binne die gemeenskap van gelowiges aangespreek sal word en dat sy nie juis hier verder gemarginaliseer sal word nie. Hoe dikwels hoor ons nie die woorde nie: “dit is die eerste keer dat ek hieroor met iemand praat”. Bons-Storm (1996:31) verwys hierna as die “verskriklike stilte in die geloofsgemeenskap”. Ek wil hier verwys na ’n geleentheid toe ek ’n verbatim van my mede-terapeut voorgelees het in ’n klein groepbyeenkoms van my mede-studente wat op daardie tydstip slegs mans was. Die stilte wat gevolg het nadat ek die verbatimvoorlesing voltooi het, en die versigtige uitsprake “ek het nog nooit so daaraan gedink nie” het my gevul met deernis vir my manlike mede-studente omdat ek besef het dat dit nie ’n blote moedswilligheid is nie, maar dat hulle net soos die nooit-getroude vrou vasgevang is in bepaalde denkpatrone en diskoerse.

Volgens Bons-Storm (1996:35) is dit baie moeilik om oor geslag heen empatie te hê. Sylvia (’n vrou met wie Bons-Storm ’n gesprek gevoer het) word aan die woord gestel:

> "I have always, up till now, experienced my life as a problem. The particular nature of the problem was not clear to me, nor confined to one area of my life. I could not tell anyone my problem, because I did not have the words. There were only men's words, scientific words, to talk about me and my problem, and those words where not right; they did not fit my experiences and feelings. The pastors I met before used words I heard when I was small from people such as my father, the teachers at school, the ministers in church, and those in religious education. These words gave me a certain fixed image of God: as far and rather distant. One could hear God's word via the Bible: big solemn words, words from a man's world. One could never see God, or feel him. God preferred men. He only loved women when they were chaste and got married when they grew up. God was a God of married women, a God who only accepted them in their roles of proper housewifes and mothers" (Bons-Storm 1996:38).

Dreyer (1994:67) maak 'n besondere sterk uitspraak wanneer sy skryf dat "pastoraat met vroue neem nie die unieke probleme waarop die vrou stuit vanweë haar sosialisering in hierdie kultuur in ag nie". Ek stem met haar saam dat ons die unieke problematiek van vroue in die kerk nie sal begryp solank ons die vrou sien as deel van die "susters" wat agter die koektafel staan nie. Die pastor en die geloofsgemeenskap sal op reis moet gaan met die vroue in die gemeente. Hulle moet ontdek word en ruimte gegee word om hul stemme te laat hoor - hul stemme ten opsigte van wie hulle is, wat hulle behoeftes is, hoe hulle hulself sien, watter rolle hulle wil vertolk en hoe hulle die heersende sosiale diskoerse beleef.

Volgens Dell (2992:323) is die grootste struikelblok vir die kerk teenoor die nooit-getroude (of sy sodanig gekies het om nie te trou nie, of nooit-getroud is sonder dat dit haar besluit is) uitgediende stereotipes wat toegedig word aan nooit-getroudes deur ander individue, die gemeenskap en die kerk. Vir Landman (1998:139) lê die antwoord met betrekking tot die toekoms van godsdiens vir vroue nie noodwendig opgesluit in die opleiding van vroue pastors nie, maar vroue moet geleer word om ’n nuwe soort “God-talk” aan te leer. Hierdie “God-talk” is om die God te ontdek wat nie mense straf wat die stereotipes van die gemeenskap uitdaag wanneer dit kom by gedrag en rolle wat aan vroue toegeskryf en voorgeskryf word nie.

5.5.3 GOD AS MAAT VIR DIE NOOIT-GETROUDE VROU?

Gini Andrews (1972) begelei die nooit-getroude of alleenvrou op ’n “moderne” en humoristiese wyse tot die persepsie dat God die plek kan vul van ’n maat en dat Sy liefde altyd daar is. Sy ontken egter nie die behoefte na ’n maat nie, maar glo dat God hierdie leemte kan vul.

Andrews (1972:157) wys daarop dat dit moontlik soos ’n ontvlugtingsmetode kan klink, maar volgens haar is die verhouding met God ’n verhouding wat totale bevrediging bied. Sy sluit ook nie die moontlikheid uit dat daar wel ’n man kan verskyn nie, maar sy beveel aan dat die verhouding met Christus in die tussentyd top prioriteit moet wees. Met hierdie gedagte per se is daar sekerlik nie fout te vind nie, maar sou dit ook as oplossing aangebied kon word vir die nooit-getroude man?

5.6 VERHALE WAT NOOIT-GETROUDES VAN HULSELF VERTEL, EN VERHALE WAT OOR EN VAN NOOIT-GETROUDES VERTEL WORD

Fraser (2002) skryf in haar boek dat sy 100 vroue ondervra het oor hul ongetroude status en haar konklusie is dat dit ’n emosionele ervaring is vir vroue om hieroor te praat. Dit is makliker om te swyg as om oor die fasette van nooit-getroud wees te praat, want deur daaroor te praat is om in die openbaar te erken dat sy anders is en nie inpas by die voorgestelde sosiale voorskrifte nie. Die konklusie waartoe sy gekom het is dat baie van hierdie vroue voel dat dit beter is om ’n swak huwelik te hê as om nooit te trou nie. Dit het my persoonlik baie ontstel, want wat dit vir my sê is dat die nooit-getroude vrou so ’n swak ontwikkelde identiteit het, dat die eensaamheid en isolasie so groot is, of dat dit sosiaal so onaanvaarbaar en onuithoudbaar is dat sy liewer in ’n swak huwelik sal tree as om alleen te wees. Is die alleenloper so onaanvaarbaar en minder “heel” as ’n getroude vrou? Fraser (2002) kom egter ook tot die konklusie dat daar werklik vroue is wat ’n legitieme keuse maak om nie te trou nie. ’n Interessante vraag wat deurentyd gevra, is: “Waar is die mans en hoekom is hulle nie soos ons wil hê hulle moet wees nie?”

5.6.1 ONAFHANKLIKHEID

Volgens Anderson (1994:35) is een van die dinge wat uitstaan vir die nooit-getroude vrou die feit dat sy klein daaglikse keuses kan maak en wanneer dit bymekaar gevoeg word lei dit tot ’n gevoel van kontrole. In beheer wees van my

eie lewe – dit blyk die een ding te wees wat die meeste nooit-getroudes koester. Dit laat ’n gevoel van vryheid wat hierdie vroue glo nie moontlik sou wees binne ’n huwelik nie.

5.6.2 IS DIE HUWELIK DIE EERSTE PRYS?

Volgens ’n suksesvolle studie met nooit-getroude vroue deur Anderson and Stewart (Lewis 1997:118) sou ’n suksesvolle huwelik vir die vroue van die bepaalde studie die spreekwoordelike kersie op die koek wees, maar beslis nie die hele koek nie. Dit is dus ’n gevaarlik aanname om te maak dat alle vroue dink dat die huwelik die eerste en enigste prys is. Baie vroue het ook ander ideale vir hulself en om bloot so-en-so se vrou te wees is gewis nie genoeg nie.

5.6.3 KIND IN DIE OË VAN DIE OUERS

Dikwels voel die nooit-getroude dat haar ouers haar steeds soos ’n kind behandel. Differensiasie (Balswick en Balswick 1997:104) vind nie werklik plaas nie en dit is nie noodwendig die wens van die nooit-getroude nie, maar die ouers sukkel self met die proses van differensiasie. Hulle voel dat hierdie kind hulle beskerming nodig het, en op hierdie wyse hou hulle haar eintlik nog klein. Dit bring geweldige frustrasie mee, want dikwels word hierdie vrou ook deur die ander lede van die gesin verantwoordelik gehou om na die ouers om te sien. Eintlik dink die ouers dan dat hulle na haar omsien, maar sy ervaar dat sy gevange gehou word omdat sy ’n

verpligting teenoor haar ouers het. Heel dikwels sal nooit-getroudes na hierdie rol verwys en amper beskuldigend voel dat hulle ontneem is van die geleentheid om ’n maat te ontmoet.

5.6.4 AMBIVALENSIE

Volgens Lewis (1997:118) het die nooit-getroude vrou dikwels ’n onopgeloste ambivalensie ten opsigte van hulle alleenwees. Soms is dit goed, en geniet hulle die oënskynlike voordele daarvan om sogenaamd ongebonde te wees, om dan net weer soos deur ’n golf van die see omgeslaan te word rondom die alleenwees en die besondere eise wat dit stel. Sommige nooit-getroude vroue beleef ’n konstante gevoel van onvoltooidheid en glo die simptome sal verdwyn as hulle ’n man het (Lieberman 1991:184). Ek wonder dikwels of hierdie gevoel van onvoltooidheid ’n karaktertrek is, en of dit werklik deur die teenwoordigheid van ’n man bevredig sal word. Die antwoord is ongelukkig net geleë in die persoon wat self hierdie belewenis het.

5.6.5 ROUPROSESSE

Sommige nooit-getroudes gaan op ’n spesifieke tyd in hul lewens deur ’n rouproses wanneer hulle dan besef dat hul tyd uitgeloop het met betrekking tot die moederskap. Peterson (1981:250) wys in haar studie daarop dat die aspek van moederskap baie sterk na vore kom in die lewe van nooit-getroudes. ’n Nooit-

getroude vriendin van amper 50 het die feit dat sy ’n histerektomie moes ondergaan geweldig traumaties beleef, want dit was toe ’n werklikheid en finaliteit dat sy nooit haar eie kinders sou hê nie. Hier is beslis sprake van verlies, nie net aan ’n maat nie, maar verlies omdat daar nooit ’n eie kind sal wees nie, wat dan ook verlies impliseer ten opsigte van die verskeie lewensfases wat nie beleef word nie. Dell (2000:325) wys daarop dat die nooit-getroude wat om een of ander mediese rede nie kinders kan baar nie, deur haar dokter of pastor aangemoedig behoort te word om oor haar gevoelens te praat rondom kinders. Die problematiek vir die nooit-getroude vrou is dat sy nou geen keuse meer het rondom kinders nie. Daar kan nie bloot aanvaar word dat sy nie getroud was en kinders nie deel van haar raamwerk was nie, en daarom beleef sy weinig of geen krisis rondom hierdie aspek nie. Anderson (1994:226) maak ’n interessante stelling wanneer sy skryf dat “once women have allowed themselves to grieve any loss they feel about not having children, they are free to enjoy the unsung advantages of life without them”. Dit gaan oor die fokus van die energie op ander aspekte van die lewe.

Dell (2002:326) wys daarop dat nooit-getroudes wat in die kerk grootgeword het, nie heeltemal gemaklik is met die gedagte om swanger te raak op nie-tradisionele wyses nie. Hulle poog liewer om kinders aan te neem of om hul kreatiwiteit en generatiwiteit uit te leef deur met kinders te werk en betrokke te wees in die lewens van kinders. Die belangrikste om in gedagte te hou is dat die pyn rondom kinderloosheid nie verdwyn nie. Die gedagte rondom eie kinders neem nuwe betekenisse aan deur die loop van die jare. Ouer nooit-getroudes toon soms nie

berou oor die feit dat hulle nie getrou het nie, maar die feit dat hulle nie hul eie kinders gehad het nie bly dikwels ’n sensitiewe saak.

5.6.6 OM SEKER TE WEET IS BETER AS OM TE BLY WONDER

Volgens Lewis (1997:125) sou dit vir sommige nooit-getroudes beter gewees het om verseker te weet dat hulle nooit sou trou nie. Baie vroue leef met die gedagte dat hulle wel uiteindelik gaan trou. Wanneer dit egter nie realiseer nie, beland sy in ’n eksistensiële krises. Die vrae wat dan ontstaan is gewoonlik “Wie is ek?, Waar gaan ek heen?” Die belangrikste is dat die vrou moet begin differensieer tussen die aspekte van haar lewe wat aan haar persoonlike betekenis gee teenoor dit wat deur die kultuur afgedwing word as betekenisvol (Gordon 2003).

Dit blyk dat baie nooit-getroudes die moontlikheid van ’n huwelik nie as uitgesluit beskou nie. Dit is belangrik om te weet dat nooit-getroud nie bloot is om sonder ’n man te wees nie, maar dit is wel ’n “commitment” tot ’n onbekende toekoms (Britton 1982:5). Om gelukkig te wees as nooit-getroude vrou, is om te beskik oor die kombinasie van hoop en die bewussyn van ’n moontlike vol lewe (Lieberman 1991:195).

Die nooit-getroude gaan die toekoms tegemoet met die wete dat sy alleen op reis is. My pleidooi is dus dat wanneer ’n nooit-getroude na ’n pastor kom en sy hom of haar uitnooi om saam met haar op reis te gaan, dat dit met groot versigtigheid

en verwondering gedoen sal word, want sy maak ’n uitnodiging na ’n dalk onbekende wêreld en daar kan slegs momente van verwondering wees wanneer daar werklik saamgereis word en nie bloot as gids opgetree word nie.

5.6.7 EENSAAMHEID NIE NOODWENDIG DIE GROOTSTE STRUIKELBLOK NIE

Anderson wys in haar studies (1994:258) daarop dat hoewel buitestanders dikwels dink dat eensaamheid die grootste probleem in nooit-getroudes se lewens is, dit eintlik die daaglikse instandhoudingsprobleme is wat die meeste spanning skep. Om byvoorbeeld ’n vakman te vind wat eerlik sal wees en nie jou vrouwees sal uitbuit nie, ’n motor wat probleme gee, ’n dak wat lek ensovoorts, is die dinge wat ’n alleenvrou moedeloos laat. Wanneer hierdie vroue hierdie moeilike tye beleef fantaseer hulle dikwels oor die rol van ’n man, terwyl hulle eintlik weet dat baie mans ook stres ontwikkel in hierdie situasies en dikwels ook nie die vermoë het om die situasie te hanteer nie. Baie vroue voed die gedagte dat dit mans is wat toilette, krane en grassnyers behoort reg te maak. Omdat hulle hierdie gedagte voed, bou hulle ’n weerstand op teen hierdie take terwyl vroue oor dieselfde vermoëns beskik om hierdie instandhoudingsvaardighede onder die knie te kry.

Dit blyk dat die antisipasie van alleenheid moontlik erger is as die alleenwees self. Baie vroue getuig dat hulle hul eensaamste oomblikke ervaar het toe hulle in verhoudings gewikkel was. Alley McBeal maak die stelling in die TV-uitsending van

21 Mei 2002 op TV2: " Maybe I would like to share my life with someone, although when I think of my loneliest moments usually there was somebody sitting next to me." Natuurlik ervaar nooit-getroude vroue eensaamheid, maar hulle blyk ook metodes te ontwikkel waarmee hulle dit beveg nadat hulle dit aanvaar het. Die vrees vir eensaamheid word omgeskakel in 'n waardering vir alleenwees. Dit kom voor asof die geheim geleë is in die wyse waarop daarna gekyk word – is dit vryheid of eensaamheid, want alleenwees is 'n natuurlike deel van die lewe. Penman (1983:95) wys daarop dat die algemene siening bestaan dat indien jy nie in 'n huwelik staan nie, jy geïsoleerd, eensaam en kwesbaar is. Hierdie siening is gebaseer op die aanname dat dit normaal en behoorlik is om jou lewe te deel met 'n ander persoon. Die probleem met hierdie siening is dat alleenheid nie dieselfde as eensaamheid is nie. In gesprekke met alleenvroue is dit juis die een ding wat hulle uitlig – hul vryheid is juis geleë in die feit dat hulle kan doen wat hulle wil, wanneer hulle wil. Daarom dat baie nooit-getroudes verkies om alleen te woon en nie 'n woning met ander te deel nie.

5.6.8 WATTER STATUS SKRYF DIE NOOIT-GETROUDE VROU AAN HAARSELF TOE?

Hoe die nooit-getroude haar status sien – as positief of mislukking, sal bepaal hoe sy oor haarself dink en voel (Dykstra 1995:327). Hoe sy egter oor haarself dink word grootliks bepaal deur wat die heersende sosiale diskoerse is en ook wat die verskillende verhale is wat sy vertel en wat deel uitmaak van haar verhaal. Dit is

waar die uitdaging van die narratiewe terapie lê – in die feit dat daar ’n moontlikheid is om ’n nuwe verhaal te skep ten spyte van dominerende kulturele verhale (Müller 1996). Volgens Anderson (1994:16) is daar nooit-getroude vroue wat glo dat om alleen te wees vir hulle geleenthede gegee het wat hulle nooit sou hê as hulle in ’n huweliksverhouding was nie. Hulle het ’n lewe geskep wat pas by hul persoonlikhede en doelwitte.

Wanneer daar egter na status gekyk word in terme van statuur soos deur die gemeenskap en samelewing toegeken, is dit volgens my mening ’n gebrekkige status, want daar word deurgaans neerhalend en kwetsend verwys na nooit-getroude vroue.

5.6.9 NOOIT-GETROUDES WORD BESKOU AS SELFSUGTIG

Dell (2002:312) wys daarop dat nooit-getroudes dikwels getipeer word as selfsugtig. Die stereotipe idee is dat alleenlopers sorgvrye lewens het en dat hulle hulself kan verlustig in bepaalde gedrag asook materiële vryhede wat geen getroude persoon sou oorweeg nie. Die volgende stereotipe idee is selfs meer problematies. Opoffering en miskenning van die self is gelyk aan ware Christelike liefde en diensbaarheid. Vroue word gemotiveer tot selfopoffering want die kultuur en gemeenskap gee vir hulle die boodskap dat om in relasie tot ander te staan en om die voorreg te smaak om ’n verbondenheid te hê tot ander (connectedness) een van die roepinge van ‘n vrou is. Dit vra egter vir opoffering van die eie behoeftes.

Die diskoers in die kultuur bevestig hierdie sin van die self by vroue wat hul mans en kinders versorg. Dogters word nie as klein kindertjies verdeel in twee groepe nie – diegene wat gaan trou en diegene wat nie gaan trou nie. Die vraag ontstaan weer – wat is die implikasies as daar uiteindelik nie mans en kinders is om voor te sorg nie? Stereotipes soos bogenoemde dra by tot die diskoers dat nooit-getroude of ongetroude vroue selfsugtig is en nie sensitief is ten opsigte van die behoeftes van ander nie. Die problematiek is geleë in die dilemma wanneer daar nie ’n man en kinders is nie, en hierdie vrou dan nie weet hoe om volgens die heersende diskoers haar Christelike liefde uit te leef nie.

5.6.10 DIE ROL VAN ’N ONDERSTEUNINGSISTEEM VIR DIE NOOIT-GETROUDE VROU

Anderson (1994:176) wys daarop dat ’n vriendskapsnetwerk wat goed funksioneer intimiteit en emosionele ondersteuning verskaf wat lei tot ’n gevoel van koestering en liefde. In die verlede het die gemeenskap hierdie rol vervul, maar in ons hedendaagse samelewing van mobiliteit en anonimiteit is dit vriendskappe wat die gevoel gee van verbind wees aan ’n gemeenskap wat omgee vir mekaar. Hierdie geborgenheid help ook om die gevoel van kwesbaarheid af te weer.

Vroue wat nooit-getroud is of wat alleenlopers is ervaar dat vriendskappe met ander alleenlopers vir hulle meer bevredigend is omdat hierdie vroue meer begrip het vir hul spesifieke omstandighede. Getroude vriende is dikwels nie beskikbaar nie, vervul bepaalde rolle, en bevind hulself in ander bepaalde lewensfases.

Wanneer alleenlopers of nooit-getroudes egter vriende is met ander wat deel vorm van ’n gesin word die nooit-getroude dikwels blootgestel aan die vreugdes van ’n gesinslewe en die nooit-getroude beleef dit as besonder positief (Anderson en Stewart 1994:180).

5.6.11 DIE NOOIT-GETROUDE VROU IN HAAR MIDDELJARE

Anderson en Stewart (1994:69) verwys spesifiek na hierdie aspek as ’n belangrike periode in die lewe van die nooit-getroude. Hoewel die lewensfases later in hierdie hoofstuk aangespreek word, is dit belangrik dat hier vir ’n oomblik stilgestaan word. Die nooit-getroude word nie meer as ’n bedreiging gesien nie, maar die vraagtekens word nie minder nie – te vet, te kwaai, te luidrugtig, te mansagtig, te selfsugtig. Solank hulle jonk is en nog besig is om “uit te kyk” vir ’n man, word hulle selfs deur vriende en familie aangehelp deur mansvriende aan hulle voor te stel. Na 35 word dit aanvaar as chronies, en word hulle gevra om laat te werk ensovoorts omdat hulle tog oënskynlik niks anders het om te doen nie. Die verwerping van die nooit-getroude vrou is die felste tydens die middeljare (Anderson en Stewart 1994:72). Dit is dan ook in hierdie tyd dat die nooit-getroude se grootste vrees soms bewaarheid word, naamlik dat sy swak gesondheid begin ervaar (Dell 2002:317).

Vir baie nooit-getroudes is die verhouding met hul ouers die mees intense en intieme verhoudings wat hulle beleef en hulle kan in hierdie tyd angstig raak

wanneer die realiteit van ’n ouer wat ouer word en selfs kan sterf na vore kom (Dell 2002:317).

Peterson (1981:251) maak die positiewe ontdekking dat na haar inspirerende gesprekke met senior vroue sy besef het dat baie van hulle hul lewens kreatief en vervuld leef. Sy besef dat die jonger vroue se vrese rondom alleen oud word nie noodwendig so ’n donker prentjie hoef te skets nie.

5.6.12 DIE ROL VAN DIE GESIN VAN HERKOMS BY DIE NOOIT-GETROUDE

Dit blyk dat daar geen algemene reël bestaan ten opsigte van die sogenaamde huis waarin nooit-getroudes grootgeword het en hul nooit-getroude status nie. Volgens Peterson (1981:71) is hierdie vroue afkomstig van die gelukkigste tot die ongelukkigste ouerhuise.

Vroue wat nie trou nie, voel dikwels uit pas met die norme van hul eie familie. Die meeste gesinne sien die uiteindelike troue van die kinders as deel van die natuurlike evolusie van die gesin. Die in die huwelik tree van die kinders is ’n bewys dat die kinders goed grootgemaak is. Dit is gewoonlik ook die oorgang van kind tot volwassene in die kulturele omgewing. Dell (2002:316) wys daarop dat volgens sommige nooit-getroudes hul ouers worstel om hul nooit-getroude kinders te beskou as volwassenes wat ten volle vertrou kan word met hul eie lewens. Die meeste nooit-getroudes het wel sinvolle verhoudings met hul ouers, maar dikwels

gaan dit gepaard met “renegotiation of roles and a recasting of the strengths, abilities, and actual needs of the adult child”. Die ouers van hierdie nooit-getroudes voel ook dikwels dat hulle gefaal het as ouers, want die alleenstatus word gesien as ’n negatiewe refleksie op die ouerhuis. Nooit-getroudes berig dikwels dat die druk van binne die gesin van oorsprong dikwels groter is as van buite. Hartill (2001) wys daarop dat die druk dikwels so groot soos ’n klavier is op die rug van nooit-getroudes. Ouers wat subtiel verwys na kleinkinders plaas baie druk op nooit-getroudes.

Hoewel daar nie algemeen geldende reëls blyk te wees in die gesin van herkoms ten opsigte van nooit-getroude vroue nie, blyk dit dat daar wel toestemming-gewers in die gesinne voorkom volgens die studies wat Peterson (1981:71) gedoen het. Hierdie toestemming-gewers is mense wat laat blyk dat dit aanvaarbaar is om alleen te wees. Sommige van hierdie mense is self alleenlopers wat positief hieroor voel, ander is gelukkig getroude ma’s wat hul dogters toestemming gee om nie te trou nie, ’n derde groep is geskeide ma’s of ongelukkige getroude ma’s, en die vierde groep is vaders wat hul dogters toestemming gee om nie te trou nie. Hierdie “toestemming” word gegee deur nie druk te plaas nie, nie verwagtinge uit te spreek nie, die kind voor te berei om vir haarself te kan sorg, en nie te praat van “wanneer jy gaan trou nie”. Dit is nie asof hierdie ouers nie ’n verwagting of begeerte gekoester het dat hul dogters gelukkig getroud moet wees nie, maar hulle het dit nie aangebied asof dit die enigste wyse is om geluk te vind nie. Hierteenoor is die dilemma van die nooit-getroude wat die boodskappe van haar gesin van oorsprong

sodanig geïnternaliseer het dat sy glo dat sy ’n mislukking is omdat sy nie “goed genoeg” is om ’n man kry en te trou nie. Die gedagte dat daar fout is met haar en dat sy nie volkome mens is nie, lei soms daartoe dat sulke vroue hulle wend tot terapie (Dell 2002:315). Sommige van hierdie vroue voel dat hulle nie eers so ‘n natuurlike taak soos om te trou kon voltooi nie, en sien dan hulself as onvolwasse, onaantreklik en onaanvaarbaar. Die tragedie is dat sommige van hierdie vroue ervaar dat hulle nie hul lewens kan begin sonder ’n man nie.

Volgens Kurtz (1983:27) sal ons kinders beter voorbereid wees vir ’n alleenlewe, asook beter toegerus wees om die vrees en verleentheid wat gekoppel word aan eensaamheid te hanteer, as hulle van vroeg af privaatheid gegun word en as hulle aangemoedig word om vreesloos in afsondering te leef. Met die lees van hierdie stelling het ek besef dat my eie gesin van herkoms my nie voorberei het vir alleenwees nie. Alleenwees was ’n ongekende situasie - daar moes altyd iemand wees wat deel van die prentjie gevorm het. Om die wens uit te spreek dat jy alleen wil wees was ongekend. Selfs die wens om alleen gelaat te word vir ’n paar uur. Hoe kan enige mens alleen wil wees? Weer eens het ek besef dat die sosiale diskoers – al was dit net in my eie klein gemeenskap - ’n groot indruk op my gelaat het. Daarom dat my eie relatief laat trou vir my ouers ’n probleem was. My broer wat self laat getrou het, was eintlik baie aanvaarbaar en daar is met ’n vonkel in die oog na hom verwys wat nog nie getroud is nie.

Allen (1989:92) verwys na die rol wat die nooit-getroude vrou speel in die lewe van die kinders van die broers en susters van hierdie betrokke persoon. Die tannie wat nooit-getroud is nie, word amper ’n surrogaat-moeder en wanneer dit nodig is sal sy dikwels ook finansieel instaan vir hierdie kinders. Dit gebeur meesal in die geval van nooit-getroudes in teenstelling met wanneer een van die tannies ’n weduwee sou word.

Interessant dat in Japannees die woord wat gebruik word vir getroude vrou “woman in the back” is. Daar bestaan geen woord vir nooit-getroud nie. So ’n vrou sal gesien word in relasie tot die volgende generasie, en nie haar huwelikstatus nie, en sy sal waarskynlik iets soortgelyks as ’n tannie genoem word (Peterson 1981:189).

5.6.13 WAAROM BLY VROUE ONGETROUD?

Dit is nie die taak van hierdie studie om redes aan te voer waarom vroue nie trou nie. ’n Ware narratiewe benadering sou volstaan met die feit dat elke nooit-getroude haar eie verhaal het, en dan veral ook haar eie verhaal het rondom die redes vir haar status as nooit-getroude. Peterson (1981:256) wys egter in haar studie daarop dat daar vroue is wat nie weet hoekom hulle nooit getroud is nie, ander verwys na verhoudings wat nie uitgewerk het nie, dood van ’n maat, het nie iemand ontmoet wat in hierdie rol gepas het nie, gesinsverpligtinge, ongelukkige huwelike wat as rolmodel gedien het, fisiese onaantreklikheid en sommige worstel

met die gedagte van die huwelik self. Dit is belangrik om te onthou dat baie van hierdie vroue in sodanige verhoudings was waar hulle wel huweliksaansoeke ontvang het.

Die rol van roeping in die lewe van die nooit-getroude is baie interessant. Wanneer hierdie vroue hul werk sien as ’n roeping, bemagtig dit hulle om hul huweliksplanne uit te stel of op te gee, en sien hulle hulself as verantwoordbaar aan ’n Hoër Outoriteit. Die gemeenskap toon ook gewoonlik respek teenoor hierdie vroue, byvoorbeeld Katolieke nonne wat hul lewens wy aan hul roeping.

Dit is belangrik om nooit uit die oog te verloor dat baie van hierdie vroue wel ’n keuse ten opsigte van hul nooit-getroude status gehad het nie.

Teenoor die komplekse redes waarom vroue nie trou nie, en gesien in die lig dat hulle gevra moet word om te trou en die inisiatief nie gewoonlik by die vrou lê om iemand uit te neem nie, het Stieg (2002) met 10 redes vorendag gekom nadat hy ’n studie by die Rutgers Universiteit gedoen het, oor waarom mans nie trou nie:

1. Seks sonder om te trou is makliker as in die verlede
2. Hulle kan die voordele smaak van ’n vrou deur met haar saam te woon eerder as om met haar te trou.
3. Om egskeiding en die finansiële risiko’s te vermy.

4. Hulle wil nie in daardie stadium kinders hê nie.
5. Hulle wil nie verandering ondergaan nie.
6. Hulle wag nog vir die perfekte sielsgenoot.
7. Hulle ondervind weinig sosiale druk om te trou.
8. Hulle is huiwerig om met ’n vrou te trou wat reeds kinders het.
9. Hulle wil ’n huis besit voordat hulle trou.
10. Hulle wil die lewe van die enkelloper geniet so lank as wat dit moontlik is.

Bogenoemde redes mag slegs een studie wees wat onderneem is, maar sekere van hierdie redes is tog bekend as sosiale diskoerse ook in Suid-Afrika.

5.6.14 OUDERDOM-DERTIG-KRISES

Uit ’n paar terloopse gesprekke met nooit-getroudes blyk dit dat die ouderdom 30 ’n kritiese ouderdom in die lewe van ’n nooit-getroude vrou is. Peterson (1981:67) verwys ook na die “Ouderdom-Dertig-Krises”. Hierdie stadium blyk uit drie fases te bestaan.

1. Lewe volgens die voorgeskrewe reëls: Vroue word groot met die idee om te trou. Wanneer hulle 25 jaar oud word en baie van die vriendinne is reeds getroud, raak hulle bewus van hul ongetroude status.
2. Identiteitskrisis: Wanneer hierdie vroue besef dat hul identiteit en vervulling nie deur die huwelik of moederskap gaan realiseer nie, kom die besef na vore dat

sukses en vervulling op ander maniere gevind moet word. Vriendskappe word hoofsaaklik met ander vroue gevorm. Fokus word op die werk en soms ook op verdere studie gerig.

3. Selfdefinisie: Tydens hierdie fase het die vroue ’n bewustheid van hulself as individue en werk hulle met die oog op doelwitte ten opsigte van werk en studie. Penman en Stolk (1983:24) verwys ook na dertig as die “afsnydatum”. Dit blyk ’n chronologiese baken te wees - die jare tussen 20 en 30 blyk die aktiewe jare te wees om tot trou oor te gaan. Biologies is dit ook so dat fertiliteit besig is om af te neem. Meeste van hul vriende is reeds getroud, en die getroudes is nie meer so geredelik beskikbaar om mee sosiaal te verkeer nie. Die mans wat oorbly in die huweliksmark as potensiële maats is ook nie meer noodwendig gepas nie. Vroue bo dertig soek ook nie noodwendig na ’n konvensionele huwelik nie – hulle identiteit is gevestig, so ook hulle beroep en daarmee saam gaan ekonomiese onafhanklikheid. Interessant dat Penman en Stolk (1983:25) daarop wys dat dit dikwels die vroue bo-aan die leer is wat ongetroud bly en daarteenoor die mans aan die onderste punt van die leer. Die man trou gewoonlik met ’n vrou ’n bietjie jonger, asook met ’n laer posisie in opleiding en beroep. Hartill (2001) wys daarop dat vroue soms deur hul ouers aangemoedig word om nie te vroeg te trou nie, maar soos wat vroue ouer word word die vooruitsigte op ’n lewensmaat kleiner, terwyl mans nie ’n beperking het ten opsigte van die ouderdom van die vrou waarmee hulle uiteindelik trou nie – sy kan baie jonger wees as die man.

Die "krisis" blyk geleë te wees in die feit dat hierdie vroue op dertig gekonfronteer word met die feit dat hulle dalk nie kan trou nie en dat hulle fokus moet verander. Dit neem soms 'n paar jaar voordat hierdie rigtingverandering of nuwe persepsie oor die toekoms deurgewerk is.

Uit 'n studie van Allen (1989) is dit duidelik dat daar nie veralgemeen kan word in terme van hoe nooit-getroudes hul lewens sien wanneer hulle ouer word en terugkyk op hul lewens nie. 'n Aantal het gesê dat hulle lewens saai en doelloos was terwyl daar ander nooit-getroudes was wat berig het dat hulle 'n opwindende lewe gehad het met moontlikhede wat hulle nooit sou hê as hulle dalk getroud was nie.

5.6.15 NOOIT-GETROUDES KAN VASGEVANG WEES TUSSEN VERSKEIE KULTURE

> *"... women's stories have not been told and have not shaped cultural myths; without them a woman is lost; in order to forge ahead, women need stories that value their experiences. For the most part, the task of arbitrating the contradictions between cultures has been up to individuals" (Dell 2002:318).*

Dell (2002:318) verwys hier spesifiek na nooit-getroude vroue wat dikwels meer "kulturele tale" moet kan praat as haar getroude susters. Sommige van hierdie

vroue het begin in ’n kultuur van ’n ma wat binnenshuis gewerk het en ’n pa versorg het. In meer onlangse dekades word hierdie selfde vroue geleer dat vroue gelyk gestel is aan mans en hulle word bewus van meer moontlikhede as waaroor hul ma’s en ouer susters ooit kon droom. In die week is hierdie vrou vasgevang in ’n bepaalde kultuur en Sondag hoor sy dikwels ’n ander boodskap. Wanneer sy terug gaan om te kuier by die ouerhuis op die platteland hoor sy dikwels nog ’n kulturele taal. Vroue moet dus met hul enkelskap die mas opkom in verskillende kulture en die pastor of terapeut behoort hiervan bewus te wees wanneer so ’n vrou vir terapie by hom of haar aanklop.

5.6.16 LEWENSFASES VAN DIE VOLWASSE NOOIT-GETROUDE

In die volgende gedeelte word die lewensfases van die nooit-getroude gestel teenoor die lewensfases van die persone wat wel in die huwelik tree.

Hierdie fases word volgens Dell (2002:329) gekarakteriseer deur kronologiese tydperiodes in plaas van tradisionele mylpale soos die huwelik, die geboortes van kinders ensovoorts.

NOOIT-GETROUDES SE LEWENSFASES

Nog nie getroud

1. Die verhouding verskuif van afhanklikheid tot onafhanklikheid
2. Toenemende outonomie in die wêreld buite die huis (werk en vriendskappe)

Die dertigerjare: “twilight zone”

1. Die alleenstatus word vir die eerste keer realiteit
2. Ander moontlikhede word ondersoek indien die huwelik nie sou plaasvind nie

Midlewe (40 tot 50 jaar)

1. Aanvaar die moontlikheid dat daar moontlik nie getrou gaan word nie
2. Aanvaar die moontlikheid dat daar moontlik nooit kinders sal wees nie

Latere lewe (50 jaar tot gesondheidsprobleme ondervind word)

1. Besluite rondom die afskaal van werksaamhede
2. Geniet van die vrugte van die arbeid asook die voordele van alleen wees
3. Erkenning van fisiese agteruitgang
4. Die aanvaarding van geliefdes wat aan die dood afgestaan word

Bejaardheid (die periode van gesondheid wat agteruitgaan en uiteindelik die dood)

1. Mortaliteit word gekonfronteer
2. Die aanvaarding van die lewe soos wat dit geleef is

Die toenemende kennis en begrip van die stres, kwesbaarheid, vreugdes en laagtepunte sal bydra tot die versorging en begrip van nooit-getroudes.

Die lewensfases van die persoon wat wel in die huwelik sou tree word volgens Liebert (2002:22) soos volg aangedui:

Ontwikkelingstake van vroeë volwassenheid

1. Die soek van ’n maat en in die huwelik tree
2. Leer om te leef saam met die huweliksmaat
3. Begin met ’n gesin en die grootmaak van kinders
4. Die moontlike weer begin met ’n beroep
5. Die aanvaarding van gemeenskapsverantwoordelikheid
6. Die aansluit by ’n gelyksoortige sosiale groep

Ontwikkelingstake van die middeljare

1. Die bereiking van volwasse sosiale of gemeenskaps-verantwoordelikheid
2. Die begeleiding van tienerkinders om verantwoordelike en gelukkige volwassenes te word
3. Die bereik van ’n bevredigende punt in die beroep
4. Aanvaarding en aanpassing by die psigologiese veranderinge in die middeljare
5. Aanpassing by die behoeftes van bejaarde ouers
6. Die ontwikkeling van volwasse tydverdryfaktiwiteite

Ontwikkelingstake van die laat volwassene

1. Aanpassings word gemaak ten opsigte van fisiese krag en gesondheid
2. Aanpassing ten opsigte van aftrede en moontlike verminderde inkomste

3. Aanpassing by die moontlike afsterwe van ’n lewensmaat
4. Die skep van bevredigende leefomstandighede
5. Die fokus op die vriendskapsgroep van eie ouderdom
6. Voorbereiding vir die dood.

5.6.17 SEKSUALITEIT VAN DIE NOOIT-GETROUDE

Alleenloper persone en hul seksualiteit is histories geïgnoreer of verwaarloos binne die kerk. Indien daar wel verwys word na seksualiteit word daar bloot kortliks na verwys as: seksualiteit is vir die huwelik. In die gemeenskap en ook in die Christelike gemeenskap is nooit-getroudes of ongetroudes nie immuun teen seksuele gedrag wat teenstrydig is met die algemene voorskrifte ten opsigte van seksuele gedrag nie. Dit blyk wel volgens Rosenac (2002) dat die waardesisteem van die Christen wel ’n rol speel in hierdie keuse rondom seksuele betrokkenheid. Die belangrike is dat hierdie persone ’n keuse gemaak het ten opsigte van die waardes en dat dit nie op hul afgedwing is nie. Om egter te aanvaar dat alle godsdienstige ongetroude individue seksueel konserwatief is, is ’n oorvereenvoudiging. Waarom hierdie leemte in die kerk? Deur die eeue het die etiese beginsel bly staan dat die huwelik tussen ’n man en vrou God se konteks is wat geskep is vir seksuele intimiteit, asook soms die gedagte dat seks bloot daar gestel is vir prokreasie of voortplanting.

Volgens Rosenac (2002) het daar ’n paar mites ontstaan rondom die seksuele:

- Die hofmaakperiode (dating) is die tyd om uit te vind of twee persone seksueel versoenbaar is al dan nie. Dit is dikwels die raad wat gegee word deur mense met ’n bepaalde waardestelsel.
- Die meeste behoeftes kan bevredig word deur seksuele gedrag: Elke persoon het ’n behoefte aan koestering, bevestiging dat hy of sy aantreklik en spesiaal is asook om gewaardeer te voel. Dit is egter nie uitsluitlik seksuele behoeftes nie, en kan bevredig word deur gepaste nie-seksuele gedrag.
- Seksuele gedrag beteken noodwendig intimiteit met ’n ander. Soms gee mense seks in ruil vir intimiteit, wat dikwels uitloop op ontnugtering. Hulle glo dat die seksuele outomaties gevolg sal word deur “commitment”. Seksuele gedrag behoort te volg as ’n uitvloeisel van intimiteit en nie andersom nie.
- Indien jy wag met die seksuele tot binne die huwelik sal jy outomaties ’n wonderlike sekslewe ervaar. Baie ongetroudes het ’n onrealistiese verwagting rondom die seksuele en die wittebrood.
- ’n Teenstrydige mite met die bogenoemde is dat seksuele ervaring voor die huwelik nodig is vir die psigologiese, emosionele en relasionele ontwikkeling.

Die teenstrydige sieninge en boodskappe wat ongetroudes ontvang rondom die seksuele bring ook verwarring en marginalisering. Verwarring in die sin van wat gebeur as ek anders dink en voel. Is ek dan nog meer onaanvaarbaar? Is daar nie dalk regtig iets met my verkeerd nie?

5.6.17.1 BENADERINGS IN DIE KERK RONDOM DIE SEKSUALITEIT VAN DIE ONGETROUDE

Die term ongetroude word hier gebruik in plaas van die nooit-getroude want rondom seksualiteit is daar nie verskillende norme wat geld nie.

Dell (2002:321) wys daarop dat dit maklik is om toegewyde Christene binne die kerk te identifiseer wat vas staan in hul oortuiging dat geen vorm van seksuele uitdrukking buite die huwelik toelaatbaar is nie. Ander Christene is van mening dat sekere gedrag toelaatbaar is tussen verantwoordelike volwassenes binne ’n koesterende verhouding sonder enige misbruik. Baie Christene sal hulself in die kontinuum tussen hierdie twee sienings bevind.

Die nadeel van hierdie onderwerp is die dilemma van die ongetroude wat praat oor seksualiteit terwyl die ander gespreksgenote jonk, oud, mans, vroue en getroud is. Baie ongetroudes sal stil bly oor hierdie onderwerp behalwe in die klein groep van vroue in dieselfde posisie. Hulle is bang hulle word geëtiketteer as los, immoreel of vroue met geen beginsels nie. Hierdie vroue is dikwels bang dat hulle hul posisie of moontlike posisie tot leierskap in die kerk wat vir hulle baie beteken, sal verloor. Vroue wat as “assertive” gesien word in hul werk, sal meer terughoudend wees in hul gesin of in die kerk, omrede hulle moontlik die hoop koester om ’n betekenisvolle, heteroseksuele verhouding by die kerk aan te knoop.

Rosenac (2002) verwys na die benaderings in die kerk rondom alleenlopers se seksualiteit en wys daarop dat die kerk nie vorendag gekom het met ’n betekenisvolle teologie van menslike seksualiteit nie, veral gesien in die lig van nooit-getroudes of persone wat later in hul lewe trou nie. Die gedagte wat nooit direk uitgespreek is nie, maar onder die oppervlak was, is dat jy enigiets kan doen, maar nie die seksuele daad nie. Simplistiese antwoorde is gegee vir ’n baie komplekse saak. Dit blyk asof die kerk op drie wyses gepoog het om met die seksualiteit van die alleenloper om te gaan (a) die dissiplinering van enige seksuele gedrag sodat die mees erotiese seksuele vir die huwelik gereserveer is (b) die aanhang van ’n algemene teologie van intimiteit en reinheid sonder om aandag te gee aan die praktiese situasies en gedrag (c) ’n breë benadering ten opsigte van alleenloperseksualiteit wat masturbasie en seksuele gedrag binne verhoudings insluit. Rosenac (2002) wys daarop dat: “One of the great challenges for the Christian faith today is to integrate sexuality and spirituality within the context of the single life”.

Om ’n teologie rondom seksualiteit te ontwikkel is nie eenvoudig nie, want nie alle seksuele gedrag word spesifiek in die Skrif aangespreek nie. Rosenac (2002) wys op die beweging van “van binne na buite teologie” wanneer sy skryf oor ingesteldhede teenoor seksuele gedrag. Haar aanbeveling is dat in plaas daarvan om terug te val op ’n lys van moets en moenies die vraag eerder gevra behoort te word – “hoe affekteer hierdie gedrag jou en jou onderskeie verhoudings?” Hoewel Rosenac (2002) volgens my ’n groot bydrae gemaak het rondom die seksualiteit

van die nooit-getroude val sy aan die einde van die artikel terug op fases en reëls oor wat in stap een en in stap twee mag gebeur van ’n verhouding ten opsigte van die seksuele.

5.6.17.2 SEKSUALITEIT IN DIE SOSIALE SFEER

Vroue wat gemaklik is met hul posisie as nooit-getroudes, vind dit steeds moeilik om in die openbaar alleen te verskyn, veral waar dit eintlik verwag word dat daar ’n man aan haar sy behoort te wees. Weer eens kan die gedagte dat ’n alleenvrou op soek na ’n man is, ongemak veroorsaak in sekere omstandighede. Nooit-getroudes berig dat hierdie suspisie erger is as die “uit die plek voel”. Een van Anderson (1994:274) se mede-navorsers berig dat eers nadat sy op 40 vir die eerste keer getroud is, is sy na kollegas se huise genooi nadat sy reeds jare saam met hulle gewerk het.

Rodwell (1985) wys in haar publikasie op die feit dat die seksuele rewolusie dit vir die alleenvrou nog moeiliker gemaak het. Hoewel sy sogenaamd vry is om keuses te maak rondom haar seksuele leefwyse, word sy baie maklik as promiskuïteit gebrandmerk. In sommige vry denkende omgewings is dit aanvaarbaar vir ’n man “to sow wild oats”, maar vir ’n vrou geld ander maatstawwe. Sommige mans maak aanspraak op seks as gevolg van die seksueel vrye omgewing waarin ons woon en die feit is dat mans en vroue nie altyd dieselfde siening rondom seks deel nie. Daar kan dalk vroue wees wat seks as ’n “one night stand” geniet, maar by die meeste vroue blyk dit dat die seksuele vir hulle tuishoort binne ’n liefdevolle verhouding.

Dit blyk dat vir sommige alleenlopers en nooit-getroudes seks belangrik is en vir ander nie. "…. It depends on the woman" (Anderson 1994:276). Dit blyk dat diegene wat nie in 'n vaste seksuele verhouding staan nie, drie moontlikhede gevind het om met hul seksualiteit om te gaan. Om selibaat te bly, of om van tyd tot tyd 'n seksuele verhouding te hê en derdens om die seksuele gevoelens te onderdruk. Baie vroue sien nie 'n bevredigende seksuele lewe as gelykstaande aan 'n lewe wat noodwendig gelukkig en vervuld is nie. Vroue rapporteer dat na 'n tyd van selibaat wees, of selfs geen vorige seksuele ondervinding het nie, hul libido verlaag. Dit blyk dat daar vroue is wat nie hul seksualiteit ontken nie, maar hulle word ook nie daardeur geteister nie. "Casual sex" is wel 'n opsie vir sommige, terwyl ander verkies om selibaat te bly. Vir ander kan die intimiteit nie geskei word van die emosionele verbintenis nie. Ander vroue weer sal hul seksuele energie op ander gebiede fokus, byvoorbeeld hul werk.

Smith (1951:46) wys daarop dat in sy studie in 1951 die nooit-getroude vrou dikwels paniekaanvalle en slapeloosheid ervaar het, wat toegeskryf is aan die opgehoopte seksuele energie en die oplossing hiervoor was psigoterapie. In my nalees het ek nie in die meer resente materiaal verwysings na hierdie drastiese maatreëls gevind nie. Waarskynlik omdat die seksuele op 'n meer oop en sosiaal aanvaarbare vlak gekommunikeer en gepraktiseer word. Ek vind dit hier nodig om weer eens daarop te wys dat algemeen geldende waarhede nie die uitgangspunt van hierdie studie is nie – bloot 'n luister na verskillende stemme.

Andrews (1972) verwys na masturbasie as ’n alternatief, maar bied die verskillende aspekte op so ’n wyse aan dat dit duidelik nie die ideaal is nie. Wat ek van haar werk waardeer is dat sy hoegenaamd nie beterweterig of afkeurend rondom hierdie aspek skryf nie.

Penman en Stolk (1983:85) wys daarop dat daar twee soorte aannames of “beliefs” bestaan het naamlik dat vroue ’n gevaar vir mans inhou omdat hulle seksueel “insatiable” is of dat hulle geen of baie min seksuele begeertes het. Sedert die Kinsey-verslae en die werk van Masters en Johnson is dit duidelik dat enige uitsprake rondom seksualiteit wat suiwer gebaseer is op die biologiese of suiwer die sosiale, onvolledig en ontoereikend is. Dit blyk uit die navorsing dat vroue baie verskil ten opsigte van hul seksualiteit (Penman en Stolk 1983:86). Hierdie diversiteit en veranderlikheid word egter ontken in die stereotipering van die nooit-getroude vrou, of alleenvrou. Histories is alleenwees sinoniem met selibaat lewe. Vandag kan vroue egter openlik kies om selibaat, heteroseksueel, homoseksueel of outoseksueel te wees.

Dit blyk asof nooit-getroude of enkel vroue meer seksuele vryheid oor die afgelope dekades het en dat hulle hulself wel van tyd tot tyd in seksuele verhoudings bevind. Volgens Penman en Stolk (1983:87) is daar wel nooit-getroudes of alleenvroue wat verklaar dat hulle geen seksuele begeertes het nie, en sommige van hierdie vroue was wel al vroeër in seksuele verhoudings betrokke. Verskeie van die vroue met wie daar onderhoude gevoer is, was nog nooit in ’n seksuele verhouding betrokke nie.

Die rede hoekom ek hierdie aspek beklemtoon is weereens dat ons nie die aanname moet maak dat alle nooit-getroudes of alleenvroue hul seksualiteit op dieselfde wyse beleef of hanteer nie.

6 ASPEKTE VAN BELANG WANNEER MET DIE NOOIT-GETROUDE IN GESPREK GETREE WORD.

Hieronder word na spesifieke aspekte verwys wat volgens Lewis (1997:127) van belang is:

- Die pastor of terapeut behoort na die overte sowel as die subtiele ambivalente gevoelens van die nooit-getroude te luister. Daar bestaan ook dikwels ’n private mening en ’n openbare mening, wat meebring dat daar bloot gesê word wat sosiaal aanvaarbaar is. Die terapeut moet bewus wees van die kompleksiteit van die gevoelens van die nooit-getroude vrou.

- Let daarop om nie onbewustelik deel te neem aan die vrou se selfverwyte nie. Moet ook nie die ongetroude status verhef of verheerlik nie. Elke vrou moet as unieke wese hanteer word. Sommige moet gehelp word om te fokus op die positiewe aspekte van alleenwees en ander het toestemming nodig om te rou en die teleurstelling te aanvaar. Ondersoek en bekragtig hul realiteit, eksploreer ander perspektiewe oor alleenwees, en wanneer nodig, erken dat om heteroseksueel te wees sonder ’n man, moeilik is.

- Daar is baie redes vir nooit-getroude vroue se depressie, byvoorbeeld onverwerkte rou oor ’n huwelik en kinders. Sy kon sodanig gekonsentreer het op die moontlikheid van ’n man in haar lewe dat sy self nie sodanig ontwikkel het nie en haar lewe tans geen betekenis het nie. Selfblaam kan ly tot depressie, want soos reeds verwys bied dit vir haar ’n doelwit om te bereik om dan meer aanvaarbaar te wees, en op sigself ’n doelwit om haar lot te verander.

- Die gebrek aan fisiese kontak (touch deprivation) word gesien as ’n oorsaak vir depressiewe gevoelens.

- Die nooit-getroude vrou moet gewys word op onontginde ondersteuningsbronne en die waarde van rituele. Die jaarlikse vakansie, verjaardagvierings ensovoorts kan in die vorm van rituele aangepak word. Ontgin en belê in vriendskappe. Die “significant other” hoef nie noodwendig ’n huweliksmaat te wees nie.

7 SLOT

Anderson (1994:82) verwys na “Die droom”. ’n Jong meisie droom nie dikwels dat sy nie gaan trou nie, want dit is nie die droom wat deur haar ouers na haar toe deurgegee is nie. Natuurlik is daar uitsonderings, maar daar is baie paaie wat ’n vroue kan neem om midlewe op haar eie te bereik. Sy kan hierdie “droom” prysgee en aanpas by die realiteite van haar situasie. Die hartseer is dikwels dat die

alternatiewe nog baie onbevaarde waters is vir die nooit-getroude en sy kan ervaar dat sy in ’n doolhof is.

Elise Müller (1989) skryf ’n aangrypende essay oor vrou-alleen wees bo veertig. Sy wys op die plan wat dalk nie gerealiseer het nie – ons het weinig jong mense wat op baie vroeë ouderdom reeds besluit om nie te trou nie. Die hoop sal altyd daar wees, ten spyte van aanvaarding en ’n vol lewe. Volgens Müller (1989) sal die vrou wat aanvaar dat sy alleen is besef dat die leemte wat sy deurentyd probeer vul, nie meer sodanig ’n leemte is nie.

Baie het verander, want 50 jaar gelede is niemand meer op die brandstapel verbrand nie, maar sosiale diskoerse verander nie binne ’n eeu nie.

Natuurlik word die moontlikheid van ’n huwelik, die vind van ’n sielsgenoot in die vorm van ’n huweliksmaat feitlik nooit uitgesluit nie, maar die nooit-getroude vrou wat ’n sinvolle, vol lewe voer, se geluk sal nie van so ’n ontmoeting of gebeurtenis afhang nie. Dit is nie asof sy al die jare “gewag” het nie. Hennie Aucamp (1979:20) verwys in een van sy kortverhale na “verspeelde ure” wanneer hy in die woonstel van ’n nooit-getroude kom, en al die geraamde naaldwerkstukke gade slaan.

Penman en Stolk (1983:160) wys daarop dat indien ons aanvaar dat dit natuurlik is vir ‘n vrou om te trou en kinders te hê en dan veral dat dit goed is vir alle vroue, sal ons nie in staat wees om die psigologiese status van baie van ons alleenvroue te

verklaar nie. Daar is min twyfel dat sommige van hulle sou verkies om getroud en mammas te wees, maar die feit dat hulle nie is nie, hou min verband met hulle psigologiese "well-being or lack of it". Vroue se psigologiese ontwikkeling word onvoldoende verduidelik wanneer slegs die konsepte van die biologiese, getroud wees of moederskap al dan nie in berekening gebring word.

Johan Degenaar (Kriel 2002:158) maak in 1997 die volgende uitspraak in 'n voordrag aan die Nuwe-Testamentiese Vereniging van Suid-Afrika:

> "We should realize that if we are victimized by a discourse, we are in need of a new discourse and that we are ourselves responsible for creating a liberating language which structures the world in which we live in a new way."

HOOFSTUK 4

DIE NARRATIEWE AS MOONTLIKE BENADERING IN DIE PASTORALE TERAPIE

"We live through stories. We are lived by the stories of our race and place" (Freedman and Combs 1996:32).

1 INLEIDING

Die gebruik van die woorde "moontlike benadering" word doelbewus gedoen om aan te dui dat ek nie wil verval in dieselfde denkpatroon as menige modernistiese denkers wat in die verlede geglo het, en sommige wat steeds glo, dat hulle benadering die enigste paradigma is nie. Ek beskou die narratiewe paradigma en die gebruik van die narratief as metafoor as 'n alternatiewe benadering tot pastorale terapie. Belangrik is dat die persone wat na 'n pastor of terapeut vir narratiewe terapie kom, die pastor in 'n heel nuwe lig sal sien. In die verlede sou persone wat probleme ondervind met hul lewensverhale na 'n pastor of terapeut gaan wat die antwoorde of raad sou hê, en selfs gepaste Bybeltekste sou byvoeg om sy of haar raad te ondersteun. In die narratiewe benadering is die fokus eerder op die instandhouding van die sogenaamde "probleem" en die impak van die sosiale omgewing. Die feit dat die kliënt die kundige is bring 'n nuwe dimensie.

Sosiale konstruksionisme is die kern waarom die narratiewe benadering wentel en daarom vind ek dit nodig om in hierdie hoofstuk aandag aan hierdie aspek te wy.

Die gedeelte van hierdie hoofstuk wat hoofsaaklik oor die narratiewe terapie as sodanig handel, sal heelwat fokus op die werk van Freedman & Combs (1996); White en Epston (1990) en Müller (1999,1996). Die blote vertel van verhale bring nie noodwendig ‘n nuwe uitsig op die toekoms nie. Die uitdaging is daarin geleë om ‘n sinvolle gesprek te voer sodat daar nuwe verhale tot stand kan kom. In hierdie hoofstuk word dan ook aandag gegee aan die rol van die gesprek as sodanig.

Dit gaan nie bloot oor luister na die vertel van verhale van mede-navorsers nie, maar die navorser stel ook belang om sy mede-reisigers in te lei in die elemente van terapie. Die navorser of terapeut is dan nie meer bloot toeskouer nie, maar ontwikkel in ‘n deelnemer en word so deel van hierdie proses. Wanneer geluister word na die stemme uit die spreekkamer en die stemme uit die literatuur soos uiteengesit in Hoofstuk 2 en 3 dan kom dit voor asof die leefwêreld van hierdie nooit-getroude vroue baie kompleks is en dat daar nie simplistiese antwoorde of oplossings gebied kan word vir hulle problematiek nie. Met die luister en die lees van die verskillende verhale is dit duidelik dat die groter konteks (die diskoerse van die gemeenskap) ‘n beduidende invloed het op hierdie nooit-getroude vroue se lewens. Dit kom veral na vore wanneer hulle telkens daarna verwys hoe “ander mense hulle laat voel”, en die invloed wat ander het op hoe hulle die lewe en omgewing ervaar.

2 DIE NARRATIEWE METAFOOR EN SOSIALE KONSTRUKSIONISME

2.1 DIE NARRATIEWE METAFOOR

Aangesien die narratiewe benadering binne die sosiale konstruksionisme as moontlike terapeutiese benadering in hierdie hoofstuk ondersoek word, is dit van belang dat die ontwikkeling van Freedman en Combs (1996) as eerste orde kubernetika-terapeute tot sosiale konstruksionistiese terapeute van naderby beskou word omdat hierdie twee persone (saam met Müller 1996) as die vertrekpunt van hierdie studie beskou word.

Freedman en Combs (1996:3) verwys na hul werk in die verlede as volg: “Looking back, we now view our work from that time as guided not just by cybernetics but by first-order cybernetics …”. As eerste orde kubernetika-terapeute was die doel om die denke van kliënte te lei (“guide”) asook gebeure te beheer sodat die doel van terapie bereik kon word. Die herhalende onaanvaarbare gedrag en patrone moes onderbreek word sodat gesinne eerder ‘n gesonde stabiliteit kon verkry. Die gesin het ‘n doel gehad wat ten alle koste bereik moes word. In teenstelling met die narratiewe benadering is die patrone onderbreek deur intervensie wat “voorgeskryf” is deur die terapeut. Die metafoor wat in hierdie benadering gebruik is, was die metafoor van “guidance”. Feitlik alle inisiatief het gekom van die kant van die terapeut en daar word van die standpunt uitgegaan dat die terapeut ‘n vooropgestelde idee het van wat verkeerd is. Die fokus van die eerste orde kubernetika is die disfunksie van die gesin.

Wanneer die Milaangroep tydens die tweede orde kubernetika fokus op die patrone van betekenis eerder as op gedrag is daar gebruik gemaak van sirkulêre vrae in die poging om die premisse of mite van betekenis te ontdek. Die gesin se verbondenheid en hoe een lid se gevoelens en optrede ander lede van die gesin beïnvloed en hoe hulle dan weer op hul beurt beïnvloed word deur ander, word bestudeer.

Milton Erickson se benadering (Freedman & Combs 1996:9-12) het ‘n beduidende invloed gehad op die ontwikkeling van Freedman en Combs. Sy benadering was anti-teoreties en pragmaties en die klem was op die ervarings en geloofswaarhede van die kliënt wat begryp moet word en dat die geloofswaarhede van die terapeut nie op die kliënt afgedwing moet word nie. Die gedagte dat elke ontmoeting uniek is en ‘n vars en kreatiewe poging van die terapeut sowel as die kliënt verg om die nodige uitkoms te verwesenlik – in teenstelling met die blote toepassing van standaard roetines en prosedures wat in ander benaderings gebruik word. Erickson wys daarop dat ‘n terapeutiese situasie geskep behoort te word waar die kliënt toegelaat moet word om sy eie denke, sy eie verstaan en sy eie emosies te gebruik in die terapeutiese situasie. Die respek wat Erickson vir sy kliënte getoon het en die feit dat hy mense gesien het as bronne in eie reg (“resourceful”) maak ‘n groot indruk op Freedman en Combs. Dit is dan ook deur Erickson wat Freedman en Combs ingelei word in die gedagte van die terapeutiese waarde van verhale. Dit is deur Erickson se eie verhaal rondom sy siekte dat hulle vir die eerste keer blootgestel word aan die gedagte dat mense voortdurend en aktief hul

eie lewens en verhale kan herskryf. Die gedagte dat daar meer as een realiteit bestaan, meer as een alternatief in enige situasie, verder ook dat hierdie realiteite gekonstitueer word deur taal, was onder andere konsepte of temas wat by Freedman en Combs gelaat was deur Erickson.

Freedman en Combs het verder ondervind dat die metafoor van sisteme uiteindelik ‘n hindernis eerder as ‘n hulpmiddel geword het. Vir hulle het dit meegebring dat daar na gesinne gekyk word vir komplimenterende kringlope (“complementary circuits”) en ‘n “collaborative causation of problems”, eerder as om te werk met gesinslede om sodanig die negatiewe invloed van waardes, instellings en praktyke in die groter kulturele omgewing op hul lewens en verhoudings na te gaan en om hulle te help om die waardes, instellings en praktyke teen te staan.

Freedman en Combs se ontmoeting met Michael White bring ‘n nuwe dimensie in hul benadering tot terapie (Freedman en Combs 1996:14). Die nuwe benadering wat die narratief as metafoor gebruik is nie bloot ‘n nuwe vorm van die sisteemteorie nie, daar word gewys op die baie etikette wat hierdie nuwe paradigma dra naamlik: post-strukturalisme, dekonstruksionisme en nuwe hermeneutiek. Vir Friedman en Combs (1996:14) word hierdie nuwe benadering ‘n nuwe wêreldbeskouing, naamlik dié van die post-modernisme.

> "To our way of thinking, this different thing is not simply a further evolution of systems theory, it is a discontinuous paradigm, a different language. In its broadest form this paradigm has been referred to by many labels: while 'post-structuralism', 'deconstructionism', the 'interpretive turn', and 'the new hermeneutics' have all been proposed, it seems to us that 'post-modernism' is the most commonly used label at this moment for the worldview of which we speak."

2.2 DIE NARRATIEWE BENADERING AS POST-MODERNISTIESE BENADERING

Wanneer daar na post-modernisme verwys word, is dit belangrik om te begryp dat dit 'n wêreldbeskouing verteenwoordig. Die belangrikste eienskap van hierdie wêreldbeskouing met betrekking tot die narratiewe terapie is dat daar 'n bepaalde ingesteldheid is teenoor realiteit (Freedman en Combs 1996:19). In die afdeling wat volg sal post-modernisme bespreek word aan die hand van post-modernisme as 'n tydperk wat volg op die modernisme, en die rol van definisies en algemeen geldende waarhede in 'n post-moderne benadering.

Dit is vir my as navorser en terapeut belangrik om die narratiewe benadering binne die post-moderne paradigma te begryp, veral wanneer gedagtes soos realiteit, objektiwiteit en waarheid ter sprake sou kom.

2.2.1 POST-MODERNISME AS TYDPERK WAT VOLG OP DIE MODERNISME

Wanneer post-modernisme bespreek word, is dit nodig dat daar na die tydperk wat dit voorafgegaan het ook verwys word, naamlik modernisme. Modernisme dui volgens Müller (1996:54):

> "... op 'n tydvak met 'n oorheersende filosofiese paradigma – die tydvak wat in die 17de en 18de eeu in Europa begin het en in ons eeu sy hoogtepunt bereik het. Die modernisme is op sekere grondwaarhede gebou wat voortdurend geherformuleer word en aanleiding gee tot die ontwikkeling van nuwe waarhede."

Volgens Rossouw (1995:9) het die modernisme tekortkominge begin toon en het die spore na 'n nuwe weg, die sogenaamde "post-moderne" weg gelei. Post-modernisme dui op 'n afeindiging van die moderne tydvak en daarmee 'n totale paradigma- verskuiwing (Rossouw 1995:13; Müller 1996:55). Die post-modernisme dui op 'n weg beweeg op die wetenskaplike gebied van die ou sekerhede, wat kenmerkend was van die liniêre en oorsaaklike denke wat sentraal staan tot die paradigmaskuif. Hierdie verskuiwing het ook in die terapie 'n invloed – oorsaak en gevolg speel nie meer die rol wat dit in die verlede gehad het nie. Ook dít vra vir 'n paradigmaskuif by die terapeut – 'n nooit-getroude vrou is nie noodwendig ongelukkig omdat sy nie getroud is nie – dan is ons in die paradigma van oorsaak en gevolg wat nie post-moderne denke is nie, maar moderne denke.

Neimeyer (1998) wys daarop dat die modernisme gefokus het op die akkumulering van legitieme kennis. Dus het die sielkunde homself besig gehou met die ontwikkeling van logiese en empiriese metodes veral met die klem op statistiese berekeninge en gekontroleerde eksperimentering. Sulke inligting lei dan tot wette van menslike gedrag wat veralgemeen word. Durrheim (1997) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat sommige empiriese navorsing daarop staatmaak dat kennis verkry word deur ervaring – hipoteses word getoets en sodoende word feite versamel. Die meeste kritiek teen hierdie benadering in die sosiale wetenskappe is die aanspraak op objektiwiteit, verteenwoordiging en waarheid.

Dit is dus belangrik om te let op Müller (1996:55) se betoog dat post-modernisme nie bloot dui op ‘n tydvak nie, maar op ‘n paradigmaskuif. Die narratiewe benadering sluit aan by die post-moderne denke in die sin dat daar ‘n onvergenoegdheid en gevoel van onbevrediging is teenoor denkpatrone wat voorhou dat daar bloot een antwoord en metode is om antwoorde te verkry wanneer vrae gevra word na die werklikheid.

Parry (1993:428) verwys na modernisme as ‘n tydperk toe mense oënskynlik vry was om keuses uit te oefen, hoewel hulle nie bewus was van die magte wat hul keuses beïnvloed het nie:

> "The great accomplishment of modernity, the dominant mode of Western society since the 18th century, has been its imperfect success in making possible the liberation of individuals from the binding and defining claims on them of religion, state, social class, and more recently – in fact, the struggle or liberation continues -race and gender, indeed, from any claim that arbitrarily denies personal choice" (Parry 1993:428).

2.2.2 DIE ROL VAN DEFINISIES EN ALGEMEEN GELDENDE WAARHEDE IN 'N POST-MODERNE BENADERING

Wanneer daar werklik post-modern met 'n saak omgegaan word, word daar nie gebruik gemaak van definisies nie (Babbie 1986:106). Hoewel die narratiewe terapie post-modern is, voel ek persoonlik die nodigheid vir ten minste 'n verduideliking van die terme, maar sodra dit aangedui word as die enigste betekenis wat as aanvaarbaar beskou word, kan dit nie meer as post-modern gesien word nie.

Die post-modernisme maak geen aanspraak op algemeen geldende waarhede nie. Daarom is dit nie in die narratiewe benadering van belang of die mede-terapeut die waarheid praat al dan nie. Dit gaan oor sy of haar belewenis, en daardie verhaal is die gegewe waarmee gewerk word.

Volgens Burr (1995:12) verwerp post-modernisme beide die gedagte dat daar ‘n absolute waarheid kan wees asook strukturalisme. Met strukturalisme word bedoel dat die wêreld soos ons dit sien die produk is van verborge strukture. Post-modernisme verwerp ook die idee dat die wêreld verstaan kan word in terme van meta-narratiewe of “grand theories”. Dit gaan eerder oor die veelvuldigheid en verskeidenheid van situasie-afhanklike wyses van leef.

2.2.3 DIE ROL VAN TAAL IN DIE POST-MODERNE WÊRELDBESKOUING

Volgens Freedman en Combs (1996:28) korrespondeer die “teken van taal” of woord met die objek of gebeure in die regte wêreld volgens die modernistiese wêreldbeskouing. In die modernistiese beskouing is daar ‘n duidelike onderskeid tussen die objektiewe (regte) wêreld en die subjektiewe (emosionele en geesteswêreld.) Taal word gesien as die betroubare skakel tussen die objektiewe en subjektiewe wêreld. ‘n Post–moderne beskouing sien dit anders: die fokus is op hoe taal gebruik word, asook watter taal gebruik word om die wêreld en geloofswaarhede te konstitueer. Die enigste wêreld wat ons kan ken is die wêrelde wat ons deur taal deel. Taal word gesien as ‘n interaktiewe proses, nie slegs die ontvang van vooraf gedefinieerde waarhede nie. Taal dikteer hoe ons die wêreld moet sien, en wat ons daarin moet sien. Elke keer dat daar gepraat word, word daar ‘n nuwe realiteit voortgebring. Volgens Freedman en Combs (1996:28) is taal volgens die post-modernistiese wêreldbeskouing altyd aan die verander. Of dit ‘n geloofswaarheid, verhouding of gevoelens is, dit bring ‘n verandering in die taal

mee. Betekenis is nie geleë in die woord self nie, maar in die woord in relasie of verhouding tot sy konteks, en nie twee kontekste bly ooit dieselfde nie. Die betekenis van ‘n woord is dus nooit vas nie, en het potensieel ‘n ander betekenis – dit is iets wat onderhandel moet word tussen die twee sprekers.

2.2.4 KENMERKE EIE AAN DIE BENADERING VAN TERAPEUTE MET ‘N POST-MODERNE WÊRELDBESKOUING

In die tradisionele modernistiese terapeutiese benadering verteenwoordig die terapeut ‘n objektiewe realiteit. ‘n Duidelike onderskeid word gemaak tussen objek en subjek en die terapeut is die een met die tegnieke en die “waarheid” wat oorgedra moet word. Hierteenoor kom die post-moderne terapeut na die gesin sonder enige definisie van patologie, enige idee van watter disfunksionele strukture om voor uit te kyk, en geen idee oor wat behoort te verander en wat nie (Hoffmann 1990:10).

Die waarde van die narratiewe terapie as post-moderne benadering is daarin geleë dat die terapeut nie hoef te besluit oor reg en verkeerd nie, maar om saam te soek na die reg en verkeerd volgens die mede-terapeut.

Ek wil onderskryf wat Parry (1991:39) sê wanneer hy oor die post-modernisme skryf: “…this is not an occasion for nihilistic despair or dismay but an exhilarating opportunity for remaking ourselves, telling our stories with the inventive power of new language, and fresh metaphors”.

3 SOSIALE KONSTRUKSIONISME

> *"When people interact, it is rather like a dance in which they are constantly moving together, subtly responding to each other's rhythm and posture. The dance is constructed between them and cannot be seen as the result of either person's prior intentions. When we interact, our talk and behaviour is a joint effort, not the product of internal forces" (Burr 1995:28).*

Wanneer daar gevra word na die betekenis van die term sosiale konstruksionisme is dit duidelik dat dit soms kan dui op 'n beweging, soms 'n posisie, 'n teorie, 'n teoretiese oriëntasie of selfs 'n benadering. Navorsers blyk steeds onseker te wees oor die status van sosiale konstruksionisme. Sosiale konstruksionisme word beïnvloed deur die feminisme, post-strukturalisme, narratiewe filosofie, sielkunde ensovoorts. Dit is duidelik dat die begrip sosiale konstruksionisme nie in 'n enkele begrip of woord van beskrywing vasgevang kan word nie, net soos met die term post-modernisme (Stam 2001:294). Volgens die sosiale konstruksionisme is die abstrakte begrippe en ons verhouding tot hierdie begrippe, asook die verhoudings van daaglikse mensgemaakte prosesse blote kontekste waarbinne ons gebore word. Owen (1992) beskryf sosiale konstruksionisme as volg:

> "Social constructionism is the claim and viewpoint that the consent of our consciousness, and the mode of relating we have to others, is taught by our culture and society: all the metaphysical quantities we take for granted are learned from others around us".

3.1 SOSIALE KONSTRUKSIONISME AAN DIE HAND VAN BURR

Wanneer **Burr** (1995:viii) die volgende stelling maak oor sosiale konstruksionisme vind ek dit ook beskrywend van die narratiewe terapie. Volgens Burr is die sosiale konstruksionisme "in a state of flux". Dit is 'n studieveld van groei en verandering en daarom moeilik om 'n stabiele perspektief daarop te kry. Wat tans waargeneem word in terapie in terme van sy siening is 'n blote "snapshot" van hoe dit tans is. Daar kan geen aanspraak op gemaak word dat dit oor twee jaar nog so sal lyk nie.

Volgens Burr (1995:2) is daar nie een vaste definisie vir sosiale konstruksionisme nie, maar die volgende begrippe speel wel 'n rol in die benadering:

- 'n Kritiese standpunt word ingeneem teen dit wat as vanselfprekende kennis aanvaar word.
- Daar is nie 'n objektiewe waarneming van die wêreld nie.
- Die wyse waarop ons die wêreld verstaan, die woorde en konsepte wat ons gebruik om dit te beskryf is histories en kultureel spesifiek.
- Kennis word in stand gehou deur sosiale prosesse. "It is through the daily interactions between people in the course of social life that our versions of knowledge become fabricated" (Burr 1995:2).
- Kennis en sosiale aksie gaan hand aan hand. "…these negotiated understandings could take a wide variety of different forms, and we can therefore talk of numerous possible 'social constructions' of the world" (Burr 1995:2).

Burr (1995:5) wys verder op die verskil tussen sosiale konstruksionisme en die tradisionele sielkunde. Omrede sosiale konstruksionistiese terapeute dikwels gekonfronteer word deur diegene wat vertroud is met die tradisionele sielkunde is dit vir my belangrik dat hierdie onderskeid uitgelig word:

Die volgende punte word aangeraak:

1. Anti-essensialisme: omdat die sosiale wêreld die produk is van sosiale prosesse, kan daar volgens die sosiale konstruksionisme geen gegewe "aard" wees ten opsigte van die wêreld en mense nie.
2. Anti-realisme: Sosiale konstruksionisme ontken dat ons kennis 'n direkte persepsie is van realiteit. Ons is eintlik besig om ons eie weergawe van die realiteit te skep.
3. Histories en kultureel spesifieke kennis: die dissiplines van die sielkunde kan nie langer poog om die ware aard van mense en sosiale lewe te bepaal nie.
4. Taal is 'n voorvereiste vir denke: Ons verstaan van die wêreld kom nie van 'n objektiewe realiteit nie, maar van ander mense. Ons word gebore in 'n wêreld met konseptuele raamwerke wat reeds bestaan.
5. Taal as deel van sosiale aksie: taal is meer as om uitdrukking te gee aan onsself – wanneer mense met mekaar praat word die wêreld gekonstrueer.
6. 'n Fokus op interaksie en sosiale praktyke: geen verduidelikings word gesoek of gegee vir sosiale verskynsels binne-in mense nie. Sosiale konstruksionisme kyk na die sosiale praktyke waarby mense betrokke is en hul interaksie met mekaar.

7. Fokus op die prosesse: kennis is nie iets wat iemand het nie, maar dit is iets wat mense saam doen.

3.2 SOSIALE KONSTRUKSIONISME SOOS GESIEN DEUR FREEDMAN EN COMBS

Freedman en Combs (1996:16) wys daarop dat wanneer die narratiewe en die sosiale konstruksionisme as metafore gebruik word in terapie, dan word dit duidelik hoe die stories wat in die gemeenskap vertel word, ons as terapeute se lewens beïnvloed asook die lewens van mense wat na ons kom vir terapie. Hierdie verhale beïnvloed nie net individue nie, maar het die potensiaal om ‘n hele kultuur te beïnvloed – en nie slegs sogenaamde invloedryke wêreldfigure soos Gandhi of ons eie mnr Mandela nie, maar ook die verhale van gewone mense. Die verhale wat sirkuleer in hierdie gewone persone, spesifiek die nooit-getroude vrou vir die doel van hierdie studie, is in interaksie met die verhale wat hierdie vroue in hul persoonlike lewens uitleef.

Die verhaal van Janine is ‘n sprekende voorbeeld van die invloed van die groter verhaal of diskoers. Sy vertel dat sy saam met vriendinne by ‘n klub was en later het ‘n oulike, oënskynlik ordentlike man by haar kom sit. Die tweede vraag wat hy haar gevra het was: “Waarom is jy nog nie getroud nie – daar moet seker ‘n rede wees, want jy is nogal aantreklik.” Die boodskap was vir haar duidelik en sy het dit ook so aan my gestel. Om ouer as 35 jaar te wees en nooit-getroud te wees is nie

aanvaarbaar nie – daar moet iets verkeerd wees. En dit lyk asof mense nuuskierig is om hierdie spesifieke rede by vroue te hoor.

Die invloed wat familie en die gesin van oorsprong plaas op nooit-getroude vroue kan baie pynlik beleef word. Jana verwys pertinent daarna dat sy altyd as ‘n kind in die huis beskou is en dat haar ma haar vasgehou en ingeperk het.

In ‘n gesprek met Estelle rondom haar nooit-getroud wees wys sy my daarop dat haar ouers nooit vir haar kom kuier wanneer hulle Pretoria toe kom nie, hoewel sy ‘n groot woonstel het, maar altyd na haar getroude suster gaan. Sy sien dit dat sy nie ‘n “regte” huis het nie. Sy vertel verder dat wanneer daar groot familie-byeenkomste gehou word, al die susters en skoonsusters gevra word om iets te bring (slaai, nagereg ensovoorts), maar sy word nooit gevra nie, want sy het nie ‘n regte huis nie, en sy is nie ‘n regte vrou nie.

Tina meld dat sy as laerskooldogtertjie altyd gewonder het oor die tannie in die straat wat nooit getroud was nie. Sy het gewonder wat sy eet, want ‘n mens kook mos net kos as jy ‘n man en kinders het. Soos ‘n regte vrou en ‘n regte ma behoort te doen. Noudat Tina self middeljarig is en nooit-getroud is nie, vertel sy dat sy dikwels hieroor nadink en wonder hoekom sy so gedink het.

In my persoonlike lewe was dit interessant dat terwyl ek met hierdie studie besig was en onder die indruk gekom het van die groter verhale wat ‘n rol speel in mense

se persoonlike identiteit dat ek die woorde van my huisdokter onthou toe ek in my vroeë twintigs was en hy grappenderwys vir my gesê het: “Jy moet uit die biblioteek uitkom, jy gaan nooit ‘n man kry nie – jy weet mos bibliotekaresses kry nie mans nie”.

Dit is duidelik uit die bostaande gesprekke en opmerkings van veral Tina, Estelle en Janine dat die groter diskoerse mense se verhale beïnvloed en dat hulle worstel met dit wat hulle van ander hoor en nie noodwendig die produk van hul eie denke is nie. Hierin is juis die uitdaging van die terapie geleë – om dit te erken as ‘n verhaal wat van buite na jou gekom het en jou eie verhaal beïnvloed het.

Wanneer daar krities na die sosiale konstruksionisme gekyk word en daar word in gedagte gehou dat wanneer iemand iets vertel van ‘n gebeure, is sy vertelling gelyktydig ‘n beskrywing van die gebeure, maar ook deel van die gebeure. Dit bring mee dat die sosiale konstruksionisme op sigself nie vry is van die kritiek wat dit teenoor ander teorieë inbring nie – dit is ook op sy beurt bloot ‘n sosiale konstruk. As narratiewe terapeut binne die post-moderne benadering is ek as navorser en terapeut deeglik bewus van die feit dat die sosiale konstruksionisme ook nie die enigste “waarheid” of realiteit is nie. Dit is bloot ‘n benadering. Sosiale konstruksionisme daag die basis van konvensionele kennis uit deur ‘n fenomenologiese navraag te doen oor wat gewoonlik as vanselfsprekend aanvaar word. Babbie (1986:5) maak die volgende interessante stelling wanneer hy sê:

> "Ultimately, you live in a world of two realities. Part of what you know could be called your agreement reality: the things you consider to be real because you've been told they are real. Another part is what could be called experiential reality: the things you know as a function of your direct experience. The problem is they both seem very real".

4 DIE ROL VAN DIE PASTOR OF TERAPEUT

4.1 INLEIDING

Aangesien die belangrikste rolspelers in die navorsingsituasie asook in die uiteindelike terapiesituasie die kliënt (of mede-navorser) en die pastor of terapeut is, is dit belangrik dat daar in hierdie afdeling aandag gegee word aan die rol en posisie van die pastor. In hierdie afdeling word die term pastor gebruik as sinomiem vir terapeut.

4.2 DIE ROL OF POSISIONERING VAN DIE PASTOR

Die pastor moet bewus wees van sy of haar verhaal, hul eie bagasie, hul eie vooroordele en seerplekke. 'n Suiwere kennis van tegnieke en teorieë is hoegenaamd nie genoeg nie. Die pastor se lewe en wie hy of sy is speel 'n groot rol. Die besef van identiteit beïnvloed die wyse waarop die pastor met homself of haarself en die persoon teenoor hom of haar kommunikeer. Heitink (1983:82) verwys na 'n persoonlike en pastorale identiteit wat verwys na pastor-wees,

gelowige-wees, mens-wees. Die pastor kan slegs slaag om pastoraal te werk as daar sprake is van ‘n persoonlike spiritualiteit.

Al luisterende poog die pastor ‘n kommunikatiewe relasie of verhouding aangaan met die een wat vertel. Taal en luister vorm kommunikatiewe handelinge en om te luister is die eerste en dalk ook die belangrikste vorm van pastorale sorg. Indien die pastor ‘n verhouding met ‘n kliënt wil aangaan, moet die pastor alle kennis “voorlopig vergeet” (Veltkamp 1988:110). Die gevaar van voorkennis of ‘n diagnose kan meebring dat die pastor ongeduldig word as die gesprek nie verloop soos hy dit wil nie. Die pastor is egter nie vry van sy eie ervaringswêreld nie, en kan bloot poog om vir ‘n oomblik sy eie bril af te haal en die bril te gebruik waarmee die kliënt waarneem. Volgens Wynn (1982:107) bring die terapeut self ook bagasie in die gespreksituasie. Die pastor moet bewus wees van sy eie historiese situasie en tradisie wat sy keuses en sieninge beïnvloed. (Hierdie inneem van die “not-knowing” posisie word verder aan in hierdie hoofstuk bespreek.)

Die kliënt is nie ‘n sendingobjek of ‘n lidmaat wat ‘n preek in die kleine behoort aan te hoor nie, maar ‘n mens met ‘n noodverhaal. Volgens Firet (1974:175) is die pastor nie ‘n luidspreker van God nie. Die pastor het bloot deel aan die handeling van God wat na die mens kom. Die geloofwaardigheid van die pastor is van belang wanneer die persoon in nood soek na die herkenbaarheid van die liefde van God vir sy kinders. Die pastor se lewe moet dus spreek van sy verhouding met God. Respek vir die kliënt is ‘n voorvereiste, ook die gewilligheid om oor die grense na

die wêreld van die kliënt te beweeg en om haar toe te laat binne die grense van die pastor se leefwêreld. Wanneer die pastor en die pastorant dieselfde taal en kultuur deel, sal sekere beelde en betekenisse vanselfsprekend wees, hoewel daar subtiele verskille by elke mens is (Gerkin 1984:26).

Die pastor vorm die "gehoor" tydens 'n bepaalde gesprek. Milton Erickson se teorie dat die verhaal elke keer anders vertel kan word afhangende vir wie dit vertel word, en wat op daardie oomblik ervaar word, is van kardinale belang om in gedagte te hou wanneer die pastor na die verhaal luister (Freedman en Combs 1996:11). Die pastor moet nie verwagtinge skep wat hy nie kan waarmaak nie. Daar moet voortdurend in gedagte gehou word dat daar saam gesoek word na 'n nuwe waarheid (Bons-Storm 1989:23).

Ek sou graag hier my eie ontwikkelingsverhaal vertel ten opsigte van my rol as pastorale terapeut.

Ek het my beroepslewe begin as bibliotekaresse en Bybelkunde was een van my hoofvakke. Die teologie het my van baie jongs af geprikkel en ek het uiteindelik my Bybelkunde Honneurs (Ou Testament) voltooi. Tydens 'n paar jaar as navorser by die Instituut vir Teologiese Navorsing het professor Willem Vorster 'n groot invloed op my denke gehad. Hy het op 'n baie indirekte wyse vir my die wêreld van verskillende realiteite oopgemaak en my geleer om te kan luister na ander se menings en perspektiewe. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat ek 'n kind van

die modernisme was wat vasgeklou het aan grondwaarhede. Na ‘n kort tyd in die privaatsektor doen ek aansoek vir ‘n pos by Radiokansel as telefoonberader. Die gedagte van berading (dit was die term wat gebruik is) het vir my interessant geklink en daar was ook praktiese redes wat die pos vir my baie aantreklik gemaak het.

Die benadering was dié van die kliënt-gesentreerde model van Rodgers en na ‘n paar weke het ek besef dat my arms te kort is om hierdie werk te doen. Veral wanneer ek geluister het na volbloed preke in die kantore rondom my. ‘n Gevoel van ongemak met die proses het ontstaan en ek het besef dat ek myself beter moet toerus, want ‘n Bybelteks en ‘n vinnige gebed oor die telefoon is nie die oplossing nie. Hoewel ek ongemaklik was met die proses was daar ‘n bepaalde identiteit aan my toegeken wat my ook ongemaklik gelaat het. In ‘n bepaalde groepering van ons gemeenskap word mense stil en kyk jou met bewondering aan wanneer jy laat blyk dat jy by Radiokansel werk. Dit was soos ‘n samekoms van die regverdiges met ‘n direkte lyn na God. Mense wat ingeskakel het, het ook aan jou deskundige status toegedig en baie gesprekke is begin met: “Jy moet my help, as julle by Radiokansel bid, dan werk dit”, asof die oplossings soos vanuit ‘n handboek afgelees kon word. Ek het baie skuldgevoelens beleef omdat ek nie vir elke persoon gebid het nie, en veral nie as die versoek bloot was “bid gou vir my” nie.

Elke persoon wat ingeskakel het, is as sendingobjek gesien en ook statisties is daar aangeteken hoeveel mense hul “harte aan die Here gegee het”. Hou in gedagte

dat in hierdie tyd is daar tot gemiddeld 1300 oproepe per maand ontvang. Ek vertel hierdie verhaal nie om die goeie werk wat gedoen is af te kraak nie, want dit het vir baie mense baie beteken en vir baie was dit die enigste manier om kontak te maak met ‘n ander persoon. Hierdie organisasie het ook aan my geleenthede gegee om te groei en het vir my ‘n rol gespeel in die voorbereiding vir die werk wat ek tans doen. Ek vertel hierdie verhaal om my eie frustrasie en ontwikkeling aan te dui.

Na ‘n maand het ek ingeskryf vir ‘n na-graadse kursus wat deur Unisa aangebied is naamlik Huweliksvoorligting- en beraad. Ek het dit baie stimulerend gevind en baie geleer, maar steeds nie geweet hoe om dit toe te pas nie. Ek kon baie voorskriftelik en direktief wees, maar ek het steeds geweet dat iets ontbreek. Tydens hierdie jaar ontmoet ek vir professor Müller tydens ‘n sosiale geleentheid en die narratiewe benadering kruis my pad. Na my Honneurs in Praktiese Teologie waar “Om tot verhaal te kom” een van my leesopdragte was, het die gevoel van ontoereikendheid by Radiokansel groter geword en het ek my in die privaatsektor begewe as opleier in mensvaardighede. In my magisterjaar begin ek op ‘n baie klein skaal spreekkamerwerk doen en ek begin stadig maar seker my eerste treë gee op die weg van die narratiewe terapie.

Ek laat die eerste treë baie eenvoudig klink, maar ek het myself telkens betrap dat ek gedink het dat die narratiewe benadering darem te “maklik” klink. Ek het geworstel om my identiteit te vind en het telkens teruggeval na die metode waarin ek gekondisioneer was en waarbinne ek op ‘n manier veilig gevoel het. Aanvanklik

het ek gedink dit is te maklik – hier moet iets meer aan wees. Dikwels het ek gedink – ek wens die professor wil ons "wys" hoe doen 'n mens die narratiewe terapie. Namate ek ontwikkel het, het ek besef dat dit nie 'n "doen" is nie, maar 'n paradigma, 'n vertrekpunt, 'n bepaalde perspektief. Totdat ek tot die punt gekom het waar ek besef het – ek hoef nie die antwoorde te hê nie, ek hoef nie vlinders in my maag te hê wanneer iemand skakel en vra of hy of sy met my kan kom praat nie. Ek hoef nie wakker te lê en hipoteses te vorm nie. Ek het na mense gekyk as mense en hulle gerespekteer. Ek het ook nie meer in my gedagtes verwys na my kliënte in terme van hul sogenaamde "probleme" nie, maar in terme van wie hulle was. Ek kon saam met Freedman en Combs sê: "… problems are problems and people are people".

4.3 DIE PASTOR EN DIE KLIËT AS MEDE-REISIGERS

Bons-Storm (1989:45) maak baie van die ontmoeting tussen die pastor en die kliënt. Die dubbele hermeneutiese proses waarna sy verwys is die verstaan van die ervaringswêreld van die mens, en ook die verstaan van die oorlewering van God. Die pastor staan in die middel tussen twee hermeneutiese sirkels en dit is sy taak om hierdie twee sirkels met mekaar in verband te bring. Bons-Storm (1989:86) verwys na die vyf stappe van die verhaal wat nie noodwendig op die narratief betrekking het nie, maar tog van groot waarde kan wees, omdat daar ten opsigte van sekere aspekte ooreenstemming is met die narratiewe benadering.

1. In die toetrede is daar ‘n bepaalde voorverstaan.
2. Deur die openheid van die verhaal kry die pastor toegang om iets te begin verstaan.
3. ‘n Gesprek ontstaan – die voorverstaan verander en insig word verkry.
4. Die pastor luister met agterdog na versteurings en donker plekke.
5. Die pastor luister ook na die verpakking, met ander woorde die vorm waarin die verhaal vertel word en dan natuurlik ook dit wat verswyg word.

Volgens Bons-Storm (1989:97) is dit van die uiterste belang dat die gespreksgenoot die sekerheid sal hê dat die pastor hom of haar werklik respekteer, hoewel waardestelsels kan verskil, anders sal hy/sy nooit toelaat dat die pastor die diepere lae van sy of haar menswees leer ken nie.

4.3.1 DIE PASTOR BLY NIE ONAANGERAAK NIE

Wanneer die pastor of terapeut deelneem aan ‘n terapeutiese proses is dit nie net die kliënt wat geraak word deur die gebeure nie, maar die pastor word ook geraak. Moch (2000:19) wys op sy ervaring wanneer hy skryf oor die narratiewe proses: “... it resulted in substantive personal changes for both the investigator and participants”. Al die deelnemers ontwikkel nuwe insigte in hul persoonlike ondervindinge, gesinsverhoudinge en die verstaan van die sosiale wêreld waarin hulle beweeg. Hy wys ook daarop dat sy betrokkenheid ook gelei het tot ‘n groter verstaan van sy eie verstaan. ‘n Ervaring van persoonlike groei en ook ‘n gevoel

van groei saam met die deelnemers. Sy bewondering vir die kompleksiteit van menswees het gegroei met elke vrou wat haar verhaal vertel het, en daarmee saam ‘n diep gevoel van kontak met die deelnemers.

My eie bewondering en respek het toegeneem ten opsigte van die vroue met wie ek gesprekke gevoer het, veral Thandi se verhaal het my persoonlik baie diep geraak. Haar alleenheid en die feit dat sy verwerp was deur die groter diskoers van haar kultuur was aangrypend.

4.3.2 DIE PASTOR KAN NIE ‘N ANONIEME POSISIE IN NEEM NIE

Burns (1990:13) wys daarop dat die narratiewe benadering geen ruimte laat van anonimiteit vir die navorser of terapeut nie.

> “Because of the intimacy of participant-observer relationships within the setting there is no doubt that the researcher’s mere presence will have profound reactive effects on the subjects of the study”.

Hierdie anonimiteit dien dikwels as basis vir vertroue in kwantitatiewe studies. Met my persoonlike ervaring as telefoonberader het ek dikwels gevind dat mense die anonimiteit van hulself sowel as die persoon aan die ander kant van die telefoon as gerusstellend beskou. Die narratiewe benadering sou homself nie tot hierdie soort anonimiteit kon wend nie.

Ten opsigte van my gesprekke met nooit-getroude vroue het die vraag hoe lank ek al getroud is, baie gou in ‘n gesprek na vore gekom, en die vraag wat daarop gevolg het was of ek kinders het. Ek het die meeste van die tyd ‘n soort verligting beleef by die nooit-getroude vrou asof sy voel dat ek dalk meer begrip vir haar verhaal sou hê wanneer ek sou antwoord dat ek 30 jaar oud was voordat ek getroud is, en dat ek geen kinders het nie. Ek sou nie getrou bly aan die sosiale konstruksionistiese karakter van die narratiewe benadering indien ek hierdie inligting as privaat en buite die terapeutiese gesprek beskou het nie.

4.3.3 DIE PASTOR NIE DIE DESKUNDIGE NIE, WEL DIE LEIER

Friedman (1985:4) wys daarop dat verandering nie aangebring word deur die kundigheid van die pastor nie, maar deurdat hy die leiersposisie inneem. Wanneer die narratiewe benadering egter gevolg word, word die leiersposisie bloot gesien in terme van die rigting waarin die terapiesessie beweeg, en nie as die leier met die kennis oor die onderwerp nie. Friedman se siening oor leierskap fokus op dieselfde definisie van ‘n leier en nie op die rol wat hy speel nie.

Tradisionele benaderings kan ‘n wanbalans van mag skep tussen die beraders en kliënte wat die kliënt kan ondermyn. Tradisioneel “doen” beraders: hulle diagnoseer, skryf voor en reflekteer. Die narratiewe terapeut luister en gaan in ‘n “learner stance”. Die nooit-getroude vrou word die senior vennoot wie se ervaring en wysheid die bronne van verandering is, eerder as die terapeut se ervaring en wysheid. Albei word dus deelnemers (Semmler 2000).

Persoonlik glo ek dat die sukses van die terapie bepaal sal word deur die verhouding wat ontstaan tussen die kliënt en die terapeut. Bosman (1995:14) verwys ook daarna wanneer hy daarop wys dat die pastorale verhouding tot ‘n groot mate afhanklik is van die belewenis van die kliënt in die sin dat hy of sy ervaar dat hulle werklik verstaan, aanvaar en respekteer word.

In ander terapeutiese benaderings word die verwagting gekoester dat die pastor die deskundige is. In die narratiewe benadering is sy of haar kundigheid juis geleë in die feit dat hy/sy die vermoë het om in die “not-knowing position” in te skuif en die mede-navorser die kundige rol te laat vervul. (Die posisie van nie-weet nie word later in hierdie hoofstuk bespreek.) Die pastor se verhaal is nooit meer korrek of gesaghebbend nie, soos veral soms in ‘n modernistiese benadering na vore kom nie. Die pastor of terapeut se verhaal is konstant teenwoordig. Wat gehoor word en hoe gehoor word en wat dalk nie gehoor word nie, word bepaal deur die pastor se eie verhaal. Gerkin (1984:56) wys op die pastor wat homself moet verstaan en noem dit ‘n “hermeneutiese ompad”. Hierdie proses is dan inherent dialogies van aard. Hy verwys ook na ‘n voorverstaan wat gevorm word deur ernstige dialoog met die tradisie waarin ons self-verstaan gewortel is.

Bosman (1995:11) wys daarop dat die metode wat ons gebruik ons nie moet vervreem van die teks of persoon wat ons lees nie. Ons moet eers soek om te verstaan en ons oopstel dat ons voorverstaan verander kan word. Hierdie voorverstaan dui op ‘n grondhouding van openheid teenoor die teks. Die teks

verwys hier na die persoon in die stoel voor jou. Müller (1995: 635) wys daarop dat ‘n persoon nie sonder ‘n epistemologiese voorveronderstelling kan funksioneer nie. Met hierdie voorveronderstellings gaan die terapeut, asook u as leser, dan die volgende mede-terapeut wat ongetroud en sonder kinders is tegemoet. Die kuns is om te luister asof jy werklik vir die eerste keer hoor – met die nodige vrae wat daarop volg.

Die posisie wat die terapeut inneem is ‘n benadering wat van die standpunt uitgaan dat alle stories legitiem is, dit is een van “questioning and challenging” van die aannames en waarhede van persone wat sogenaamde “probleme” ondervind. Op hierdie wyse word vergete of nie verbandhoudende verhale deel van skuld of magteloosheid wat soms na vore gebring word (Parry 1991:51).

Die terapeut beoordeel nie die korrektheid van enige siening nie; die terapeut gebruik taal wat respekteer, en nie veroordeel nie. Die terapeut leer, verstaan en praat in die taal van die kliënt, hy/sy is ‘n respekvolle luisteraar wat nie te gou verstaan nie (indien ooit), en die terapeut vra vrae om nuwe vrae te genereer – nie om data te versamel nie. Die terapeut fasiliteer die skepping of beskrywing van meervoudige realiteite en stuur nie die gesprek op die sogenaamde “probleem-area” af nie. Die terapeut is bereid om sy siening te verander net soos enige ander lid wat deelneem aan die terapiesessie (Anderson 1988:384).

4.3.4 DIE PASTOR KOM NIE WAARDEVRY NA DIE GESPREK NIE

Luister die terapeut waardevry na die verhaal van die mede-navorser, veral as hy of sy in die "not-knowing" posisie inbeweeg? Volgens Parè (1995:9) stem die idee van terapeutiese neutraliteit nie ooreen met die sosiale konstruksionisme nie. Wanneer die nuwe betekenis tussen terapeut en mede-navorser gekonstrueer word, is die nuwe betekenis gewortel in die kulture van beide die terapeut en kliënt. Dit blyk egter tog asof die terapeut se verhaal 'n groter uitwerking kan hê op die verhaal van die mede-navorser as omgekeerd. Daarom is dit van kardinale belang dat die terapeut of pastor hom of haar telkens sal afvra: "Waar staan ek in die proses, wat is my verhaal ten opsigte van dit wat op die tafel lê, wat is my eie vooroordele, bagasie of selfs my eie noodverhaal wat ek in myself ronddra?"

4.3.5 EERLIKHEID TEN OPSIGTE VAN DIE PROSES

Monk (1996:62) verwys na die gevare van die verwagting van 'n vroeë diagnose. Daar moet onderhandel word oor die doel en verloop van die terapiesessies om dit duidelik te stel dat daar nie oplossings of diagnoses gegee gaan word nie. Ek het dit aanvanklik persoonlik moeilik gevind om aan kliënte te verduidelik dat ek nie kits-antwoorde gee nie, maar dat ons saam op reis gaan met die sogenaamde probleem. Ek het gevoel ek bied te min aan, die persoon kom dan na my vir hulp en bystand. Veral wanneer die versoek pertinent gerig was: "Sê vir my wat ek moet doen!" Die kliënt word mede-terapeut en kan nie sy of haar verantwoordelikheid

om deel van die proses te wees prysgee nie. Die outoriteit van die benadering is geleë in die besluit waaraan aandag gegee word en hoe die terapeut en die kliënt hulself posisioneer.

4.4 DIE ROL VAN DIE GESPREK IN DIE ONTMOETING

Die term "gesprek" dui in die milieu van die narratiewe benadering op die uitruil van verhale, die deel van verhale, die herleef en herskryf of droom van nuwe verhale en ook die skep van nuwe verhale. Vervolgens word aandag geskenk aan aspekte van die pastorale gesprek.

4.4.1 DIE ROL VAN DIE VERHAAL IN DIE GESPREK

Veltkamp (1988:107) verwys na die kragveld van die pastoraat wanneer hy praat van die pastor en die verhale van sy gesprekgenote. Die gesprek omsluit die vertel van verhale. Wanneer Veltkamp (1988:109) dan die narratologie as "het verhaal is de ordening in tijd, plaats en onderling verband die een verteller aanbrent tussen personages of acterus, hun nadelinge en de overige gebeurtenisse" beskryf, word die verhaal dan vergelyk met 'n gelykenis waar die kommunikatiewe handeling 'n rol speel en dat die wat hoor en die wat praat albei deel van die proses uitmaak. Elke mens het 'n verhaal of is 'n verhaal en hierdie verhaal word soms net vertel as die pyn ondraaglik word. Mense laat hulself nie sommer ken nie en het geleer om versigtig om te gaan met hul lewensverhale. Riet Bons-Storm (1989:44) verwys na

die ui met die baie lae wat versigtig en slegs onder bepaalde omstandighede afgeskil word.

Alles wat ons weet, verstaan en doen is deur middel van stories of gebaseer op verhale. Terwyl die verhaal vertel word, is daar ‘n gevoel van solidariteit vir en met ander. Dit is nie moontlik om te leef sonder verhale nie. Elke mens is ‘n verhaal en is ook deel van sy gesin of sy gemeenskap se verhaal (Webb-Mitchell 1995:215). Daar bestaan dus nie “sommer net ‘n storie” nie, verhale word vertel met die doel om te heel en te herstel (Müller 1996:Inleiding). Wat mense van die lewe of wêreld weet, weet hulle deur beleefde ervaring. Wat doen mense met hierdie ervaring om dan sin hieruit te maak, hoe gee hulle uitdrukking aan hierdie ervaring? Hulle sit dit om in ‘n verhaal en hierdie aksie van “storie-maak” bepaal die sin wat aan die ervaring toegeskryf word. Hoe meer suksesvol mense is met hierdie “storie-maak”-proses hoe meer kontinuïteit en sin is daar in hul lewens (White 1990:10).

Alle verhale het ‘n atmosfeer, “plot”, karakter en toon. Om die karakter te bepaal is soms die moeilikste, want dit kan dui op selfkarakterisering of die karakterisering kan toegeken word aan die belangrikste persone in die verhaal (Gerkin 1984:113).

Met die basiese verstaan van die sentraliteit van die narratief in die lewe sien ons dat die vertel van verhale ‘n sentrale rol speel in die terapeutiese situasie. Dit bring “reframing” (herstrukturering), wat beteken dat daar verskuif word van een konteks

na ‘n ander. Die verhaal is nie bloot die bron van inligting nie, maar wel die veranderingsagent (Müller 1996:101). Verhale is nie stories oor die lewe nie, maar die lewe soos dit geken en beleef word. Om effektief te kan vertel, is daar die model van Müller ontwikkel, wat gespreksagendas en prosedures insluit (Müller 1996). Hierdie agendas en prosedures sal later in hierdie hoofstuk breedvoerig bespreek word.

4.4.2 DIE ROL VAN ‘DIE VERHAAL’ IN DIE GESPREK

Hierdie aspek is reeds in Hoofstuk 1 aangeraak, daarom volg hier slegs enkele opmerkings.

In die pastorale opset speel die Verhaal van God ‘n beduidende rol. Sonder dit sou dit nie “pastorale” terapie kon wees nie. Dit is egter nie ‘n intellektuele oefening nie, maar lê op die vlak van die pneumatologie. Dit is die funksionele sleutel wat die verband bring tussen interne geskiedenis en eksterne geskiedenis sodat dit verstaan en geïnterpreteer kan word (Luera-Whitmore 1980:55). Dit bring verder mee dat alles nie as sinneloos gesien word nie. Deur die kruis kom baie mense tot begrip van die huidige. Christus word deel van die verstaanraamwerk of paradigma. Die toekoms word die potensiaal, en die hede dit wat ons doen. Die relasie of verhouding is nie net tussen die rolspelers in die verhaal en tydens die gesprek nie, maar ook tussen al die spelers en Christus. Die pastor poog om mense te help om hul eie verhaal te verstaan in die lig van God se geskiedenis met

mense (Veltkamp 1988:113). Die pastor bring egter tydens prediking die Verhaal eksplisiet na vore terwyl tydens pastoraat – en met spesifieke verwysing die narratiewe pastoraat die Verhaal implisiet na vore gebring word. Veltkamp (1988:155) wys daarop dat die pastor se taak met die Verhaal is "… zij leeft ervan". Die pastor leef dus die Verhaal, en maak tyd vir die wat hom of haar nodig het. Bons-Storm (1989:85) sien pastoraat as 'n "hermeneutiese avontuur". Dit gaan oor die verstaan van mense en die verstaan van die evangelie. Müller en Swanepoel (1995:27) sien pastorale betrokkenheid nie om sin te vind of om sin te gee nie. Die doel is slegs die fasilitering van egte betekenisvolle soeke na sin. Müller (1996:3) wys verder daarop dat die pastor deelnemend word om God se heilshandelinge te ontdek en dit word binne 'n totale ekosisteem gedoen. Hiermee in ooreenstemming bied Pattison (2000:137) 'n goeie vertrekpunt. Hy vra vir die teologie om nader te kom na die werklike wêreld waarin mense hulself bevind. Volgens hom is enige persoon wat probeer om sy situasie te verstaan besig om teologie te bedryf. Teologie is 'n aktiewe vra – nie bloot historiese navorsing of intellektuele gimnastiek nie. Soms is die enigste saambindende faktor die feit dat daar oor God gepraat word – so uiteenlopend kan die metodes wees.

Dit was vir my opvallend, hoewel dit nie as algemeen geldend beskou kan word nie, dat al drie die vroue wie se gesprekke ek verbatim aangeteken het vir die doel van hierdie studie 'n baie sterk godsdienstige belewenis gehad het. Dit was vir hulle belangrik om te weet dat God hulle aanvaar, van hulle weet en vir hulle omgee. Thandi veral het in haar verhaal baie sterk klem gelê op haar verhouding met God,

en ook haar woede omdat God toelaat dat hierdie ding met haar gebeur. Susan wys daarop dat sy by God aanvaar word en dat God nie na haar kyk as ongetroude nie. Lara het op haar beurt ‘n baie sterk storielyn gehad dat sy weet dat God vir haar sal sorg en vir haar eendag ‘n man sal gee.

4.4.3 DIE ROL VAN VERBEELDING IN DIE GESPREK

Bons-Storm (1989:46-50) gee aandag aan hierdie aspek van die verhaal en sien verwoording en verbeelding as middele om die ervaringswêreld te orden en oor te dra. Die droom of verbeel is nie die werklikheid nie, maar lê ‘n brug tussen die werklikheid en beleefde werklikheid. Soms is die verbeelding nog onbewus en kan dit nie sonder meer bewus hanteer word nie. Verbeelding is die wyse waarop die werklikheid geken word voordat begripmatige denke ontwikkel. Verbeelding kan werk as ’n simbool of metafoor. Die metafoor het die voordeel dat niemand presies kan voorspel waarheen die gesprek gaan vloei nie, en dat dit moontlikhede bied vir nuwe horisonne en betekenisverlening.

4.4.4 DIE ROL VAN LUISTER IN DIE GESPREK

Persone wat onseker is oor hulle identiteit kan soms moeilik luister na iemand anders. Hulle is reeds op hulle hoede vir denkbeelde en visies wat met hul eie bots. Hierdie onsekerheid verhinder openheid en verhoed dat daar werklik geluister word (Bons-Storm 1989:104).

Wanneer ‘n verhaal vertel word, word mag prysgegee, want dele wat as privaat beskou was, waaroor daar mag en beheer was, word ontbloot. Die wyse waarop daar geluister word, bepaal wat die verteller ervaar wanneer sy dan die gedagte deel. Om te luister is nie bloot passief wees nie. Veltkamp (1988:112) vergelyk dit met die rol van die vroedvrou – die verborge verhaal word gebore en die pastor is dan ook hermeneuties diensbaar en probeer die ander help om tot verstaan te kom. Terwyl die pastor luister, kan die verteller bewus wees van die feit dat die pastor tot ‘n groep behoort aan wie mag toegeken is en dit mag ‘n invloed hê op die openheid van die gesprek. Die verteller vertel dikwels soms vanuit ‘n normatiewe selfbeeld of om in te pas by ‘n bepaalde beeld. Luister impliseer nie bloot hoor nie. Dit behels interpretasie van die eie wêreld van ervaring wat op sigself ‘n interpretasie is van die groot klomp gebeure en verhoudinge wat uiteindelik deel uitmaak van ‘n lewe (Gerkin 1984:40).

4.4.5 DIE ROL VAN VERTEL IN DIE GESPREK

Om te vertel is nie bloot net om feite uit te ryg nie, daar word ook georden en geïnterpreteer. Wanneer daar vertel word, word daar gerekonstrueer (Müller 1996:111). Verder aan in hierdie hoofstuk sal meer aandag aan hierdie aspek gegee word.

Hoe moeiliker dit vir die nooit-getroude vrou is om sinvolle betekenis te gee aan haar belewenis en om haar ervaringe tot ‘n sinvolle geheel te bring, des te meer sal

die pastor dit nodig vind om die ervaringswêreld van die ander te begryp (Bons-Storm 1989:93). Die gesprek sal waarskynlik begin met ‘n ander verhaal, minder pynlik en minder ontblotend. Die taal wat gebruik word sal waarskynlik een wees van blaam, beskuldiging, slagoffer of hulpeloosheid (Gerkin 1984:113).

Die verhaal hoef nie noodwendig altyd verbaal te wees nie, maar kan ook uitgebeeld word in gewoontes en rituele (Luera-Whitmore 1980:45). Sommige mense het nog nooit voorheen die geleentheid gehad om hul verhaal te vertel nie. Bloot om gehoor te word is ‘n ervaring en is daar reeds sprake van terapeutiese waarde. Die vertel van die lewensverhaal impliseer die interpretasie en ordening van diverse gegewens in die lewe. Feite en interpretasie is egter so verweef dat dit moeilik is om ‘n onderskeid te maak. Om te vertel is om te herstruktureer. Om te herstruktureer en te herinterpreteer is soos “om op jou eie spore terug te loop en jou eie weë van nuuts af te probeer verstaan” (Müller 1996:119).

5 DIE ROL VAN TAAL IN DIE NARRATIEWE BENADERING

> *“Because human dilemmas are defined within language, these same dilemmas can be dissolved through language” (Sanders 1995:47).*

Ons kan niks wat ons sien, hoor of waarneem sonder taal beskryf nie. Die taal waarbinne ons staan verskaf moontlikhede en beperkinge ten opsigte van wat ons verstaan en hoe ons verstaan (Andersen 1993:302). Taal is ‘n uitdrukking van verhoudings tussen mense. Binne hierdie sosiale interaksie word taal geskep, in

stand gehou en ook soms verwerp. Net soos wat taal ‘n persoon kan patalogiseer so kan taal ‘n persoon vry maak van sy probleem (Freeman 1993:190).

5.1 DIE TAAL VAN DIE PASTOR

Gerkin (1984:43) verwys na die taalwêreld van die pastor, teologies of sekulêr, wat die Kliënt innooi in ‘n wêreld wat geskape is deur hierdie taal. Ek wil verder gaan en sê dat die innooi ‘n wederkerige aksie is, en dat die pastor sodanig aanpasbaar moet wees dat ook hy/sy met gemak ingenooi kan word in die taalwêreld van die Kliënt. Daar word ook verwys na ‘n spel of versmelting van horisonne (Gerkin 1984:47). Volgens Gerkin (1984:53) bly die hooftaal van die pastor die taal van godsdiens en geloof. Ek stem saam, maar ek kan nie my mede-navorser beperk as dit nie haar hooftaal is nie – ek moet haar taal as hooftaal vir die gebeure tussen ons gebruik sodat verandering kan plaasvind. Indien my Kliënt se hooftaal nie godsdiens en geloof is nie, kan verandering steeds plaasvind en as ware narratiewe terapeut is ek steeds in staat om die pad saam met haar te loop. Sy weet dat ek ook ‘n ander “taal” praat, maar haar keuse is om net haar taal te gebruik. Hiervoor het ek as terapeut dan respek.

5.2 HOE WORD TAAL VERSTAAN?

Friedman (1993:6) wys daarop dat die verstaan van taal verskillende vertrekpunte kan hê: Volgens die tradisionele Westerse denke word taal gewoonlik gesien as

dat dit realiteit verteenwoordig – taal kan die "waarheid" verteenwoordig. Interessant dat die Boeddhiste sê dat taal ons toegang tot realiteit blokkeer. Hulle glo dat daar 'n ander realiteit bestaan en dan skakel hulle taal af sodat hulle in kontak kan kom met hierdie realiteit. 'n Ander siening word ook genoem post-strukturalisme wat suggereer dat taal realiteit is. Die gedagte dat ons wêreld taal is, is verwant aan konstruktivisme – dit suggereer dat ons moet kyk hoe ons ons wêreld orden in ons taal en hoe ons taal ons wêreld orden. Hierdie benadering suggereer dat taal al is wat ons het om mee te werk.

5.3 TAAL AS KONSTRUKSIE

Burr (1995:32) maak die stelling dat ons tradisioneel die verhouding tussen taal en persoon gesien het as dat die een die ander beskryf. Die aard van die mens kom eers, dan neem hy 'n etiket uit die sak van taal om sy innerlike te beskryf. Post-strukturalisties word die persoon gesien as gekonstrueer deur die taal. Taal is ook nie 'n suiwer medium waardeur ons ons denke en gevoelens beskikbaar maak aan ander nie. Hoe ons onsself verstaan, ontstaan nie in 'n vooraf verpakte vorm binne-in ons nie.

Die begrip strukturalisme kry opnuut betekenis wanneer Burr (1995:36) daarop wys dat die struktuur van taal die denkrigtings bepaal waarlangs ons ons ervarings verdeel. Wanneer ons kyk na taal en post-strukturalisme blyk dit dat die betekenis wat taal het nooit vas is nie, maar oop vir bevraagtekening en dus is dit

kontemporêr (Burr 1995:39). Volgens strukturalisme en post-strukturalisme is taal die voertuig om die persoon te konstrueer. Wie jy is, jou ervaring, identiteit en persoonlikheid is die effek van taal. Hierdie proses kan egter nie in isolasie plaasvind nie, maar is altyd in verhouding tot ander. Taal is ‘n hoofkomponent in die wêreld van aksie. Dit konstitueer (of vorm) sosiale lewe self. Dit gaan oor gedeelde taal wat beskrywing gee, oor ‘n voortdurende proses van nuwe betekenis gee (Gergen 1999:49).

5.4 TAAL EN DIE ROL VAN MAG

Taal is ‘n kritieke komponent in magsverhoudinge of verhale, spesifiek wanneer ons praat oor kennis. Dit geld veral in terme van groepe wat “weet”, of in besit is van die waarheid, en in terme van wie ons is, en van die menslike self. Hierdie groepe beskryf dan wat as normaal, abnormaal en vreemd is. Hulle bepaal selfs: “dit is hoe dit is, en hoe dit behoort gedoen te word” (Gergen 1999:39).

5.5 TAAL EN SOSIALE KONSTRUKSIONISME

Durrheim (1997) skryf in sy artikel dat taal nie bloot reflekteer of beskryf wat as realiteite beskou word nie – taal is konstruktief. Dit beteken nie dat ek enige woorde kan gebruik nie – die woorde wat ek gebruik het ek geërf teen ‘n agtergrond wat my help om te bepaal wat is waar of vals wanneer ek na die prentjie van die wêreld kyk. Die taal kry betekenis vanuit ‘n sosiale struktuur waar taal en

kommunikasie kulturele praktyke is. Die betekenisse wat toegedig word, is nie individuele aanbiedinge van realiteite nie, maar in terme van gedeelde konvensie. Verskillende woorde kan in verskillende kulture verskillende betekenisse hê.

Wanneer ons vanuit ‘n sosiaal konstruksionistiese oogpunt kyk na taal bring dit ‘n baie groot omwenteling in ons verstaan van taal. Dit verskuif van ‘n medium wat bloot ‘n onafhanklike realiteit reflekteer of etiketteer na die siening dat taal die medium is waardeur sosiale realiteite gekonstrueer word (Neimeyer 1998).

“Meaning arises in certain contexts, rather than being given and then applied” (Monk 1996:34). Monk verwys hier na die agtergrond van mense. Om die taal te verstaan, moet jy ook die betrokkene se agtergrond verstaan.

Gergen (1999:168) verwys na Richard Rorty wanneer hy die volgende stelling maak:

> “we must appreciate the power of redescribing, the power of language to make new and different things possible and important – an appreciation which becomes possible only when one’s aim becomes an expanding repertoire of alternative descriptions rather than The One Right Description”.

Dikwels dig ons met taal siektes aan mense toe wat ons dan sindrome of afwykings noem, en uiteindelik is dit ook net ‘n konstruksie. Hierop volg dan die oplossing of sogenaamde kuur. In terapie kry ons soms dieselfde tendens teenwoordig - die Kliënt kom met die probleem, die terapeut kry die oorsaak, en gee dan die oplossing. Die Kliënt het die probleem en die terapeut is die ekspert. Die terapeut maak dan verder aanspraak op neutraliteit. Rubin en Rubin (1995:36) wys daarop dat die feministe van die standpunt uitgaan dat onder die pretensie van neutraliteit die positivistiese navorser nie sy kulturele aannames bevraagteken of erken nie en dat hy dit dan so oordra in sy vrae.

Wanneer na taal gekyk word deur die lens van sosiale konstruksionisme word taal gesien as verteenwoordigend van ‘n abstrakte struktuur van linguistiese tekens en grammatikale reëls wat die lede van ‘n kultuur leer om na te verwys as die regte wêreld. Dit blyk egter dat verskillende kulture die wêreld op verskillende maniere beleef en beskryf. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat om sin te maak ten opsigte van ons verhouding tot ander, moet ons onsself posisioneer binne ‘n simboliese orde sodat ons kan kommunikeer. Taal is egter nie ‘n geslote medium nie, en betekenisse van begrippe kan met die tyd en omstandighede verander (Neimeyer 1998:3).

Terapie is die proses van uitbou en die uitspreek van die onuitgespreekte – die ontwikkeling, deur dialoog, van nuwe temas en narratiewe en die skepping van nuwe verhale. Om die onuitgespreekte te vertel, vra dat ons taal sal hê. Taal word

gebruik om oop te maak en nuwe moontlikhede te skep, eerder as om te beperk (Anderson 1988:371).

Dit blyk dat tot en met die konstruktivisme, taal gebruik is om werklikhede te beskryf. Wanneer ons kyk na die rol van taal in die konstruksionisme word taal egter gebruik om stories te genereer of te skep. Taal is nie net name gee nie, dit is beleef. 'n Verhaal is ook nie bloot 'n werklikheid wat beskryf word nie – dit is soos die verteller dit sien, dit is sy of haar realiteit wat sy of hy verkies om te vertel. As ek dus vrae vra om meer stories te genereer en werklik in die "not-knowing" posisie is dan is ek medeskeppend betrokke in die proses van "storying" of nuwe stories skep.

Volgens Maturana glo ons reeds wanneer ons skoolgaande ouderdom bereik dat die struktuur van ons taal spieëls is van die struktuur van die wêreld – ons noem dan hierdie konstrukte waarheid en kennis (Simon 1985:32). Volgens Maturana (Simon 1985:37) is taal terselfdertyd instrument en probleem. Wanneer ek taal beskryf, is ek reeds in die taal en beskryf ek taal met dieselfde taal.

Wanneer ons praat van taal, kom die vraag noodwendig na vore wie se stem is aan die woord – die nooit-getroude vrou se stem of die stem wat sy gevind het wat vir haar in die samelewing werk. Werk omdat dit aanvaarbaar is en sy dan minder uitstaan as nie goed genoeg.

6 DIE NARRATIEWE BENADERING AS TERAPEUTIESE MODEL EN METODE

6.1 INLEIDING

Met die kies van hierdie opskrif word spesifiek verwys na Müller (1996:97-207) se onderskeid tussen model en metode wanneer hy skryf oor die narratiewe benadering. Die narratiewe benadering as terapeutiese model sal aan die hand van Müller bespreek word en daar sal ook verwys word na elemente wat ‘n rol speel in die terapeutiese benadering. Ander aspekte waarna verwys sal word is die doel van terapie, asook die rol wat diskoerse speel in die verhale van nooit-getroude vroue. Daar sal kortliks verwys word na White en Epston se benadering tot terapie omdat hul benadering ook vir die werk van Müller as vertrekpunt en grondslag dien.

6.2 DIE ROL VAN TERAPIE

Hoewel daar dikwels van die term terapie weggeskram word deur persone wat die narratiewe benadering gebruik, is dit ‘n term wat dikwels in die literatuur en in die daaglikse omgang gebruik word. In hierdie studie kan dit egter ook sinoniem gebruik word met pastoraat wat die narratiewe benadering as vertrekpunt gebruik. Wanneer die narratiewe benadering later in hierdie hoofstuk as terapeutiese benadering bespreek word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat terapie nie iets is wat met jou gedoen word nie, maar dat dit eerder ervaar moet word as ‘n “senior

partnership" (Monk 1996:52). Daar is reeds in hierdie hoofstuk verwys na die saam op reis gaan en dat die betrokkenes reisgenote word.

Müller (1996:voorwoord) wys daarop dat alle pastoraat ten doel het om tot verstaan te kom. Dit is egter 'n spesifieke vorm van verstaan naamlik 'n "narratiewe manier van verstaan". Dit gaan om die verstaan waarom daar 'n nodigheid ontstaan het vir terapie en dan tweedens om 'n ruimte te skep waarbinne die pynverhale herskryf kan word tot alternatiewe verhale.

Wanneer daar na terapie teen die agtergrond van die narratiewe benadering verwys word, word daar op reis gegaan om 'n nuwe skat te ontdek, of selfs 'n ou vergete skat – nie om 'n hipotese te bevestig om so tot die sogenaamde waarheid deur te dring nie.

> "Narrative approaches to counseling invite clients to begin a journey of co-exploration in search of talents and abilities that are hidden or veiled by a life problem" (Monk 1996:3).

Mense kom vir terapie wanneer daar 'n krisis ontstaan – wanneer daar 'n gebeure ontstaan het wat nie geassimileer kan word in die huidige verhaal nie, of die verhaal gee nie genoeg betekenis aan 'n sekere gebeurtenis nie (Ganzevoort 1993:279). Die nodigheid ontstaan dus dat die storielyn verander moet word sodat daar nuwe betekenisse na vore kan kom. Herman (1998) verwys na die narratiewe terapie as

“collaborative, hopeful and solution-focussed”. Die oplossing is nie geleë in die feit dat alles gaan verander nie, maar indien die nooit-getroude tot die besef sou kom dat **sy** nie die probleem is nie, maar dat **dit** die probleem is, is daar reeds sprake van hoop.

“Instead of looking for flaw’s in people’s psyches, narrative therapy works at nurturing their forgotten strengths” (Cowley en Springen 1995). Terwyl ander benaderings na die “probleem” soek, fokus die narratiewe benadering op struikelblokke wat verhoed dat daar sukses plaasvind (Walsh 1998). Sukses in die narratiewe benadering se betekenis is geleë in ‘n ander manier van verstaan, of ‘n ander manier van kyk, of om in ‘n nuwe verhouding met die sogenaamde probleem te tree.

Die narratiewe terapie luister dus na die verhale van pyn en wanhoop asook die betekenis wat mense aan hul lewens en verhale gee en poog om saam met hulle hul verhale te herskryf tot verhale van hoop en veral verhale van sin.

6.3 WHITE EN EPSTON SE BENADERING

Die rede waarom daar besluit is om die 8 uitgangspunte van White en Epston (1990:83) hier aan te dui is omdat hulle beskou word as die vaders van die narratiewe terapie. Dit is tot voordeel van die terapeut om ‘n grondige kennis van hierdie aspekte te hê.

1. Die mede-navorser se beleefde ervaring word ten alle tye gerespekteer.
2. Die persepsie van ‘n veranderende wêreld word aangemoedig deur die ervaring te koppel aan die huidige dimensie (die nou).
3. Daar word gekyk na dit wat voorveronderstellings skep, die skep van implisiete betekenis, asook die skep van veelvoudige perspektiewe.
4. Die narratiewe benadering moedig die gebruik van gewone, poëtiese en kleurryke taal aan om ervaring te beskryf en moedig die skep van nuwe stories aan.
5. Die narratiewe benadering vra na ‘n reflekterende ingesteldheid en toon waardering vir deelneming in interpreterende momente.
6. Die narratiewe benadering moedig outeurskap aan in ‘n persoon se lewe asook in verhoudings wanneer stories vertel en hervertel word.
7. Die narratiewe benadering gee erkenning dat verhale medesaamgestel word.
8. Voornaamwoorde soos ek en jy word in die beskrywing van gebeure gebruik.

6.4 DIE MODEL EN METODE VAN DIE NARRATIEWE BENADERING VOLGENS MÜLLER

Müller (1996:97-105) gee ‘n volledige uiteensetting van die verhaal as metode. Vervolgens word bloot ‘n opsomming vir die doel van hierdie studie gegee. Hy wys daarop dat hy hierdie benadering ‘n model van pastoraal-narratiewe betrokkenheid noem omdat hierdie benadering ‘n geïntegreerde model is van verskillende skole van die gesinsterapie-beweging.

Die verhaal dien as die metode en daar is sprake van ‘n **agenda** wat met die nooit-getroude vrou gedeel kan word. Die **prosedures** lê gewoonlik onder die oppervlak en word nie met die Kliënt gedeel nie. Die agenda-gedeelte bevat vyf bewegings, wat, hoewel dit op die oog af vorder van een tot vyf, nie noodwendig linieêr hoef te wees nie.

Die verhaal word nie as bron van inligting gebruik sodat ‘n ander metode of formule toegepas kan word sodat daar verandering kan plaasvind nie. Die verhaal self word verander deur dit te herinterpreteer en te herstruktureer. Dit gaan dus nie oor die toepassing van tegnieke nie, maar oor ‘n versmelting van horisonne (sosiale-konstruksionisme). Monk (1996:35) wys daarop dat een van die belangrikste kenmerke van die narratiewe benadering geleë is in die feit dat “people still need to make meaning together, therefore, no single person has total control over the meanings in his/her life”.

Volgens Müller het alle verhale vyf kenmerke:

- Elke verhaal het ‘n begin en ‘n einde.
- Die verhaal vertel altyd van ‘n krisis.
- Daar is op ‘n manier ‘n verlossing wat deel van die intrige vorm.
- Daar vind karakterontwikkeling plaas – ook in terme van hul verhoudinge tot mekaar.
- Alles in ‘n verhaal het betekenis.

Die model bevat geen veranderingstegnieke as sulks nie. Die fokus is op die tegnieke om die verlede- en die toekomsverhaal vanuit die perspektief van die noodverhaal (vasgeloopte storie) te vertel en te herstruktureer.

6.4.1 DIE MODEL (GESPREKSAGENDA)

Vervolgens word na die model verwys, maar in die afdeling wat hierop volg sal die elemente, wat in die omgaan met die verhale ‘n rol speel, bespreek word. Die model kan beskryf word aan die hand van die volgende verhale of bewegings:

DIE VERHAAL VAN NOOD

Dit is die verhaal wanneer daar ‘n vasgelooptheid of pyn ervaar word. Hierdie stories is reeds ‘n interpretasie van ervaringe. Hou in gedagte dat alle verhale volgens Müller semantiese en politieke aspekte bevat. Die semantiese dui op die betekenisse wat toegeken word (waarom) en die politieke op dit wat gebeur het. Soos reeds aangedui is dit nie vir die terapeut nodig om bepaalde antwoorde gereed te hê wanneer hy of sy met ‘n nooit-getroude persoon in gesprek tree nie. Ek hoef nie die inligting wat ek in Hoofstuk 3 versamel het te memoriseer en te gebruik as ‘n databank om dan so inligting uit te deel oor wat in res van die wêreld met nooit-getroude vroue gebeur nie, en dan so te hoop dat hulle beter sal voel nie. Ek glo wel dat inligting soos versamel wel bydra tot die perspektief dat die nooit-getroude vrou in my spreekkamer nie ongewone emosies beleef nie, maar dit kan nie as algemeen geldende waarhede deurgegee word nie.

Thandi se verhaal van nood was so intens dat sy nie altyd woorde gehad het om dit mee te beskryf nie - haar eensaamheid, haar persoonlike gevoel van mislukking, die verwerping wat sy vanaf haar skoonsusters ervaar het. Die feit dat sy nie geag word in die samelewing nie, die feit dat mense sal sê: “kry dan ten minste net ‘n kind” het vir haar so pynlik geword dat sy volgens haar eie woorde “al hoe meer klere begin aantrek het” om haarself te beskerm. Ook die gedagte dat God toelaat dat hierdie dinge met haar gebeur het bygedra tot haar noodverhaal.

Susan se noodverhaal is geleë in die behoefte na ‘n kind, iemand om te versorg en ook haar vrees om alleen oud te word. Susan se ervaring van die samelewing en die mense om haar maak ook ‘n groot deel van haar noodverhaal uit. Daarom is die vertel en luister na die noodverhaal slegs die eerste stap op die reis van die narratiewe benadering.

VERLEDEVERHAAL

Elke mens het ‘n storie en hierdie storie vorm die identiteit en die basis waarop met die nooit-getroude vrou gewerk word. Indien dit te pynlik is om te onthou, behoort die pastor ‘n veilige omgewing van vertroue te skep sodat sodanige verhaal vertel kan word. Die verlede en toekoms is deel van die hede en daarom is die verledeverhaal nie bloot ‘n herwinning van feite nie, dit behoort as konstruktiewe sisteem benader te word.

Susan se verledeverhaal speel ‘n baie groot rol in haar noodverhaal. Sy voel dat haar ma haar nie werklik liefgehad het nie, sy was vasgehou deur haar ma en vir 20 jaar het sy haar ouers versorg. Ook waar die finansiële ondersteuning wat sy gebied het een van die redes is waarom sy nie verder kon studeer nie.

Thandi se verledeverhaal is nie vir haar sodanig pynlik nie, hoewel sy hoegenaamd nie oor haar verhouding met die manspersoon wou praat voordat sy universiteit toe is nie. Ek het dit gerespekteer, maar ek het opgemerk dat dit vir haar in daardie stadium van die gesprek net te pynlik was. Sy beskryf haarself as een van die groep, maar later in die werkplek word sy nie as een van die groep ervaar nie. Sy vertel dat almal gaaf is, maar dat sy nie noodwendig vriendinne het nie – hoewel daar baie nooit-getroudes by die werk is, sien sy haarself nie as deel van hulle nie.

Hoewel Lara nie volgens haar ‘n noodverhaal as sulks het nie, het sy tog ‘n verledeverhaal wat spreek van momente van pyn en alleenheid. Sy sien God en haar gesin as die steunpilare wat haar telkens ondersteun en bystaan.

Indien dit nodig sou wees om die onthou makliker te maak, sou ek grafiese voorstellings gebruik soos die genogram, die ekokaart en “graphic family sculpting”. Hierdie aspekte word later in die hoofstuk bespreek.

VERDUISTERDE TOEKOMSVERHAAL

Hierdie versteurde toekomsperspektief of doodgeloopte verhaal word die motivering vir die soeke na ‘n sinvolle toekomsverhaal. Müller stel dit baie treffend wanneer hy na die verlede verwys wat die lens op die toekoms verskaf.

Wanneer ons luister na die verhaal van Thandi hoor ons dat sy nie weet wat die toekoms vir haar inhou nie, sy weet net dat sy vasgeloop is. Sy weet net dat sy klein, hulpeloos voel en nie weet wat om te doen nie. Sy is alleen, sy het seer en het ‘n klomp vrae waarop niemand antwoorde het nie. Die toekoms is vir haar donker.

Susan se verduisterde toekomsverhaal wentel ook rondom haar vrees vir alleen wees en eensaamheid. Wat gaan van haar word as sy oud, dalk sieklik en alleen is?

HERSTRUKTURERING VAN DIE VERLEDEVERHAAL

Hierdie herstrukturering vind plaas deurdat nuwe betekenisse toegeken word aan gebeurtenisse. Nadat die ervaringe vertel en geverbaliseer is word mense begelei om dit wat gebeur het en tans steeds gebeur in ‘n sinvolle storie te interpreteer. Dit is nodig om te onthou sodat daar heling of herinterpretasie kan plaasvind, anders word dit ‘n ongesonde vergeet wat moontlik bloot ‘n “uitblok” is van ervaringe.

Belangrik is om hier in gedagte te hou dat die verlede-verhaal nie bloot ‘n kroniek vorm van wat gebeur het nie, maar die gebeure moet geïnterpreteer word. Om suksesvol te kan herstruktureer moet daar gebruik gemaak word van taal en herformulering (reframing). Daar sal later in hierdie hoofstuk weer verwys word na “reframing”.

REKONSTRUKSIE: DIE VERBEELDING VAN ‘N NUWE VERHAAL

Pyn word nie bloot veroorsaak deur dit wat in die verlede gebeur het nie, maar heel dikwels omdat daar geen betekenisvolle toekomsverhaal bestaan nie. Dit wat uit die verlede ervaar is, en die sin wat uit die hede gemaak word, word dan die boumateriaal vir die drome oor die toekoms. Daar moet nuwe moontlikhede ontdek word wat langtermynverandering sal bring en nie bloot korttermynverligting bring nie. My persoonlike skeptisisme teenoor ander benaderings wat sogenaamde “quick-fixes” aanbeveel het, was versterk nadat ek met die narratiewe benadering kennis gemaak het.

Dit is belangrik om te onthou dat om te droom nie genoeg is nie, dit moet in ‘n werkbare strategie omgeskakel word. Die nooit-getroude vrou moet uit my spreekkamer stap en sy moet kan aangaan met haar lewe waaruit sy nuwe sin maak en ook nuwe verhale vertel oor haar eie lewe.

Wanneer die volgende vrae aan die nooit-getroude vrou gevra word soos: “Wie is jy?”, Waarheen is jy op pad?” en dalk “Wie wil jy wees?” kan dit lei tot hierdie vrou se toename in haar selfbewussyn, haar vryheid en verantwoordelikheid teenoor haarself. Soos wat haar selfbewussyn toeneem, kan sy begin om te onderskei tussen daardie aspekte van haar lewe wat vir haar persoonlike betekenis gee teenoor daardie betekenis wat deur die kultuur of samelewing op haar afgedwing word (Gordon 2003).

6.4.2 DIE METODE (GESPREKSPROSEDURE)

Müller plaas die verhale van mense in interessante kategorieë en vir die doeleindes van hierdie studie word die verhale bloot gelys aangesien daar ‘n volledige bespreking in die werk van Müller (1996) verskyn:

- Die sirkulêre verhaal
- Die kronologiese verhaal
- Die grafiese verhaal
- Die ekosistemiese verhaal
- Die geëksternaliseerde verhaal
- Die geloofsverhaal
- Die hipotetiese verhaal
- Verantwoordelikheid vir die verhaal
- ‘n Rituele verhaal

6.5 ELEMENTE EIE AAN DIE NARRATIEWE TERAPIE

Konsepte wat in hierdie gedeelte beskryf sal word is die “not-knowing” posisie, eksternalisering, dekonstruksie en herformulering, “unique outcomes” en grafiese hulpmiddels in die narratiewe benadering. Hierdie elemente is dit wat ingespan word om verhale te herskryf. Dit kan soms voorkom asof van die elemente oorvleuel, wat inderdaad so kan wees, want dit is nie streng afgebakende stappe wat gevolg word nie, en die een word gebruik om die ander te bereik, byvoorbeeld eksternalisering sal gebruik word om te delf na “unique outcomes”. Al hierdie elemente is eintlik oogmerke wat met behulp van vrae ondersteun word. In Hoofstuk 1 is reeds na die rol van vraagstelling verwys en in hierdie hoofstuk sal daarop voortgebou word.

6.5.1 “NOT-KNOWING” POSISIE

Om hierdie posisie in te neem beteken om vrae te vra vanuit ‘n posisie van geen “vooraf kennis” nie. Om met ander woorde nie vrae te vra waarop ons ‘n spesifieke antwoord wil hê nie. Die term “not-knowing” kan verwarring meebring want die vraag ontstaan onmiddellik of ek as terapeut werklik nie weet nie, en of ek voorgee dat ek nie weet nie. Watter indruk kan dit laat by die nooit-getroude vrou? Dit is nie ‘n posisie van geen kennis aan die kant van die terapeut nie, die kennis van die terapeut is geleë in die proses van die terapie en nie die inhoud of betekenis van ander se lewens nie. Die doel is om nuwe moontlikhede te open en nie te beperk

met ‘n diagnose nie (Freedman en Combs (1996:44). Vrae word dus nie gevra met ‘n bepaalde hipotese in gedagte nie.

Wanneer die term “not knowing” verduidelik word met die gedagte van ‘n terapeutiese nuuskierigheid laat dit vir my persoonlik met ‘n gevoel van meer rustigheid rondom my posisie teenoor die nooit-getroude vrou.

Die “not-knowing”-posisie dui daarop dat die nooit-getroude vrou die kundige is. “Our assumption that people have and can build upon competence leads us to conduct our therapy in such a way as to utilize what is going right rather than to fix what is going wrong” (Durrant en Kowallski 1993:109). Die feit dat die terapeut en die nooit-getroude vrou mede-navorsers is, en die nooit-getroude vrou in die kundige posisie is, beteken nie noodwendig:

> “…that they always equally determine the focus, just that they have an equal opportunity to determine it. I unabashedly use my influence to focus on those aspects of the conversation in which I find the possibilities for change and empowerment for the client” (O’Hanlon 1993:82).

Monk (1996:26) verwys na opregte nuuskierigheid wat die ruimte laat vir die terapeut en die Kliënt om waar te neem wat aan die ontvou is, wanneer hy verwys na die “not-knowing”-posisie.

“Not-knowing” vra dat ons verstaan, en dat verduidelikings en interpretasies in terapie nie beperk sal wees tot vorige ervarings of teoretiese waarhede en kennis nie, maar dat elke verhaal ontgin sal word asof dit vir die eerste keer gehoor word. By die “not-knowing” is die terapeut betrokke by die ervaring soos wat dit voorkom in die konteks van die gesprek. Die terapeut poog nie om te analiseer nie, maar probeer verstaan vanaf die veranderende perspektief van die nooit-getroude vrou se lewe. Die “not-knowing”-posisie het ten doel om die ruimte te skep sodat meer verhale vertel kan word.

6.5.2 DEKONSTRUKSIE

Volgens Monk (1996:43) begin die proses van dekonstruksie reeds deur te luister na wat nie gesê word nie. Die narratiewe benadering is dus voortdurend besig om te delf na nuwe moontlikhede. Monk (1996:45) wys verder daarop dat omdat die narratief nog in ‘n proses van ontwikkeling is word die term dekonstruksie dikwels afgewissel met die term eksternalisering. Vir die doel van hierdie studie verkies ek egter om dit as twee afsonderlike terme te bespreek.

6.5.2.1 Vorme van dekonstruksie

Burr (1995:164) verwys op sy beurt na dekonstruksie as pogings om tekste op so ‘n wyse uitmekaar te haal om te sien hoe hulle gekonstrueer is dat dit spesifieke beelde van mense en hul aksies weergee. Dekonstruksie kan verskillende vorme aanneem:

- Om teenstrydighede aan te dui: Gewoonlik is dit verskuilde teenstrydighede en met dekonstruksie word dit na vore gebring.
- Argeologie van kennis: Hier word gekyk na die ontwikkeling van huidige maniere van verstaan, die huidige diskoerse en verteenwoordiging van mense en gemeenskappe, watter waarhede tans seëvier ensovoorts.
- Analise van diskoerse: Huidige diskoerse oor byvoorbeeld geslag, seksualiteit en gestremdheid word bestudeer en die identiteit en magsimplikasies word na vore gebring.

Parry (1991:41) sien dekonstruksie as ‘n benadering wat enige verhaal sien as onvolledig en gefragmenteerd. Meer is uitgelaat as ingesluit. Die luisteraar het ‘n invloed op wat uitgelaat en wat ingesluit word. Dekonstruksie neem in ag dat enige verhaal verbind is aan die verhale van ander persone asook verhale van die gemeenskap. Die dekonstruksie van mites staan sentraal in die narratiewe benadering. Mites het die mag om lewens te beïnvloed – selfs vir persone wat gebore word lank nadat die mite reeds ontstaan het. Hierdie mites konstitueer later werklikhede wat mense se ervaring nie-geldig kan laat blyk (Parry 1991:48). Mites en diskoerse kan volgens my as sinonieme gebruik word, want albei beskryf ‘n bepaalde ervaring of gebruik asof dit die enigste waarheid is.

6.5.2.2 Dekonstruksievrae

Dekonstruksievrae sal gebruik word as metode om meer verhale te ontgin en na vore te bring. Wanneer Freedman en Combs (1996:120) dekonstruksievrae bespreek kom die volgende aan die lig: Dekonstruksievrae spreek praktyke, gevoelens, houdings en geloofswaarhede ("beliefs") aan. Daar kan gewys word op veral 5 temas naamlik:

1. Die geskiedenis van die persoon se verhouding met bogenoemde.
2. Die kulturele invloede op die verhouding met bogenoemde.
3. Die effek van die invloede op die verhouding met bogenoemde.
4. Die verhoudings met ander geloofwaarhede, praktyke, gevoelens en houdings.
5. Die taktieke en strategiëe van die ander geloofswaarhede, praktyke, gevoelens en houdings.

Hierdie tipe vrae help om die verhaal te "unpack" om sodoende na die verhaal te kyk vanuit verskillende perspektiewe sodat dit duidelik kan word hoe hierdie bepaalde verhaal gekonstrueer is. Die verhaal word dus op hierdie wyse binne 'n groter konteks geplaas. Hoe groter die "landskap" hoe meer geleentheid vir "unique outcomes". Die meeste dekonstruksievrae vind plaas binne eksternaliseringsgeprekke.

6.5.3 HERFORMULERING ("Reframing")

Die begrip herformulering vorm na my mening een van die hoofmomente van die narratiewe terapie. Die kernbegrip wat hier 'n rol speel is die gedagte van verandering.

Volgens Müller en Scholtz (1996:146) is verwysingsraamwerke die riglyne aan die hand waarvan ons vorm gee aan ons werklikheid. Dit is die patrone met behulp waarvan ons ons beeld van die ervaringswerklikheid saamstel. Müller (1996:146) stel dit besonders wanneer hy daarop wys dat verwysingsraamwerke "...are like templates placed over our experiences so as to give them meaning".

Herformulering is dan daarop gemik om die emosies en denke te verander sodat nuwe interaksiepatrone tot stand kan kom. Die terapeut is primêr verantwoordelik vir die besondere inhoud wat tydens die herformulering na vore kom. Volgens die Milaanmodel is die terapeut se oogmerk net om nuwe inligting te gee sodat die gesin se kapasiteit om sy eie oplossings te genereer geaktiveer kan word. Sulke nuwe inligting word deur middel van herformulering aan die gesin bekend gestel (Müller en Scholtz 1996:144). Hou in gedagte dat daar in die Milaanmodel met hipoteses gewerk word, terwyl die narratiewe benadering geen hipoteses het nie.

Capps (1990) sien herformulering as die uithaal van die probleem uit die manier waarop dit tot dusver gesien is en die plasing daarvan in 'n nuwe raam.
Burnham (1986:146) stel dit baie duidelik:

> "To reframe, then, means to change the conceptual and/or emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the 'facts' of the same concrete situation equally well or even better, and thereby changes its entire meaning".

Inligting moet ontsyfer word en 'n betekenis moet geheg word aan dit wat ervaar word. Wanneer herformulering geslaagd is, bring dit nuwe denke of gevoelens na vore (Müller en Scholtz 1996). Parry (1991:43) wys daarop dat die mede-navorser eerder die storie moet leef as wat die storie hom of haar leef. Dit is belangrik om te onthou dat 'n verhaal nie 'n lewe verteenwoordig nie, maar bloot 'n seleksie bevat van gebeure oor 'n lewe. "Beliefs", waarhede of geloofsoortuigings word omvat in 'n storie, verander die verhaal en die ou "beliefs" word herskryf en moontlik selfs vernietig. Semmler en Williams (2000) wys in haar artikel na "re-authorized" stories wat dui op "reversing narratives of failure and replacing them with stories of hope".

Herformulering het primêr te doen met die ontdekking of aanvaarding van 'n nuwe perspektief (Penn 1994: 217). Jones (1986:61) wys daarop dat terapeute goed moet weet wat die huidige raamwerke van die kliënte is, want dit help die terapeut om die "taal van die kliënt" te praat. Volgens hom sal die skep van nuwe raamwerke afhang van hoe goed hy die taal van die kliënt kan praat. Sirkulêre vrae is soms die beste tegniek om sodanige herformulering of "reframing" teweeg te bring. Daar is in Hoofstuk 1 reeds verwys na sirkulêre vrae.

Die vraag waarop die terapeut bedag moet wees is wat die bepaalde raam van die medenavorser is. Hou in gedagte dat die nuwe raam moet pas by sy of haar huidige verwysingsraamwerk. Die konteks bly dieselfde, maar daar is nuwe betekenis aan die konteks van dit wat binne die raam is. Die fokus verskuif na dit wat positief is binne die raamwerk.

6.5.4 "UNIQUE OUTCOMES"

Ten opsigte van "unique outcomes" is daar nagelees wat veral White en Epston, Freedman en Combs oor hierdie aspek skryf met enkele verwysings na twee of drie ander outeurs.

Volgens **White** en **Epston** (1990) kan 'n "unique outcome" omskryf word as momente of situasies wat daarop dui dat die persoon gevind het dat hy of sy iets reg doen of gevoel het dat hy of sy 'n oorwinning oor 'n "probleem" ervaar het. Die navorser probeer die verteller of mede-navorser help om hierdie bepaalde situasies te onthou. Op hierdie "unique outcomes" word dan gebou vir die toekoms.

Die moment in Thandi se verhaal wanneer sy vertel dat sy in die kerk was met moedersdag en al die vroue met kinders opgestaan het, en die vrou langs haar haar daarop gewys het dat al het sy nie haar eie kinders nie, sy tog 'n ma kon wees van haar familie se kinders kan as 'n "unique outcome" beskou word. Die moment wat sy sê "my pa het my nodig" kan ook as 'n "unique outcome" beskou word, want sy sien haarself in 'n ander lig en nie as nutteloos nie.

In ‘n gesprek wat ek met Santie gehad het oor haar negatiewe belewenis rondom haar nooit-getroud wees, en haar pyn rondom die opmerkings en vrae wat mense aan haar vra, asook haar negatiewe belewenis van ander mense in haar daaglikse lewe, het ons gekom by ‘n punt in die gesprek wat ek vir haar gevra het dat sy vir my moes beskryf wat sy sien wanneer sy na Eileen kyk en oor haar nadink. Eileen is ‘n vriendin van Santie wat ook nooit-getroud is en wat ek ken. Haar antwoord was dat sy Eileen sien as iemand wat baie suksesvol is in haar beroep, ‘n ware vriendin is, ‘n persoon met baie talente, ‘n aangename persoon – lekker om in haar geselskap te wees en daarby selfs ‘n bietjie aantrekliker as die gemiddelde vrou. Ek het Santie gevra hoe sy dink dat mense na haar kyk, veral nou nadat sy hierdie beskrywing van Eileen gegee het. Sy het met hierdie antwoord vorendag gekom: “Ek dink baie van dit wat ek van Eileen gesê het kan mense ook van my sê, miskien nou nie die deel oor die aantreklik wees nie”. Sy kom in hierdie moment tot die besef dat sy wel sosiaal aanvaarbaar is en dat sy ook hierdie deel van die verhaal moet uitleef.

‘n Besondere “unique outcome” by Susan was die opmerking dat sy proefleeswerk het om te doen wat nogal baie moeilik is, en sy is trots daarop, want dit wys dat mense haar vertrou. Op hierdie punt kan voortgebou word rondom selfbeeld, eie waarde en hoe die samelewing haar beleef.

White en Epston (1990:55) wys daarop dat slegs een “unique outcome” nodig kan wees om gedragsverandering te fasiliteer ten opsigte van nuwe betekenis.

White en Epston (1990:56) verwys ook na historiese “unique outcomes”. Dit verwys na ‘n historiese ondersoek na die persoon se invloed op die probleem in die verlede. Sommige “unique outcomes” kom na vore tydens die sessie en White (1990:59) verwys dan daarna as “current unique outcomes”. Noodwendig kan dan ook verwys word na “future unique outcomes” (White en Epston 1990:60) – dit dui op planne om van die invloed van die probleem te ontsnap sou dit in die toekoms na vore kom.

Dit is belangrik dat die terapeut haarself moet kan voorstel wat belangrik sou wees vir die nooit-getroude vrou voor haar en om nie verblind te wees deur haar eie kriteria van nuwe ontwikkeling nie. Hou in gedagte dat dit nie die grootte van die stap is wat geneem word nie, maar die feit dat die stap geneem word, wat van belang is (White en Epston 1990:61).

White en Epston (1990:15) beskryf “unique outcomes” as aspekte van die beleefde ervaring wat buite die dominante storie val. “Unique outcomes” kan nooit vooraf voorspel word nie, maar hulle is altyd teenwoordig.

Freedman en Combs (1996:124) wys daarop dat ‘n “unique outcome” nie noodwendig ‘n oorwinning is nie. Deur anders te dink of anders te reageer in reaksie tot die problematiese verhaal of om voorbereidings te tref om ‘n ander verhouding te hê met die probleem is ook ‘n “unique outcome”. Lara se verhaal kan hier as voorbeeld dien: die feit dat sy altyd geglo het dat God sal sorg en dat Hy wel eendag vir haar ‘n man sal gee al was daar donker oomblikke in haar lewe as gevolg van die feit dat sy nie ‘n man gehad het nie.

Sodra ‘n opening geskep is vir ‘n moontlike “unique outcome” word daar vrae gevra om die verhaal daar rondom te ontwikkel. In opvolggesprekke sou veel meer tyd daaraan bestee kan word om hierdie verhale van hoop uit te bou. Freedman en Combs (1996:124) verwys spesifiek na “opening space questions” wat ‘n rol kan speel in die skep van “unique outcomes”. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat ‘n “unique outcome” nie noodwendig ‘n gevolg hoef te wees van ‘n bepaalde vraag nie – die terapeut kan bloot reageer op ‘n opmerking en dit kan ook lei tot ‘n “unique outcome”. Om egter iemand te begelei om openinge of geleenthede te skep vir nuwe of alternatiewe verhale, kan die volgende vrae gevra word:

- Hipotetiese ervaringsvrae: “Wat sal gebeur as ...”
- “Point of view”-vrae: vra wat ‘n ander persoon sou sien, ervaar of dink.
- Verskillende kontekste-vrae: die probleem word binne ‘n ander konteks geplaas.
- Verskillende tydsraamwerke: vra na die ervaring in bepaalde tydsfases.

Sanders (1995:49) beskryf "unique outcomes" as volg:

> "It may have a temporal location, or, they may occur to the person within the therapeutic conversation itself. These moments imply instances of illumination. They provide portals or window openings into a mind. It is language which allow for these openings to occur. It is language that transports us, and allows for the articulation of meaning to become organized and patterned".

Epston (1994:32) beskryf "unique outcomes" as "moments when the problem is subverted, critiqued or protested".

Semmler (2000) verwys na "unique outcomes" as "empowering moments". Hierdie oomblikke van sterkte word die boustene van die toekoms.

Morgan (2000:54) wys daarop die blote maak van 'n afspraak kan reeds as 'n "unique outcome" beskou word, want daar word teen die "probleem" opgestaan. "Unique outcomes" is enigiets wat nie pas by of in die dominante storie nie, dit is 'n gaping vir 'n nuwe of ander gesprek of verhaal.

6.5.5 EKSTERNALISERING

Eksternalisering word ingespan om aan te toon wat mense se verhouding met ‘n probleem is. Dit is tydens hierdie momente wat dekonstruksievrae ingespan kan word om die proses van eksternalisering moontlik te maak. Die doel van eksternalisering is om mense te bevry van die “problem-saturated” beskrywing van hul verhale; dit moedig hulle aan om meer alternatiewe verhale te skep, en sodoende ‘n nuwe verhouding te hê met die probleem. Hoe dikwels hoor nooit-getroudes nie dat hulle nie ‘n man sal kry nie omdat hulle te vet is, te onaantreklik is, te onaangenaam is, te swak menseverhoudings het, te uitsoekerig is, te selfsugtig is ensovoorts. Sy is dus die probleem, en die probleem is nie die probleem nie. Volgens White en Epston (1990:65) neem hulle dus nuwe verantwoordelikheid vir die ontdekking van nuwe keuses in hul lewens. Met verwysing na alternatiewe verhale wys Freedman en Combs (1996:44) daarop dat wanneer daar gepoog word om te verstaan wat mense se verhale vir hulle beteken word die rug gedraai op kundigheidsfilters, en word daar nie geluister na wat agter die sogenaamde kap van die byl is nie. Die terapeut plaas hom of haar in hul skoene en probeer vanuit hul perspektief verstaan, in hulle taal wat dit is wat hulle hulp laat soek het. Slegs dan sal alternatiewe verhale herken word. Dit vra vir geduld en ‘n terapeutiese nuuskierigheid terwyl respek en vertroue gebou word.

6.5.5.1 Persoon en probleem word geskei

Van Heerden en Kotzé (1997:82) wys daarop dat daar met eksternalisering gepoog word om probleem en persoon te skei. Omdat die persoon en die probleem soms een word, verloor die mens soms sy identiteit tot so ‘n mate dat hy sy menswees verloor. In die geval van Thandi kan hier sprake wees van ‘n identiteit wat besig is om verlore te gaan. Sy is oorweldig en oorspoel met haar omstandighede. Hierdie sogenaamde afstandskepping kan op verskillende wyses bereik word, waarvan een sou wees om die mede-navorser te vra om van ‘n afstand “objektief” na die probleem te kyk. Ek sou persoonlik hier versigtig wees, selfs met die woord objektief, want ek sou nie eers die gedagte van enige objektiwiteit hier wou inlaat nie. Ek sou eerder voorstel dat die nooit-getroude vrou eerder deur iemand anders se “bril” na haarself kyk.

White en Epston (1990:X), wat aan die begrip eksternalisering gestalte gegee het, konsentreer op die vraag: “Het die probleem meer invloed oor die persoon, of is die persoon besig om meer invloed oor die probleem te kry”.

Volgens Louw (1993:416) word die objek reeds geobjektiveer wanneer die gelowige dit as ‘n klag aan die Here verwoord. Wanneer dit ‘n naam gegee word, of anders genoem word as wat algemeen die gebruik is, word metafore gebruik. Die gebruik van metafore word dus hier ingespan in die poging om te eksternaliseer.

Eksternalisering word gesien as ‘n sleuteltaak in die proses van dekonstruksie. Semmler (2000), Herman (1998) wys daarop dat visualisering, spelterapie en musiekterapie onder andere ingespan kan word om die probleem te eksternaliseer. Kuns word ook baie suksesvol gebruik in die proses van eksternalisering. Op hierdie wyse word ‘n relasionele- of verhoudingsruimte geskep waarbinne nuwe idees kan ontstaan (Freeman 1993:189).

6.5.5.2 Die voordele wat eksternalisering inhou

White en Epston (1990:38) bestee ‘n hoofstuk in sy boek aan eksternalisering en Müller (1996:166) verwys ook breedvoerig na die voordele wat eksternalisering inhou. ‘n Opsomming van die voordele sou soos volg aangebied kon word:

- dit verminder onproduktiewe konflik tussen mense,
- dit verminder die gevoel van mislukking,
- nuwe moontlikhede word geskep vir ‘n nuwe benadering tot die probleem en daar kan dialoog eerder as monoloog wees oor die sogenaamde probleem.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat by eksternalisering is nog die persoon nog die verhouding tussen mense die probleem. Die probleem is die probleem en die verhouding met die probleem is die probleem White en Epston (1990:40).

6.5.5.3 Eksternalisering as terapeutiese metode

Müller (1999:115-118) gee ‘n oorsig oor die gebruik van eksternalisering deur na stappe te verwys wat as basis kan dien vir die terapeut.

- Die probleem moet ‘n naam gegee word, so word daar in ‘n vennootskap getree deur saam met die Kliënt te soek na ‘n naam.
- Die probleem word gepersonifiseer en negatiewe taktieke en invloede word aan die probleem toegeken, bv. Hoe lank woon anorexia al by jou?
- Die wyse waarop die probleem destruktief, oorheersend en ontmoedigend ervaar word, word geïdentifiseer.
- Situasies moet herroep word toe die persoon of gesin nie deur die probleem gedomineer of ontmoedig is nie.
- Die terapeut moet saam met die kliënt bewyse ontdek wat vertel van bevoegdheid en potensiaal.
- Daar moet gedink en gespekuleer word oor watter soort toekoms verwag word indien daar so sterk teen die probleem opgetree kan word.
- ‘n Gehoor moet ontdek word wat applous kan gee wanneer die nuwe storie ontwikkel.

Eksternalisering spreek nie die kliënt vry van alle verantwoordelikheid nie, hoewel dit so is dat probleme geskep word in ‘n sosiale, kulturele en politieke konteks. Van geboorte word die baba spreekwoordelik gebad in die kulturele sap (Monk

1996:27). Monk (1996:177) wys verder daarop dat om te sê dat jy verantwoordelikheid moet aanvaar, as onsin ervaar kan word. In ‘n sosiale konstruksionistiese perspektief is ons nie individueel verantwoordelik vir die diskoerse wat funksioneer in ons denke nie, en wanneer ons dan so ‘n verantwoordelikheid neem kan ons verlam word deur die bewussyn van ons persoonlike “deficiency”. Freedman en Combs (1996:63) wys egter op die ander kant van die munt wanneer hulle daarop wys dat eksternalisering dit vir mense moontlik maak om te ervaar dat hulle ‘n keuse het tot verantwoordelikheid. Wanneer die probleem ekstern is, definieer dit nie die persoon nie, want sy of hy is in interaksie met die probleem.

Volgens Monk (1996:100) sou dit meer effektief wees om eksternaliseringstaal te gebruik, met ander woorde: “wat doen swakheid aan jou”, eerder as om te probeer verduidelik wat eksternalisering is, want dit kan moontlik bydra tot die perspektief van verantwoordelikheid wat ontneem word. Met Epston se besoek aan Pretoria waar hy ‘n terapiesessie tydens die werkswinkel aangebied het, het ek gesien met hoeveel gemak hy suksesvol eksternaliseringstaal gebruik sonder om aan die Kliënt te verduidelik wat eksternalisering as sulks is.

6.5.6 GRAFIESE HULPMIDDELS IN DIE NARRATIEWE BENADERING

Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk na verwys is, word grafiese hulpmiddels gebruik om te help met die onthouproses. ‘n Gesonde onthou is nodig sodat daar ‘n nuwe verhaal van hoop geskep kan word.

6.5.6.1 Genogram

Die genogram is ‘n diagram van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om patrone en temas binne die familie oor drie of vier geslagte te verhelder. In die narratiewe benadering is nie sprake van patrone tussen geslagte nie, hoewel ek persoonlik glo dat mense dit interessant vind om hul voorgangers grafies op papier uit te merk, al gee dit hul net bloot ‘n verbondenheid aan hul voorgeslagte. Vir my persoonlik is die genogram van waarde wanneer dit gebruik word om verhale te ontgin en om onvertelde verhale na vore te bring. Dit help dus die mede-terapeut “onthou”. Vir my is dit die enigste waarde wanneer daar streng narratief gewerk word.

Met die lees van Anderson (1984:54) het ek besef dat die genogram ‘n baie belangrike rol in die lewe van die terapeut self te speel het. Anderson verwys onder andere na die rol wat die gesinne speel in die voorbereiding van ‘n persoon vir die rol van pastor, en hierdie persone is dus vroeg reeds besig om verantwoordelikheid te neem vir ander en om as “redder” op te tree (Anderson 1984:54). Wanneer daar dan as narratiewe terapeute opgetree word, is dit moeilik om van hierdie rol los te kom, en sal daar paradigmaskuiwe moet plaasvind. “Therefore we need to be aware of our own family roles and interactional patterns least we follow unwittingly the impulses that were fostered in us by our original families” (Anderson 1984:108). Die gedagte dat ek as pastor iets moet “doen” en op ‘n bepaalde wyse behoort op te tree is dus reeds van vroeg ingewortel.

Crafford en Kotzé (1997:100) verwys na Friedman se “go home again”-teorie, wat die gebruik van die genogram as volg opsom:

> “We look back at childhood in order to understand and deal with our difficulties. We do not look back in order to blame our parents … When we accept responsibility not for what happened, but for how we respond to what happened, we are in a position of power. We have the power to change and to grow. We have the power to choose a happier way of life. This power comes from God. He wants us to be well, and He can and will heal us”.

Die kritiek wat Monk (1996:75) het teenoor die genogram het is reeds aangeraak, maar ek stel hom graag aan die woord wanneer hy daarop wys dat dit teenoor die sosiale konstruksionisme staan. Die bepaling wat die invloed is van ‘n gesin van oorsprong, en die “mapping” van die politiek van die gesin van oorsprong op ander verhoudings is volgens hom te rigied. Die posisies in die genogram is reeds beïnvloed deur die sosiale diskoers, byvoorbeeld die sterk invloed van die pa teenoor die meer subtiele rol van die ma.

Ek stem egter saam met Müller (1991:54) dat dit steeds ‘n plek het, nie net vir die terapeut soos hierbo bespreek nie, maar ook ten opsigte van die groot hoeveelhede inligting wat op hierdie wyse opgesom word. Individue kan hul gesin van oorsprong ervaar, en so bewus word van die positiewe en negatiewe karaktertrekke van hulle

families en die effek daarvan op hul huidige verhoudinge. Die genogram dien as basis waaroor daar dan liniêre, sirkulêre, strategiese en refleksiewe vraagstelling plaasvind (Crafford en Kotzé1997:104).

As gevolg van inligting wat vanuit die genogram verkry word, kan nuwe verhale ontdek en vertel word en kan sodanige "unique outcomes" ontgin word.

6.5.6.2 Ekokaart

Die ekokaart word gebruik om die huidige situasie aan te dui. Ook die woord eko-sistemiese het stelselmatig verdwyn soos die narratief gegroei het – maar ek stem saam met Müller (1991:58) dat dit tog die gesin kan help om hul posisie binne die omgewing aan te dui.

6.5.6.3 GFS (graphic family sculpting)

Die individu kry hier die geleentheid om die gesin in die vertrek te rangskik sodat emosionele verhoudinge tussen hulle tot uitdrukking kom. Dit kan ook grafies op papier gedoen word (Müller 1991a:59). Vir my persoonlik lê die waarde hierin dat mense tot stilstand kom en dink hoe hy/sy die mense in haar/sy familie waarneem. Hierdie oefening het prof. Müller 'n klassituasie laat doen waar elke student sy eie gesin van herkoms moes uitbeeld. Dit het weke by my gebly omdat ek vir die eerste keer werklik hieroor nagedink het, veral in terme van my gesin as geheel.

7. DISKOERSE EN DIE VERHALE VAN NOOIT-GETROUDE VROUE

7.1 ALGEMENE DISKOERSE IN DIE VERHALE VAN NOOIT-GETROUDES

Soos in die titel reeds aangedui is diskoerse wat ‘n invloed het hoe nooit-getroudes hulself sien die fokus van hierdie studie. In die hoofstuk wat handel oor die literatuurstudie en vanuit die persoonlike verhale was daar deurgaans aanduidings van diskoerse wat ‘n rol speel en ook ‘n invloed het op hoe nooit-getroudes hulself sien. Dit is belangrik om te luister na die verhale, asook die alternatiewe verhale, maar om nie die invloed van die dominante diskoerse te ignoreer of gering te skat nie. Die mens word gevorm deur die konteks, en die mense om hom of haar, daarom glo ek dat niemand onaangeraak kan bly deur die dominante diskoers van sy of haar spesifieke samelewing nie.

Die diskoerse wat volg het my opgeval tydens die verloop van hierdie studie asook in die algemene daaglikse omgang.

- Omdat ek nie getroud is nie, pas ek nêrens in nie – nie by jong ongetroudes nie, en ook nie by getroude mense nie.
- As ek sosiaal aanvaarbaar wil wees moet ek deel wees van ‘n paar – veral by sosiale geleenthede.
- Omdat ek nie ‘n man in my lewe het nie, moet daar iets met my verkeerd wees.
- Getroude vroue sien my as ‘n bedreiging ten opsigte van hul mans.

- Mense, veral in die werkplek, dink dat ek niks het om met my tyd te doen nie, en daarom is ek beskikbaar.
- Mense probeer voortdurend uitvind of daar iets met my skort, en of daar ‘n sappige rede is waarom ek nie getroud is nie.
- Die samelewing probeer nooit-getroudes saam groepeer in “groepies” en ek beskou myself nie as deel van enige “groepie” nie.
- Jy het ‘n man nodig om suksesvol te leef.
- Jy is ‘n halwe mens sonder ‘n man – jy moet nog jou ander helfte vind.
- Ek is ‘n onontdekte skat – asof jy net ‘n skat sal wees die dag dat jy ontdek is.
- Daar word steeds na nooit-getroudes verwys as oujongnooiens.
- Vroue se fisiese en finansiële status word steeds direk gekoppel aan hul huwelikstatus. Daarom die vraag: “Wanneer kry jy ‘n vriend, kêrel of man?”
- Nooit-getroude vroue word gesien as onaantreklik, outyds, minder vroulik en minder seksueel aantreklik.

7.2 DIE EFFEK VAN DIE DOMINANTE DISKOERSE

Dominante diskoerse bring mee dat mense dit as algemeen geldende waarhede beskou en dit word ‘n maatstaf waaraan mense gemeet word. ‘n Paar voorbeelde van die effek van dominante diskoerse word hier onder genoem.

- Alle vroue wil graag trou en kinders hê.
- Vroue wat kies om nie te trou nie, moet ‘n misterieuse rede daarvoor hê.

- Volgens die Bybel is dit ‘n vrou se hoogste roeping om haar kinders en man te versorg.
- Alle vroue wat nooit-getroud is nie word as oujongnooiens gesien wat gefrustreerd en onaangenaam is.
- Nooit-getroude vroue is onvervulde vroue.
- Mense probeer voortdurend vir my ‘n man soek.
- As jy ongetroud is en vrouevriendinne het, is jy lesbies.
- ‘n Getroude vrou wat puntenerig is, word gesien as iemand met hoë standaarde; wanneer ‘n nooit-getroude aandring op hoë standaarde word sy gesien as gefrustreerd en moeilik.

Wanneer na die verhale van veral Susan, Thandi en Lara geluister word, asook die aanhalings van ander gesprekke in my spreekkamer, is dit duidelik dat die wyse waarop hulle na hulself kyk beïnvloed is deur hierdie diskoerse. Freedman en Combs (1996:48) skryf hieroor:

> “Problems develop when people internalise conversations that strains them to a narrow description of the self. These stories are experienced as oppressive because they limit the perception of available choices”.

Hierdie internalisering van verhale is nie bloot destruktief ten opsigte van die individue self nie, maar beïnvloed verhoudings oor die algemeen asook familieverhoudings. Veral Thandi getuig van versteurde familieverhoudings wanneer sy haar verhaal vertel.

7.3 DEKONSTRUKSIE VAN DIE DISKOERSE

Die diskoerse sou in hierdie geval gesien kon word as die dominante verhaal, en dit kan die terapeutiese proses bemoeilik. Volgens Freedman en Combs (1996:68) kan die terapeut die dominante verhaal of diskoers onderwerp aan dekonstruksievrae wat die diskoerse kan blootlê. Deur te vra na kontekstuele invloede op die probleem word dominante verhale ontmasker wat soms polities of geslagsgewys onderdrukkend is en verhoed dat die Kliënt ander moontlikhede kan herken. Die volgende vrae is voorbeelde van sodanige dekonstruksievrae.

7.3.1 WIE EN WAT HOU HIERDIE DISKOERSE IN STAND?

Bogenoemde diskoerse word in stand gehou deur die media, televisie en die filmbedryf wat nooit-getroudes voorstel asof daar nie alternatiewe tot hierdie diskoerse bestaan nie. Dit word ook in stand gehou deur die taal wat gebruik word wanneer daar na nooit-getroudes verwys word.

Geloofswaarhede of “belief systems” hou ook diskoerse in stand. Die geloofswaarheid van die mees dominante groep word afgedwing op ander groepe.

7.3.2 WIE BAAT BY HIERDIE DISKOERSE?

- Getroude vroue baat by hierdie diskoerse, want hoewel hulle huwelike dalk nie baie geslaagd is nie, voel hulle dat hulle in ‘n bevoorregte posisie is omdat hulle goed genoeg geag was om gekies te word om te trou, en selfs om kinders te hê.
- Die werkgewer en soms ook die kerk baat hierby want hierdie vroue het oënskynlik niks om hulle mee besig te hou nie, en daarom kan hulle ingespan word na willekeur.
- Familielede baat hierby, want hierdie vroue speel ‘n baie besondere rol in die lewens van broers en susters se kinders.

Wanneer hierdie soort vrae gevra word, kry die kliënt soms vir die eerste keer die geleentheid om na te dink oor nuwe moontlikhede of nuwe perspektiewe wat op sigself nuwe verhale na vore bring. Freedman en Combs (1996:46) gebruik ook die term dekonstruktiewe luister wat daarop dui dat wanneer daar op hierdie wyse geluister word, daar gesoek word na aspekte van mense se lewens waaroor nog nooit gepraat is nie. Daar word gehoop dat hulle hul stories sal sien as iets waarin hulle ‘n aandeel gehad het, en dat dit nie noodwendig iets is wat met hulle gebeur nie. Wanneer daar dekonstruktief geluister word dan word daar geglo dat die stories verskeie betekenisse het. Soos die terapeut dan vrae vra begin kliënte hulle verhale in ‘n nuwe lig sien.

8. TEN SLOTTE

In die voorafgaande hoofstuk het ek gepoog om die narratiewe benadering as alternatiewe terapeutiese benadering aan die woord te stel. Die narratiewe benadering as post-moderne benadering met die sosiale konstruksionisme as vertrekpunt is bespreek met daarmee saam die rol van die pastor en die rol en verloop van die pastorale gesprek. Die terapeut of pastor is nie die kundige met die resep of formule wat bloot deur die nodige stappe met die kliënt beweeg om ‘n bepaalde resultaat te verkry nie, maar dit is ‘n mede-opreis-gaan en ‘n saam skep van nuwe realiteite deur van bepaalde hulpmiddels gebruik te maak. Verandering is nie noodwendig die uitgangspunt nie, maar die blote vertel van ‘n verhaal is soms vir die Kliënt genoegsaam.

In die volgende hoofstuk sal die klimaks en einde van die navorsingsverhaal beskryf word asook my refleksie op die navorsing.

HOOFSTUK 5

DIE KLIMAKS EN DIE EINDE VAN DIE NAVORSING

1 INLEIDING

In hierdie gedeelte van die studie word die afloop van die navorsing bespreek. Die klimaks en die einde vorm die laaste twee bewegings volgens die model waarop hierdie studie berus. My persoonlike refleksie op die proses word ook in hierdie hoofstuk aangedui.

2 DIE NAVORSINGSVERHAAL BEREIK ‘N KLIMAKS

Die interessante of die besondere kenmerk van die narratiewe benadering is dat die navorsing of terapiesessie ook die potensiaal het om op niks uit te loop. Daar hoef dus nie noodwendig ‘n resultaat te wees nie. Dit kan gesien word as ‘n sosiale diskoers dat alle terapiesessies en navorsing op ‘n gevolgtrekking of oplossing behoort uit te loop.

Die sukses van die narratiewe navorsing en terapie lê in die luister na moontlike nuwe verhale. Anderson (1994:137) haal ‘n vrou aan met wie daar ‘n onderhoud gevoer is:

> ”The older I get, the more I realize how fragile and transient life is. I’ve stopped putting my life on hold until X, Y or Z happens. I really appreciate what’s in my life now. My life at this time is complete and perfect in its own way – and I’m in charge of it”.

Haar klimaks is geleë in die nuwe manier waarop sy na die lewe kyk – niks het op sigself gebeur of verander nie, behalwe die belangrike verandering in haar nuwe kyk na die lewe.

Volgens Gerkin (1984:184) is die klimaks of die sukses van die terapie geleë in die mede-terapeut met ‘n:

> “higher sense of well being, body posture and movement, which is shared evidence of involvement in everyday living. Higher energy levels. Less blind spots. Less mood swings. Self esteem and self-criticism is more realistic”.

Die omstandighede het nie verander nie, maar die wyse waarop mense na hulself en die wêreld kyk het verander.

Die interaksie tussen my en my mede-navorsers het soms meer vrae na vore gebring as wat dit antwoorde na vore gebring het. Geen bevestiging van vermoedens het ooit plaasgevind nie. My gesprekke het nie noodwendig ‘n klimaks

of verandering gebring by al die vroue met wie ek gesprek gevoer het nie. Ek kan nie met oortuiging sê wat Lamott in Müller, Van Deventer en Human (2001:86) beskryf, ook in my navorsing gebeur het nie. Sy skryf: "You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters, different in some real way". Ek kan nie sê dat alles in 'n klimaks geëindig het nie. Susan het wel in 'n mate 'n klimaks beleef deurdat sy sê dat sy nou eerder fokus op die voordele van alleenwees – dat sy weet dat sy 'n verskil maak in die lewens van kinders vir wie sy skool hou, asook in haar susters se kinders. Sy maak die opmerking: "Ek hoef nie meer my eie kinders te hê om iets vir iemand anders te beteken nie. Ek aanvaar dit nou".

Thandi se klimaks is vir my geleë in die moment wat sy sê:

> "You have touched something that I have never shared with anyone. I feel relieved, we talked about the real me, not just part of normal society. I feel like I have been undressed a bit. I wear a lot of clothes to protect me against society. I am so tired of pretending ...."

Die feit dat sy kon praat het reeds verligting gebring. Ek dink Papadopoulos en Byng-Hall (1997:95) het iets hiervan in gedagte gehad toe hulle geskryf het:

> "While we prattle away in therapy, externalizing this and reframing that, reflecting the one and narrativising the other, something either does or

> doen not happen; a person feels heard or recognized, ignored or misunderstood. This does not necessarily mean that anything new can be named; it just means that something transformative has occurred because a bunch of people have tried to understand one another".

Lara se klimaks was geleë in die feit dat sy met soveel selfvertroue haar verhaal kon vertel en ook vir my kon kom vertel dat hoewel sy moeilike tye beleef, sy 'n vol lewe lei, maar tog glo dat sy 'n ander helfte het wat die Here nog vir haar sal gee. Papadopoulos en Byng-Hall se stelling sou ook hier van toepassing kon wees.

Die klimaks vir my is dat hierdie vroue my vertrou het, dat ek hulle en alle nooit-getroudes net meer respekteer na hierdie studie.

3 AAN DIE EINDE VAN DIE VERHAAL

Die einde volgens die benadering van hierdie studie beteken nie dat die verhaal afgesluit word nie – dit is verhale met oop eindes, dit is verhale van nood wat verander het in verhale van hoop. Daar kan egter vorentoe weer afdraaipaaie kom, en daar is geen waarborge dat daar nie weer noodverhale sal ontstaan nie. Die pad en die reis gaan egter voort, en ons is nou bewus van besondere oomblikke, van die moontlikhede van anders sien, anders hoor en anders vertel en anders verstaan. Mag dit deel van ons toerusting wees op die reis wat na die afloop van hierdie studie voortgaan.

4 REFLEKSIE OP DIE NAVORSINGSPROSES

In die gedeeltes wat volg sal daar deur myself gereflekteer word op die model van navorsing, die verloop van die navorsing asook op die belewenis van die terapeut.

Die navorsingsproses wat in hierdie studie gevolg is, is die narratiewe benadering binne die paradigma van die sosiale konstruksionisme (Müller 1996; Freedman and Combs 1996; Müller, Van Deventer en Human 2001).

Hierdie proses is in Hoofstuk 1 bespreek. Dit is egter nie bloot ‘n navorsingsproses wat die versameling van inligting ten doel het nie, maar die doel is om uiteindelik uit te kom by ‘n terapeutiese benadering. Die kwalitatiewe aard van die navorsing bring mee dat daar nie met vraelyste na groot getalle nooit-getroude vroue gegaan is om inligting te versamel nie. Die moment van die sosiale konstruksionisme in die navorsing is die ontwikkeling wat plaasvind in Hoofstuk 4 tussen die nooit-getroude vroue, die terapeutiese elemente en die inligting soos versamel in die literatuurstudie. Vir my persoonlik was ‘n baie spesiale moment toe Thandi tydens ons gesprek verwys het na die vrou wat in die kerk vir haar gesê het dat sy ook ‘n ma is, al het sy nie biologies kinders nie, maar dat haar familie en vriende haar nodig het as ‘n tweede ma, en sy na my kyk en vra: “Have you ever thought of yourself being a mother for your brother and sister’s children”? Sy het my tussen die oë geslaan met hierdie opmerking want ek het besef dat ek net soveel deel van hierdie gebeure was, as wat sy was.

DIE MEDE-TERAPEUTE SE ERVARING VAN DIE PROSES

Omdat hierdie benadering tot navorsing nie baie bekend is nie, het die vroue wat ek genader het om hulle verhale met my te deel dit aanvanklik vreemd gevind, veral omdat daar nie sprake was van gestandaardiseerde vraelyste nie, en dat hulle nie binne ‘n bepaalde struktuur hul verhale moes aanbied nie. Hierdie vryheid was byvoorbeeld vir Lara vreemd, en sy het aanvanklik ‘n paar keer gevra: “Wat wil jy weet, en waar wil jy hê moet ek begin.” Dit was vir my ‘n aanduiding dat hoewel sy nog nooit by enige navorsing betrokke was nie, tog gedink het dat daar ‘n bepaalde struktuur behoort te wees.

MY PERSOONLIKE ERVARING VAN DIE NAVORSINGSPROSES

- **As kwalitatiewe benadering**

Dit was vir my baie interessant dat van die eerste vrae wat vriende en kennisse gevra het rondom my studie, was hoeveel mense ek by my studie betrek. Wanneer ek geantwoord het dat dit bloot twee of drie sou wees, het ek my teen vraende wenkbroue vasgeloop. Dit is een van die redes waarom ek in my studie baie aandag gegee het aan die kwalitatiewe metode van navorsing doen – nie noodwendig om myself te kon verweer nie, maar om vir myself duidelikheid te kry. Burns (1990:11) het dit vir my goed opgesom wanneer hy sê dat kwalitatiewe navorsers dikwels hul metode verdedig deur te verwys na

die belang van die subjektiewe, eksperimentele lewenswêreld van mense. Persepsies en interpretasies van realiteit word gekoppel aan betekenisstrukture. In die kwalitatiewe navorsing gaan dit dus om die ontdekking van die dieper vlakke van betekenis. Die taak van die kwalitatiewe metodoloog is om vas te vang wat mense sê en doen as ‘n produk van hoe hulle die kompleksiteit van hulle wêreld interpreteer, en om dan hierdie gebeure te verstaan vanuit die gesigspunt van die deelnemers. (In Hoofstuk 1 word die kenmerke van die kwalitatiewe navorsing bespreek.)

- **Die weg beweeg van Browning se model na Müller, Van Deventer en Human (2001) se model**

Aanvanklik het ek besluit om volgens Browning (1996) se model te werk, maar met die publikasie van Müller, Van Deventer en Human (2001) se model vir terapie en navorsing het ek besluit om die navorsing op hul model te skoei. Ek het met hierdie model geworstel omdat dit nie streng struktuur gebonde is nie en ook nie deur rigiede stappe en strukture gekenmerk word nie. Dit het my baie verwar omdat ek persoonlik geweldig struktuur gebonde is. Ek het in my persoonlike belewenis ‘n “unique outcome” beleef met die besef dat ek besig is met paradigmaskuiwe in my eie menswees en dat ek my eie verhaal rondom my studies moes ontwikkel soos wat ek ook sou poog om my mede-navorser se verhaal op haar eie tempo te laat ontwikkel wanneer sy reg was daarvoor.

- **“Waarhede” volgens die narratiewe benadering nie meer die oogmerk**

Om die sprong te kon maak dat waarheid en sogenaamde feite nie ter sake is nie, en dat dit in die narratiewe benadering eerder gaan rondom beleefde werklikhede, was vir my baie moeilik. Soos reeds genoem in Hoofstuk 4 het ek vier jaar by Radiokansel gewerk met Rodgers se kliëntgesentreerde model en die paradigma van die organisasie was een van waarhede. In die benadering wat gevolg is was ons telkens besig om “agter die kap van die byl” te kom, of om dieper waarhede na te spoor. Dit klink eenvoudig en maklik om te sê dat dit nie oor die waarheid as sulks gaan nie, maar oor die ervaring van die Kliënt – totdat die terapeut daarmee gekonfronteer word. Dit is wanneer die versoeking soms daar is om terug te keer na die sogenaamde feite. Ek was veral in hierdie verband getref deur DiNicola (1995:60) se beskrywing van sy verhaal rondom sy ma en pa:

> “My truth is the story that I can live with, one that is both believable and meaningful to me. This is neither wholly mother’s story nor my father’s. My truth allows me to love my mother for all her pain, her sacrifice. It allows me to tell my story as a whole (complete) person”.

- **Die narratiewe benadering kom voor as ‘n baie eenvoudige en simplistiese proses**

Vir my persoonlik is die narratiewe benadering nie ‘n maklike proses. Dit word soms deur persone wat op ‘n lukrake wyse daaraan blootgestel word as eenvoudig beskou omdat dit mag voorkom asof mense bloot hul storie vertel. Omdat ek persoonlik geworstel het met die kompleksiteit van die narratiewe benadering het ek verligting ervaar toe ek lees dat Monk (1996:82) daarop wys dat die narratiewe benadering wel baie “eenvoudige en toeganklike” idees het, maar dat dit twee tot drie jaar kan neem om dit in jou styl van terapeutiese werk te integreer. Friedman (1993:22) wys verder op die sogenaamde simplistiese aard van die narratiewe benadering wanneer hy skryf:

> “Simplicity takes a lot of self-discipline. For most of us it is not easy to put aside our highly valued urge to look behind and beneath, to understand and to explain things, and thus to just describe what happens”.

- **Nuwe insigte waartoe ek gekom het rondom die nooit-getroude vrou**

- Die agterdog jeens ‘n vrou se ongetroude status blyk nooit tot ‘n einde te kom nie. Selfs al het sy ‘n redelik bejaarde ouderdom bereik, sal mense steeds na haar ongetroude status verwys asof daar ‘n misterie aan verbonde

is. My ma vertel my met groot oë dat daar ‘n nuwe intrekker by die tehuis te wagte is (altyd ‘n bron van groot opwinding), maar sy is ‘n oujongnooi met ‘n kat. Bid jou aan!

- Die behoefte aan kinders bly sterk selfs wanneer die moontlikheid van ‘n maat vervaag.

- Nooit-getroudes of alleenlopers wil nie noodwendig in groepe saamgevoeg word, en as ondersteuningsgroep gesien word nie. Dit marginaliseer hierdie groep verder ten opsigte van die groter samelewing.

- Om nooit-getroud te wees is selfs meer kompleks as wat ek gedink het – ten spyte van die feit dat ek aanspraak maak op die feit dat ek self eers op dertig getroud is.

- Hoewel ek voor die aanvang van hierdie studie in my eie nadenke geglo het dat nooit-getroudes nie anders hoef te wees as getroudes nie, het ek nie gedink dat die feit dat ek in ‘n huweliksverhouding staan met ‘n persoon van die teenoorgestelde geslag my anders maak as ‘n nooit-getroude persoon nie. Na afloop van hierdie studie is dit vir my duidelik dat wat die identiteit van die nooit-getroude betref sy haarself beslis anders sien as getroude vroue. Die verhale van die samelewing soos byvoorbeeld in die media uitgebeeld word, bevestig ook dat die samelewing nooit-getroudes anders

sien as getroude vroue. By nadenke was dit dalk my manier van beskerming van myself in die tyd wat ek nie getroud was nie – die verhaal wat ek oor myself en aan myself vertel het was dat ek nie anders is nie – ‘n ring aan my vinger gaan niks verander nie.

- Keuse en prioriteite speel ‘n rol by nooit-getroude vroue wat sê dat hulle nog nie die regte persoon ontmoet het nie. Hulle het waarskynlik gekies om te studeer, hul ouers te versorg en ook gekies om nie vriendskappe met bepaalde persone aan te gaan nie. Thandi het gekies om haar verhouding te verbreek. Lara was uit op verskillende “blind dates.” Sy het dus keuses uitgeoefen.

- **‘n Laaste opmerking**

Aan die einde van hierdie reis kan ek saam met Moch (2000:7) stem wanneer sy skryf: “The researcher experience and all the reflection and struggle happened in part, because of who I am. And I do not want to change that”. Hierdie studies, wat die moeilikste projek was wat ek nog ooit aangepak het, het ‘n worsteling veroorsaak oor wie ek is – vrou vir my man, die versorging van my ma, my werk in die kompeterende sekulêre wêreld – en ‘n verskeurdheid oor wat ek moet doen en wat ek wil doen. In hierdie proses het ek myself beter leer ken en daarom het hierdie reis ook vir my meer as een klimaks ingehou.

5 TEN SLOTTE

Daar is wel verskille tussen nooit-getroude vroue en getroude vroue, maar nie noodwendig soos wat die sosiale diskoerse in die samelewing dit aanbied nie. Mag die vraag “waarom is jy nie getroud nie”, nooit weer impliseer dat iets “verkeerd” is nie, en dat ‘n huwelikseremonie dit “reg” sal maak nie. Mag die enigma van nooit-getroudes ons aangryp sodat daar nie kits antwoorde gegee word vir hierdie sosiale fenomeen nie. Mag die narratiewe benadering meehelp om nuwe perspektief te bring aan vroue wat in die spieël kyk en:

> “can’t quite shake the feeling that because they are single, they are somehow failures” (Anderson 1994:13).

BIBLIOGRAFIE

Allen, K R 1989. *Single women, family ties*. London: Sage publications.

Anderson, C M & Stewart, S 1994. *Flying solo:Single women in midlife*. New York: W W Norton.

Andrews, G 1972. *Your half of the apple: God and the single girl*. London: Lakeland.

Andersen, T 1993. See and hear, and be seen and heard. In: Friedman, S (ed). *The new language of change: Constructive collaboration in psychotherapy.* New York: The Guildford Press.

Anderson, H 1984. *The family and pastoral care*. Philadelphia: Fortress Press.

Arnst, C 1998. Single women in a hostile world. *Business Week.* Issue 3586 p.27

Aucamp, H 1979. Die Caledoner. In: *In een kraal*, Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Babbie, Earl 1986. *The practice of social research.* 4th ed. California: Wadsworth Publ. Co.

Balswick, J & Balswick, J 1997. *Families in pain: Working through hurts*. Grand Rapids: Fleming H. Revell.

Blustain, S 2002. Split end. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *New Republic.* Vol 226 (17):58.

Bonds-Raacke, J M 2001. Engaging distortions: Are we idealizing marriage? [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Journal of Psychology.* March Vol 135(2).

Bons-Storm, R 1989. *Hoe gaat het met jou? Pastoraat als komen tot verstaan.* Kampen: Kok.

Bons-Storm, R 1996. *The incredible woman: Listening to woman's silences in pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon Press.

Bosman, L L 1995. Die rol en identiteit van die pastor in gesinspastoraat: 'n Eko-hermeneutiese beskrywing. M. Verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Britton, M 1982. *The single women in the family of God*. London: Epworth Press.

Browning, D S 1991. *A fundamental practical theology*. Minneapolis: Fortress Press.

Burnham, J B 1986. *Family therapy: First steps towards a systemic approach.* London: Tavistock Publications.

Burns, R B 1990. *Introduction to research methods*. London: Sage.

Burr, V 1995. *An introduction to social constructionism*. London: Routledge.

Capps, D 1990. *Reframing: A new method in pastoral care.* Minneapolis: Fortress Press.

Cowley, G & Springen, K 1995. Rewriting life stories. *Newsweek.* Vol 125(16) p.70-74.

Crafford, J D & Kotze, D J 1997. 'n Narratiewe pastorale terapie met depressiewe persone. *Acta Theologia.* Vol 1 p.99-119.

Dell, M L 2002. Will my time ever come? On being single. In: Stevenson-Moessner, J (ed). *Women in developmental issues in pastoral care*. Minneapolis, Fortress Press.

De Meillon, N & Wiechers, E 1993. Enkele beginsels van ekosistemiese terapie. *Educare.* Vol 22(1) p.93-105.

De Vaux, D 2002. Happy in captivity. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 4 April 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Report/news magazine* (National edition). Vol 29(22) p.51.

DiNicola, V 1995. Strangers no more: A family therapist meets his father.*The Calgary Participator. Family newsletter.* Vol 5 Nr 2 p.53-64.

Dorsman, J 1993. *Nooit gehuwd, maar niet alleen: Vrijgezelle vrouwen uit de arbeidensklasse in die tweede helfte van die negentiende eeu*. Hilversum: Verloren Uitgeverij.

Dreyer, Y 1998. Feministiese hermeneutiek as kritiese teorie. *Hervormde Teologiese Studies.* Vol 54(3 & 4) p.623-651.

Dreyer, Y 1998(b). Pastorale interaksie met vroue – gesien vanuit die beelde wat vir God gebruik word. *Hervormde Teologiese Studies.* Vol 54(3,4) p.545-572.

Dreyer, Y 1994. Seksisme in die kerk – geskiedenis of werklikheid. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* Vol 9(1) p. 55-71.

Du Plessix Gray, F 1991. *Soviet women walking the tightrope.* London: Virago Press.

Durrant, M & Kowallski, K 1993. Enhancing views of competence. In: Friedman, S (ed). *The new language of change: Constructive collaboration in psychotherapy*. New York: The Guildford Press.

Durrheim, Kevin 1997. Social constructionism, discourse and psychology. *South African Journal of Psychology.* Vol 27(3) p.175-183.

Dykstra, P A 1995. Loneliness among the never and formerly married: The importance of supportive friendships and a desire for independence. *Journal of Gerontology: Social Sciences.* Vol 50B(5) p.S321-S329.

Efran, J S, Lukens, R J & Lukens, M D 1988. Constructivism: What's in it for you? *The Networker.* Vol 12(5) p.27-35.

Epston, D 1994. Extending the conversation. *The Networker.* Nov/Dec p.31-37.

Firet, J. 1974. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.

Fischer, K & Hart, T 1987. Sexism in marriage. In: Kolbenschlag, M (ed). *Women in the church.* Washington: Pastoral Press.

Foucalt, M. 1976. *The history of sexuality: An introduction*. New York: Vintage Books.

Fraser, L 2001. Single minded women. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Hearth*. Vol 15(4) p.124.

Fraser, M 2002. Suddenly single. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 4 April 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Maclean's.* Vol 115(7) p.31.

Freeman, J C 1993. The turtle with wings. In: Friedman, S (ed). *The new language of change: Constructive collaboration in psychotheraphy*. New York: The Guildford Press.

Freedman, J & Combs, G 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities.* Illinois: Evanston Family Therapy Center.

Friedman, E H 1985. *Generation to generation: Family process in church and synagogue*. New York: Guildford Press.

Friedman, S (ed) 1995. *The reflecting team in action*. New York: Guildford Press.

Friedman, S (ed) 1993. *The new language of change: Constructive collaboration in psychotherapy.* New York: Guildford Press.

Ganzevoort, R R 1993: Investigating life-stories: Personal narratives in pastoral psychology. *Journal of Psychology and Theology.* Vol 21(4) P.277-287.

Gardyn, R & Paul, P 2001. SWF Seeks soul mate. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 4 April 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *American Demographics.* Vol 23(9) p.17-19.

Gergen, K J 1985. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist.* Vol 40(3) p.266-275.

Gergen, K J 1999. *An invitation to social construction*. London: Sage Publications.

Gerkin, C V 1984. *The living human document: Revisioning pastoral counseling in a hermeneutical mode*. Nashville: Abingdon Press.

Gerkin, C V 1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon Press.

Gordon, P A 2003. The decision to remain single: Implications for women across cultures. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Oktober 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Journal of Mental Health Counselling*. Vol 25(1) p.33-45.

Graham, E 1998. A view from a room: feminist practical theology from academy, kitchen or sanctuary? In: Ackermann, D M & Bons-Storm, R (eds). *Liberating faith practices: Feminist practical theologies in context.* Leuven: Peeters.

Hadfield, P 2002. Women's lib got it wrong in the 1970's. Marriage makes both sexes happy. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Maart 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *New Scientist.* Vol 176 p.20.

Hall, J S 1995. A place for spirituality in family therapy. *The Calgary Participatory – A family therapy newsletter.* Vol 5(2) p.40-42.

Hartill, L 2001. Vow or never. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Christian Science Monitor.* Vol 93(163) p.15.

Heitink G 1998. *Pastorale zorg. Theologie, differentiatie, praktijk*. Kampen: Kok.

Heitink, G 1983. *Gids voor het pastoraat*. Kampen: Kok.

Herman, K C 1998. Composing and revising a counselor's narrative. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Counseling and Values.* Vol 42(2) p.101.

Hoffman, Lynn 1990. Constructing realities: An art of lenses. *Family Process.* Vol 29(1) p.1-12.

Holmes, K 1998. Spinsters indespensable: Feminists, single women and the critique of marriage, 1890-1920. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Australian Historical Studies.* Vol 29(110) p.68-91.

Hoyle, L H 1996. Nineteenth-century single women and motivation for mission. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *International Bulletin of Missionary Research.* Vol 21(2) p.58-64.

Jacobs, M 2002. Vroue en die nuwe hervorming: Afskeid van die pastor. In: Müller, P (red). *Die nuwe hervorming*. Pretoria: Protea.

Jones, C W 1986. Frame cultivation: Helping new meanings take root in families. *The American Journal of FamilyTherapy.* Vol 14(1) p.57-68.

Keane, M-H 1998. Feminist and Womanist theology. In: Maimela, S & Konig, A (eds). *Initiation into theology*. Pretoria: Van Schaik.

Klopper, F 1996. Feminism, the post-modern way. In: Landman, C (ed). *Digging up the foremothers.* Pretoria: Unisa.

Kolbenschlag, M 1987. Spirituality: Finding our true home. In: Kolbenschlag, M. (ed) *Women in the church*. Washington: Pastoral Press.

Krefting, L 1991. Rigor in qualitative research: The assessment of trustworthiness. *The American Journal of Occupational Therapy.* Vol 45(3) p.214-220.

Kriel, J & Kriel C 2002. Die evangelie(s): feit, fiksie of interpretasie? In: Müller, P (red). *Die nuwe hervorming.* Pretoria: Protea Boekehuis.

Kurtz, I 1983. *Loneliness*. Oxford: Blackwell.

Landman, C 1998. African women's theology. In: Maimela, S & Konig, A (eds). *Initiation into theology*. Pretoria: Van Schaik.

Lewis, K G 1997. Always single and single again women: A qualitative study. *Journal of Marital and Family Therapy.* Vol 23(2) p.115-134.

Lieberman, J S 1991. Issues in the psychoanalytical treatment of single females over thirty. *Psychoanalytic Review.* Vol 78(2) p.177-198.

Liebert, E 2002. Seasons and stages: Models and metaphors of human development. In: Stevenson-Moessner, J (ed). *In her own time*. Minneapolis: Fortress Press.

Lindbeck, G A 1984. *The nature of doctrine*. Philadelphia: The Westminster Press.

Louw, D J 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Louw, D J 1983. *Versoening in die huwelik*. Durban: Butterworth.

Luera-Whitmore, M W. 1980. *The role of story/storytelling in Christian spiritual formation.* Ann Arbor: University Microfilms International.

Marincowitz, G J O 2002. Putting participation into practice. Ongepubliseerde MD-graad. Pretoria: Medunsa.

Marshall, C & Rossman, G B 1995. *Designing qualitative research*. 2nd ed. London: Sage.

MaCall, M. 2001. Marriage under the microscope. *Country music.* Feb/March 2001 nr 207.

Moch, S D 2000. The researcher experience in qualitative research. London: Sage.

Monk, G, Winslade, J , Crocket, K & Epston, D 1996. *Narrative therapy in practice: The archaeology of hope.* San Fransisco: Jossey-Bass.

Morgan, A 2000. *What is narrative therapy? An easy to read introduction*. Adelaide: Dulwich Publications.

Mouton, J, Marais, H C 1990. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Müller, E 1989. *Verhale en essays 1942-1981*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Müller J C 1991 (a). Grafika as hulpmiddel in die pastorale gesprek. *Skrif en Kerk.* Vol 12(1) p.45-63.

Müller J C & Swanepoel H C 1995. Invloed van die pastorale terapeut se waardesisteem op die verloop van die terapeutiese proses – met spesifieke verwysing na die Afrika-konteks. *N G Teologiese Tydskrif.* p635-641.

Müller, J C & Scholtz E 1996. Herformulering as pastoraal-terapeutiese konsep. *Skrif en Kerk.* Vol 17(1) p.143-159.

Müller, J C 1996. *Om tot verhaal te kom.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Müller, J 1999. *Companions on the journey: The art of narrative conversation.* Roodepoort: Logos Books

Müller, J , van Deventer, W & Human, L 2001. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. *Praktiese Teologie In S.A. 16(2) p.76-95.*

Murray, S B 1988. The unhappy marriage of theory and practice: An analysis of a battered women's shelter. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *NWSA Journal* Vol1(1) p.75-92.

Nagar, R 1998. Communal discourses, marriage and the politics of communalism. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Gender, Place and Culture: A Journal of Feministic Geography*. Vol 5(2) p. 117.

Neimeyer, R A 1998. Social constructionism in the counseling context. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Counseling Psychology Quarterly.* Vol 11(2) p.135-150.

Nelson, T S 1986. The evolution of circular questions: Training family therapists. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Journal of Marital and Family Therapy.* Vol 12(2) 113-127.

Neuman, W L 2000. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches*. New York: Allyn and Bacon.

Neuman, W L 1997. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches*. New York: Allyn and Bacon.

O'Hanlon, W H 1993. Take two people and call them in the morning; Brief solution-oriented therapy with depression. In: Friedman, S (ed). *The new language of change: Constructive collaboration in psychotheraphy.* New York: The Guilford Press.

O'Hanlon, W H 1994. The third wave. *Family therapy networker.* Vol 18.p19-29. London:Duckworth.

Owen, I R 1992. Applying Social constructionism to psychotherapy. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Counseling Psychology Quaterly*. Vol 5(4) p.18.

Palazzoli, S M 1980. Hypothesizing, circularity, neutrality. Three guidelines for the conductor of the session. *Family Process.* Vol 19 p.3-12.

Papadopoulos, R K & Byng-Hall, J (ed). *Multiple voices: Narrative in Systemic Family Therapy.* London: Duckworth.

Pare, D A 1995. Of families and other cultures: The shifting paradigm of family therapy. *Family Process.* Vol 34 p.1-17.

Parry, Alan 1991. A universe of stories. *Family Process.* Vol 30 p.37-53.

Parry, T A & Savatzky, D D 1993. Without a net: Preparation for post-modern living. In: Friedman S (ed). *The new language of Change: Constructive collaboration in psychotherapy*. New York: The Guildford Press.

Pattison, S 2000. Some straw for the bricks: A basic introduction to theological reflection. In: Woodward, S & Pattison,S (eds). The Blackwell reader in pastoral and practical theology. Oxford: Blackwells.

Penman, R & Stolk, Y 1983. *Not the marrying kind: Single women in Australia.* Victoria: Penguin Books.

Penn, P 1994. Creating a participant in text: Writing, multiple voices, narrative multiplicity. *Family Process.* Vol 33(3) p.217-231.

Peterson, N L 1981. *Our lives for ourselves: Women who have never married.* New York: Putnam.

Phillips, D 2001. Shopping for men: The single women narrative. *Women: a cultural review.* Vol 11(3) p.238-252.

Prior, P M & Hayes, B C 2001. Marital status and bed occupancy in health and social care facilities in the United Kingdom. *Public Health*. Vol 115 p.401-406.

Putman, W 1994. Het zelf en het pastorale gesprek. *Coda* nr 3 p.140-164.

The rise of singles. 2000. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Oktober 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Demography.* Vol 34(2) p.9.

Rodwell, L 1985. *The single woman's survival guide*. Northamptonshire: Thorsons Publishers.

Rosenac, D E 2002. Single and sexual: The church's neglected dilemma. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Oktober 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Journal of Psychology and Theology.* Vol 30(3) p.185-194.

Rossouw, G J 1995. Post-modernisme. In: Roussouw, G J (ed). *Ons post-moderne wêreld.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Rubin, H J & Rubin, I S 1995: *Qualitative interviewing data: The art of hearing data.* Thousand Oaks: Sage.

Sanders, C J 1995. Narrative imagination in evoking a language of mind. *The Calgary Participator. A family therapy newsletter.* Vol 5(2) p.44-50.

Schoeman, W J 2003. *Narrative research measured against the usual criteria for research methodology*. Unpublished.

Selvini, M P 1980. Hypothesizing - Circularity - Neutrality: Three guidelines for the conductor of the session. *Family Process.* V19(1) p.3-12.

Semmler, P L & Williams, C B 2000. Narrative therapy: A storied context for multicultural counseling. *Journal of Multicultural Counseling and Development.* Vol 28(1) p.51-61.

Sharpe, P 1999. Dealing with love: The ambiguous independence of the single woman in early modern England. *Gender and History.* Vol 11(2) p.209-232.

Simon, R 1985. A frog's eye view of the world. *Networker.* Vol 9(3) p.32-43.

Simon, R W 2002. Revisiting the relationships among gender, marital status, and mental health. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Oktober 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *American Journal of Sociology.* Vol 107(4) 32p.

Sluzki, C E 1985. A minimal map of cybernetics. *Networker.* Vol 9(3) p.26-28.

Sluzki, C E 1992. Transformations: A blueprint for narrative changes in therapy. *Family Process.* Vol 31 p.217-230.

Smith, M B 1951. *The single woman of today: Her problems and adjustments.* London: Watts and co.

Stam, H J 2001. Introduction: Social constructionism and it's critics. *Theory and psychology.* Vol 11(3) p.291-296.

Stavenuiter, M & Dorsman, J 1993. *Nooit gehuwd, maar niet alleen.* Hilversum: Verloren uitgewery.

Stieg, B & Jones, L 2002. Single minded. *Men's Health.* Vol 17(10) p.60.

Storkey, E 2001. *Created or constructed? The great gender debate*. Sydney: University of New South Wales.

Tauber, M & Stoynoff, N 2001. Singular sensations. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Oktober 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *People*. Vol 55(21) p.8 Special issue.

Tomm, K 1988a. Interventive interviewing: Part III: Intending to ask lineal, circular, strategic, or reflexive questions? *Family Process.* Vol 27(1) p.1-14.

Tomm, K. 1988b. Constructionism applied. *Networker*. Sept/Oct p.37-41.

Van Arkel, J T de Jong 1991. Ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in SA.* Vol 6(1) p.61-75.

Van den Berg, J A 1998. Metaforiese pastorale gesinsterapie. Ph D in Teologie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van Heerden P R & Kotze, D J 1997. Die pastorale gesprek binne 'n narratiewe diakonale pastoraat. *Acta Theologica.* Vol 1 p.81-97.

Van Huyssteen, W. 1989. Narrative theology: An adequate paradigm for theological reflection. *Hervormde Teologiese Studies.* Vol 45(4) p.767-777.

Veltkamp, H J 1988. *Pastoraat als gelijkenis*. Kampen: Kok.

Vitz, P C 1992. Narratives and counseling, part 1: From analysis of the past to stories about it. *Journal of psychology and theology.* Vol 20(1) p.11-19.

Walsh, W M 1998. Narrative family therapy. [Aanlyn]. Master File Premier on-line. EBSCO Publishing. Beskikbaar by <http://www.epnet.com/ehost/login.html>. Besoek op 5 Junie 2003. Oorspronklik gepubliseer in: *Family Journal*. Vol 6(3) p.332-337.

Webb-Mitchell, B 1995. The importance of stories in the act of caring. *Pastoral Psychology*. Vol 43(3) p.215-225.

White, M & Epston, D 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York: W W Norton.

White, M 1988. The process of questioning: A therapy of literary merit? *Dulwich Centre Newsletter.* Winter p.37-45.

Wylie, M S 1994. Panning for gold. *Network.* Nov/Dec p.40-48.

Wynn, J C 1982. *Family therapy in pastoral ministry*. San Francisco: Harper and Row.

Wyse, R R 1996. The proverbial fool: The book of proverbs and biblical counseling. *Skrif en Kerk* 17(1) p.237-255.

Zimmerman, J L & Dickerson, V C 1994. Using a narrative methaphor: implications for theory and clinical practice. *Family process.* Vol 33 p.233-245.